
# Suider Kruis

## Volume 2



**Nico Visagie**

Skoon bladsy

# Suiderkruis

## Volume 2

**Nico Visagie**

**2019**

## GEEN KOPIEREG

Hierdie boek is ‘n werk van die Heilige Gees en daarom kan ons geen kopiereg oor die werk van die HERE uitoefen nie. Die ISBN nommer is slegs vir internasionale registrasie doeleindes.

2019 Suiderkruis (info@suiderkruis.co.za)

http://www.suiderkruis.co.za

ISBN: 978-1-091742-86-4

Omslagontwerp deur Nico Visagie

Voorblad grafika verskaf deur www.pixabay.com

## VOORWOORD

Hierdie boekie gaan aan waar ons in Volume 1 opgehou het. As u dus nog nie Volume 1 gelees het nie, dan sal ons ten sterkste aanbeveel dat u eers Volume 1 lees.

Alhoewel die Suiderkruis webruimte (www.suiderkruis.co.za) reeds in 2011 die lig gesien het, het ons vooraf in 2010 deur middel van ‘n nuusbrief die boodskap met mense begin deel.

Hierdie boekie bevat ‘n gedeelte van die werk wat op ons webruimte beskikbaar is. Ons besef maar net te goed dat daar mense is wat nie oor internet verbindings beskik om ons artikels te lees nie en dis waarom ons met hierdie boekie begin het.

Suiderkruis se uitsluitlike doel is om u honger en u dros te stil aangaande God se Woord. Om die wat verbrysel is te genees, om vrylating te verkondig, herstel van sig, om die wat gebroke is in vryheid weg te stuur en om die aangename jaar van die HERE te verkondig! Prys Sy Naam!

Ons kan net hoop dat hierdie boekie vir u van nut sal wees en u sal lei tot in lewe in Christus. Prys Sy Naam!

# WIE IS ONS?

Ons is eintlik net 'n ek en my naam is Nico Visagie.

Tot onlangs het ek glad nie my naam by enige artikel wat ek geskryf het gevoeg nie, omdat ek nie deur mense vereer wil word nie. Hierdie is nog steeds my siening, maar ek het gevind dat mense graag wil weet wie die artikels skryf en dis waarom die verandering.

My pad saam met die HERE het begin toe ek 11 jaar oud was. Ek het vir 'n groot gedeelte van my lewe my pad op my eie geloop tot vroeg in 1990 toe die HERE my vir die bediening geroep het in 'n hand oplegging seremonie. Ek was op daardie stadium 'n polisieman en ek het gedink die pastoor het die kluts kwytgeraak en hom glad nie geglo nie! Maar die HERE het 'n manier om 'n pad met 'n mens te stap tot jy gereed is daarvoor of tot die HERE besluit het genoeg is nou genoeg.

Daardie tyd het gekom in 2006 toe die HERE my uit die polisie uitgehaal het deur omstandighede my pad te stuur wat my gedwing het om te gaan. Eers het ek baie daarteen geskop en probeer om weer aan te sluit. Die HERE gee toe vir my 'n vers in die Bybel; ek weet tot vandag toe nie waar dit staan nie, maar dit het so gelei: *Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipte land uitgelei het. Waarom verlang jy na die vleispotte van Egipte land?*

Ek het my doodgeskrik, want nog nooit in my hele lewe het die HERE so direk met my gepraat of so streng nie! Maar ek het besef dat die HERE 'n plan het en dat ek besig was om teen sy plan in te werk! Ek het aanvaar dat die HERE se wil meer belangrik was as my eie en daarom Sy pad vir my begin volg.

Suiderkruis het in 2010 die lig gesien as 'n reeks van artikels wat ek aan my vriende begin e-pos het. My vriende het weer vir ander

vriende daarvan vertel en so het die aantal mense wat ek moes e-pos elke week meer en meer geword. Ek het later ‘n poslys begin omdat ek nie meer so baie e-posse kon stuur nie. Ek het toe reeds meer as 30 lesers gehad en die syfer het al hoe meer geword!

In 2011 het ek die Suider Kruis domein op Internet geregistreer en ‘n webruimte oopgemaak. Van daar af het Suider Kruis met die HERE se hulp gegroei.

In die begin was ek baie selfbewus oor my roeping, want ek het geen opleiding in teologie nie. Wat maak my artikels wat ek skryf soveel beter as die wat vir jare geleer het om dit te doen? Ek glo egter dat die HERE nie altyd die wat toegerus is roep nie, maar die wat Hy roep toerus om te kan doen wat hulle doen.

Die HERE het daarom vir my die volgende gedeelte in 1 Timoteus 4:12-16 gestuur om my gerus te stel. *“[12] Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees ‘n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. [13] Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering. [14] Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge. [15] Wees vlytig in hierdie dinge, leef daarin, sodat jou vooruitgang vir almal duidelik kan wees. [16] Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor.”*

Hierdie gedeelte het spesiale betekenis vir my omdat vers 12 presies beskryf hoe die HERE my geroep het om Sy Woord te bedien! Prys Sy Wonderlike Naam!

My roeping is verder aan my verduidelik in Lukas 4:18-19 *“[18] Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; [19] om aan gevangenes vrylating*

*te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."*

Duideliker kan dit nie gestel word nie! Dis dan ook die roeping van Suider Kruis.

Liewe leser, ek is geen "pastoor" of selfs 'n "dominee" nie. Ek is 'n doodgewone mens net soos jy wat gesalf is om die Woord van God te bedien deur Sy genade en liefde! Ek het geen opleiding in teologie nie en wil daarom nie aanspraak maak op 'n aardse titel wat my nie toekom nie. Ek waardeer dit as mense my sodanig aanspreek, want dit dui op respek vir die HERE, maar ek wil glad nie deur die werk wat ek vir die HERE doen vereer word nie. Gee vir Jesus die eer, want dis deur Hom wat ek kan vir julle die leiding kan gee wat julle so na soek. Prys die Naam van Jesus!

Mag die HERE u seën in die lees van hierdie boodskappe!

# Hoe kan ek gered word?

Om gered te kan word is so belangrik, dat ek dit in elke boekie wat ek uitgee publiseer.

Die reddings proses is 'n drie stap proses. Daar bestaan geen vinnige bid-hierdie-gebed-en-alles-is-eensklaps-reg nie. ‘n Gebed soos daardie is slegs stap een van die proses. Al drie stappe moet uitgeleef word om volkome in die HERE te word.

Terug na daardie drie stappe en hulle is:

1. **Sonde oortuiging** - Jy moet besef dat jy 'n Sondaar is.
2. **Sonde berou** - Jy moet berou hê oor jou sonde en alles wat jy gedoen het.
3. **Ommekeer** - Jy moet afskeid neem van sonde en ‘n poging aanwend om op te hou om sonde te pleeg.

By ‘n “poging om op te hou sonde pleeg”, wil ek graag meer uitbrei, want geen mens kan geheel en al sonder sonde lewe nie. Jy gaan val en jy gaan ook oortree deur dinge teen die Wil van die HERE te doen. Dis jou vleeslike wat gaan rebelleer teen God se Wil. Ek wil nie te veel hieroor uitbrei nie, want dan gaan hierdie hele artikel te tegnies van aard word. Ek wil net sê dat struikel en val deel van die grootword proses in die Gees is. Weet net dit dat as jy val, moet jy geensins bang wees om terug te keer na die HERE nie. Hy sal jou altyd vergewe.

Dink daaraan as ‘n leerskool, want as nuut gevonde Christen is jy tog in die klaskamer van die HERE! Sommige lesse gaan moeilik wees om te leer, terwyl ander weer moeilik gaan wees, maar aan die einde van die dag gaan jy groei as Kind van die HERE en dit is wat die

meeste saak maak! Jy sal later vind dat dinge waarmee jy gestruikel het in die begin, nie meer vir jou ‘n probleem is nie. Dis groei in die HERE daardie!

Kom ons kyk nou waarom dit nodig is dat enige iemand gered moet word. In Romeine 3:23 lees ons: *"...want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God."* Dit beteken dat daar geen mens op aarde is wat nie gesondig het nie. Romeine 6:23 sê verder: *"Want die loon van die sonde is die dood."* Dit beteken dat ons almal verdien om te sterf vir ons sondes. Hierby word nie bedoel sterf soos in sterf van ouderdom nie. Sterf beteken om 'n ewigheid te spandeer sonder God; 'n ewigheid in die hel. Hierdie is die enigste straf vir sonde omdat God ewig is.

Jesus sê in Johannes 14:6 *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."* Dit beteken dat Hy die enigste weg Hemel toe is. Daar is geen ander nie. Geen mate van self regverdigheid of deur 'n goeie lewe te lei gaan vir jou help om Hemel toe te gaan nie, want ons ALMAL het gesondig. (Romeine 3:23) Sonde verwyder ons van God en die Hemel. Die enigste pad Hemel toe is die een wat lei deur die verlossing wat deur Jesus daar gestel is. Moenie dat satan vir jou lieg nie, want hy sal!

Gelukkig is daar vir ons 'n oplossing, want Johannes 3:16 sê: *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."* Ons het dus nie nodig om te sterf of 'n ewigheid in die hel sonder God deur te bring nie. Jesus is die antwoord! Romeine 3:22 en 24 sê: *"[22] ...deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; [24] en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is."* Deur jou hart vir die Here te gee en Hom as Saligmaker aan te neem, kan enige iemand gered word, ongeag wie jy is of wat jy gedoen het. Die

prys vir ons sonde is reeds op Golgota betaal. Ons moet net die kaartjie gaan afhaal!

Hoe eis ons dan ons vergifnis? U moet op u knieë gaan en u sonde voor God bely. Dan moet u berou daaroor toon en onderneem om ‘n daadwerklike poging aan te wend om dit nooit weer te doen nie. Soos ek gesê het; maklik gaan dit nie wees nie, maar die beloning gaan meer as opmaak vir dit wat u gaan prysgee!

Nadat u die Here aangeneem het as u Persoonlike Saligmaker is dit baie belangrik dat u afstand doen van u sonde en sondige bestaan. Dit help nie u kom tot bekering en geen verandering vind plaas nie. As u mense te na gekom het, dan moet u om verskoning gaan vra. Ek weet dan dit 'n ongemaklike taak is om te doen, maar dis vir God **uiters belangrik** dat ons mekaar se oortredinge vergewe net soos Hy ons oortredinge vergewe! Maak nie saak of die persoon u verskoning aanvaar of nie. U kant van die saak is dan skoon.

Die volgende stap is om 'n lewe in Christus te lei. U moet u lewe inrig volgens die Wet van Christus soos uiteen gesit in Mattheus 22:37 – 40: *“[37] En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38] Dit is die eerste en groot gebod. [39] En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. [40] Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.”*

Die lewenspad van ‘n Christen is ‘n moeilike pad, vol allerhande slaggate, maar dis ook ‘n pad van absolute vreugde, want jou hart behoort aan die Koning van die Konings en eendag gaan julle skouer aan skouer staan, Sy werk in jou volmaak! Onthou wat ek in die begin gesê het van die HERE se klaskamer en die lesse wat ons almal moet leer.

Die keuse om God te volg is nou u s'n om te maak. Openbaring 3:20 sê: *"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor*

*en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My."* Net jy kan die deur van jou hart vir Jesus oopmaak. Niemand anders kan nie. Maak die regte keuse, want niemand weet of u weer die tyd sal hê om dit weer te doen nie.

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Om met My saam te stem is om te oorwin!

Jesus, kan u ons asseblief waarsku as ons begin is om na satan te luister in plaas van na U? Amen!

Hoe maklik gebeur dit nie dat ons na die vyand begin luister in plaas van die HERE nie. Dan begin ons twyfel oor die dinge wat die HERE vir ons gesê het gaan gebeur, want die argument wat satan maak klink vir ons meer na die werklike ding! Ek wens ek kan vir julle sê hoeveel keer dit al met my in my lewe gebeur het!

Ons vergeet partykeer van die dinge wat die HERE vir ons sê; veral as dit kom by profesieë. Ons maak dit af as niksseggend, maar ons vergeet dat die HERE se Woord nooit leeg na Hom sal terugkeer nie en ons vergeet ook dat die HERE 'n waarmaker van Sy Woord is! Niks sal ooit keer dat die HERE Sy Woord waar sal maak nie! Moet dus nie jou steur aan wat mense sê nie.

Ek sien dit in my daaglikse werk ook. Die HERE het elkeen van ons geseën om 'n spesifieke taak vir Hom te verrig. Weet julle hoe baie keer het mense na my toe gekom en vir my gesê dat ek nie goed genoeg is nie; dat ek nooit sal slaag nie en dat ek moet opgee terwyl ek voor is? Ek het al opgehou tel! 'n Paar keer het hulle amper geslaag, maar dan stuur die HERE mense my pad langs om my op te tel en te verseker dat Hy sal volbring wat Hy belowe het Hy sal doen! Dan skep ek weer moed en dan baklei ek verder!

Julle weet, mense soos die het net mag oor jou as jy dit vir hulle gee! Om met hulle saam te stem is 'n kragtige invloed, maar om met die HERE saam te stem is oorwinning! Prys die Naam van Jesus! Dis waar die mag is; met wie jy in ooreenkoms is! As dit met Jesus is, SAL jy oorwin!

Dis daarom belangrik dat ons in ooreenkoms met die HERE is en ten alle tye sal bly. Moenie toelaat dat die vyand enige iets doen om daardie ooreenkoms in die wiele te ry nie, want hy sal deur jou te laat twyfel, ongelowig te maak of jou te laat oordeel. As die vyand eers 'n krakie in jou mondering gemaak het op hierdie manier, dan moet alles gestop word om die skade eers te herstel.

Kom ek gee julle 'n voorbeeld: Iemand het gister vir my gesê dat ek na 'n demoon van satan luister as ek die Woord van die HERE aan julle bring! Ja, dis 'n harde klap in enige mens se gesig... Ek was totaal oorbluf gewees en ek het nie geweet wat om te antwoord nie. In sulke gevalle gaan ek na die HERE en vra vir wysheid, want self weet ek nie. Vanoggend gee die HERE vir my Markus 3:22-30. Dis die gedeelte waar die Skrifgeleerdes vir Jesus daarvan beskuldig het dat hy van die duiwel besete was. Jesus het hulle gewaarsku dat hulle besig is om teen die Heilige Gees te laster. Die van julle wat nie weet nie, dis die een sonde wat jou nooit vergewe word nie... Vir elke moontlike sonde op hierdie aarde is daar vergifnis voor, maar nie as jy gesondig het teen die Gees van die HERE nie.

Sien julle nou hoe gevaarlik dit is om te weet na wie dit is wat jy luister en met wie jy in ooreenkoms is? Dis ook die rede waarom die HERE ons die afgelope tyd geleer het om onsself te ken. Ken jou swakpunte en jou geneigdheid tot sonde. As jy dit weet, dan kan jy slimmer as die vyand wees en so kan jy voorkom dat die verhouding wat jy met die HERE het in die wiele gery word. Moenie dat die vyand jou inspireer om te sondig en jy dalk in ooreenkoms met hom aangaan sonder dat jy dit weet nie.

Let op na die vyand se taktiek. Die HERE is besig om 'n vestig in elkeen van ons te bou, dis waarom daar so baie klem gelê word op naasteliefde, selfopoffering en nederigheid. Hierdie dinge vorm die basis van die vestig en dit moet sterk wees as dit die seëninge wat die HERE in ons lewens wil uitstort, moet kan hou.

Tel nou jou kruis op en volg die HERE. Solank as wat ons in die voetspore van die HERE loop, sal ons oorwin! Jou droom sal nooit ontspoor word solank jy aan die HERE se kleed vashou nie!

Prys die Naam van Jesus!

# Seisoene van die lewe

In al die Kinders van die HERE se lewens is daar siklusse soos seisoene. Siklusse van proewe, teenstrydighede, struikelblokke, verliese en al hierdie dinge is ontwerp om jou in volwassenheid te bring as die Seuns en Dogters van die HERE.

Die kere wat jy die swaarste kry is die kere wat jy die meeste groei en daardie toetse kan nie oorgeslaan word nie. Baie wat na die HERE kom verwag dat die lewe nou skielik maanskyn en rose sal wees, maar gou leer hulle dat die hael alles binne 'n uur kan verwoes, dat droogte 'n stadige dood bring en dat die sneeu alles kan begrawe.

Wat na daardie storms gaan gebeur is nie bekend voor die lente aanbreek nie. Baie van julle is nou in julle lente siklus. Julle is gereed om vrugte voort te bring, maar vir sommige gaan daar geen vrugte wees nie, want hulle het hulle tuine aan die genade oorgelaat toe dinge moeilik begin moeilik word het. Ander het weer dit wat hulle moes doen agterwee gelaat. Hulle was nie bereid om die hitte van die somer en die koue van die winter te trotseer sodat hulle nou gesonde vrugte van voortbring nie.

Vir baie is hierdie die soveelste siklus wat hulle deurgaan en is dit die soveelste moeilike tyd wat jy deurmaak, maar kyk waar jy voor dit was en waar jy nou is in terme van jou geloofslewe. In die begin was jou tuin droog met net 'n paar plantjies hier en daar, maar nou is jou tuin 'n lushof van geure en kleure, vol van lewende water! Jy het nie jou tuin aan sy eie genade oorgelaat nie. Jy het deurgedruk, deur die storms, die droogtes, orkane en die vloede. Jy het die HERE met jou hart vertrou en kyk waar is jy nou!

Nou sê die HERE dat Hy vir jou in 'n tyd van oorvloed gaan inbring. Sommige gaan nuwe gawes en talente ontvang terwyl ander hulp gaan kry om onkruid uit te roei en om die regte saad te plant.

Sommige gaan die grond voorberei omdat hulle niks in hulle tuine oorgehad het nie. Jy het gehuil toe die veranderinge gekom het, maar nou dat jy die sagte, swart grond tussen jou tone voel, is jy opgewonde oor wat gaan gebeur.

By ander het die voëls die saadjies wat jy geplant het van die grond af opgepik. Jy gaan meer versigtig moet wees om hierdie saadjies te beskerm totdat hulle sterk genoeg is om op hulle eie te kan groei. Die vyand is geniepsig, want hy weet die HERE plant saam met jou en dit is 'n bedreiging vir hom.

Vir die wat geleer het om versigtig en op die uitkyk te wees, se tuine is mooi aan die groei, maar moenie te gerus word nie. Die vyand is besig om allerhande vernietigende insekte bymekaar te maak om in jou tuin te kom strooi. Hierdie insekte sal in 'n oogwink alles vernietig waaraan jy so hard aan gewerk het as jy nie versigtig is nie.

Hy doen dit deur jou aandag af te trek, jou foute en sondes te ontbloot en jou rusteloos te maak. Die HERE sê vir jou om op die uitkyk te wees en om nie voor sonde te swig nie. Onthou: die HERE se Woord is die grensdraad wat die tuin beskerm. Bly daarom wakker in die Woord sodat jou grensdraad beskerm kan word.

Pasop vir selfverheerliking. Dis die nommer een manier om jou tuin onbeskermd te laat. Selfverheerliking hou van agendas en bymotiewe, terwyl broederliefde liefdadigheid, geduld, vriendelikheid en bereidwilligheid om sonder beloning te werk, die tuin bevorder. Broederliefde gee net om oor wat Jesus dink. Daar is geen agendas of bymotiewe om te beskerm nie. Broederliefde is die geheim tot geluk en vrede wat hou. Broederliefde is die stadig vloeiende rivier wat jou na jou bestemming is Jesus sal dra.

Solank jy hierin bly, sal jy veilig wees, maar as jy die boot stop en uitklim, gaan jy op vyandige grondgebied wees en dan gaan jou toekoms onverseker wees. Hou vas aan Jesus, liewe leser en hou vas aan die plan van die HERE vir jou lewe. Moenie in enige ander rigting wil gaan nie.

Bly in die rivier van die lewe en laat die HERE toe om jou veilig na jou bestemming te neem. Geniet die verassings en die oorwinnings wat hiermee gepaard gaan, maar meer belangrik; vertrou die HERE in alles!

Prys Sy Naam!

# Wandel in opregtheid

Dankie Jesus vir U aanmoediging dat toetse deel van die oorwinnings proses is en dat daar ‘n rede daarvoor is. Help ons om dinge te beoordeel volgens U standaard en nie die vae standaard van die wêreld nie. Amen!

*Hy wat in opregtheid wandel, wandel veilig, maar hy wat sy weë krom maak, word bekend.* (Spreuke 10:9)

Jesus sê dat ons nie so ontmoedig moet word as ons vaal nie, want baie van julle is hopeloos te hard op julleself. Jy is op ‘n goeie pas en jy maak stadig vordering en dis al wat van jou verlang word. Die HERE soek nie groot werke nie; net dat jy stadig vordering maak met uithou vermoë en wegbly van die dinge wat die HERE vir jou uitwys as gevaarlik.

So baie van julle word heeltemal van stryk gebring as jy nie die mikpunt haal wat jy vir jouself gestel het nie. Die waarheid is dat dit tyd vat om daardie merk te haal en dit kan nie afgejaag word nie. In baie gevalle vat dit ‘n stadige pas en die moed om weer op te staan as jy geval het. Onthou dat jy nog steeds besig is om te leer. Jy gaan foute te maak en daar is niks daarmee verkeerd nie. Dis hoe ons almal leer; deur ons foute! Solank as wat jy nie dieselfde foute oor en oor maak nie, sal die HERE baie tevrede met jou vordering wees.

Om vergifnis te vra vir jou oortredinge is die kern van heiligmaking. Daar moet afgewyk word van sonde en by sonde word ingesluit dinge wat onskuldige tydverdryf is, maar nie in die beste belange van die HERE nie. Dis baie maklik om in laksheid te verval as jy gemaklik begin voel met jou vordering. As die HERE aan jou bekend maak om sekere dinge te vermy, vat dit dan baie ernstig op.

Die tyd wat jy opreg aan die HERE spandeer is baie belangrik, want baie vrug word voortgebring in daardie tyd. Moenie ‘n kits oorwinning verwag met dit waarmee jy sukkel nie. Sommige van julle is obsessief oor die struikelblokke wat julle tee kom. Dis belangriker om te weet dat die HERE die hele tyd met jou is. Onthou ook dat pad lank gaan wees, moet dus nie wegtrek soos ‘n resiesperd om die hele pad in ‘n paar minute te wil hardloop nie.

Die HERE weet dat sommige van julle in julle eie oë nie vinnig genoeg vorder nie. Bid vir geduld en die wysheid om te verstaan dat dit waarmee jy besig is ‘n impak op die Koningryk van die HERE sal hê. Moenie koers verloor nie, want daar gaan baie geleenthede wees om jouself te verbeter in terme van heiligheid en hoe om “nee” te kan sê vir versoekinge. Tel jou kruis op en volg die HERE!

Onthou, vir Jesus gaan dit nie oor resultate nie, maar hoe jy daar gekom het. Leer jy die lesse wat die HERE op jou pad stuur, of ontwyk jy dit sodat jy vinniger kan klaarmaak? Vat jy die uitdagings wat die HERE vir jou stuur aan of ontwyk jy dit? Maak jy geheel en al staat op die HERE om jou te help deur probleme werk of doen jy nog steeds alles op jou eie?

Jy kan nie na die volgende vlak vorder as jy nie die vlak waarop jy is, klaar maak nie. Om die taak wat aan jou gegee word af te rammel net sodat jy op die volgende vlak kan kom, is nie die regte manier nie, want die dinge wat jy op jou huidige valk leer, berei jou voor vir die volgende een. Vat dus jou tyd en maak die vlak waarop jy is deeglik klaar en verken al die moontlikhede wat aan jou gebied word.

Alles wat jy in gehoorsaamheid doen vir die HERE, dra vrugte. Jy sien nie die vrugte wat jy dra nie, want jou gedagtes is te gefokus op die uitslag. Hoe meer jy insit terwyl jy op die pad is, hoe groter gaan die opbrengs wees aan die einde van die dag.

Die Koningryk van die HERE word nie net bestuur deur die sigbare dinge wat jy doen nie, maar ook deur die onsigbare en daarby word bedoel die bedoeling van jou hart, jou uithou vermoë en jou bereidheid het om op te staan as jy geval het. Die van julle wat die Woord van die HERE aan ander bedien het ‘n baie groot invloed op die onsigbare, want julle sien nie die siele wie se lewens julle aanraak nie. Jou houding, jou geduld, jou naasteliefde, jou integriteit en eerlikheid oor wat jy gedoen het is net so belangrik as die uitkoms.

Dis waarom integriteit en gehoorsaamheid so belangrik is. Dit dra die meeste gewig ten spyte daarvan dat dit nie gesien word nie. Jy kan nie gee wat jy nie het nie en jy kan nie integriteit toepas as dit nie in jou eie lewe is nie. Dis die geheime lewe binne in wat lewe gee aan die sigbare lewe buite. Dis die geheime lewe wat die strome van seëninge dra. Jy kan nie die buitekant alleen seën nie.

Wees dus bemoedig, Kinders van die HERE. Dinge mag dalk stadig verloop, maar jy maak vordering en die HERE is gelukkig met dit wat jy doen.

Prys die Naam van Jesus.

# Wipplank van trotsheid

Dankie Jesus dat U nie toelaat dat trotsheid ‘n houvas in ons lewens kry nie. Amen!

Liewe Kinders van die HERE, trotsheid is ‘n lelike ding! Dit laat jou selfstandig voel en dat jy nie op die HERE hoef te vertrou nie. Dit liewe leser, is die een ding waarteen ons ten alle tye moet waak; om in ‘n toestand te kom waar ons nie meer van die HERE afhanklik is nie. Dit gebeur baie maklik!

Ek weet daar is baie mense wat dink dat ek iets spesiaal is oor die Woord van die HERE wat ek bedien, maar ek kan julle verseker dat ek nie is nie. Die HERE haat trotsheid en ons moet so versigtig wees dat dit nie ‘n houvas kry nie, want as trotsheid eers inkomplek het, dan forseer dit die HERE se hand om satan toe te laat om ons hard te laat val.

Kom ons vat vir Oscar Pistorius as ‘n voorbeeld. Die HERE het iemand gevat wat nie kon loop nie en vir hom alles gegee! Hy het die wêreld aan sy voete gehad, maar toe kry trots die oorhand en dink hy dat hy onaantasbaar is; dat sy faam hom uit alles kan kry... Julle almal weet waar hy vandag is. Dieselfde het met Lans Armstrong gebeur. Ook hy het die wêreld aan sy voete gehad en die Tour De France sewe keer in ‘n ry gewen, maar toe kry trots die oorhand en moes die HERE iets doen om hom terug te bring grond toe.

Verstaan julle waarom trots so gevaarlik is? Moet NOOIT dink dat jy iets spesiaal is nie, want alles kom van die HERE af! Die geld wat jy het is nie joune nie, want die kennis en die energie wat jy gebruik het kom van die HERE af! Dis die HERE se asem wat jy elke dag in asem! Die aarde en die volheid daarvan behoort aan die HERE! (1 Korintiërs 10:26)

Jesus sê: *"Geliefde Kinders, julle het niks om te vrees deur jouself te sien soos jy is voor My nie. Die vrees moet kom as jy probeer om die probleem te ignoreer, want dan fnuik jy net jouself. Dit behoort jou baie onrustig te maak, want jy loop op baie dun ys wat gemaak is van trotsheid, selfstandigheid en selfversekering."*

*"Wanneer jy begin voel dat jy dit alleen kan doen, hardloop na My en laat My toe om jou terug te bring na realiteit voor Ek moet toelaat dat jy hard val. Doen dit en Ek sal jou jou foute uitwys en jou die trane gee om vergifnis te kan vra, want Ek is vol vergifnis en 'n nuwe begin vir jou. Ek staan altyd gereed om jou te vergewe. Altyd, want Ek wil hê dat jy vry moet wees. Wanneer jy trots is, dan is jy gebind omdat jy nie kan sien waar jy heengaan nie."*

*"My Kinders, daar is niks meer gevaarlik as 'n onafhanklike, trotse houding nie. Julle is besig om die fondasie te lê nou op aarde vir 'n werk wat in die hemel voltooi gaan word. As trotsheid nou in daardie fonasie beland, maak dit die hele fondasie swak. As jy My Woord aan ander bring, dan maak dit hulle fondasies ook swak. Dan word jy soos baie ander predikers daar buite wat My Liggaam seer maak en my Gees uit die kerk uit verdryf."*

Liewe lesers, dis nie nodig vir jou om rond te hardloop en vir almal te wys wat jy gedoen het sodat hulle jou op die skouer kan klop nie. Nee, nee, nee! As jy daardie houding het, dan is dit beter dat jy liewer niks doen nie, want die HERE gaan toelaat dat jy val! Dis nie wat nodig is nie. Dis nodig om te verstaan dat alles van die HERE af kom en dat al die eer na Hom toe gaan. Ons is niks! Ons kry niks!

Ons waarde kom van die wete dat Jesus op die kruis vir ons gesterf het. Daar is niks meer kosbaar as dit nie en dis waar ons waarde vandaan kom. Die res is 'n geskenk van die HERE af en dit kan baie maklik afgevat word. Wees dus versigtig liewe lesers!

Jesus gaan voort: *"Nou dat julle weet wie aan die stuur is en wie in die enjin kamer is, is daar geen gevaar om die gawes wat Ek jou gegee het in jou eie gawes te verander nie. Jou talent kom van My af en dis myne van begin tot einde. Jy bestuur net die hulpbronne en jy doen jou deel as my ambassadeur. Bly in hierdie toestand en die vurige pyle van die vyand vol trotsheid sal geen invloed op jou hê nie, want Ek sal hulle uitblus met Lewende Water voor hulle by jou uitkom!"*

*"Dit is die geheim van 'n Goddelike Bediening. Ons doen dit saam en jy is My nederige dienskneg. Beskerm die waarheid met alles wat jy het, want satan sal nie ophou om te probeer om trotsheid in jou hart gevestig te kry nie."*

Prys die Naam van die HERE!

## Hoe om ‘n besmette Kersfees te voorkom

Heer Jesus, hou ons asseblief in U vrede en weg van die besmetting van die wêreld, want daar is baie versoeking. Amen.

Lesers, ek moet eerlik wees: ek was die laaste ruk taamlik weggetrek van die HERE af. Julle sien, die oomblik wat jy begin wandel in die wêreld, maak nie saak vir hoe kort ‘n rukkie nie, dan verloor jy daardie soet geestelike lagie wat die HERE oor elkeen van ons gesit het. Dis omdat die wêreld daardie lagie van jou afskuur hoe langer jy in die wêreld spandeer. Jy sal ook vind dat hoe langer jy daar is, hoe meer verloor jy jou geestelike rigting.

Die wyse onder ons sal die nes verlaat as daar geen ander keuse is nie, maar sal weer dadelik terugkeer as dit wat gedoen moes word gedoen is.

Jesus sê: *“Julle bly langer in die wêreld as wat nodig is omdat daar so baie dinge is wat julle aandag aflei. Dis mooi babas, katjies, versierings, stories... dis so verleidend!”*

*“Jy weet dit en jy probeer om by dit verby te kyk, maar jy kan nie, want dit sink in en so kom jy weer en weer terug! Dis beter om eerder te bid vir jou beskerming vir die tyd wat jy in die wêreld moet spandeer. Die Internet het dieselfde invloed op julle. Dis sielkundige aftakeling op sy beste!”*

*“Julle besef dit natuurlik nie, maar julle siele word daaraan blootgestel. Die wêreld is veronderstel om julle te dien, maar julle verloor julle rigting terwyl julle daar is en so word jy bedwelmd deur dit waaraan jy blootgestel word. Jy vergeet waarom jy daar is en so verloor jy daardie soet geestelike lagie wat Ek op elkeen van julle gesit het.”*

*"Maak julle is nou hier en dit maak My so bly as julle by My is en weer bewus is van My teenwoordigheid in julle lewens! Die geheim is om in My te bly en nie in die begeerlikhede van die wêreld nie."*

Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. (Johannes 15:4)

*"Bid vir beskerming elke slag as julle in die wêreld in moet gaan. Ek het engele in plek wat maar net te gretig is om te help."*

*"Hierdie is die tyd van die jaar is die vyand baie besig is met versoekings. Dit maak dat mense in die wêreld ingaan en net koop soos 'n haai wat bloed geruik het. Na 'n rukkie is daar geen gewete meer oor nie. Dis net koop, koop, koop! Waarsku diegene dat daar 'n massiewe aanval teen die beplan word wat net na die vleeslike omsien. Dis beter om te gee as om te ontvang en dis beter om uit te deel as om te versamel."*

*"Asseblief, My Kinders! Julle behoort aan My; nie die wêreld nie!"*

*"Hou vas aan My. Vind julle plesier daarin om by My te wees. Verbied die wêreld met sy leë beloftes. Hierdie is 'n oorlog wat in julle gedagtes gefokus is en die vyand doen sy beste om die mense se aandag weg te lei na persoonlike voordeel, gierigheid en materialisme. Julle is onder niemand se invloed tensy julle kies om daar te wees nie. Die vyand is besig om pyle amper sonder ophou op julle af te vuur."*

*"My geliefde Kinders, nou dat julle bewus is van die vyand se planne, moenie geld onnodig spandeer nie. Moenie onnodige skuld aangaan nie. Jy het 'n baie werklike vyand wat besig is om jou aan te hits om meer te wil spandeer as wat jy kan bekostig."*

Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. (Jakobus 4:7)

*"Deur hiervan bewus te wees, kan jy meer bewus wees van wat jy werklik nodig het en daarom sal jy nie meer geld spandeer as wat jy tot jou beskikking het nie. Moet asseblief nie My geboorte vier as 'n materialistiese affêre nie. Eer My as die middelpunt van Kersfees en leer jou kinders deur die regte voorbeeld te stel. Sit versierings op as jy wil , maar hou dit eenvoudig. Hierdie is die tyd wat jou Kinders gaan onthou as hulle ouer is."*

Dit was die einde van die boodskap. Mag die HERE julle seën!

# Jy is soveel meer as net mooi

Heer, Jesus, U liefde is soveel meer intens as wat enige een van ons ooit sal verstaan. Maak asseblief ons harte oop om te verstaan wat dit is wat U ons so graag wil gee. Amen.

Geliefde lesers, julle weet hoe dit voel om op te staan as jy geval het. Jy probeer jouself van die HERE distansieer omdat jy sleg voel oor jou oortredings. Dis egter nie wat die HERE wil hê nie. Hy wil juis die teenoorgestelde hê en dit is dat ons na Hom toe moet hardloop as ons struikel en val. Hardloop na Hom toe sodat Hy ons kan omhels in vergifnis en liefde.

Soos julle weet word jou aandag afgelei as jy na die hope vuil sonde in jou lewe kyk. Dit laat 'n gevoel van veroordeling in jou lewe en dan wil jy nie dadelik by die HERE wees nie omdat jy vuil voel.

Daar is hierdie liedjie van Michael W. Smith; 'n Amerikaanse Christen sanger met die naam van *"You belong to me"*. Ek gaan nie eers probeer om die liedjie te vertaal nie. Die lirieke is as volg:

I knew you were the one

My heart was overcome

The day I looked into your eyes

The feeling so surreal

Like time was standing still

When you said you would be mine

Oh, you are a miracle

You're sweeter than I've ever dreamed

You're so much more than beautiful

How can it be that you belong to me?

Julle kan self na die liedjie gaan luister op YouTube gaan luister as julle wil.

Stel nou voor die HERE sing daardie liedjie vir jou. Nee, dis nie jou verbeelding nie. Dis werklik hoe Jesus oor jou voel... Jy is soveel meer as net mooi! Die dag toe jy gesê het dat jy Syne wil wees het Jesus gedink die tyd staan stil. Hoe kan dit wees dat jy Hom gekies het?

Die van julle wat nog altyd gewonder het hoe diep die HERE se liefde vir ons is, sal nou beter verstaan. Waar is daardie vuilis hope van sonde nou? Dink jy nog steeds jou oortredinge is vir die HERE ‘n struikelblok? Natuurlik nie, want die HERE is lief vir jou net soos jy is!

Dink jy dat Jesus vir jou sal jok of jou ego sal streel? Dink jy die HERE het bymotiewe in Sy hart of dat Hy jou miskien manipuleer? Nee, natuurlik nie, maar Hy weet hoe om met ons te praat en hoe om ons aandag te kry en hierdie is een manier!

Dis nie nodig vir jou om terug te keer na die vuilishope van sonde in jou lewe nie! Jy is soveel meer werd as dit en dit pas jou glad nie. Ons almal voel op een of ander stadium laag in ons lewens en dis dan dat ons gryp na die sekuriteit van die verlede; veral as die geestelike lewe vir jou te veel word en jy voel jy is besig om te gly.

Dan begin jou oë dwaal na dit wat vir jou bekend was, veral na wêreldse dinge en geldelike besittings.

Satan maak van hierdie onsekerheid in jou lewe gebruik om jou onder te kry, maar wêreldse dinge is net nooit genoeg nie. Ons dink altyd as ons net dit of dat kan hê, dan sal dit genoeg wees, maar as jy daar kom, dan is daar weer iets ander wat meer blink is... Dan vind jy dat dit net nooit genoeg is nie.

Dit is 'n geestelike oorlog wat teen jou gevoer word en dis nie so maklik onderskeibaar soos die normale verleidings van satan nie. Dis gemeen en ek gebruik die woord "gemeen" doelbewus, want satan doen dit met jou ondergang in gedagte. Dit lyk so onskuldig in die begin, maar agter alles skuil 'n monster wat daarop uit is om jou en al die goeie werke wat jy doen, te vernietig!

Sodra iemand 'n verandering maak om die HERE te wil volg en ander deur sy optrede beïnvloed om ook die HERE te volg, dan begin die vyand om planne te maak teen jou sodat jy nie jou volle potensiaal bereik nie. As jou hart egter vir die HERE is, dan kry satan net een ding reg en dit is om jou op te lei in geestelike oorlogvoering en sodat jy ander kan leer om dieselfde strikke te vermy!

Ons kyk gereeld na ander Christene as super sterre omdat hulle in soveel geloof wandel, maar dis nie die HERE se standaard nie. Dit gaan oor nederigheid; harte wat een is met Hom en swaarkry is deel daarvan. Neem jou kruis op en volg die HERE, maak nie saak hoe seer dit maak nie... Dis wat fout is met baie kerke vandag omdat hierdie kern aspek nie geadresseer word nie en ook nie aan die mense geleer word nie.

So baie word gedoen vir die skyn en om deur die mense gesien te word, maar werklike heiligheid gaan jy nie op die heuwels kry waar die son die helderste skyn nie. Jy gaan dit baie diep weggesteek vind en jy gaan baie laag moet buk om dit te vind.

Moenie die wat in die oog van die publiek wandel vereer nie. Dit kwalifiseer jou nie om ‘n vriend van die HERE en Sy Bruid te wees nie. Net ‘n heilige leefstyl gaan dit verseker. Moet jou ook nie kwel oor wie hiervoor kwalifiseer en wie nie. Die HERE se weë is baie hoër as ons s’n en die nie belangrik vir jou om te weet wie kwalifiseer en wie nie. Wees eerder tevrede moet jou lae stand in die lewe en beskerm dit.

*“Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.”* (Mattheus 5:3)

‘n Werklike geestelike leefstyl is in direkte teenstryd teen die wêreld. As jy aan die HERE behoort, dan is dit nodig dat jy die wêreld met sy vals waarde sisteem agter jou sit. Dit is geestelike skoonheid!

*“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.”* (Romeine 6:3-4)

Wanneer jy dus in die HERE se dood gedoop is, dan lyk jy soveel anders as die wêreld. Dis nie te sê dat die wat arm is op welke manier heilig is nie. Dis wanneer jy afstand neem van jou persoonlike begeertes om uit elke situasie te wil voordeel trek wat jou vry maak. Omdat die HERE jou geroep het om Sy Bruid te wees, het Hy jou geroep tot uitsonderlike kleinheid.

Die HERE ken jou armoede en jou fisiese swakheid, maar as jy toe laat dat die HERE in jou werk, dan sal jy alles hê wat jy nodig het. Jy is die laaste in die huis en jy kies ook altyd ‘n plek heel agter. Hou aan om dit te doen, want dis die regte houding om te hê. Wees getrou hierin, want hoe kleiner jy is, hoe kosbaarder is jy vir die HERE!

Jy is so ongelooflik mooi vir die HERE. Die feit dat jy val is maar net 'n teken van jou menslikheid. Moenie jouself slaan as jy val nie. Staan eerder op; hou aan met loop en wees tevrede met jou kleinheid. Jy is sonder 'n greintjie van twyfel kosbaar vir die HERE!

Jesus sê: *"My Kinders, as julle wegbreek van die wêreld en julle lewens sonder voorbehoud aan My toevertrou, dan stort Ek inderdaad trane van blydskap en sing Ek 'Hoe kan dit wes dat jy aan My behoort?'"*

Prys die ongelooflike wonderlike Naam van Jesus!

# Goddeloosheid in die laaste dae

Jesus, wil U nie asseblief ons oë oopmaak sodat ons kan sien wat besig is om te gebeur rondom ons nie? Gee vir ons die wysheid om te kan onderskei tussen reg en verkeerd, veral nou dat die pad tussen reg en verkeerd so vertroebel geraak het. Amen!

Paulus skryf vir Timotheüs die volgende woorde: *Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geld gieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.* (2 Timotheüs 3:1-5)

Laasgenoemde gedeelte is vandag heeltemal waar. Nie een deel, daarvan is nie waar nie, kyk maar om jou. Kom ons konsentreer egter net op die eerste sin: Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Liewe leser, dit wat ons nou ervaar is maar net die begin. Ek praat julle nie bang nie, maar nog baie groter dinge gaan gebeur as wat nou aangaan. Die aarde is besig om te sterf omdat die mens sy rug op God gedraai het. Dis waarom alles so uitmekaar val. Sommige mense blameer die weer, ander weer die besoedeling... Kom ons wees eerlik; iets moet die skuld kry en dit kan tot nie ons sonde en goddeloosheid wees nie!

Die boodskap van die HERE is KRY JOU HUIS IN ORDE! Hopeloos te veel bloed gewaste Kinders van die HERE se huise is in totale wanorde omdat hulle in beide wêrelde wil loop. Jy gaan moet kies tussen God en Mammon, want jy kan nie twee meesters dien nie.

Die HERE sê Hy is ‘n jaloerse God! Hy het jou gemaak volgens Sy ewebeeld! Jy is Syne! Waarom luister jy nie?

Die HERE wys daar sommige van julle wat wil draad sit en hoop dat hulle op die laaste oomblik net die draad gaan kan los om in die regte kampie te val! Die HERE sê vir jou dat jy besig is om met jou ewigheid te speel! Jy gaan huil as jy te laat gaan agterkom wat jy gedoen het! Jy gaan agterbly om deur die verdrukking te gaan en so te leer hoe om die HERE behoorlik te dien! Kry jou huis in orde! NOU!

So vyf jaar gelede het ek ‘n droom van die HERE gehad. Ek het voorheen daaroor geskryf, maar ek gaan dit nou weer herhaal. Wat selfs meer vreemd was, is dat ek tot vandag nog die droom kan onthou tot in die fynste detail!

Ek het ‘n baie groot saal gesien met baie mense in. Die een saal wat in twee gedeel, maar daar was geen skeiding tussen die twee helftes nie. Die linker helfte van die saal was ‘n restaurant van soort. Die mense daar het die lekkerste etes ge-eet wat ek nog ooit gesien het. Dit het my glad honger gemaak om te sien hoe hulle smul. Die ander regter helfte van die saal was ‘n openbare toilet. Ek het in my lewe al baie vuil plekke gesien, veral openbare toilette, maar die een was die vuilste plek ooit.

Ek het my verwonder aan hoe mense ‘n fasiliteit kan gebruik wat so vuil is en maak asof hulle dit nie eers sien nie. Mense het ingekom en hulle ding gedoen terwyl mense aan die ander kant lekker geëet het. Alhoewel daar geen skeidings muur tussen die twee helftes van die saal was nie, was die twee groepe onbewus van mekaar.

Ek het gevra: *“Here, wat probeer U vir my wys?”* Die antwoord: *“Laat die wat vuil is vuiler word en die wat skoon is skoner.”*

Ek kan nie drome uitlê nie en het daarom geen idee wat dit kon beteken nie. Ek het die droom met iemand wat ek vertrou

opgeneem en die uitleg was dat hierdie droom is in Openbaring 22:11 opgeteken: *"Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word."* Dit het vir my die deur oopgemaak vir die verduideliking wat gevolg het!

Die groot saal wat ek gesien het is al die mense van die wêreld. Die mense in die skoon restaurant gedeelte is die Christene wat die uitnodiging na die bruilofsmaal van die Lam aanvaar het en wie gereed is om te gaan. Hulle lei 'n skoon heilige lewe.

Die mense in die vuil toilet is die mense van die wêreld wat hulle besig hou met die plesier van die wêreld. As jy vuil is, dan kom jy dit nie agter nie en pla dit jou dit ook nie; dis waarom die mense in die toilet nie eers agter gekom het hoe vuil dit is nie! Spreuke 16:25 sê *"Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood."*

Die feit dat daar geen skeiding is nie, beteken dat mense maklik kan oorloop van een helfte van die vertrek na die ander. As jy in beide wêrelde wil loop, gaan jy besoedel word!

Die HERE doen dus nou 'n beroep op elkeen van julle om julle lewens reg te kry. Op die oomblik is dit maklik om te doen, want die Gees van die HERE doen al die harde werk vir julle. Jy moet net aanvaar dat die HERE vir jou gesterf het. Makliker kan dit nie wees nie. Daar gaan egter 'n tyd kom wanneer dit nie meer so maklik gaan wees nie. Moet nie wag tot dit te laat is nie!

Let daarop dat die HERE is nie kwaad is vir jou nie. Hy wil jou nie veroordeel nie; Hy wil jou herstel. Kom terug na Hom toe waar daar vergifnis is sodat jy weer in die arms van die HERE kan wees. Die pad waarop jy is, hou vir jou niks goed in nie en die uiteinde is die ewige dood. Luister na die stem van die HERE!

# Sodom en Gomorra

Die verhaal van Sodom en Gemorra wat in Genesis 18 en 19 opgeteken is in die Bybel is seker een van die bekendste Bybel stories.

Die Bybel leer vir ons dat Sodom en Gemorra in die Jordaan plein geleë was en dat dit ‘n baie vrugbare streek was. Vandag word ‘n groot gedeelte van die Jordaan Plein opgeneem deur die dooie see. Dis ‘n baie warm en droë streek wat deur die HERE vervloek is, want niks groei meer daar nie, behalwe met groot moeite nie. Die Dooie See is vier meter onder seevlak wat dit ook die laagste punt op aarde maak.

Flavius Josephus, ‘n Joodse geskiedkundige van die eerste eeu na Christus, het geskrifte agtergelaat dat hy nog steeds die oorblyfsels van die vyf stede van Sodom kon sien asook die oorblyfsels van die vuur wat hulle vernietig het. Vandag is die vlak van die Dooie See baie laer as in die eerste eeu na Christus, dus behoort die stede vandag makliker gesien kan word. Die storie dat die stede deur die dooie see bedek is, is dus nie waar nie! Die vyf stede waarna Flavius verwys is natuurlik Sodom, Gomorrah, Admah, Zeboim en Bela, waarvan Sodom die grootste was.

As mens langs die hoofpad langs die Dooie See afry, kan jy baie gou gedeeltes in die verte sien waar die grond ligter van kleur is as in die res van die streek. Hierdie is die oorblyfsels van die stede wat deur die HERE verwoes was deur ‘n vuur van bonatuurlike hitte. Die ligter kleur grond is die as wat oorgebly het van hierdie stede.

By nadere ondersoek vind ‘n mens dat die daar strukture in die grond is wat dui op die oorblyfsels van geboue. Die meeste van hierdie strukture lyk soos die fondasies van geboue, want hulle is gebou op neëntig grade hoeke. Hierdie “mure” het almal die mees

eienaardigste patrone op wat getuig van ‘n intense hitte van meer as 3300 grade Celsius waaraan hulle blootgestel was. Die proses staan vandag bekend as Termiese Ionisasie en die patrone word gevorm wanneer atome van ‘n baie warm oppervlakte geabsorbeer word. Dis net nog ‘n bewys van die intense hitte waarmee die gebied geteister was. Die “mure” waarna verwys word is die werklike mure nie, want dit verbrokkel as mens daaraan vat. Die geboue van daardie tyd was van sandsteen gebou en die hitte van die vuur was so intens, dat dit die sandsteen tot totale as verbrand het!

*“Daarop het die vuur van die HERE neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek.”* (1 Konings 18:38)

In 1 Konings 18:20-40 lees ons hoe Elia die profete van Baal op die berg Karmel verslaan het. Ek is seker daarvan dat u die verhaal ken. Die vuur van die HERE kan dus tot klippe tot as verbrand!

Oral kan lae as gesien word wat bestaan uit ligter en donkerder lae. Die donkerder lae is Kalsium Karbonaat (CaCO3) en die ligter lae is Kalsium Sulfaat (CaSO4) wat gevorm word as swael en kalksteen onder hitte meng. Hierdie kalksteen kom van die sandsteen geboue af wat verbrand is.

*“En die HERE het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel.”* (Genesis 19:24)

Oral kan klein wit swael steentjies opgetel word as mens deur die as grawe. Hierdie swael steentjies is monokliniese swael wat gevorm word teen baie hoë temperature. Monokliniese swael is wit in kleur en kon nie natuurlik in die natuur voor nie. Rombiese swael is geel in kleur en word gevorm tydens vulkaan uitbarstings. Monokliniese swael is daarom baie anders as Rombiese swael. Van die Monokliniese swael klippies is na ‘n laboratorium gestuur vir analise

en daar is gevind dat hierdie Monokliniese swael uit 98% suiwer swael bestaan! Nêrens op aarde kom swael natuurlik voor wat so suiwer is nie. Dis net nog ‘n bewys van die Hemelse oorsprong van hierdie swael.

Die skeptiese bewer dat dit swael van ‘n baie ou vulkaan uitbarsting afkomstig is. Maar soos reeds genoem, is Rombiese swael wat van vulkaan uitbarstings af kom is net 40% suiwer en het dit ‘n kristal vorm wat anders as die wit Monokliniese swael is wat kompak in vorm is en in die veraste stede gevind was.

Daar kan dus geen twyfel wees nie. Sodom en Gemorra het bestaan en hulle is deur die HERE verwoes. Die Bybel verhaal van hierdie stede is dus eg! Dis net nog ‘n bewys dat die Woord van die HERE eg is!

# Kom na My met jou mislukkings

Ons maak baie keer self die deur vir satan oop om ons aan te val en te onderdruk...

Ons gewete kla ons aan as ons dit doen, maar dan is ons mos eie wys en hardkoppig en wil jy nie luister nie. Ons probeer met die HERE redeneer: "Here, ek moet net gou dit doen en dit sal nie lank vat nie. Ek kom dadelik weer terug!" Dit is die sonde van eie wil en trots!

Die HERE verseker jou agterna dat Hy jou nog steeds lief het, maar jy voel nie so nie. Jy weet die HERE het jou lief, maar jy voel gedistansieer oor jou optrede. Ek is seker dat ons almal weet hoe dit voel, want ons almal wil graag die beste wees wat ons kan vir die HERE.

Ons wil Hom lief hê met ons hele harte. Nie met die afgewaterde liefde wat die wêreld ken nie. Ons wil net Syne wees en wanneer ons vaal, dan voel ons terneergedruk op 'n vlak waar ons soos 'n mislukking voel.

Die HERE ken jou, liewe kind van God. Hy weet wat jy doen enige tyd van die dag en Hy is baie lief vir jou; selfs as Hy regstellende stappe moet neem om te verseker dat daar verandering kom. Selfs dan het Hy jou oneindig lief. Hy sal jou aanhou liefhê tot jou eie wil gebreek is en dan sal hy jou oorskadu met goedheid en genade. Hierdie is die dinge wat die HERE vir Sy Kinders sal doen wat afdwaal. Hy sal jou skuldige gewete stil, jou siel verkwik en jou weer optel. Hy sal jou nooit uittrap of uitskop nie. Daar is daarom geen rede om te wil wegkruip nie.

Jy kan iemand slaan tot hy gehoor gee, maar dit is slawerny en die HERE het 'n baie hoë prys betaal vir ons vryheid van keuse. Die HERE

sal daardie vryheid van keuse nooit van jou af wegvat nie, maar dit eerder stuur in die regte rigting totdat jy verstaan dat liefde alles oorwin; ook jou slegte gewoontes!

Moenie dat jou slegte gewoontes jou regeer nie. Solank as wat jy asemhaal, is daar altyd hoop en is daar altyd 'n beter lewe sonder die kettings en die boeie waarteen jy solank al baklei.

Sommige dinge word in jou lewe toegelaat om jou nederig te hou. Kom ons vat vir Paulus as 'n voorbeeld. Die HERE het hom die gawe gegee om die verborgenhede van God te verstaan, maar om te verseker dat hy nie te groot vir sy skoene raak as gevolg van die kennis wat hy gehad het nie, het die HERE toegelaat dat satan hom versoek. Paulus het dus sy hele lewe teen Saulus (die ou Paulus) baklei net om seker te maak dat hy nie weer soos dit word nie. Dit het Paulus nederig en afhanklik van die HERE gehou, want presies die uitwerking was wat die HERE verlang het.

Die HERE doen dit met ons ook en die doel is om ons vryheid van keuse in toom te hou sodat dit nie die oorhand oor ons kry en ons die verkeerde keuses maak nie. Om afhanklik van die HERE te wees moet altyd ons nommer een prioriteit wees!

Ja, om te vaal kan frustrerend wees, maar daar is 'n doel. Liewe Kind van die HERE, u moet onthou dat u in die klaskamer van die HERE is en dat u besig is om opleiding ontvang met die oog op die ewigheid. Sommige van die lesse is moeilik en hard om te leer. Toe ek op skool was het ek baie van die goed wat ons moes leer nie verstaan nie en ook nie die doel gesien waarom daardie lesse so belangrik was nie, maar vandag wat ek ouer is, verstaan ek en weet ek waarom daardie lesse nodig was. So sal dit met ons ook wees. Ons verstaan dalk nie nou nie, maar eendag sal ons.

Al wat die HERE vra is dat jy nie sal oordeel nie! Deur te oordeel, maak jy die deur wyd oop vir satan om in te kom. Deur die

swakhede van ander te ontbloot, ontbloot jy dieselfde dinge waarmee jy self sukkel. Die HERE sê nie dat jy ongeregtigheid moet oorsien nie. Al wat Hy vra is dat jy sal ophou om ander te oordeel, kritiek te lewer en hulle swakhede te ontbloot. Bedek hulle met liefde soos die HERE jou met liefde bedek. Waarom? Omdat jou hart skoon moet wees van oordeel voor die HERE om jou ten volle te kan beskerm. Wanneer jy dit doen, dan kyk God die Vader met trotsheid na jou en sal self die engele hardloop om jou by te staan in geval van nood.

Baie van julle is in kettings met gewoontes waarin satan jou ingepraat het. "Jy kan dit nie weerstaan nie, jy moet dit hê, jy kan nie skoon bly nie, jy moet 'n uitlaat hê, geniet jouself, die HERE sal jou vergewe... jy kan mos nie stil bly nie, iemand moet weet van daardie persoon se foute..." Klink dit bekend? Julle sal vind dat hoe meer genade jy aan ander bewys, hoe minder sal satan jou versoek. Waarom, omdat die HERE jou beskerm deur die genade wat jy aan ander bewys! Hierdie is die geheim om jou swakhede te oorkom.

Baie van julle het 'n nuwe begin nodig, want die lewe is die maklik nie. Kom nou na die HERE. Lê jou kop op Sy skouer en stort jou hart uit. Die HERE wag vir jou. Genade in oorvloed. Sy liefde vir jou het geen einde nie. Die HERE wag...

# Gehoorsaamheid aan die HERE

Die enigste manier hoe die HERE ons kan red van enige slegte besluite is deur gehoorsaamheid aan Hom.

Ons weet maar net te goed as ons iets doen wat nie reg is nie, want jy kry daardie gevoel van onsekerheid in jou hart. Dit beteken dat jy die verkeerde rigting ingeslaan het en moet terug draai! As jy daardie gevoel ignoreer, dan beland jy net dieper en dieper daarin om jou eie wil te bevredig. As jy aanhou om hierdie gevoel te ignoreer is daar net een vraag wat jy jouself kan vra: Wil ek die HERE dien of wil ek myself dien?

Die HERE sal ons so graag al die tyd wat ons mors deur ons eie wil na te jaag wil spaar, maar dit hang geheel en al van onsself af. As jy aan hou sukkel hiermee en dit nie regkry nie, dan begin kan mens begin wonder of jy gereed is om die HERE werklik te dien. Die HERE kan jou gereed maak as Hy weet dat dit werklik die begeerte van jou hart is, maar jy gaan die eerste stap moet neem en jy gaan moet oorgee aan Sy wil!

Tyd maak saak! Hoe langer jy uitstel, hoe meer verloor jy. En jy verloor baie wat jou gelukkig kon maak. As jy iets doen waaroor jy onseker voel, maar jy kry voel ‘n groot satisfaksie agterna so asof die HERE baie tevrede met jou is, dan het jy reg gedoen. Maar as jy ‘n hart het wat swaar voel asof dit wil sink, dan moet jy versigtig wees. Dis hoe mens onderskei en dis so eenvoudig dat selfs ‘n twee jaar oue kind dit kan leer!

Kinders doen baie dinge deur instink en om te onttrek van iets wat nie goed is vir hulle nie. Ons kan gerus gaan leer by hulle en dit weer in ons lewens aanwend. Om vir die HERE te lewe is so eenvoudig. Die HERE lei ons in ons gewetens op, maar as daar iets is wat ons graag wil hê, dan sal ons maniere kry om dit te regverdig.

Die HERE is baie geduldig met ons en Hy sal geduldig wag vir ons om op te begin let, maar elke slag wanneer ons die HERE se raad ignoreer en ons ons eie wil volg, dan verloor ons voeling met  Hom. Dit voel nie goed vir ons of vir die HERE nie. Die HERE soek ons gedurig by Hom en dit beteken gehoorsaamheid aan Hom, elke minuut van die dag.

Gehoorsaamheid bring met dit groot vergoeding en die een vergoeding bou op die ander een totdat ons een hart en verstand met die HERE is. Dis wat die HERE vir ons wil hê. Is dit wat jy ook wil hê? Indien so, dan het jy nou die manier om dit te doen. Wees net gehoorsaam en vra jouself: "Wat sal Jesus gelukkig met my maak?" Doen dit dan en moenie eers stop om te top oor wat jy gaan verloor in die proses nie. Doen dit net!

As jy al die plus punte van self wil vat en dit opmekaar stapel, gaan dit nooit tot by die Hemel kom nie. Dis waar jy is as jy gehoorsaam aan die wil van die HERE is. Dis dan wanneer jy en Jesus alles saam doen en dis die naaste aan Hemel op Aarde!

Die keuse is nou joune. Die HERE wag vir jou en Hy is gereed om jou op te help, maar dit gaan jou baie kos. Alles wat vir jou belangrik lyk gaan tweede moet kom vir dit wat die HERE wil hê jy moet doen. Dis waar baie siele vaal en dan komprimeer, maar die HERE sal nooit opgee nie. Hy sal aanhou om jou gewete op te lei sodat Hy vrye toegang tot jou lewe kan hê.

Gaan sit en dink wat dit is wat jy die graagste sal wil sien as jy aan die einde van jou lewe terugkyk: 'n lewe met baie doellose draaie en doodloop strate of 'n lewe waar jy baie reggekry het in samewerking met Jesus. 'n Lewe van frustrasie of 'n lewe van ongekende geluk? Dit is jou keuse. Die HERE het klaar Sy keuse gemaak.

# Vertrou in die Here

Vertrou in die HERE. Vertrou Hom met alles, want ons vyand loop rond soos ‘n brullende leeu opsoek na wie hy kan verslind.

Moenie vir een oomblik dink dat jy met vuur kan speel en nie daardeur geskroei kan word nie. Moet ook nie dink dat jy jou tyd kan gebruik om net vinnig met iets buite die wil van die HERE besig te raak en dat jy daarmee sal kan wegkom nie.

Jou vyand is baie slim... Hy sit ‘n soetsappige stukkie voor jou neer en sê: *“Haai, kyk gou hier! Dit gaan net ‘n minuut vat...”* en daar gaan jy. Maar daardie een minuut word baie gou drie minute en voor jy mooi weet, het jy ure gespandeer op iets wat doelloos was en vir jou geen voordeel inhou nie.

Julle sien, dit het met my ook al gebeur. Jy kyk ‘n Christelike video op You Tube. Die van julle wat weet, sal weet dat You Tube vir jou ander video’s langs die kant af wys waarin jou moontlik belang sal stel. Dit het sover nog altyd gebeur dat ek daar iets belangriker gesien het. In die begin het ek daarop gekliek, want ek was nuuskierig en dit het dan gelei tot nog ‘n video en nog een en nog een. Voor jy mooi weet, dan is dit wat jy gekom het om te doen lank al vergeet of jy het nie meer tyd om daarna te kyk nie.

Dis hoe satan werk. Hy wys vir jou een klein dingetjie, maar dis net die punt van die ysberg. Baie gou het hy jou nuuskierig en daar gaan jy. Die tyd wat jy dat saam met die HERE wou spandeer word dan uitgestel. Dis hoe satan van jou steel, liewe Kind van God.

As jou gewete vir jou sê dis verkeerd, maar jy gaan nog steeds daarteen, dan sal jy altyd verloor. Die HERE probeer jou daarvan weerhou en dis waarom jy jou nuuskierigheid in toom moet hou.

Hou jou hart gefokus op wat suiwer en heilig is sodat jou siel nie besoedel moet word met wêreldse dinge nie.

As jy fokus op dit wat die HERE vir jou uitgesit het, gaan jy baie gou uitvind hoe soet die vrugte van jou arbeid is. Weet jy dan nie dat dit vir jou teenproduktief is om in ‘n ander man se boord te werk nie? Terwyl jy weg is, kom die voëls en verniel die vrugte wat jy met so baie moeite gegroei het. Sprinkane verniel die oes en die vyand kap die bome af. Jy kan nie bekostig om van jou boord af weg te wees nie, want te veel is op die spel. Beskerm jou gawes met gehoorsaamheid aan die HERE en vertrou op Hom, want Hy wil net die beste vir jou hê.

As jy die HERE lief het, sal jy gehoorsaam wees en dan sal die HERE jou beskerm van die strikke wat die vyand vir jou wil stel. Al wat die vyand wil doen is om jou vlerke te knip sodat jy nie meer kan vlieg nie. Luister dus na jou gewete.

Ek het ‘n boodskap vir iemand wat hierdie lees van die HERE af. *Toe hulle dan klaar was met die môre-ete, vra Jesus vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?* (Johannes 21:15)

Wat is jou antwoord, liewe Kind van die HERE? Lees dan gerus verder.

*Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.* (Johannes 14:23)

Het jy dus die HERE werklik lief? Vertrou jy Hom met alles wat jy het? Dan het ek nog ‘n vers vir jou.

*As die HERE nie vir ons was toe die mense teen ons opgestaan het nie, dan het hulle ons lewendig verslind toe hulle toorn teen ons ontvlam het; dan het die waters ons oorstroom, ‘n stroom het oor*

*ons siel gegaan; dan het die trotse waters oor ons siel gegaan.* (Psalms 124:2-5)

Vertrou dan op die HERE, sodat Hy jou paaie vir jou gelyk kan maak en jou kan beskerm, want Hy het iets baie beter vir jou!

Prys die Naam van Jesus!

## As jy lus voel om op te gee

Voel jy die laaste ruk lus om net op te gee? Dan het die HERE hierdie boodskap net vir jou.

Dis alles leuens! Dis satan wat vir jou vertel dat jy jou tyd mors, dat jy te oud is, te moeg en nie sterk genoeg om aan te gaan nie. Nou voel jy dood binne in. Satan wil ernstige skade aan in jou lewe aanrig, maar die HERE wil dit nie toelaat nie so nou probeer hulle jou moed breek. Maar die HERE sê jy moet nie opgee nie. Hy sal jou help! Moet net nie opgee nie! Die donkerste uur is altyd net voor die son opkom. Jy sal weer opstaan. Vertrou net op die HERE!

Baie van julle is besig om julleself leeg te hardloop en julle spandeer nie genoeg tyd saam met die HERE nie. Jy moet onthou dat jy net kan gee wat jy het. Word dus stil voor die HERE en laat Hom toe om jou siel te verkwik. As jy dit doen, sal die HERE jou genees, maar jy gaan tyd saam met Hom moet deurbring. Moenie bekommerd wees oor jou verpligtinge nie. Maak tyd vir die HERE en daar sal outomaties tyd wees vir al jou verpligtinge.

Daar word daagliks 'n baie sterk aanval geloods teen die Kinders van die HERE. Veral vir julle wat gereelde lesers is hier. Satan haat die boodskappe wat hier verkondig word, want dit bring moed en dit leer julle hoe om hom te verslaan. Hy haat julle wat gereeld lees nog meer. Hy het dit daarom sy persoonlike veldtog gemaak om almal wat die boodskappe lees aan te val en te oorwin. Jy gaan moet opstaan en baklei vir jou reg om voort te bestaan in jou roeping.

Die goeie nuus is dat die HERE met jou is, maar die slegte nuus is dat satan dit wat die HERE doen haat en daarom saboteer hulle julle lewens. Weet julle wat satan se primêre teiken is? Jou verhouding met die HERE. Die oomblik wat jy jou verhouding met die HERE in tweede plek sit, dan begin jy om agteruit te gly.

Hierdie is nie soos voorheen nie. Hierdie is die tyd wat net die dapperste, sterkste en die wat die skoonste van hart is sal oorwin. Waarom, omdat die opposisie van die End Tyd baie sterker is as wat voorheen die geval was. Baie meer satans aanbidders is op hierdie oomblik op aarde as wat voorheen die geval was. Dinge wat voorheen met 'n gebed ketting reggemaak kon word, gaan nou drie tot vier maal meer verg om te oorwin.

Hierdie is die laaste oorlog voor die wegraping en ook die tyd van die grootste toets vir die wat uitverkies is. Teen die tyd wat jy hierdie tydperk oorwin het, gaan die tyd daar wees vir die HERE om ons huis toe te neem. Hierdie is ook die tyd waar baie vrug gedra kan word, maar as jy deel daarvan wil wees, dan gaan jy toegewy moet wees aan jou tyd saam met die HERE. Die van julle wat dit erken en julle tyd saam die HERE deurbring ongeag wat ook al gebeur, is die sterkste van almal. Dis omdat die HERE in jou lewe is dat jy nie oorwin kan word nie, want die HERE kan nie oorwin word nie!

Die HERE sê hierdie dinge vir jou vooruit sodat jy jou toewyding aan Hom kan bepaal en kan besluit of jy bereid is om te doen wat nodig is om te oorwin. Onthou, almal van julle is teikens vir satan. Waarom, omdat die HERE julle geroep het om die Woord te verkondig sonder agendas, jaloersheid, oordeel of vrees. Die HERE het sy end tyd weermag nodig en jy is geroep!

Die feit dat jy geroep is gaan nie enige effek hê as jy gaan komprimeer op jou tyd saam met die HERE nie. Jou tyd saam met die HERE is die basis waarop jy gaan bou. As jy nie gehoor gaan gee nie, gaan jy miskien die werke toon, maar dit gaan werke van hout en strooi wees wat gaan verbrand as dit getoets gaan word. Moet dus nie komprimeer op jou tyd saam met die HERE nie!

Om 'n goue hart te hê gaan jy uithou vermoë moet kan toon in jou verhouding met die HERE. Ongelukkig is baie net nie bereid om

daardie ekstra tyd in te sit nie. Jy gaan ook vry van gewoonte sonde moet wees. Dit is vry wees van doen wat jy wil as jy weet dat dit nie die wil van die HERE is nie. Die wat uithou sal oorwin en meer seëninge sal aan hulle gegee word, maar die wat verkies om in die modder te bly rol, sal oorgeslaan word.

Die van julle wat reeds bedienings het, word op die oomblik deur satan versoek om meer tyd aan jou bediening te spandeer en minder tyd in gebed saam met die HERE. Waarom? Omdat satan weet dat jy ten grond sal gaan as jy nie genoeg bid nie.

Die keuse is nou julle s’n. Jy kan alles kry wat die HERE aanbied, maar dit gaan jou baie kos. Die HERE reinig eers die wat Hy wil gebruik voor hy hulle gebruik en baie van julle gaan al vir maande deur hierdie reinigings proses. Die HERE soek na die vir wie hy die uitsoek gawes kan gee en dis waarom Hy die vuur stook. As jy een van die is wat geval het vir die leun dat jy meer tyd aan jou bediening moet spandeer as saam met die HERE, pas dan op!

Daarom, liewe Kinders van die HERE, kom nou na Hom sodat Hy jou kan toerus vir die tyd wat kom en jy kan oorwin. Enige tyd wat jy gaan soek na afleiding, gaan soek vir ‘n manier om die hitte van die oorlog vry te spring of gaan verlang na die kospotte van Egipte; wees dan gewaarsku dat jy baie meer tyd saam met die HERE nodig het!

# Waarom bekommer jy jou?

Mensekind, waarom bekommer jy jou oor die dag van môre. Is Ek nie die HERE jou God wat jou weë ken en jou in die holte van My hand bewaar nie?

Ek sien weer hierdie afgelope tyd hoe mense hulle kan bekommer oor allerhande dinge en toe wys die HERE vir my dat ek op ‘n stadium self daar was. Die HERE het ook vir my gewys wat se vernietigende uitwerking die nuus op mense se lewens het en skielik het. Ek verstaan nou waarom die HERE vir my gesê het dat ek moet ophou nuus kyk. Hy het ook vir my die volgende rema vers gegee wat ek vir julle gaan bring.

Die beste manier om jou onskuld te bewaar is om jou van die wêreld te onttrek.

Julle gaan nou moet verstaan dat die HERE nie hiermee bedoel dat jy jou so moet onttrek dat jy later soos ‘n kluisenaar alleen woon nie. Wat bedoel word is dat jy moet oppas waaraan jy jouself blootstel. Kom ek verduidelik.

Ek gaan nou ‘n gewone koerant as voorbeeld vat en vir julle vra hoeveel positiewe nuus julle al in ‘n koerant gelees het of op die nuus gehoor het. Julle antwoord sal tien teen een niks tot uiters baie min wees. Weet julle waarom? Omdat die nuus so geskryf word om jou te manipuleer sonder dat jy dit weet. Dit gaan nie meer daaroor om jou in te lig van wat rondom jou aangaan nie. Dit gaan daaroor om jou te manipuleer en om jou te laat geld spandeer. Mense wat bang is vir die wêreld om hulle doen een van twee dinge: hulle kruip in hulle huise weg wat hulle maklik maak om op te spoor of hulle spandeer duisende aan goed wat hulle nie nodig het nie of in baie gevalle klaar ‘n paar van het. Mense installeer elektriese heining, want die wêreld is vol gevare. Hulle installeer

dief alarms want iemand kan inbreek. Hulle koop duurder en beter slotte sodat niemand tog kan inkom nie.

Wie van julle het agtergekom wat besig is om te gebeur? Waar is die HERE in dit alles? Weg! Iewers agtergelaat, alleen en vergete! Ons is so besig om ons te bekommer oor wat dalk kan gebeur, dat ons geheel en al van die HERE vergeet het! Het die HERE dan nie gesê dat Hy ons sal bewaar en dat ons geen bekommernisse sal hê nie?

Julle sien; die standaard nuusberig word baie versigtig geskryf. Dit vertel jou alles, behalwe die waarom en dit, liewe leser, is die belangrikste gedeel te van enige storie. Die wie wat ook al aan wie gedoen het is nie belangrik nie; dis die waarom wat belangrik is en dit is die gedeelte wat jou nie vertel word nie. Nou gaan mense en hulle maak hulle eie gevolgtrekkings of hulle luister na sogenaamde eksperts wat nie een mense se gedagtes kan lees nie en so begin jy jou te bekommer, want wat as dit met jou moet gebeur! Maar jy weet nog steeds nie waarom nie!

Verstaan julle nou waarom nuusberigte so 'n pot vol dodelike gif is? Sien julle hoe julle gemanipuleer word? Weet julle dat 99% van die dinge waaroor jy jou so bekommer nooit waar word nie? Dis 99% van jou energie wat jy spandeer aan dinge wat nooit gaan waar word nie! Dink net aan al daardie negatiewe energie wat jy saam met jou dra. Satan en sy demone is jou baie dankbaar, want hulle tap hulle energie om mense te versoek van jou af! Hoe weet ek dit? Al ooit gewonder waarom jy so vreeslik moeg word as jy jou bekommer? Nou weet jy!

Liewe Kind van die HERE; hierdie is nie die lewensstyl wat die HERE vir jou wil hê nie. Kyk wat sê die HERE vir ons in Mattheus 6:25-34: *"[25] Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? [26] Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle*

*maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? [27] Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? [28] En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; [29] en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. [30] As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges? [31] Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? [32] Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. [33] Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. [34] Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad."*

Waarom sal ek my dus bekommer oor enige iets in hierdie lewe? Die eerste vraag wat ek myself afvra as ek iets sleg hoor is: kan ek iets daaromtrent doen? Indien nie, moet jou dan nie daaroor bekommer nie. Slegte dinge gaan altyd gebeur en ons het geen beheer daaroor nie. Die HERE laat hierdie dinge toe om 'n wye verskeidenheid van redes. Sy weë is hoër as ons s'n en ons sal dit nie nou verstaan nie, maar eendag sal ons.

Ek gaan julle ook verwys na 1 Petrus 5:7 *"Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle."*

Ons gryp so graag aan hierdie vers vas as dinge sleg met ons gaan, maar wat daarvan as dit goed gaan?

Ek wil julle uitdaag: hou op om koerant te lees en nuus te kyk vir 'n week; dis sewe dae en kyk wat gebeur! As jy daarna weer na die nuus gaan kyk, gaan jy soen hoe ontstellend dit is en jy gaan dit daarna begin vermy! Jy gaan ook agterkom dat jy die wêreld in 'n ander oog uit sien. Nie meer as hierdie vreeslike bang plek waar jy

die hele tyd op jou hoede moet wees nie. Jy gaan ook agterkom dat jy die HERE meer en meer vertrou om jou te beskerm. Mense gaan later vir jou begin vra of jy nie bang is nie en jy gaan nie verstaan wat hulle bedoel nie, want waarom moet jy bang wees?

As jy hierdie stadium bereik, dan is jy nie meer bang of bekommerd oor enige iets nie, want jy weet dat daar nie eers ‘n haar van jou kop af sal weet sonder die HERE se toestemming nie. Terloops; jy verloor so om en by ‘n 100 hare elke dag! Dis ‘n 100 keer wat die HERE net aan jou alleen dink en toestemming daartoe gee! Dink jy nog dat jy bang of bekommerd hoef te wees oor iets?

Die HERE sorg waarlik vir jou, liewe leser! Hou op om na satan se leuens te luister!

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Wys jou liefde vir Jesus aan die wêreld

Moet nooit bang wees om jou liefde vir die HERE te wys of bang wees oor wat mense van jou gaan dink nie.

Baie van julle het die HERE gevra vir die gawe van gesondmaking, maar wat julle nie besef nie is dat die gawe van gesondmaking hand aan hand loop met jou kontak met ander mense nie. Kom ek verduidelik: jy deel met ander wat in jou is en daardeur kom die erkenning en die wete dat die HERE die absolute waarheid is en dit laat hulle meer heel voel. Is dit nie genesing nie?

Deur met mense oor die HERE te praat of selfs net vriendelik met hulle te wees, ontbloot jy maar net wat binne in jou is en so sien die mense die HERE wat in jou hart woon. Dit skyn uit jou uit en verlig die diepste en donkerste plekke in ander. Jy sal die verandering in mense se gesigte sien as jy dit doen soos genesing intree. Moet nooit bang wees om dit te wys nie en moet ook nooit bang wees om emosie te wys nie.

Julle word tog almal kwaad, dan nie? En as dit gebeur, dan word die mense om julle bang. Dank die Vader dit gebeur nie gereeld nie! Wat dink julle gaan gebeur as julle dieselfde intensiteit in jou liefde vir die HERE openbaar?

*"My geliefde Kinders, baie van julle is geheel en al gebind in sosiale norme. Weet julle nie dat Ek baie opgewonde word as jy jou liefde vir My openbaar nie? Die engele en die wat in die Hemel woon sal kan getuig daarvan!"*

*"Baie van julle is geleer om jou gevoel te onderdruk om sodoende nie kwesbaar te wees nie; beskerm jou sagte binnekant. Ek verstaan dit, want dis selfbeskerming van die spotters. Dis ongelukkig ook die*

*pad wat die vuur wat jy vir My het gaan blus. Jy moet onthou dat satan agter elke vorm van onderdrukking sit."*

*"Die Hemel is nie 'n stil plek soos baie van julle dink nie. Dit gaan vir sommige eendag 'n baie groot skok wees!"*

*"Baie dink dat omdat Ek liefde self is, dat harde penetrasie preke nie van My af kan kom nie. Daar is ongelukkig siele vir wie 'n harde en op die man af preek die enigste manier is om hulle uit hulle toestand wakker te skud. Die Skrifgeleerdes en die Fariseërs was ongelukkig twee van daardie groepe."*

*"Onthou toe Ek op die trappe van die Tempel gestaan het en gesê het 'Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes!' Dink julle Ek het saggies gepraat of dink julle Ek het dit uitgeskreeu?"* (Matteus 23)

*"Ek het dit uitgeskreeu omdat daar onreine dinge was wat in die dieptes en die ondergrondse gange van die Tempel aangegaan het! Dis waarom Ek die Romeine toegelaat het om die tempel te verwoes, want Ek sal geen deel hê aan enige iets onrein nie! Dieselfde met die duiwe verkopers en die geldwisselaars. Ek het hulle tafels omgekeer en hulle met die sweep geslaan oor hulle gierigheid en dit binne in My huis van alle plekke!"* (Matteus 21:12)

*"Toe ek op die Berg gepreek het; het Ek saggies en liefdevol gepreek? Nee, Ek het My stem verhef en hard gepraat! Ek het verklaar dat die wat deur hierdie onderstebo wêreld verwerp is, geseënd is en Ek het openlik gepraat sodat almal kan weet."* (Matteus 5)

*"In kort; daar is 'n tyd om stil te wees en dan is daar 'n tyd om hard te praat."*

*"Het julle al gesien hoe passievol mense raak oor sport byeenkomste en musiek konserte? Hulle praat vir ure, selfs dae daaroor! Waar is*

*julle passie vir My dan? Waar is die uitroep oor die ongeregtigheid? Weggesteek omdat julle bang is mense gaan dink julle is van lotjie getik?"*

*"Ek wil hê julle moet julleself wees en julle uitdruk soos julle werklik is. Hoe anders gaan mense weet hoe wonderlik dit is om in 'n verhouding met My te wees? Hoe anders gaan hulle weet dat Ek hulle kan red van hulle mislukkings? Hoe gaan hulle weet dat Ek hulle weer kan oprig en hulle lewens gesond maak? Die enigste manier is om dit wat Ek vir jou gedoen het aan hulle bekend te maak!"*

*"Julle is my ambassadeurs en julle moet vryheid van sonde verkondig, vryheid van selfhaat en enige vorm van verslawing. Hoe bevrydend is dit nie om weergebore te wees in My nie!"*

*"Wie sal Ek stuur om hierdie gawe aan die menigtes te verkondig? Die wat louwarm is? Nee, vir julle! En julle moet wees soos 'n maagd met 'n lamp vol olie en met nog ekstra olie net vir ingeval. Julle moet ingeënt wees deur die Heilige Gees; vry van enige bekommernis en enige vrees oor wat die mense gaan dink. Hierdie gawe en nog baie meer is joune om te vat soos jy dieper in My Woord wandel. Om My Woord te lees, was siele skoon en dit bring oortuiging en hoop van 'n ewigdurende liefde wat Ek vir jou het."*

*"Maak nie saak wat jy gedoen het nie; maak nie saak hoeveel babas jy vir persoonlike gewin aan satan geoffer het nie; daar is hoop vir jou! Tot daardie dag wag Ek, want Ek weet dat daar 'n dag gaan kom dat jy gaan besef dat jou aksies nie vrede bring nie, maar oorlog. Ek weet wie Myne is en ek weet dat jy deur satan mislei is met vals beloftes. Ek weet jy na My toe sal kom!"*

*"Kyk hoe baie sataniste daar is wat eens op 'n tyd aan die brand was vir satan, maar wat nou aan die brand is vir My. Hulle is glad nie skaam om hulle liefde vir My te verklaar nie. Ek gebruik hulle omdat*

*hulle lampe vol is en hulle oor hulle koppe verlief is op My. Vir die wat baie vergewe is, sal baie meer dankbaar wees."*

Kolossense 1:24-29 "[24] Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukking van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is; [25] waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul, [26] naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, [27] aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid. [28] Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel; [29] waarvoor ek arbei en stry volgens sy werking wat in my werk met krag."

*"Paulus was nie skaam om My Woord te verkondig nie. Moet dus nie skaam wees om jou liefde vir My te wys nie. Hy wat My voor die mense erken sal ek voor My Vader erken! In die Hemel is daar baie blydskap en dit wat jy gaan doen is om daardie blydskap af te bring aarde toe."*

Prys die Naam van Jesus!

# Ontvang die liefde van Jesus

Ons sal seker nooit die liefde wat die HERE vir ons het kan verstaan nie. Dis eenvoudig bokant ons vermoë om te kan verstaan...

Die probleem is dat ons so vol oordeel en self haat is, dat die HERE net nie kan deurdring tot ons nie. Gelukkig hou die HERE nooit op om te probeer nie en so elke nou en dan voel ons wat ware liefde is.

Julle sien, elke persoon is ‘n komplekse prop wat net presies in die regte sok kan pas. Elke siel in die wêreld is anders. Daar is verskillende grotes, kombinasies, lengtes, wydtes en dieptes.

God die Vader het sokke vir elke prop. Jy kan byvoorbeeld nie in die sok vir ‘n ander pas nie en so kan iemand anders ook nie in jou sok pas nie. ‘n Siel kan slegs volledig word as hy of sy uit sy of haar eie terugkeer na die Vader en inprop by die sok waarvan hy of sy gemaak is. Slegs dan kan die Vader heel voel, want ‘n deel van Hom het teruggekeer na Hom toe.

Dis waarom dit so tragies is as ‘n siel verlore gaan. Daardie unieke sok waarin net daardie siel kan pas sal nou vir altyd leeg bly. Dit beteken dat daardie deel van die Vader onvolledig is. Niks en ek bedoel niks is so pynlik soos die wete dat deel van jou nooit sal terugkeer nie.

Wanneer jy verbind aan die Vader, dan kan jy die verbinding voel en dan kan Jesus met jou in gemeenskap verkeer. Jy voel dan ook die liefde wat net vir jou gereserveer is. So is dit vir alle siele.

Sommige sien die Vader as iemand wat ‘n kind versigtig op sy knieë balanseer, terwyl ander Hom weer sien as iemand van ongelooflike gesag en majesteit. Dis meer krag as wat ons ooit sal verstaan.

Ongeag in watter vorm ons die Vader ervaar, daar sal altyd hierdie deel wees wat 'n persoonlike verhouding met jou wil koester. Soms is hierdie persoonlike verhouding intiem en soms is dit in onderdanigheid wanneer Hy op die Troon is.

Om terug te kom; ons sal nooit die oneindige liefde kan verstaan wanneer ons verbind aan die Vader deur Jesus en een met Hom word nie. Die naaste wat ons daaraan gekom het was die dag wat jy jou hart vir die HERE gegee het en teruggekeer het na die sok waaruit jy gemaak was. Daardie was maar net 'n voorsmakie van wat jy sal voel as jy in die Hemel kom. Dis ook net 'n voorsmakie van die liefde wat die HERE vir ons almal voel.

Ongelukkig laat jy toe dat demone jou die hele tyd besmet met vuil opinies van jouself. Vals gevoelens van skuld, beoordelings, herinneringe aan ou sondes en so vind jy dit amper onmoontlik om jouself daarvan te bevry. Jy moet die HERE inlaat in daardie heiligste van heilige gedeeltes van jou hart sodat Hy die gemors kan skoonmaak en die oorblyfsels met Sy liefde en vergifnis vir jou kan verbrand totdat niks oorbly wat tussen jou en die Vader kan staan nie.

Wanneer jy dan daar kom, reflekteer jy die glorie van die Vader en is jou teenwoordigheid vol van genesing. Dis waarom dit so belangrik is dat jy jou moet weerhou van gewoontesonde asook om enige iets te doen wat die Gees van seermaak. Saam met gewoontesonde kom skaamte en skuldgevoelens soos 'n dik slym en dit verblind jou visie van die HERE. Omdat jy skuldig voel, begin jy om die HERE te vermy.

Dit is hoe die demone jou manipuleer om te skei van die HERE: *"Hy is God en Hy sal verstaan. Gaan voort, Hy sal jou vergewe..."* en nadat jy dit gedoen het, dan verander die liedjie baie vinnig! *"Jou agterbakse vuil aard! Hoe kon jy dit doen? God kan jou nou nie verdra nie. Jy is hopeloos te vuil om in Sy teenwoordigheid te wil wees."* En so onttrek jy jou van die HERE af.

Maar die HERE kan hierdie skuldgevoelens weg was en in tyd sal jy weer jou plek kan inneem, maar dit gaan tyd vat. Maar gedurende daardie tyd was daar iets baie belangrik wat die HERE met jou wou doen wat nou nie meer gedoen kan word voor jy nie vergifnis gaan vra het nie. Die demone het dit gesien kom en hulle het vooruit beplan en jou in die slaggat laat trap.

As jy ernstig is oor die HERE, dan kan jy nie toelaat dat gewoonte sonde die oorhand oor jou kry nie. Vergifnis is beskikbaar, maar dit vat tyd. Jy kan nie net meer sê "Jammer" en dan is alles oor en vergewe nie. Foute wat jy uit onkunde maak, kan maklik vergewe word, maar sonde wat aspris gepleeg word, het gevolgtrekkings en hoe lank dit vat om op te klaar hang af van in hoe 'n mate jy die HERE se vertroue ondermyn het.

Die tydsberekening wat nodig is om 'n siel te bereik kan baie keer krities wees. Satan weet dit en as hy by jou kan uitkom voor die tyd, dan kan daardie siel nie deur jou bereik word nie. Hierdie is satan se taktiek, maar as jy skoon bly, dan kan jy siele bereik in oortuiging; wetende dat die HERE gebede gou sal antwoord.

Dan is daar natuurlik ook die beskerming teen versoeking. Daar is engele wat jou beskerm, maar as jy dit op jouself neem om ander te oordeel, dan maak jy op jou eie 'n gat in hierdie web van beskerming vir die demone om te kan inkom. Die HERE laat satan doelbewus toe om jou te versoek om jou te oortuig hoe nietig jy is en om jou te leer om nie te oordeel nie. Jy verloor baie seëninge deur te oordeel. Dit wat jy voor hoop en droom sal gedurig van jou af weggeneem word totdat jy leer om ander meer te eer as jouself.

Moenie oordeel nie! Maak nie saak wat die omstandighede is nie. As jy dit kan doen, sal jy vinnig groei in status in die Hemel en jy sal deur die engele geëer word wat dan gou tot jou redding sal kom. Baie van julle weet dit reeds en julle pas dit sodanig toe, maar wees

veral op jou hoede vir iemand wat jou wil verneder. Dan is jy op jou mees kwesbaarste om te oordeel.

Dis ook waarom die HERE nie wil hê dat ons die nuus moet kyk nie omdat die meeste daarvan leuens is. Wanneer jy dan reageer met oordeel as gevolg van hierdie leuen, is dit ‘n baie ernstige sonde in die oë van die HERE. Selfs al is die storie waar, is dit beter om jou te weerhou van oordeel. In baie gevalle sal ‘n denkrigting soos die verhoed dat jy seëninge verloor wat jy voorheen ontvang het.

Baie van julle bid hard vir seëninge en as die HERE dit vir jou gee, dan vermors julle dit deur ander te oordeel. Onthou dat die demone jou baie fyn dophou. Hulle weet presies wanneer jy seëninge ontvang en dan staan hulle gereed om jou aan te val met temptasie. Hulle wil hê dat jy seëninge moet verloor, want hoe meer seëninge jy het, hoe ‘n groter bereiding is jy vir hulle koningryk.

Die HERE noem nie hierdie dinge om ons seer te maak of te veroordeel nie, geliefdes. Dis om ons attent te maak op die gevare wat ons in die gesig staar sodat ons versigtig kan wees. Die HERE deel hierdie kennis met ons omdat Hy ons so ongelooflik baie lief het en sodat ons die vreugde wat ons voel met ander kan deel.

Prys die Naam van die HERE!

# Waarom mense die Kerk van die HERE verlaat

Hierdie is ‘n vraag wat deur baie gevra word. As jy een van die is wat hieroor wonder, lees dat hierdie boodskap van die HERE.

Voor ek begin wil ek net sê dat die HERE in hierdie boodskap baie hard met sommiges gaan praat. Dis net om af te breek nie, maar om te wys waar die foute is sodat dit reggemaak kan word voor dit te laat is.

Die HERE het nooit bedoel dat ons die onderlinge byeenkomste moet afskeep nie, maar wanneer die kerk sy sout verloor het, waarmee sal dit gesout word?

Baie leraars sien eenvoudig net nie kans vir die risiko wat met ‘n verandering gepaardgaan nie omdat hulle bang is hulle verloor lede. Om daardie rede hou hulle maar aan doen soos daar vir hulle gesê word om in guns by diegene te bly, maar dan gebeur in elke geval wat hulle die meeste vrees. Kerk lede wat gemaklik is in hulle gemaksone bly in die kerk, maar die wat graag saam met die HERE wil voortgaan, word ontnugter as hulle sien wat aangaan en dan verlaat hulle die kerk. So sterf die kerk stadig.

Wanneer mense gekies word om in die kerk raad te dien of as sangers of koor leiers op te tree omdat hulle gewild is of oor hulle posisie in die samelewing of wat hulle vir die kerk kan doen, dan word daar gekomprimeer. As die HERE hierdie mense nie kies nie, dan val die bediening plat, word dit leweloos en laf; sonder smaak. Die kerk sal nie die teenwoordigheid van die HERE voel nie en harte sal nie genees word nie. Gemeenskap met die HERE sal nie gebeur nie en die kerk sal nie groei nie omdat die mense net geleer word wat veilig en sonder risiko is. Sien julle nie? Jy kan nie die mens en God gelyk dien nie! In enige kerk MOET die HERE die leier wees en nie die mense nie!

Daar is ‘n rangorde in die meeste kerke wat baie streng nagevolg word en die doel is om die leraar en die kerk raad te beskerm en almal gelukkig te hou. Hierdie beskerming kom van vrees en nie uit liefde vir die HERE nie en nog minder uit liefde vir die skape. Wanneer besluite gemaak word om hierdie status te beskerm, dan word die seëning wat daar was uitgedruk en al wat oorbly is droë brood. Die leraar het hom verskans teen kritiek en die skape het geen ander uitweg as om die kudde te verlaat nie.

Daar is ‘n plaag in die Liggaam van die HERE. As jy ‘n leraar is en jy lei nie die kudde van die HERE volgens Sy wil nie, sal jy aanspreeklik gehou word vir die siele wat verlore gaan. Daar is baie wat die kerkbanke warm sit, maar as hulle die kerk verlaat, dan gaan hulle reguit terug na hulle ou sondes toe omdat daar geen oortuiging en geen vuur in die kerk is nie.

Wanneer die HERE in beheer is, dan word hierdie siekte geadresseer en word die wonde word verbind. Begunstiging en politiek is verbode, want hulle bestaan nie in die Kerk van die HERE nie! ‘n Leraar na die Hart van die HERE sal nooit sy posisie prysgee as gevolg van groepsdruk nie. Nooit nie! Hy sal altyd eerste uitstap as om in te gee teen enige iets wat teen die wil van die HERE is.

Leraars! Na wie luister julle as julle julle kerk leiers kies? Wie stel julle aan om die HERE te dien? Waar dan is die leraars wat gebroke huwelike probeer herstel, die tieners leer van die HERE en omsien na die oues van dae? Sorg jy vir al die skape of sorg jy net vir die wat die dikste wol dra? Kyk jy waaraan die skape eet of vergiftig jy hulle deur hulle toe te laat om aan allerhande giftige eksotiese plante te eet? Korrigeer en vermaan jy gedrag wat afbreek, of vermy jy konflik?

Die skape sien alles wat jy doen en hulle weet hoe om dinge by jou verby te kry, watter knoppies om te druk en wat jou gunstelinge is. Hulle lees jou soos ‘n boek! Baie het die Kerk van die HERE verander

in ‘n sosiale klub waar die elite en die leiers van die kerk bymekaarkom en mekaar op die skouer klop oor wat hulle in die wêreld vermag het. Almal respekteer dit, behalwe die HERE. So word die skape nat hooi gevoer; nie vars hooi of sappige groen gras nie. Almal erken die HERE, maar diep binne in is hulle leeg. Hulle lyk gesond van buite, maar binne in is hulle organe besig om te verrot. Moet hierdie skape wag tot die oordeel om uit te vind dat hulle dood was binne in? Weet jy nie dat dit dan ‘n bietjie te laat gaan wees nie?

Jou werk as leraar is om die skape gesond te hou. As een siek word, dan moet dit eenkant gehou word en versorg word. Dit moet nie toegelaat word om saam met die ander gesonde skape te wei nie, anders gaan die hele kudde siek word.

As een van jou diakens owerspel pleeg met ‘n ander se vrou, dan sal dit nie vanself weggaan tensy jy dit adresseer nie. So versprei die plaag na die res van die skape terwyl jy ander pad kyk. Die skape weet jy kyk ander pad en so gee jy die skape oor aan die wolwe. Die leraar is so aan die slaap of so betrokke by die nuwe bou projek dat die wolwe reg onder sy neus aan die werk is en hy dit nie eers agterkom nie!

Dis omdat jy die wêreld gekies het om te lei en nie die HERE nie! Jy het die gewildheid kompetisie gewen, maar jy het siele verloor. Jy het die groot heiligdom wat jy nog altyd wou gehad het, maar jy het ook motte in die kas wat alles verniel. Klink dit na vooruitgang? Vat jou oë ‘n slag af van die nuwe kerk banke en gaan kyk ‘n slag na wat jou skape doen. Hoe baie keer het getroudes jou gebel om uit te vind waar hulle wederhelftes is? Doen ‘n slag iets buitengewoon wat nie op jou normale skedule is nie en kyk wat hy gaan uitvind.

Daar is so baie wat verlang om die HERE te dien en wat deur die HERE gesalf is om te lei, maar hulle word oorgekyk omdat hulle finansies nie na wense is nie. En die rede is omdat hierdie mense

eerder gekies het om tyd saam met die HERE te spandeer as om die wêreld aan te hang en geld te maak.

Die HERE roep diegene wat ongekwalifiseerd en finansieel gebroke is omdat hulle in die oë van die HERE gekwalifiseerd is om te lei. Hierdie mense mag opleiding nodig hê, maar hulle is reg voor die HERE.

Maar solank as die wêreld in beheer van ‘n kerk is, sal hulle wêreldse resultate verkry. Wat ‘n werklike dinamiese liggaam vir die HERE kon gewees het, het nou plek gemaak vir dit wat goed lyk terwyl sonde voortgaan in hulle privaat lewens.

As die HERE vir jou siele stuur met opkomende gawes, help jy hulle om dit te verstaan of stoot jy hulle terug sodat hulle nie ‘n gevaar vir die ander in jou bediening kan inhou nie? Neem jy tyd om saam met hulle te werk of moedig jy hulle aan om liewer ‘n ander kerk te soek? As ‘n leraar van ‘n ander kerk wat duidelik jaloers en territoriaal is neerkyk op een van jou kudde, wys jy hom reg of praat jy dit wat hy doen goed?

Help jy die met profetiese gawes en stel jy hulle aan in die posisies wat die HERE hulle voor geroep het of maak jy verskonings waarom hulle nie in jou bediening mag werk nie? Jy weet, die HERE kan aan en aan gaan waarom jou kerk dood is en dit maak nie saak hoe talentvol en gewild jy is nie. As jou hart nie reg is by die HERE nie, dan sal niks wat jy doen die gemeente na die HERE lei nie.

En dan vra jy die HERE waarom mense jou kerk verlaat?

Die HERE sê nou vir jou; voor dit te laat is. As jy ‘n gesonde bediening wil hê, dan moet jy in die HERE se voetstappe volg. Jy moet preek wat die HERE vir jou gee om te preek en jy moet Hom prys in gees en in waarheid en nie net vir die skyn om die mense gelukkig te hou nie. Daar is min tyd vir jou om jou huis in orde te kry.

Is jy bereid om alles te verloor om die HERE te vind? Is jy bereid om jou ses syfer salaris prys te gee en op die rand van bankrotskap te leef om sodoende die skape van die HERE na groener weivelde te lei?

Kies nou wie jy wil dien, want die dag kom wanneer die hout, die hooi en die stoppels met vuur verbrand gaan word. Dan gaan die wat hulle eie agendas nagejaag het, naak voor die HERE staan saam met die siele wat hulle verloor het!

Die HERE roep jou nou om die appel karretjie om te gooi. Laat die appels uitval en ondersoek dan elkeen voor jy hulle terug pak. Verwyder die vrottes, die wat gedurig hulle grondgebied wil beskerm, die wat manipuleer en gedurig stoot vir meer invloed, die wat gedurig stry soek, mense teen mekaar afspeel en skeiding in die kerk veroorsaak. Jy weet wie hulle is, want hulle is die wat jou laat ineenkrimp as jy die telefoon antwoord. Hulle is die met die agendas en as jy nie gehoor gaan gee nie, gaan dit jou baie kos.

Hou op om alles toe te wil smeer. Raak ontslae van al die dooie programme wat net gaan om deur die mense gesien te word en vir die HERE van geen waarde is nie. Versorg die wat gebroke is, seergekry het en die wat eenkant toe gestoot is en dan sal jy weer aansien by die HERE vind. Dan sal jou bediening gered word en jou kerk weer lewe kry!

Prys die Naam van die HERE!

## Die liggaam van die HERE skeur...

Jesus, help ons om ons oë en ons harte oop te maak vir die gevolge van ons opinies en vir die wat ons seermaak met ons monde. Amen!

Die HERE is in die ongelooflikste pyn; meer as wat enige iemand kan besef. By die voet van die kuis staan Sy moeder en huil: *"My seun, my seun, wat doen hulle aan jou. Hou tog op om my seun seer te maak."*

Hierdie gesig is 'n weerkaatsing van die toestand van die HERE se liggaam. As die HERE nou moet kom om sy bruid te haal, sal baie agterbly omdat hulle teen die HERE is en Sy Liggaam vervolg, aanval en ledemaat vir ledemaat uitmekaar skeur en oordeel.

Die HERE se liggaam is siek. Dis is siek met die kanker van jaloesie, skinder, agter afheid, verdeling, vrees wat uit onkunde spruit en steel van die armes. Die liggaam van die HERE is baie siek en dit moet genees word. Die meeste van hierdie kom van sogenaamde ou Christene wat die liggaam van die HERE verskeur.

Baie van hierdie mense dink dat hulle kan sê wat hulle wil solank dit op 'n Christelike manier gedoen word. Hulle dink hulle het die reg om te oordeel en selfs te vervolg, maar wat hulle nie aan dink nie is dat hulle nie sal bly staan nie.

Hoe kan die HERE ons land red as die liggaam van die HERE daarop uit is om homself te vernietig. Ons gaan eers ons huise in orde moet kry voor die HERE enige iets gaan kan doen! Hou op om negatiwiteit en oordeel uit te spreek oor die Kinders van die HERE. As jy dit doen, dan sondig jy en drup jou hande van die bloed!

Jy sal NIE en ek herhaal, JY SAL NIE in die wegraping geneem word nie! Die Hemel is 'n plek van liefde en jy sal onmiddellik weerhou word om in te gaan in die toestand wat jy nou is, tensy jy regmaak

wat stukkend is. Hou dus op om te skinder, om te oordeel, om seer te maak en om kerke wat jy nie verstaan nie af te breek. Dis juis hierdie wat die goeie vrugte van redding voortbring en die mense leer wat heiligmaking is.

Jy is verraderlik en die HERE sal jou nie in die Hemel saam met Hom wil hê voor jy nie jou huis skoonmaak en jou lewe in orde kry nie!

Dis nou die tyd vir verandering. Die HERE het nodig dat Sy Bruid sonder vlek of rimpel moet wees. Dat ons harte sag en rein moet wees, sagmoedig en liefdevol en altyd moet hoop vir die beste in selfs die mees hopeloosste van gevalle.

Satan bestuur die media en deel hiervan is om mense te kry om mekaar te oordeel en om die skinderstories aan die gang te hou ongeag of dit waar is of nie. Natuurlik, hoe meer leuens, hoe beter, want so maak baie die deur oop om gesif te word sonder dat hulle dit besef. Skinder is die mees suksesvolste wapen in satan se arsenaal, want skinder is die loper wat al die deure van die hart oopmaak en ook die hart van die opregte.

Elke slag wat jy die foute van ander uitwys, wys jy ook jou eie foute uit nie?

Dis goed om te praat oor die foute wat jy gemaak het en hoe jy dit hanteer het, maar pasop! Die vloer is baie glad en dit wat jy oor praat kan baie gou omskep word in bitterheid. Hou dus aan om te bid vir die wat jou seergemaak het. Dit is die veiligste plek om te wees.

Om na die nuus te kyk is hoogs aansteeklik. Jy raak net nooit tevrede met dit wat vir jou voorgesit word nie en jy wil altyd meer weet. Dit raak soos ‘n eindelose draaikolk in jou lewe, want elke dag wil jy nuutste verwikkelinge weet. ‘n Groot gedeelte van jou lewe word gespandeer op ongeregtigheid en dit het ‘n effek op jou lewe.

Jy is nie meer die skoon Bruid van die HERE nie. Jy is vuil omdat jy deur die vuilisblik van die lewe grawe. Jou kleed ruik na vuilis en jou kop is vol allerhande nuttelose feite. Dis beter dat jy niks weet nie as wat jy verslaaf word aan verrotte vuilis.

Die HERE weet dat hierdie moeilik is om te verstaan, daarom vra Hy dat ons op Hom sal vertrou. Om te wil weet wat in die nuus aangaan mag jou nuuskierigheid in toom hou in die interim, maar dit broei oordeel, self geregtigheid en trots.

Om elke dag deur jou eie gewete te gaan en eerder vergifnis vir jou eie oortredinge te vra is baie beter dat jy hierna kyk. Hierdie optrede sal goeie vrugte voortbring.

Bid vir die wat deur misdaad geraak word. Bid vir die staatsamptenare wat ernstig is en ‘n verskil wil maak. Bid vir die wat siekes gesond maak. Hierdie is alles heilige dinge.

Julle is almal geroep om heilig te lewe. Dit beteken dat julle nie dink soos die mense van die aarde nie; julle dink met ‘n hemelse verstand. Wees onvoorwaardelik lief vir alle mense. Bid vir die wat julle seermaak en onthou: *“laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde”*. Die wat hierdie demonstreer in gedagtes en optrede is reeds in die Hemel omdat dit jou tuiste is en die HERE in jou leef.

Prys die Naam van die HERE!

## Hoe kry ek my lewe reg?

Hierdie is 'n vraag wat ek taamlik gereeld kry, want iets in ons almal sê vir ons dat die einde naby is en dat die tyd min is...

Daar is drie dinge wat miskien nie aan u verduidelik is toe u die stap geneem het om 'n Kind van die HERE te word nie. Die leraar het gepreek, die uitnodiging het gekom en die HERE het gepraat. Dis soos dit vir my was.

Hierdie drie dinge wat elke Christen moet nakom is as volg:

- **Sonde-oortuiging** – Jy moet besef dat jy 'n Sondaar is.
- **Sonde berou** – Jy moet berou hê oor jou sonde en alles wat jy gedoen het.
- **Ommekeer** – Jy moet afskeid neem van sonde en OPHOU om sonde te pleeg,

Stap een en twee doen jy outomaties as jy op jou knieë voor die HERE afsak en om vergifnis vra. Dis die maklike deel, maar stap drie is die probleem...

Ek wens daar was 'n druk-hierdie-knoppie-en-alles-is-onmiddellik-reg oplossing, maar dis ongelukkig nie so nie. Hierdie omkeer gedeelte wat jy doen is 'n kursus in Heiligmaking in die HERE se klaskamer en die lesse is swaar en moeilik om te leer! Die HERE belowe nêrens is die Bybel dat dit maklik gaan wees nie, maar Hy belowe wel dat die beloning meer as sal opmaak vir alles wat ons nou deurgaan! Dus, liewe leser, hou aan met stap! Moet nooit gaan sit en moed opgee nie!

Onthou dat niks wat jy gaan doen jy ooit op jou eie gaan doen nie. Die HERE wil ook nie hê dat jy enige iets op jou eie moet doen nie, maar eerder alles saam met Hom. Dis tog immers 'n pad wat ons

saam met die HERE stap, is dit nie? Dis ook waarom die HERE vir ons die Heilige Gees gestuur het as trooster; naamlik om ons te help en by te staan.

Jou eerste stap moet wees om skoon te maak. Daarvoor gaan jy ‘n stil plek nodig hê waar jy nie gesteur gaan word nie. ‘n Badkamer, toilet of selfs jou huis se motorhuis is perfekte plekke om ‘n bietjie alleen te wees. Jy sal weet watter plek vir jou die beste is. Roep die HERE aan en sê vir Hom presies wat dit is wat jy verlang. Hy weet dit klaar, maar vertel Hom nogtans. Vra nou die Heilige Gees om aan jou uit te wys wat verkeerd is en laat jou gedagtes dan gaan. Jy gaan nie lank wag voor die Gees aan jou gaan uitwys wat alles pla nie.

Ja, ek weet... Die Heilige Gees! Waarom die Heilige Gees. Julle weet, hierdie was vir my ook ‘n struikelblok aan die begin toe ek dit die eerste keer gehoor het. Soos die HERE dit aan my verduidelik het is dit Sy Heilige Gees wat in jou woon. Jou liggaam is Sy Tempel, dus wie sal in ‘n beter posisie wees om aan jou uit te wys wat stukkend is en wat reggemaak moet word as juis die Gees? Verstaan julle nou?

As jy die Gees vra om aan jou uit te wys wat stukkend is en wat reggemaak moet word, wees gereed om geskok te word. Jy gaan skielik onthou van sonde wat baie lank gelede gebeur het. Iets wat jy al van vergeet het of iets wat jy op daardie stadium miskien nie gedink het verkeerd was nie. Dis die goed wat reggemaak moet word by die HERE en dis die eerste stap en jy hoef dit nie net eenkeer te doen nie. Hou aan tot jy voel dat alles nou reggemaak is. Jy gaan instinktief weet wanneer alles reggemaak is, want daar gaan niks meer wees vir die Gees om uit te wys nie.

Stap twee gaan wees om jou te weerhou van gewoonte sonde. Dis seker die moeilikste gedeelte, want ons is vlekkelose siele van die HERE wat in ‘n sondige aardse liggaam vasgevang is. Jy gaan die res van jou tyd op aarde spandeer om jou te weerhou van sonde. Jy

gaan val en jy gaan weer opstaan! Moet net nie bly lê as jy geval het nie. Die HERE gaan ook vir satan toelaat om jou te versoek. Dis wanneer die HERE jou gaan toets om te kyk of jy gereed is om te styg na die volgend vlak van Heiligmaking. Onthou wat ek gesê het van die klaskamer? Nou sal julle verstaan.

Soos jy deur die range vorder, gaan die lesse al hoe moeiliker word, maar so gaan die beloning ook al hoe groter word! As ek byvoorbeeld nou terugkyk na die dinge waarmee ek gesukkel het toe ek begin het, dan is dit vir my vreemd dat ek in die eerste plek daarmee gesukkel het! Satan versoek my ook nie meer daarmee nie, want hy weet dat dit doelloos gaan wees om te probeer. Met julle gaan dit ook so wees. Jy gaan later vind dat jy byvoorbeeld nie meer die begeerte het om iets te wil steel nie. Jy gaan minder vloek, jy gaan meer eerlik wees en jy gaan ook meer die waarheid praat.

Nederigheid en om ander se belange bo jou eie te stel is die sleutel tot sukses om jou gereed te kry vir die Hemel. Hier op aarde word jy geleer om te presteer en te baklei om bo te kom. In die Hemel is dit net die teenoorgestelde. In die Hemel gaan dit nie oor die individu nie, maar dit gaan daaroor dat die werk gedoen moet word. Indien ‘n taak afgehandel word, dan is almal saam bly, maak nie saak hoe groot of hoe klein die rol was wat wie ook al daarin gespeel het nie. Dit wat die HERE gevra het, is gedoen en dis wat belangrik is! Dis waarom nederigheid so belangrik is vir die HERE, want as jy nou daardie konsep kan leer, dan gaan dit vir jou baie makliker wees om in die Hemel aan te pas.

Julle moet ook weet dat sekere sondes by jou gaan bly en die HERE gaan dit toelaat. Ek gaan vir Paulus as ‘n voorbeeld vat. Paulus was natuurlik eers Saulus genoem en om dit te verstaan moet ons teruggaan in die Bybel om te kyk wie Saulus was. Saulus was ‘n slim en geleerde man wat in hoë aansien onder die Hoë Priester, die skrifgeleerdes en die Fariseërs was. Hy was ‘n man wat dinge

gedoen kon kry en toe hy dit op sy eie geneem het om die Christene te vervolg, het hy sonder moeite toestemmings briewe van die Joodse Kerk gekry met vrymag om te kan doen wat hy goed dink. Dit was Saulus; ‘n wrede man wat net aan homself gedink het en hoe hy die situasie kon gebruik om homself te bevorder. Mense was bang vir hom en met goeie rede, want hy het die Christene met ‘n yster hand vervolg; hulle uit die kerke aan hulle hare uitgesleep, hulle laat slaan, met klippe laat dood gooi, in die gevangenisse laat werp en allerhande ander wrede dinge met hulle laat doen.

Paulus was die teenoorgestelde van wat Saulus was. Saulus het op die pad na Damaskus gesterf en Paulus is gebore, maar Saulus was nie dood nie. Hy was nog steeds daar, maar net op die agtergrond en Paulus het sy hele lewe lank baklei om vir Saulus te hou waar hy was. Die HERE het vir Paulus groot gawes gegee, maar om te sorg dat hy nederig bly, was dit sy plig om teen Saulus te baklei en om te keer dat hy nie weer word soos hy was nie.

Die HERE gaan toelaat dat dieselfde met jou gebeur, liewe Kind van God. Ons almal het ‘n donker kant. Die Bybel verwys daarna as ons vleeslike wil. Dit gaan van ons afhang of ons gaan toelaat dat daardie donker kant triomfeer of nie. Ons verstaan dit dalk nie nou nie, maar eendag sal ons. Paulus het dit self ook gesê in 1 Korintiërs 13:12 *“Want nou sien ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.”* Soos julle kan sien, verstaan ons dalk nie nou alles nie, maar eendag sal ons verstaan. Hou net aan met stap, selfs al maak dinge nie nou vir jou sin nie.

Welkom in ‘n baie groter lewe! Die pad wat jy gaan begin gaan nie maklik wees nie, maar die beloning gaan baie groot wees! Hou vas aan hierdie belofte en jy sal in die HERE groei! Prys Sy Naam!

# ‘n Deurbraak wag!

Iemand het eenslag vir my gesê ons dien ‘n HERE met ‘n sin vir humor.

Dit het my baie lank gevat om daardie stelling te kan verstaan, want tot op daardie stadium het ek nie die HERE op ‘n persoonlike vlak geken nie. Ek was gered, maar vir my was die HERE in die Hemel en ek as op die Aarde. Ek het daarom nie gesien dat die HERE ‘n persoonlike verhouding met my wou hê nie. Hy wou van my ‘n vriend maak; iemand met wie Hy kon gesels en met wie ek kon gesels soos wat vriende doen.

Vandag weet ek van beter! Vandag is die HERE my vriend, maar Hy is ook meer as dit: Hy is ook my Saligmaker en my HERE! Hy is die een wat ek aanbid, maar as ek ‘n probleem het of gesondig het, dan gaan ek met vrymoedigheid terug na Hom en vra om hulp. Ek vrees Hom soos wat mens jou aardse pa of ma sal vrees, maar ek is nie bang vir Hom nie. Dit, liewe leser is die verhouding wat die HERE baie graag met jou wil hê.

Hy soek daardie vryheid in jou om na Hom te kom met al jou probleme. Hy wil met jou sit en gesels soos wat mens met ‘n baie goeie vriend sal gesels. Jy is Sy kind, Sy skepping, maar jy is ook Sy vriend en Hy is jou God! Verstaan julle wat ek probeer sê? Die HERE soek ‘n persoonlike verhouding met jou! Nie ‘n Ou Testamentiese mens / God verhouding nie. Hy wil jou persoonlike vriend wees; een met wie jy alles kan deel.

Toe ek begin het om my pad met die HERE te stap was die pad baie voorspelbaar. Altyd die veiligste en kortste roete tussen twee punte. Ek het voor geloop en die HERE het gevolg, maar iewers langs die pad het ons begin saam loop. Ek weet nie presies waar dit was nie.

Stelselmatig het ek geleer om na Hom te begin luister en Sy advies te volg.

Ons het nader paaie begin loop, paaie wat minder voorspelbaar was, maar waar die natuurskoon baie mooier was. Stelsel matig het ek geleer dat Hy al die staproetes ken en dat Hy hulle al baie moes gestap het, want Sy kennis van elke roete was verstommend! Hy het geweet wat om elke draai wag en Hy was altyd gereed om my te waarsku as daar moontlike gevaar vorentoe wag.

Ek weet nie presies waar dit was nie, maar iewers het Hy die leiding oor gevat. Ek het geleer om sy raad en advies te volg! Skielik was die staproetes sommer baie anders. Op die pad het ek ander mense tee gekom. Mense by wie ek kon leer. *"Gee weg jou gawes,"* het Hy gesê, *"Dis te veel bagasie!"* So het ek weggee aan mense wat ek nie geken het nie, maar hoe meer ek weggee het, hoe meer het ek ontvang, want die las van die HERE is lig!

Ek loop nog steeds die pad met Jesus aan my sy, maar die pad het skielik baie interessanter geword! Prys die HERE!

Hierdie gaan 'n baie interessante week vir julle wees. Die HERE gaan met julle in julle harte praat. As jy hierdie gelees het en die Heilige Gees praat met jou; wees dan attent op die leiding van die Gees. Die HERE weet dat jy 'n swaar las in jou hart rond dra, maar die HERE gaan daardie las verwyder en Hy gaan dit verander in geluk soos wat jy nog nooit geken het nie. Jy gaan weet hoe dit voel om gelukkig, gewigloos en sonder 'n bekommernis in die wêreld te wees.

Verhoog daarom jou verwagtinge hierdie week. Kom na die HERE en laat die Gees toe om jou las te verlig. Hou op om daaraan vas te klou. Jy gaan verbaas wees as jy jou laste weggee en dan gaan sien wie die HERE werklik is!

Die van julle wat in vrees lewe en wat geen vrede ken nie. Maak gereed om toegedraai te word in die HERE se liefde, veiligheid en

beskerming net vir jou! Jy gaan trane van verwondering stort die week soos die HERE aan jou gaan wys dat Hy die Meester van jou lewe en jou omstandighede is! Die HERE gaan al daardie slegte drome wat jy nou het verander in drome van verwondering van wie Hy is.

Wees oop oor wie die HERE is en wat Hy vir jou beplan. Moenie probeer om Hom in ‘n boksie te sit deur vooraf te besluit wat die wonder gaan wees of hoe dit moet lyk nie. Laat die HERE toe om jou te verras en gee die Heilige Gees vrye teuels in jou lewe om te kan maak soos wat die HERE besluit.

Julle gaan uitbundig lag soos jong kinders in verwondering oor die wonderwerke wat gaan plaasvind! Daar wag ‘n deurbraak hierdie week.

*“Hoor, HERE, en wees my genadig! HERE, wees my ‘n helper! U het my weeklag vir my verander in ‘n koordans, U het my roukleed losgemaak en my met vreugde omgord; sodat my eer U kan besing en nie swyg nie. HERE, my God, vir ewig sal ek U loof.”* (Psalm 30:11-13)

Prys die Naam van Jesus!

# <u>Heiligmaking deur Lyding</u>

Dankie HERE dat u ons dra wanneer ons kragte opgeraak het en ons nie meer verder kan gaan nie.

Ek weet dat daar sommige van julle is wat wonder oor die leiding wat ons op aarde deurgaan vir die Koningryk van die Hemele. Ek weet dat daar kerke is wat nie glo dat enige vorm van leiding op aarde van die HERE af kan kom nie, maar ek kan julle verseker dat hierdie dinge wel in die Bybel genoem word soos wat dit in die vers onder aan ons uitgewys word.

*Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.* (Romeine 12:1)

Die kerk van vandag verstaan hierdie gedeelte van die Bybel baie sleg, maar die vroeë kerk het hierdie dinge baie  goed verstaan. Ons almal het kruise wat partykeer baie swaar word en baie seer skawe. Die HERE sê in Mattheus 16:24 *"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg."*

Baie sal nou vra; wat bedoel die HERE by *"my kruis"*?

Die kruis is niks anders as suiwer leiding vir die Koningryk van die Hemele nie. 'n Gebroke huwelik, 'n kind wat aanhoudend huil sonder dat jy kan uitvind wat verkeerd is, 'n siekte wat nie wil breek nie, maak nie saak hoe baie jy daaroor bid nie. Verkleinerende aanmerkings en beskuldigings van mede kerk lede dat jou geloof te klein is, is 'n vorm van Job se mantel; vol dorings wat enigsins gemaklik is om te dra nie. Hierdie is ook 'n vorm van leiding.

Ons weet dat gebed siektes kan genees, maar die HERE is nie 'n slot masjien wat werk op ons tydskedule nie. Net omdat daar met groot

krag gebid word en gevas word, beteken dit nie dat dit God se wil is om daardie persoon op hierdie oomblik te genees nie.

Dit mag wees dat die HERE wil hê dat daardie persoon dit stadiger moet vat om sy aandag te kry. Hy mag ook daardie persoon se leiding gebruik om ander lede van die familie in die geloof te probeer kry. Hy mag dit ook gebruik om daardie persoon nederigheid te leer. Ons sal die toe weiding wat daardie siel maak, nie verstaan voor ons in die Hemel is nie. Om op so ‘n manier vir die Koningryk van die Hemele te lei is ‘n baie groot eer.

Daar was eendag ‘n man wat in ‘n droom Hemel toe geneem is en terwyl hy daar was het hy baie mense ontmoet wat hy vroeër geken het. Hy het iemand daar gesien wat op ‘n troon gesit het en wat ‘n koning was. Hy het die man herken as iemand wat op aarde traktaatjies uitgedeel het en met die mense by ‘n busstop gepraat het oor die Woord van die HERE. Hy het onthou dat hy eendag by hierdie man verbygeloop het met ‘n vriend en toe gesê het dat dit mense soos die is wat Christendom ‘n slegte naam gee! En hier sit dieselfde man as ‘n Koning in die Hemel!

Hy het aan die persoon wat hom vergesel het gevra waar die beroemde evangeliste van die aarde dan was? Hy het van hulle gesien, maar hulle was almal net gewone mense wat geen gesagsposisies beklee het nie. Die antwoord was dat alles in die Hemel agterstevoor is. Dis die wat bereid is om vir die HERE te lei en in die stilligheid vir ander in te tree wat die groot posisies in die Hemel ontvang en nie die beroemde evangeliste nie.

Die wat die Woord van die HERE bedien sal ook beloon word, maar hulle sal nooit die impak wat hulle in die eerste plek gehad het hê as daar die diegene was wat vir hulle gebid het nie. Dit was diegene wat vir die leraars bid wat hulle toegelaat het om met sulke krag te kan preek.

Ons almal het ‘n kruis wat ons vir die HERE dra en dit kan manifesteer op ‘n hele reeks van gebeure in ons lewe. Die HERE kan enige iemand in ‘n oogwink genees van enige iets, maar dit kan net gedoen word in ooreenstemming met God se plan vir daardie siel. As daar vir so iemand gebid word en genesing kom nie, dan kan ons so wreed wees as om te sê dat daardie persoon nog sonde in sy lewe het of nog erger dat daardie persoon nie die geloof het om genees te word nie. Wat ‘n wrede klap in die gesig van iemand wat reeds broos is en vir die HERE lei. Hoe arrogant om te wil voorgee dat jy iets weet wat net God alleen weet! Net omdat gewildheid leer so sê beteken nie dat dit waar is nie.

Paulus skryf in 2 Korintiërs 12 die volgende: *“[1] Dit is waarlik vir my nie nuttig om te roem nie, want ek sal kom tot gesigte en openbaringe van die Here. [2] Ek weet van ‘n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. [3] En ek weet van so ‘n man—of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit— [4] dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat ‘n mens nie mag uitspreek nie. [5] Oor so ‘n man sal ek roem, maar oor myself sal ek nie roem nie, behalwe in my swakhede. [6] Want as ek sou wil roem, sou ek nie ‘n dwaas wees nie, want ek sou die waarheid praat; maar ek laat dit ná, sodat niemand my hoër mag skat as wat hy van my sien of wat hy van my hoor nie. [7] En dat ek my oor die voortreflikheid van die openbaringe nie sou verhef nie, is my ‘n doring in die vlees gegee, ‘n engel van die Satan, om my met die vuis te slaan, dat ek my nie sou verhef nie. [8] Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat hy van my sou wyk. [9] En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon. [10] Daarom het ek behae in swakhede, in mishandelinge, in*

*node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk."*

Paulus maak hier 'n baie interessante stelling: hierdie doring in sy vlees, met ander woorde 'n siekte van een of ander aard. Hy het besef dat hy nederig moet wees omdat hy hierdie openbaring ontvang het en hy het die doring gesien as 'n manier om heiligmaking te ontvang. Dis toe dat die HERE vir hom sê: "*My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring."*

En dit, liewe lesers, is presies die doel vir enige leiding. Die HERE laat hierdie dinge in ons lewens toe sodat Sy krag deur ons swakhede kan triomfeer, want ons het ons liggame op geoffer as lewende slagoffers vir Hom!

Net soos genade van die Kruis af uitgestort is tot vergifnis vir almal; net so word ons leidinge gebruik as offers om die Woord van die HERE te bedien en om die harte van mense sag te maak. En dis wat ons in die Hemel sal sien. Baie wat siek was op aarde sal opgehef word as konings en koninginne in die Hemel met baie dienaars wat heen en weer sal hardloop om goed te doen aan die op aarde. Hy wat getrou is aan die klein dingetjies, sal nog meer voor gegee word.

In Kolossense 1:24 sê Paulus: *"Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukking van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is."*

Dis baie duidelik dat daar 'n verbinding is tussen leding en die liggaam van die HERE. Hou dus hande met mekaar deur gebed en hou aan om julle kruise te dra wat die HERE aan elkeen van ons gegee het.

Prys die Naam van Jesus!

# David en Góliat

Ons almal ken die verhaal van David en Góliat soos dit in 1 Sameul 17 opgeteken is, maar vandag wil ek hê julle moet fyn oplet, want die HERE wil vir julle iets leer.

Ons het almal die verhaal op Sondagskool geleer as een van die groot Bybel Verhale. Ek gaan daarom nie tyd spandeer om die verhaal weer te herhaal nie, want ons almal weet dat die Israeliete en die Filistyne in ‘n oorlog gewikkel was. Die twee weermagte het teenoor mekaar stelling ingeneem op die heuwels en al wat hulle van mekaar geskei het was die dal van die terpentynboom met ‘n spruit wat daardeur geloop het.

Die Bybel sê vir ons dat Góliat ‘n reus van ‘n man was wat in vandag se terme neerkom as iemand van 2,97m lank! Om dit nou in vergelyking te sit; as ‘n persoon soos die by ‘n deur sou moes instap, sal hy eers baie laag moet buk om te kan pas! Om die afskuwelike prentjie af te rond sê die Bybel vir ons dat Góliat se wapenrusting 56.7kg geweeg het en dat sy spies ‘n verdere 6.8kg!

Niemand, nie eers Koning Saul wat self ‘n lang man was, wou dit waag om teen Góliat te baklei nie, maar toe kom David op die toneel. David het nie na Góliat gekyk en gedink wat ‘n groot en onoorwonne probleem Góliat was nie. Hy het geglo in God en hy het geglo dat God hom sou beskerm en sou deur dra. Hoe baie keer gebeur dit nie in ons lewens dat ons voor ‘n probleem te staan kom en dan eerder weghardloop of selfs moed opgee nie? David het Góliat gesien as ‘n sterflike mens wat God uitdaag en dit kon eenvoudig nie toegelaat word nie! Sy lengte was vir David ‘n bysaak!

Koning Saul het selfs vir David sy pantser laat aantrek, maar David was klein van postuur en die pantser was vir hom te groot en te

swaar. Boonop, met God aan jou kant, wie kan teen jou wees? David het afgegaan in die dal met net sy staf en sy herders klere aan. Sy het geweet dat sy klere hom geen beskerming sou gee teen ‘n 6.8kg spies wat heel moontlik teen 70km/h gegooi sou word nie! Maar David het ook geweet dat reuse groot is en dat hulle daarom stadig beweeg. Hy was klein en kon daarom vinniger uit die pad uit kom as dit nodig sou wees. Hy het ook sy wapen geken en presies geweet wat hy met ‘n slingervel kon vermag en daarom het hy vir hom vyf gladde klippe in die spruit wat deur die dal gevloei het gaan uitsoek. Met daardie takie afgehandel was dit tyd om die probleem vierkantig in die oë te gaan kyk!

Góliat het in ongeloof na die kleine David gestaar. Die laaste ding wat hy aan gedink het was dat sy laaste oomblikke op aarde aangebreek het! David, vol van die Gees van die HERE het, het vir Góliat uitgedaag en gesê dat hy vandag gaan sterf en dat God die Filistyne in die hand van die Israeliete sou oorgee sodat almal sal weet dat die HERE God is! Ek kan my net voorstel hoe Góliat hieroor moes gelag het, want dink ‘n bietjie daaraan: kleine David teenoor die reus Góliat met sy sware pantser. Vanuit Góliat se oogpunt moes dit na ‘n saak van onmoontlikheid gelyk het! Maar soos die HERE al telkemale aan ons bewys het, liewe lesers, Sy Krag word deur swakheid geopenbaar! Prys die Naam van die HERE!

David het Góliat tegemoet gegaan met ‘n klip in sy slingervel. Toe die oomblik reg was, het hy gegooi! Die Bybel sê vir ons dat David die klip so hard gegooi het dat die klip in Góliat se voorhoof ingedring het en dat hy dood neergeslaan het. Die res van die storie ken ons almal en ek gaan daarom nie daarop uitwei nie.

Kom ons kyk gou hoe hierdie op ons alledaagse lewens van toe passing is. Jy maak kennis met ‘n probleem wat jy nie weet hoe jy dit gaan oplos nie. Wat doen jy? Probeer jy maar soos die Israeliete kla daaroor of sien jy die probleem vanuit God se oogpunt uit. Liewe

leser, om swak te wees is nie 'n skande nie! Jy mag vra vir hulp en die HERE sal jou help! Ek doen dit baie! *"Here, ek is te swak en ek kan nie hierdie probleem op my eie oplos nie!"* Daar is niks daarmee verkeerd nie! Die HERE wil hê dat jy moet vra vir hulp, want dit wys dat jy nederig is en jou eie beperkinge ken. Ek kan vir julle boeke vol skrywe van al die hulp wat ek al so gevra het.

Moenie bang wees nie! Die Bybel sê vir ons dat selfs die hare op ons hoofde getel is en dat nie een van hulle sal val sonder die wil vir die HERE nie! Maak dus nie saak wat se probleem jy mee sukkel nie, moenie daarvoor bang wees nie! As jy vra, sal die HERE vir jou 'n uitweg gee!

Gee die HERE kans om Sy ding te doen. Verandering kom nie oornag nie. Moet dus nie 'n kits oplossing verwag nie. In die meeste gevalle moet die HERE eers 'n hele reeks van ander dinge laat gebeur voor daar iets aan jou probleem gedoen kan word. As jy dus gevra het, wees geduldig. Die HERE het jou gehoor en daar sal 'n oplossing kom. Moet net nie gaan sit en moed opgee nie! Dis presies wat satan wil hê jy moet doen!

Liewe Kind van die HERE; as jy met so 'n probleem sit, dan weet jy nog wat om te doen. Moet jou nie steur aan wat mense sê nie. God se opinie is al wat tel! Dit wat die mense sê is nie belangrik nie.

Prys die Naam van Jesus!

# Hoe om uit die modder uit te kom as jy vas sit.

Staan op! Staan op uit die modder uit, sê die HERE van die leërskare!

Die oorlog is vel en dit gaan aan reg rondom ons. Baie is totaal onbewus van wat om hulle aangaan, maar die wat oë het sal oplet dat die wêreld al hoe boser word.

Liewe lesers, julle moet weet dat hierdie die laaste dae is en ons is die eindtyd weermag van die HERE. Die Bybel verwys na ons as *"die wat terughou"*. Ons is letterlik al wat staan tussen die volle geweld van satan se toorn oor hierdie wêreld en die HERE se liefde vir 'n wêreld wat Hom nie wil erken nie.

Ons het sopas deur een van die ergste dele van hierdie oorlog ooit en baie van julle het geval onder die gewig van die aanval. Daar is mee niks verkeerd nie, maak moet net nie bly sit in die modder nie en moenie vir jou 'n vesting van modder te bou nie! Staan op, liewe Kind van die HERE! Staan op en stap voort sodat jy weer op die snelweg kan kom en vinniger oor die weg kan kom!

Julle moet ook onthou, liewe lesers, dat die HERE ons baie keer gebruik om in te staan vir iemand wat baie lei. Jy help dan as te ware daardie persoon dra aan die pyn en ongemak wat daar op daardie stadium gevoel word. Om op so 'n manier deur die HERE gebruik te word is een van die grootste en mees onbaatsugtigste vorms van naaste liefde wat jy ooit kan doen. Jou beloning, omdat jy bereid was om in die bresse te tree vir iemand anders, gaan baie groot wees!

Julle moet ook weet dat satan jou geliefdes teen jou gaan gebruik om by jou te kan uitkom as die direkte benadering nie meer werk nie. Die HERE laat satan toe om dit te doen omdat Hy wil sien of jy

die rondom jou meer lief het en of jy bereid is om alles op die altaar te sit vir die HERE. Onthou wat Jesus in Mattheus 10:37 gesê het: *“Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.”*

Die HERE weet maar net te goed hoe moeilik dinge vir ons is, maar Hy vra dat julle altyd op Sy wysheid sal staatmaak. Hou vas aan die HERE; hou vas so styf soos wat jy kan. Die HERE is die hele tyd met jou, selfs al kan jy hom nie sien nie, is Hy die hele tyd daar en sien Hy alles! Die HERE sal nooit toe laat dat jy bo jou kragte versoek word nie, maar Hy wil ook hê dat jy die hele tyd moet aanhou vorentoe beweeg. Moenie stilstaan nie! Jy is op die punt om ‘n deurbraak te maak, so hou dus aan moet stap, een voet voor die ander.

Julle sien, hoe moeiliker dinge gaan, hoe meer mense het die HERE nodig om in saam met Hom in die bresse te tree vir hierdie wêreld voor God die Vader. Hierdie is ‘n baie moeilike plek om in te wees, maar die beloning gaan meer as opmaak vir elkeen wat bereid is om die las van ‘n ander te dra!

Jy moet weet dat jy nie die enigste een is wat op hierdie oomblik swaar kry nie. Daar is baie mense reg oor die wêreld wat deur presies dieselfde ding gaan waardeur jy nou gaan. Die opposisie is enorm groot en dit word groter soos die tyd van die wegraping al hoe nader kom. Maar die HERE is besig om genade uit te deel vir die wat aanhou loop en dis waarom dit so belangrik is op te staan en verder te loop.

Die HERE weet dat sommige van julle opgegee het en nou vassit in die modder. Die HERE verstaan waardeur jy is, maar nou is die tyd om op te staan en om die aanwysings wat die HERE in jou hart geplaas het te volg. Klim uit, want die keer gaan jy suksesvol wees. Hou vas aan die HERE vir die motivering wat jy nodig het om te kan begin. Moenie meer bekommerd wees oor die wat jou voorheen tee

gegaan het nie. Gaan net voort en hou aan met stap. Die HERE het engele aangestel om jou te help en satan sal nie oorwin as jy aanhou stap nie. Hierdie padblokkades wat jou nou in die gesig staar sal val voor die HERE, maar dan moet jy bid en aanhou om die HERE te ontmoet in jou geheime plek vir motivering.

Die keuse is nou joune, liewe Kind van God. Jy het baie roetes wat jy kan volg. Kies die beste en die hoogste een; die een waarvoor jy geroep is en los al die ander. Moenie meer terug kyk nie! Dit wat jy verloor het is nie die moeite werd om na te jaag nie. Dinge soos familie en jou beroep kan in die pad van jou vooruitgang staan as jy dit gaan toelaat. Nou is die tyd om die keuse te maak en te besluit om nie langer jou lewe te lei vir iets wat van minder waarde is nie. Jy is geroep om baie meer te wees as dit!

Jou keuse gaan in sommige gevalle die om jou seer maak, maar dit gaan die HERE baie gelukkig maak met jou. Jy gaan soveel geluk en vrede vind om hierdie keuses te maak, dat jy dit nooit sal verwens nie. Maar jy gaan moet vashou aan die HERE of anders gaan jy dit nie maak nie. Hou jou oë op die HERE en die doelstellings wat julle saam gemaak het, want op hierdie manier sal die vyand dit nie regkry om jou van stryk af te bring nie. Jy en Jesus sal dan saam werk!

Prys Sy wonderlike Naam!

# <u>Kerkgangers wat hel toe gaan.</u>

Om ‘n Kind van die HERE te kan wees, beteken dat ons veronderstel is om die Woord van God te bestudeer sodat ons nie deur satan verlei word nie. Ongelukkig gebeur dit meer en meer dat ons op ander mense staat maak om vir ons te vertel wat in die Woord van God staan...

Ek wat hierdie stukkies vir julle gereeld skryf, is maar net ‘n mens en ek kan verkeerd wees. Ek kan net my beste doen oor die Bybel en wat die HERE vir ons leer oor hoe ons Hom moet volg, maar ten spyte van my beste pogings, gaan dit vir baie nie genoeg wees nie. Daar is van julle wat ten spyte van die feit dat julle gereelde lesers is en gereeld kerk toe gaan, in die hel gaan opeindig en teen die tyd wat julle dit uitvind, gaan dit vir julle te laat wees. Dit bekommer my geweldig...

As predikers is dit nie maklik vir ons nie. Ek wil nie verkondig dat jy Hemel toe gaan as dit nie so is nie, maar aan die ander kant wil ek ook nie hê dat julle wat die HERE ken moet voel dat dit nie so is nie en daaroor bekommerd moet wees nie. Dis ‘n fyn lyn om te loop, want jy wil hê dat so veel as mense gered moet word terwyl die wat gered is nie moet dink dat hulle nie gered is nie.

Ek gee om dat die skape wat die HERE aan my toevertrou het, gered word. Daar is van julle wat deur huweliksprobleme, werksprobleme en nog baie meer gaan en ek gee om, maar nie naastenby so baie soos oor die toestand van jou siel nie. Julle moet weet dat wat ook al na die dood gebeur vir ewig is. Ons gaan almal voor die HERE staan eendag en Hy gaan vir jou een van twee dinge sê: *“Mooi so, goeie en getroue dienskneg,”* (Mattheus 25:21) of *“Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My.”* (Mattheus 7:23)

Die HERE sê in Mattheus 7:21 *“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is,”* en net voor dit in Mattheus 7:16 se die HERE *“Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.”* Nie almal wat sê hulle is Christene is Christene nie! Die HERE waarsku vir ons in Matteus 7:22 dat baie sal kom en sê dat hulle in Sy naam geprofeteer, duiwels uitgedryf het en kragtige dade gedoen het en dan sal die HERE vir hulle antwoord en sê “Ek het julle nooit geken nie!”

Volgens hierdie verse gaan baie van die kerkbanke vandag warm sit aan die einde van hulle lewens ‘n wrede ontnugtering kry! *“Maar HERE, ek het groot geword in die kerk; ek het nie een dag van kerk toe gaan gemis nie; ek het Sondagskool klasse gegee; hulle het vir my gesê om vorentoe te kom en ‘n gebed te bid en ek het dit gedoen! So wat gaan nou aan?”* Daar is baie mense wat dink hulle gaan hemel toe, maar hulle gaan die ontnugtering van hulle lewens kry as hulle daar bo aankom. Dit maak my tot in my siel bang, want dit beteken dat ek met diegene gefaal het...

Baie leraars is maar net te bly om vir jou ‘n preek te gee wat jou goed laat voel, want die lewe is moeilik. Jy het dus nie hierdie verdoemende hel-toe-gaan preek nodig nie, maar ek, liewe leser, ek dink aan die einde as jy daardie eindstreep oorsteek en jou beloning ontvang... Wat se beloning wag vir jou? ‘n Ewigheid van pyniging en lyding in die hel deur onkunde of ‘n ewigheid in die Hemel saam met die HERE?

Julle sien, die lewe is soos ‘n baie lang tou wat geen einde het nie. Daardie leer omhulsel wat hulle aan die begin van die tou sit, dis jou lewe op aarde. Sodra jy van die leer stukkie afstap tot op die tou gedeelte, dan begin die ewigheid vir jou. Ons aardse lewens is net ‘n sekonde in die uurglas van die ewigheid en dan is dit verby. Waar gaan jy jou ewigheid deurbring, liewe Kind van Jesus?

As die Gees nou met jou praat en jy voel onseker of uiters ongemaklik, liewe Kind van die HERE, dan sal ek terug gaan na die Skrif en ek sal begin lees, want iewers het iemand vir jou gelieg.

Jy het tien teen een nie eers tyd gemaak om die Bybel te bestudeer nie. Jy het tien teen een net staat gemaak op dit wat vir jou vertel is. Ek neem aan iemand het vir jou gesê daar is nie ‘n hel nie... Terloops, dis ‘n baie gewilde stelling vandag! Wanneer laas het jy gehoor dat iemand oor die hel van ‘n kansel af preek? Self was dit baie jare gelede!

Die kerke se siening is mos dat ‘n God van Liefde nie kan straf nie of kan veroordeel nie... Dis wat hulle deesdae gewildheidsleer noem is en wat die kerke van die wêreld aan die mense leer. Wel, liewe leser, ek is nie hier om gewild te wees nie. Ek is hier om julle te leer wat in die Bybel staan en om julle aan te moedig om die Woord van God te bestudeer! Moenie net glo wat ander jou vertel nie. Gaan en lees dit vir jouself!

Begin in Genesis. Jy gaan nie ver hoef te gaan voor jy gaan lees van ‘n tyd toe God almal in die wêreld verdrink het nie. Ja, die HERE het dit gedoen en dis net ses hoofstukke ver! Jy gaan lees die HERE spyt gekry het dat hy die mens gemaak het (Genesis 6:6) en dan gaan jy lees hoe Hy almal verdrink het: mans, vrouens, kinders en babas! Ja, babas! Almal!

Lees ‘n bietjie verder tot in Eksodus waar die HERE vir Faro gesê het dat as hy nie die Israeliete gaan laat trek nie, Hy elke eersgeborene van elke huishouding gaan dood. Ja, die HERE het dit gedoen en dit was verskriklik! Dink ‘n bietjie; die oudste seun of dogter van elke huisgesin het gesterf! Ek sê nie hiermee dat die HERE nie liefdevol is nie, want Hy is! Maar wat jy nie geleer word nie, is dat daar ander fasette van God is! Hy is ‘n God van Liefde, maar Hy is ook ‘n God van Oordeel en ‘n God van Geregtigheid! Lees net Sy Woord! Prys Sy Naam!

Baie sal nou sê maar jy kwoteer van die Ou Testament... Dis hoe die HERE was; nie soos Hy vandag is nie... Regtig? Het jy al die boek van Openbaring gelees? Wil jy sien hoe dit gaan eindig, net om te leer dat die HERE dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid is? Ons dien 'n HERE wat 'n God van Liefde is, maar hy is ook 'n God van Oordeel en Hy is 'n God wat wil red. Dis waarom Hy Sy Seun gestuur het!

*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* (Joh 3:16)

Nêrens in die Bybel sal jy lees dat daar staan dat jy 'n gebed moet bid en dan is alles vergewe nie. Daar staan wel dat jy tot bekering moet kom; dat die ou mens moet sterf en dan weer gebore moet word. Dis wat die HERE geleer het. Jy moet basies weer van voor af begin deur die ou sondige mense dood te maak en weer gebore te word!

*Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.* (Johannes 3:36)

Hou net aan met lees, want dit gaan oor die wat 'n omkeer in hulle lewens maak. Dis oor die wat besef dat hulle net vir hulleself lewe. Dis soos Adam en Eva wat iets lekker sien om te eet en dan besluit dat hulle dit wil hê. Kom ons jaag dit na, want dit lyk goed. Ons almal begin ons lewens op hierdie manier; vol van die eie ek wat net bekommerd is oor jouself en wat jy uit die lewe kan kry. Dis net ek, ek, ek en ek! Soos hulle in Engels se: *Me, myself and I!* Dis wat die Bybel vir jou leer jy van moet wegdraai.

So baie kerke leer dat die HERE daar is vir jou en dat jy maar net moet bid en die HERE sal gee. So word hierdie self gesentreerde denkrigting gevoer. Maar dis nie waaroor dit gaan nie. Dit gaan daaroor om te verander en weg te breek van die ou mens. Om te

besef dat jy ‘n Meester het en om Hom gelukkig te maak met jou. Jy is nou deel van ‘n ander koningryk. Jy het nou ‘n erfdeel in die Hemel. Jy behoort nou te vra: *“Wat wil U hê moet ek doen HERE?”* Jy het tot bekering gekom en jy volg nou die HERE! Die eie ek is nou dood!

Baie predikers is meer bekommerd oor wat hulle gaan sê om mense in die kerk te hou as wat hulle bekommerd is om die waarheid te verkondig... Wat het Jesus gedoen tot die mense begin opdaag? Hy het nie gesê: *“Ek is so bly jy is hier nie! Kom gerus volgende week terug, want ons het hierdie program en jy wil dit nie mis nie! Bring ‘n vriend saam!”* Jesus het nooit dit vir die mense gesê nie! Hy het nooit enige iemand gesmeek soos dit nie! Om die waarheid te sê, mense het Hom gesmeek om Hom te volg! Is dit nie soveel anders as vandag se kerke nie?

As Jesus gepreek het, was Hy eerlik met die mense. Om die waarheid te sê, Hy was brutaal eerlik! Hy het nooit doekies omgedraai of die mense probeer paai nie. Hy was direk; baie anders as die predikers van vandag. Dit was ‘n kwessie van neem jou kruis op en volg My (Matteus 16:24) en wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. (Mat 10:38) Eina! Sien wat ek bedoel by brutaal eerlik? Wanneer laas het jy sulke eerlikheid van ‘n preekstoel af gehoor?

Dis wat die HERE graag wil hê jy moet doen. Vergeet van wat ander mense vir jou gesê het. Gaan alleen met die HERE en gaan lees Sy Woord. Jou ewigheid hang daarvan af. Begin deur net te lees wat die HERE gesê het gedurende Sy tyd op Aarde, dit gaan jou nie eers lank vat nie. Vergelyk dit wat gesê word met jou lewe soos dit nou is en vind dan uit of jy gereed is.

Prys die Naam van Jesus!

# Sout sonder smaak is waardeloos

Jesus sê in Lukas 14:34-35 *"Die sout is goed, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit smaaklik gemaak word? Dit is nie bruikbaar vir die grond of vir die ashoop nie. Hulle gooi dit buitekant weg. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor."*

Besef julle wat se kragtige stelling hierdie is? Die HERE begin deur te sê dat sout goed is. Ons almal sal seker hiermee saamstem, want stel jou voor hoeveel anders baie kos soorte sou gesmaak het as ons nie sout gehad het nie!

Maar sout word nie net gebruik as 'n geurmiddel nie. Dit word ook gebruik om die samestelling van grond meer sout te maak vir sekere plante om te kan groei. Dit word ook gebruik in komposhope om die komposhope se sout gehalte te verbeter. Sout word ook in swembaddens gebruik om die water samestelling sagter te maak. Daar is menigte ander gebruike vir sout behalwe net as 'n geurmiddel!

Nou stel jou voor dat sout geen smaak het nie. Jy gooi dit ook jou aartappelskyfies en... absoluut niks gebeur nie! Die aartappelskyfies bly net so smaakloos. Jy gooi meer oor tot daar 'n hoop daarvan op die aartappelskyfies is en nog steeds gebeur niks! Wat se waarde is die sout dan vir jou? Niks! Jy sal dit van jou aartappelskyfies afkrap en weggooi in die asblik! Jy sal dit nie in die grond gooi om die soutgehalte van die grond te verbeter nie nog minder op jou komposhoop, want dis net kristalle sonder enige waarde. Die smaak is weg!

Grond is goed, want jy kan daarin plant, maar as jy soutlose sout daarop gooi, dan gaan dit die grond negatief beïnvloed. 'n Kompos hoop is ook goed, want jy kan die grond daarmee bemes, maar gooi sout sonder smaak daarin en jy mors die gehalte van die kompos op.

Verstaan julle wat Jesus probeer sê het? As jy as Christen nie daardie sout smaak in jou het nie, dan is jy vir die HERE so waardeloos soos sout sonder smaak!

Die HERE weet nie wat om met jou te maak nie. Hy kan jou vir niks gebruik nie, want jy sal alles waarmee jy in aanraking kom net opmors. Jy sal daardeur meer skade aanrig as goed. Daar is net een ding wat die HERE met jou gedoen kan word en dit is om jou buite uit te gooi sodat jy deur die mense vertrap kan word.

Die HERE soek dissipels; mense wat bereid is om hom te volg! Die HERE soek nie geurlose sout nie. Hy soek nie net mense wat daar sit en sê hulle is Christene nie. Hy soek mense wat wil uitgaan en hulle Christenskap wil uitleef! Prys Sy Naam!

Kom ons stel voor jy het 'n klein pakkie sout; van daardie soort wat jy by die wegneem ete plekke kry. Stel jou nou voor dat jy 'n groot houer met sout het, maar dat hierdie groot houer sout geen smaak het nie. Jy sout jou aartappelskyfies met die klein pakkie sout. Sal jy nou die groot houer geurlose sout oopmaak en dit ook daaroor gooi? Natuurlik nie, want die geurlose sout sal die smaak wat daar was heeltemal wegvat!

Is daar 'n rede om geurlose sout op enige iets te gooi? Ja, daar is! Sodat ons vir die wêreld kan wys hoe groot ons hoop sout is! Dis wat ons in ons kerke doen... Kyk net hoe groot is my hoop! Dis massief! Dis ongelooflik! My kerk het baie meer mense as jou kerk! Maar dis soutlose sout... Dit lyk miskien vir die wêreld groot en indrukwekkend, maar dis 'n hoop van niks wat nie eers goed is om in 'n komposhoop te gooi nie! Dis wat Jesus se, liewe leser, nie ek nie!

Dis harde woorde; gaan lees dit maar vir julle self! Soos ek vir julle die vorige keer gesê het, Jesus was brutaal eerlik in sy preke, maar dis tyd dat mense uit hulle gemak sones uit wakker geskud word! Is

jy sout vir die HERE? Kan Hy jou uitstuur sodat jy almal wat jy in aanraking kom kan sout of het jy jou geur vir die HERE verloor?

Gaan jy kerk toe om deur die mense gesien te word of gaan jy kerk toe om God in Gees en in Waarheid te aanbid? As jy kerk toe gaan net om deur die mense gesien te word of om jou eie gewete te sus, dan het jy jou geur verloor, liewe leser! Maak reg, terwyl jy tyd het!

Kom ons bid: *Liewe HERE, ek wil vandag vra dat U almal wat hierdie lees, sal seën en dat U Gees mense se harte sal oopmaak en hulle oortuig van hulle waarde vir U. Meet ons soutgehalte, liewe HERE en as ons nie sout genoeg is na U smaak nie; help ons dan om ons sout vlak te herstel sodat ons die wêreld sal kan sout vir U. Amen!*

# Die prys om 'n Kind van die HERE te wees

Ons almal het al geboue gesien wat halfpad klaar gebou was. Alhoewel in die kleinere, gebeur dit soms dat die bouer se geld opraak voor die gebou klaar gebou is...

Hoeveel van julle het so iets al gesien? Wat is jou eerste gedagte? *"Wat 'n idioot! Kon hy nie bereken het wat dit hom sou gekos het om te bou nie?"* Is ek reg, liewe lesers? En so word hierdie gebou dan die bespotting van almal wat dit sien.

Julle sien, so gaan dit met Christenskap ook en min mense besef dit. Ons is baie gou om van mense Christene te maak, maar ons vertel hulle nie die hele storie nie. Baie, sodra hulle agterkom wat Christenskap behels, gee dan geheel en al moed op. Dis soos daardie gelykenis van die saaier wat van sy saad op rotsagtige plekke gesaai het. Die saad het ontkiem en vinnig gegroei, maar toe die son opkom, het dit verdroog omdat die wortels geen diepte gehad het nie. Dis soos Jesus later verduidelik het; sodra die sorge van die lewe kom, dan val hulle terug in die wêreld...

Kom ons lees uit Lukas 14:25-33 *"[25] En groot menigtes het saam met Hom gegaan, en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê: [26] As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie. [27] En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie. [28] Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie? — [29] sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot [30] en sê: Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie. [31] Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning slag te lewer, gaan nie eers sit en*

*beraadslaag of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie?* [32] *Anders stuur hy 'n gesantskap as die ander een nog ver is, en vra vredesvoorwaardes.* [33] *So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie."*

Hier sê Jesus dit self! As jy Sy Kind wil wees, dan moet jy bereid wees om alles te gee! Die eerste wat sal gaan, is jou vriende. Hulle gaan hulle rûe op jou draai. Dan gaan jy begin om weerstand op elke moontlike gebied te ondervind. As Kind van die HERE word daar 'n groot teiken op jou rug geverf die dag wat jy jou hart vir die HERE gee. Satan gaan jy versoek en versoek en dan weer versoek en die HERE gaan hom toelaat om dit te doen!

Baie gaan begin terug verlang na die kospotte van Egipte en die goeie tye wat hulle gehad het. Sommige gaan selfs vir kort rukkies probeer teruggaan in die wêreld net om die ou tye weer te herleef. So word hulle 'n bespotting vir die wêreld. Mense gaan begin sê: *"As dit is hoe 'n Christen optree, wil ek nie een wees nie!"* Het julle al dit gehoor?

Liewe lesers, ek ontmoedig niemand om 'n Christen te word nie. Dis nog steeds by verre die beste besluit wat jy ooit in jou lewe sal maak, maar ek, net soos Jesus, wil hê jy baie deeglik bewus moet wees waarvoor jy jou inlaat. Christenskap kan nie halfhartig aangepak word nie. Dis soos 'n baie groot snelweg. As jy aan die linker kant op die skouer van die pad loop is jy veilig. So ook as jy aan die regter kant op die skouer loop. Maar as jy in die middel van die pad loop, gaan jy een of ander tyd plat gery word!

Jy kan nie net op sekere tye van jou lewe 'n Christen wees en op ander tye 'n wêreldling nie. Jy gaan plat gery word! Satan gaan van jou 'n bespotting maak; luister wat ek vandag sê. Dis of alles of niks! Daar is geen veilige middel pad nie! Jesus sê self so!

Soos ek al op geleentheid gesê het; ons is in die klaskamer van die HERE. Die lesse is baie moeilik en soms baie swaar, maar elke les het 'n doel. So word ons opgelei vir ons rol in die ewigheid en so groei ons in Christus! Soos jy groei, word jy bevorder tot die volgende vlak. Jy sal agterkom dat dit waarmee jy in die begin gesukkel het, jy nou nie meer mee sukkel nie. Dis soos jy as Kind van die HERE groei tot geestelike volwassenheid!

Jy gaan bereid moet wees om alles vir die HERE te gee! Beheer oor jou lewe, jou finansies, alles! Jy gaan die HERE moet vertrou dat Hy weet wat die beste is en dat Hy in beheer is, selfs al lyk dinge vir jou hoe deurmekaar. Die eie ek gaan geheel en al moet sterf! Jy gaan selfs nie eers bang moet wees om te sterf nie!

Jesus sê in Lukas 12:4-5 *"[4] En Ek sê vir julle, my vriende: Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie; [5] maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!"*

Daarom, liewe Kind van die HERE, hou op om te kla oor wat jy nie het nie! Hou op om te bid vir aardse rykdom! Jou skat is in elke geval nie op hierdie aarde nie! Neem jou kruis op en volg Jesus! Vat die swaarkry van die lewe op die kennebak soos 'n bokser en dra die pyn wat jy ervaar op aan die HERE as 'n dank offer! Kyk dan hoe die HERE jou sal seën!

Moet ook nie bang wees om te vra vir hulp nie. Daar is niks mee verkeerd om te sê *"HERE, ek kan nie hierdie probleem oplos nie, want ek is nie sterk genoeg nie!"* Onthou, die HERE se krag wys in jou swakheid! Dra net jou kruis en dra dit met waardigheid sodat die wêreld kan sien jy behoort aan die Skepper van Hemel en Aarde! Prys Sy Naam!

# <u>Die rede waarom ons swaarkry</u>

HERE, ons is so swak, maar U kan ons sterker maak. Help ons om ons kruise te dra. Amen!

Partykeer raak die swaarkry onuithoudbaar en dan wil ons onsself jammer kry en murmureer deur te vra "Waarom ek HERE?" Kom ons kyk wat sê Job in Job 1:21 toe hulle hom meegedeel het dat sy seuns en dogters gesterf het: *"Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!"*

Wie van ons sal so sê as dit met ons sou gebeur het? Ek kan my nie 'n groter toets voorstel nie! Wie is ons in elke geval om te kla? As jy al die gebede wat jy kan klaar gebid het en die lyding wil nie ophou nie, dan moet ons wag op die HERE om ons te verlos op SY TYD! Ons moet geloof hê dat die HERE weet wat Hy doen en dat Hy ons sal verlos wanneer die tyd reg is daarvoor. Ons verstaan miskien nie nou waarom nie, maar eendag sal ons verstaan as die HERE dit alles aan ons bekend maak.

Intussen moet ons net vertrou en dit is nodig! Offer al jou swaarkry op aan die HERE as 'n lof offer aan Hom. Ek weet maar net te goed hoe moeilik dit is, maar die HERE sê geduld! Wees geduldig.

Soos Job gesê het; die HERE gee en die HERE neem en om jammer vir onsself te voel is 'n sonde. Hoe kan ons vir die HERE vra: *"Waarom laat U hierdie leiding toe? Weet U dan nie dat ek 'n belangrike lewe het om te lei nie?"*

Die HERE wil nie hê jy moet jammer voel vir jouself nie. Hy wil hê jy moet jou kruis opneem en Hom volg totdat Hy kom om ons te haal en ons van ons kruise onthef! Dis belangrik om te verstaan dat daar baie krag is in elke pyn wat ons voel en elke slag wat ons lei.

Verlossing versprei soos vuur onder die wat nie gered is nie met elke pyn wat ons voel en wat die HERE toelaat en met ons samewerking.

Ons is lewende offergawes vir die HERE en dit is presies wat Hy nou nodig het. In plaas daarvan dat ons uitroep *"waarom HERE"*, roep eerder uit *"maak ons sterker HERE!"* En as ons eendag ons verheerlikte liggame in die nuwe wêreld sal sien en die wonder van alles, dan sal ons verstaan waarom hierdie lyding toegelaat was.

Die HERE sê dat julle moet weet dat nie een van julle ooit alleen is as jy swaarkry nie. Die HERE is die hele tyd by jou en Hy lei saam met jou. Jy loop nooit ooit op jou eie nie.

Die HERE sê dat daar 'n tyd vir alles in die lewe is: skoonheid en liefde asook swaarkry en kruisiging.

Lees gerus die volgende verse in die Bybel.

*Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word.* (Kolossense 3:2-4)

*Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe.* (2 Timoteus 2:11)

*Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.* (Romeine 6:4)

*Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word.* (2 Korintiërs 4:10)

Die HERE sê dat om te lei is om diep in Sy Hart in te kruip en aan Hom te wys hoe lief jy jou naaste werklik het, want dis vir jou naaste se verlossing wat jy swaar kry.

Sonder hierdie ondervinding sal ons nooit die diepte van die HERE se liefde verstaan nie of Sy vergifnis kan verstaan of kan verstaan hoe lief Hy ons almal het nie. Ons moet verstaan dat sonder leiding, bly ons geestelike babas sonder groei.

Hierdie is die moeilike dinge as jy die pad saam met die HERE wil stap. Hierdie is ook die dinge wat baie vermy of weg verduidelik. Maar ons moet mekaar se laste help dra. Die pyn wat jy voel is jou naaste se las wat jy help dra, prys die HERE!

Dis waarom dit so belangrik is dat elke een van ons ons kruise dra met waardigheid; sonder murmurering en sonder om te kla. Die HERE laat niks oor ons lewens kom sonder 'n baie goeie rede nie. Daar is dus 'n baie goeie rede vir die ongemak wat jy nou voel, selfs al verstaan jy dit nie.

Die HERE sê dat Hy nooit sal toelaat dat enige een van ons bo ons kragte versoek word nie. Jy kan nog steeds jou kruis dra en deure sal vir jou oopgemaak word. Seëninge en groot veranderinge wag vir ons, maar eers moet ons teen die berg uit met ons kruise. Vertrou net op die HERE!

# Toe ek ‘n kind was...

Jesus, wys ons die pad van die Lewe en gee ons die genade om U alleen te volg. Amen!

In 1 Korintiërs 13:11 skryf Paulus aan die Korinte die volgende gedeelte: *“Toe ek ‘n kind was, het ek gepraat soos ‘n kind, gedink soos ‘n kind, geredeneer soos ‘n kind; maar nou dat ek ‘n man is, het ek die dinge van ‘n kind afgelê.”*

As ons die HERE wil dien, dan is die eerste en die belangrikste vereiste afskeid van sonde en van die dinge van die wêreld. Dit sal jou oopstel om die HERE se weë te leer ken en om in Sy denkrigting gevorm te word. As jy nie bereid is om dit te doen nie, dan is jy nie gereed nie en sal dit beter wees dat jy wag tot jy werklik klaar is met die dinge van die wêreld voor jy jou bereid willigheid verklaar om die HERE te volg.

Soos ek in my vorige artikels geskryf het; daar is geen maklike middelpad as jy die HERE wil dien nie. As jy die HERE wil volg, dan moet jy bereid wees om alles wat jy het te gee. Dis soos iemand wat ‘n besige snelweg gebruik: as jy links van die pad loop is jy veilig; so ook as jy regs van die pad loop, maar as jy in die middel van die pad loop, gaan jy platgery word! Christendom is presies dieselfde: jy is of heeltemal daarby betrokke of jy is heeltemal daaruit; geen middelpad nie. Dis wanneer jy Christen probeer speel, dat satan jy jou sommer goed in die modder gaan rol!

Om ‘n Christen te kan wees gaan beteken dat jy moet afsien van sonde en dit gaan beteken dat jy bereid moet wees om reg gewys te word. Die Gees van die HERE sal dit stelselmatig en op ‘n baie liefdevolle manier doen, want sonde veroorsaak krake in jou lewens pot en dit laat die lewende water wat die HERE in jou wil gooi uitlek.

Baie van ons wat die pad van die HERE loop, werk nog aan hierdie krake en dit sal ons tien teen een die res van ons lewens vat. Ek is een van hulle! Die punt is egter nie om perfek te wees nie, maar die punt is om ‘n poging aan te wend om te probeer en so jou wil in lyn met die HERE s’n te kry!

Die weë van die wêreld is kinderagtigheid. Ons wil almal dinge op ons eie manier doen. Ons hou daarvan om gemaklik onder ons kombers te wees met ons kussings gemaklik rondom ons gepak. Lekker snoesig met ‘n warm drink dingetjie in die hand! Alles wat ons begeer is speelgoed: motors, bote, motorfietse, vakansies en al die voordele wat die wêreld kan bied. Hierdie dinge is gemik op die vleeslike en is daarom kinderagtig.

Ek sê nie dat die HERE nie hierdie dinge in jou lewe sal toelaat nie, want Hy laat dit toe as Hy sien dat dit nie jou siel gaan besoedel nie. Hoe lief is Hy nie om uitbundige geskenke aan die te gee aan die wat Hy so lief het nie! Maar die geskenke wat die HERE die graagste wil gee is nie die aardse soort nie. Dis die geestelike soort en daarvoor moet jy ‘n volwassene in die Gees wees om dit te kan ontvang. Weereens; jy hoef nie ten volle volwasse te wees nie, maar die wil om volwasse in die Gees te wees moet daar wees. As jy volwasse in die Gees is, sal jy die HERE nie tee gaan as Hy probeer om die aardse dinge van jou weg te neem.

Verstaan julle nou waarom die HERE in Sy Woord sê: *Toe ek ‘n kind was, het ek gepraat soos ‘n kind, gedink soos ‘n kind, geredeneer soos ‘n kind*? Is dit nie nou die tyd dat ons die dinge van ‘n kind wegsit nie?

Kan julle nou sien hoe verkeerd hierdie sogenaamde voorspoed christendom is? Christendom sonder pyn en lyding is die gedagtegang van ‘n kind, want as Christen moet jy jouself verloën, jou kruis opneem en die HERE volg! Dis die volwasse manier van dinge doen.

Onthou; die HERE het nie in voorspoed gelewe op aarde nie. Hy het pyn gevoel, Hy het siek geword, Hy is verraai. Die enigste plesier wat Hy gehad het, was om die Wil van die Vader te doen en die uitwerking daarvan op die mense te sien. Alhoewel Hy 'n tragiese en pynlike dood gesterf het, was die plesier daarin dat die prys betaal is om ons eendag saam met Hom in die Hemel te kan hê! Tog het die HERE se vlees gerebelleer... *"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."* (Mat 26:39)

Dit is die gedagtegang van 'n volwassene wat kinderlike plesier eenkant toe geskuif het en dis waarheen die HERE vir my en vir jou wil vat, liewe leser, as jy gewillig is. Onthou, die HERE forseer niks op enige iemand af nie, maar as jy dit toelaat en volhou daarmee, dan sal jy die volwasse pad loop.

Soos Salomo in Prediker geskryf het: *"Ek het in my hart gesê: Nou ja, ek sal jou met vreugde op die proef stel; geniet dan die goeie! Maar kyk, ook dit was tevergeefs. Van die lag het ek gesê: Dit is onsinnig! en van die vreugde: Wat verskaf dit? Ek het in my hart daaroor nagedink om my liggaam met wyn te verkwik—terwyl my hart my met wysheid sou lei—en om aan die dwaasheid vas te hou totdat ek sou sien wat goed is vir die mensekinders."* (Prediker 2:1-4)

As jy 'n pad saam met die HERE wil stap, gaan jy swaarkry, maar die samesyn in die teenwoordigheid van die HERE deur Sy Gees gaan vir jou by verre meer werd wees as alles wat jy prysgegee het. As jy egter nog baie vashou aan die wêreld; dan is jy nog nie gereed nie, maar die HERE sal wag vir jou omdat Hy jou lief het en Hy jou wil hê waar Hy ook is.

Neem hierdie woorde ter harte, liewe lesers: die HERE is met jou die hele tyd! In elke voetspoor wat jy neem is Hy daar. Hy sal jou nooit alleen los nie. Jy moet net die begeerte hê om volmaak te wees en

bereid wees om die berg saam met die HERE te klim. As jy dan bo kom, sal jy ook kan sien tot in die Ewigheid in.

# Die Logos en die Rhema Woord

Baie van julle het seker al die begrippe van Logos en Rhema gehoor, maar hoeveel van julle weet werklik wat dit beteken?

Die Woord van die Here soos dit in die Bybel opgeteken is en dit wat ons lees, is die Logos Woord. Logos is 'n Griekse woord wat letterlik beteken *"ek sê"*, maar dit kan ook beteken 'n grondlegging, woord, spraak of selfs om te redeneer. Die Logos Woord soos dit in die Bybel opgeteken is, is die grondlegging van ons geloof. Dis die vleesgeworde woord van God.

Daarmee saam kom die Rhema Woord. Die woord Rhema is ook uit die Grieks en dit beteken letterlik om 'n uittering te maak of om iets te sê. Die Rhema Woord is die Woord van God soos dit geopenbaar word deur die Gees van die Here.

In Johannes 16:12-13 beskryf Jesus die Rhema Woord in detail aan sy dissipels: *"[12] Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. [13] Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig."*

Met ander woorde, liewe leser, die Rhema Woord is dinge wat die Gees van die Here aan ons bekend maak deur Sy Wil. Dis dinge wat die Gees van God in ons geestelike ore fluister en waardeur sekere konsepte van God se Logos Woord aan ons verduidelik word.

Die wegraping is 'n uitstekende voorbeeld van Rhema Woord. Die woord *"wegraping"* kom nêrens in die Bybel voor nie, maar ons weet dit is waar en dat dit gaan gebeur, want die konsep daarvan word gestaaf in God se woord!

God se Logos Woord en Sy Rhema woord is soos 'n perd en 'n ruiter. Die een kan nie sonder die ander nie, maar saam vorm hulle 'n eenheid. Net so is die Logos Woord die een helfte van die waarheid terwyl die ander helfte van die waarheid die Rhema Woord is. Saam vorm hulle 'n eenheid waar God se Rhema Woord altyd deur sy Logos Woord gestaaf sal word.

Dis nou hier waar die probleem kom en nou gaan ek direk met die leraars praat! Baie van julle verkondig die Logos Woord van die Here, maar julle VERWERP die Rhema Woord! Dit, MAG NIE so wees nie! Daar is 'n perfekte harmonie tussen God se Logos Woord en Sy Rhema Woord en julle versteur dit deur die een helfte van die waarheid te aanvaar en die ander helfte te verwerp! HOU OP daarmee en LUISTER na die GEES VAN DIE HERE! Suiwer die ou suurdeeg uit julle lewens uit en maak plek vir die nuwe vars Rhema Woorde wat duidelik die koers vir die volk van die HERE aandui! Moenie dat daar soos in Romeine 11:8 van julle gepraat word nie: *“Soos geskrywe is: God het hulle gegee ‘n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.”*

Die Here se Gees is vol lieflike waarhede en heerlikhede wat die menslike oor nog nooit gehoor het nie. Daarom soek die Here nie na mense met kop-kennis nie, maar na mense wat die geestelike kapasiteit het om te kan ontvang wat Hy so graag vir ons wil gee! *“Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.”* (Jeremia 3: 33)

In hierdie groep gaan julle beide hoor: Rhema en Logos. Julle gaan dinge hoor wat ongelooflik klink, dinge wat niemand nog ooit op so ‘n manier aan julle verduidelik het nie. Dit is God se Rhema Woord! Jy gaan geen bewyse daarvoor vind nie, tog gaan jy weet dis die waarheid, want die Gees van die HERE gaan jou daarvan oortuig. Salig is hy wat nie afsydig staan teenoor God se Rhema Woord nie.

Dit is God se Gees wat die verborge dinge van God ken en bekendmaak!

Prys die Naam van die HERE!

# Vir die wat nie tot rus kan kom nie

Dankie Jesus dat u ons red, veral as ons in die moeilikheid is. Dankie vir U geduld, U goedheid en U genade. Help ons om te verstaan dat U ons nooit aan ons eie genade oorlaat nie, maar dat U ons altyd sal antwoord, selfs op maniere wat ons nie verwag nie. Amen!

Toe ek met hierdie groep begin het, het ek nie eers in my wildste drome verwag dat dit so sal groei nie. Elke week sien ek die getalle soos die HERE nog meer skape tot ons kudde byvoeg en ek kan Sy Naam nie ophou prys daarvoor nie! Dit verbaas my om te sien hoe baie daar is wat soos mense in 'n hongersnood elke boodskap op eet. Dit laat my nederig en in prysing vir die HERE dat ek oor so baie aangestel is as die bringer van goeie nuus. Prys Sy Naam!

Vandag wil die HERE self met julle gesels.

*"Vir julle wat nie tot rus kan kom nie en gedurig soek om genees te word van dit wat jou jaag, gaan vind dat jou probleme dieselfde bly; maak nie saak waarheen jy gaan nie. Dis harde werk vir My om met 'n siel te werk wat weier om betekenis volle kontak met nader aan te knoop sodat hulle genees kan word."*

*"Ander weer weier weer om mense te vertrou omdat hulle weet hoe vaal baar mense kan wees. Hulle was deur die wêreld verwerp vir hulle verhouding met My en ander het dit nie verstaan nie. Nou vermy hulle kontak met mense as 'n algemene reël."*

*"So baie dink dat as hulle hier gaan of daar, dan gaan hulle die antwoord kry, maar die antwoord is in jou, My liewe Kind. Ek is die antwoord tot alles!"*

*"Maak nie saak waarheen jy gaan nie; gaan jy later met die selfde probleme sit waarmee jy in die begin het. Die vyand wil jou aan die*

*hardloop hou sodat jy nie kan groot word in die Gees en dalk genees kan word van dit wat jou pla nie."*

*"Verstaan julle My rustelose volk?"*

*"Wanneer jy jou tent penne op 'n bepaalde plek inslaan, dan sal Ek mense na jou toe bring wat uiteindelik baie goed vir jou gaan wees. Baie kom en gaan en dink dat die volgende groep mense die antwoord gaan wees. Dit is baie raar dat mense die antwoord is, maar soms sal Ek jou in 'n groep plaas waar mense opreg vir jou sal bid."*

*"Die grootste gedeelte van jou gesondmaking kom van daardie tye wat jy alleen saam met My spandeer. Daardie alleen tye van aanbidding is baie betekenisvol en baie genesend."*

*"Hoe meer toegewyd jy is tot die verhoudings wat Ek in jou lewe gebring het; hoe meer toegewyd sal jy wees tot aanbidding; hoe meer toegewyd sal jy wees om jouself te verneder voor My en die mense en hoe groter die kans dat jy genees sal word."*

*"Dis die wat nie tot rus kan kom nie wat nooit hulle volle potensiaal in die lewe sal bereik nie. Hulle wat diep geestelik is, maar nie bereid is om na die foute in hulle lewens te kyk of na die foute in hulle logika nie. Hulle vermy die wat tot voordeel vir hulle kan wees en so ook die boodskap wat anders is as wat hulle glo. Hulle soek net diegene uit wat tot voordeel vir hulle kan wees. Hulle verkies om ander te leer, maar hulle wil nie self geleer word nie. Die gevolg is dat hulle aanhou om dieselfde foute oor en oor te maak sonder dat hulle enige iets daaruit leer."*

*"My Kinders: soek My eerste, soek My laaste en wees vertroud dat ek die antwoorde het wat jy soek. Ek spreek tot jou op verskillende maniere: deur musiek, My Woord en selfs ook deur Rhema kaarte. Maak vir jou 'n Rhema kaart stelsel met teksverse wat tot jou spreek*

*en jy sal meer as genoeg hê om jou deur die tye van droogte te help."*

*"Bowenal, weet dat Ek die hele tyd saam met jou is en dat die goeie wat jy aan ander doen terug sal kom na jou toe. Dit is raar om 'n groep te vind wat jou 'n eerlike opinie sal gee en as jy so 'n groep vind, moet jy vashou daaraan en die verhouding kan groei. Op hierdie manier sal jy groei en meer bereid wees om jou verdediging te laat vaar sodat Ek jou kan bereik."*

*"Onderskei en maak seker dat die boodskap wat jy hoor van My af kom. As jy nie seker is nie, laat die boodskap toe om te groei en jy sal 'n vriend hê wat foute in jou logika kan uitwys wat jy andersins sou verwerp het. As jy aanvaar word in 'n groep en die wysheid begin vloei, los jou verdediging en let op wat ander in jou sien. Kom na My vir bevestiging en as Ek dit bevestig, aanvaar dit as medisyne wat geformuleer is vir verligting."*

*"Deur dit te doen, soek jy nie wysheid van mense nie; jy deel jou lewe met iemand wat ook van My af ontvang. In tyd sal ek deur jou ook tot mense praat."*

*"Maar onthou altyd: alle wysheid en genesing kom van My af deur gebed en toegewendheid. Ek sal tot jou spreek en jou genees."*

Prys die Naam van die HERE!

# <u>Hoe dankbaar die HERE is oor ons gehoorsaamheid</u>

Dankie HERE vir hierdie woorde van bemoediging. Hoe geseënd is ons om net aan U te behoort nie.

Geliefde lesers, ek wil net sê dat ons almal in die afgelope weke en maande swaar gekry het. Sommige het selfs geweldige terugslae gehad, maar ek wil hê dat julle moet weet dat nie een van hierdie ondervindinge doelloos was nie.

Jesus begin: *“My kosbare, kosbare Kinders, Ek sal nooit toelaat dat jy in wanhoop verval as dinge te moeilik word vir jou nie. Ek sal ook nie toelaat dat jy later glo dat Ek kwaad is vir jou en daarom besig is om jou te straf nie. Dis baie ver van die waarheid! Jy het tussen die woede van My Vader en die sonde van hierdie wêreld gestaan. Soos daar geskryf staan, ‘Wie sal ek stuur?’ Jy het opgestaan en gesê, “Stuur my.’”*

*“Ek het gesoek vir iemand om saam met My in die bresse te tree en niemand gevind nie.”*

*“Nou kan ek waarlik sê; Ek het jou gevind, want jy was getrou teen die woede van satan deur uit te hou en ‘n kruis vir die wêreld te dra ten spyte van baie aanvalle.”*

*“Hoe dankbaar is Ek nie vir jou nie! Ek sal nooit kan beskryf die effek wat jy op hierdie wêreld het deur net gehoorsaam te wees nie. Ek het doelbewus al die goeie wat jy gedoen het van jou weerhou sodat trotsheid nie dalk jou hart sal vul nie. Maar die dag gaan kom wanneer jy die vrugte van jou handewerk gaan aanskou.”*

*"Ek is so trots op jou omdat jy staande gebly het. Ek kan nie aan jou beskryf die geluk wat ek voel oor jou getrouheid nie. Dis net nie moontlik om net 'dankie' te sê en dit dan daar te los nie."*

*"Die wêreld is 'n ander plek as gevolg van jou. Daar is kinders wat gered was van 'n lewe van slawerny vir dit wat jy deurgegaan het. Regerings is besig om 'n nuwe begin te maak en korrupsie aan te spreek as gevolg van jou gebede alleen."*

*"Hoe baie van julle is daar nie oor die wêreld heen nie en wanneer die telling geneem gaan word, hoe verbasend sal die resultate nie wees nie. Weet dat jou werk nie tevergeefs was nie. Jy het vrug voortgebring wat gaan aanhou groei om nog meer vrug voort te bring."*

*"Hoe gefrustreerd is die vyand nie oor jou eenvoudige gehoorsaamheid nie! Partykeer het dit hom tot raserny gedryf, want hoe kan sy goed uitgewerkte planne dan so tot stof verkrummel? Ja, dis 'n goeie ding; 'n wonderwerk verrig deur die kleinste van My kinders regoor die wêreld."*

*"Soos dinge verander is daar groot blydskap in die Hemel. Soos goedheid versprei en kwaad uit regerings verban word; soos die Lig voortgebring word onder die nasies en soos baie Moslems hulle verlossing in My alleen vind. Groot blydskap heers in die Hemel en almal kyk met wonder na jou wat opgeoffer het vir mense wat jy nie eers ken nie."*

*"Daar ook groot blydskap oor die wat hulle kruise opgeneem het en My gevolg het. Die in die Hemel kan sien wat jy nie kan nie: die groot getalle wat elke dag by die Koningryk van die Hemele bygevoeg word deur My te volg! Hulle sien verharde harte wat sag geword het, kwaad wat goed geword het en dit wat dood was, weer lewendig word met hoop. Die blydskap oor jou gebede wat geen perke ken nie!"*

*“Ek moet dit aan julle bekend maak, want baie van julle het geweldige terugslae gehad en kan daarom nie die vrugte van dit wat julle verduur het sien nie. Maar Ek sien en so ook die wat in die Hemel is. My Vader se blydskap oor elkeen wat sy kant gebring het ken geen perke nie.”*

*“Nou moet julle verstaan: die vyand het ‘n geweldige terugslag verduur. Baie van sy planne het tot stof vergaan. Baie van die wat hy seker van was saam met hom in die hel sou deurbring is nou vrygelaat en is nou op pad Hemel toe. Nog meer is op pad soos hierdie woord versprei soos ‘n Heilige Vuur deur die nasies. Nuwe predikers word gebore en neem self die inisiatief om die wat gevange is te bevry.”*

*“Jy kan dit nie van jou oogpunt sien nie, maar baie van hierdie werk kon net gedoen word deur jou gebede wat niemand van weet nie. Die vrug wat jy voortbring gaan nie net ophou by jou nie, maar dit gaan aan hou in die wie se lewens deur jou geraak word. Hulle gaan ook vrug voortbring tot die riviere later oorloop met siele wat hulle lewens aan My wil gee!”*

*“Ek sê dus vandag aan jou, wees bly! Groot sal jou beloning in die Hemel wees, want groot was jou impak op hierdie wêreld. Moenie bekommerd wees oor jou verliese nie, want jy sal nooit meer kan prysgee as Ek nie. Niks wat jy ooit opoffer sal ongesiens verbygaan nie.”*

*“Oë wat nie kan sien nie en ore wat nie kan hoor wat Ek voorberei het vir die wat My liefhet nie. Jy soos baie, is een van die wat My waarlik lief het en wat gereageer het toe Ek gevra het vir gebed en opoffering.”*

Prys die Naam van die HERE!

# <u>Daar is ‘n doel vir alles</u>

Dankie Jesus vir U goedheid en genade! Dankie Jesus!

Hoe baie keer gebeur dit nie dat ons ingee vir sonde nie en dan voel ons so skuldig oor ons oortredinge nie? Julle sien, ons almal het so ‘n lysie... ‘n Lysie van dinge waaroor ons skuldig voel en geniet satan dit nie sal jy daardie lysie oopmaak en begin lees nie, want dan het hy baie om ons mee aan te val en baie om ons sleg te laat voel oor!

Vandag wil ek vir julle sê dat die HERE met jou lysie van dinge om oor skuldig te voel in Sy hand staan. In Sy ander hand het Hy ‘n brandende vuurhoutjie en Hy het so pas jou lysie aan die brand gesteek! Die HERE is moeg vir ons om skuldig te voel oor ons oortredinge.

Jesus sê: *“My liewe Kinders, julle moet verstaan dat Ek ‘n perfekte asook ‘n toelaatbare wil het. Soms is jy te swak om in My perfekte wil te staan. Dis dan dat ek jou My genade gee om in My toelaatbare wil te staan. Jy dien My getrou en dis waarom ek hierdie toegewing maak.”*

*“Baie van My heiliges het geestelike tuine wat hulle versorg, maar hulle het ook ondergrondse doolhowe waar hulle enigste bevrediging My teenwoordigheid is. Ek besluit wat reg is vir elke siel en op watter tyd. Sommige roei die boot terwyl ander langs hulle sit, heuningkoek eet en die rit geniet. Dis nie onregverdig nie, want elkeen het ‘n tyd en ‘n doel.”*

*“Nou vra ek dat jy terugkeer na jou eenvoudige lewe van gebed en danksegging, wetende dat Ek jou bo alles lief het, maar Ek vra dat jy bid vir jou vyande. Doen dit ten spyte van die feit dat hulle alles vervloek wat jy doen. Ek gaan hulle ontwapen en hoe armsalig gaan*

*hulle nie wees nie; so dat hulle jou gebede nodig gaan hê. Bid vir jou vyande se redding, want Ek verlang om hulle genade te bewys."*

Julle sien, liewe lesers, die HERE praat baie oor vergifnis en dat ons ons vyande moet lief hê ongeag wat hulle doen. Die doel is sodat die HERE hulle siele deur ons liefde vir hulle kan red. Julle sien, daar is geen hoop vir ons vyande sonder ons gebede nie. Sonder ons gebede is hulle verlore en onredbaar en dis waarom ons moet bid vir die wat ons haat.

Jesus gaan voort: *"Julle het hard en lank baklei en daar was kere wat dit moeilik was. Daar was kere wat Ek gewens het om julle eenkant te sit sodat julle kan herstel en vorentoe kan gaan sonder dat jy jouself moeg maak met oorlog heel dag."*

*"Soos Ek vooraf gesê het, is daar 'n tyd en 'n doel vir alles. Ek moes julle hard maak sodat julle kan opstaan teen julle eie wil. Nou dat julle dissipline geleer het en geleer het om te fokus, kan ek julle vertrou met dinge wat julle andersins in verkeerde rigting sou gestuur het. Maar julle moet versigtig wees, want soos julle weet, kry die oog kry nie genoeg van sien nie en die oor word nie vol van hoor nie."* (Prediker 1:8)

*"Dit is wat die val van Laodicea tot louwarmheid veroorsaak het, want die grootste toets kom nie gedurende die oorlog nie, maar met vooruitgang. Soldate is almal gewapen om oorlog te maak, maar as die oorlog verby is, dan is daar vir hulle niks om te doen nie en dan kom die grootste gevaar."*

*"My liewe Kinders, dis nie my doel om enige iets van julle te weerhou nie, maar jy is in 'n oorlog gewikkel vir jou siel en die siele van jou kinders. Dis waarom jy moet bou met die een hand terwyl jy die swaard vashou met die ander hand. Jy moet op en wakker wees, want die vyand werk stadig om jou van die pad af te lei sonder dat jy dit agterkom. Baie stadig word jou lewe opgeneem deur*

*onbenullighede tot jy nie meer kan regop staan om 'n normale lewe te kan lei nie. Jy word later so opgeneem dat jy My nie meer wil dien nie, maar eerder by jou speelgoed wil wees!"*

*"As die oorlog eers verby is en julle saam met My in die Hemel is, dan gaan julle sien hoe baie ek julle lief het. Julle gaan sien hoe baie graag ek die beste vir julle op aarde wou gee, maar dit nie kon doen nie, want dan sou dit jou van die pad af gelei het."*

*"Geen soldaat raak ooit betrokke by enige siviele aangeleentheid nie. Dis dieselfde met julle. Hoe meer julle betrokke raak by die dinge van die wêreld, hoe meer verslap jou waaksaamheid en hoe groter die kans dat jy gaan terugval in die wêreld. Terwyl dit gebeur is satan maar net te besig om die wat jy liefhet aan te val."*

*"In die Hemel gaan jy beskerm wees en dan gaan Ek alles aan jou kan gee sonder dat dit jou gaan beïnvloed. Dan gaan jy sien net hoe lief ek jou het, want alles wat Ek gemaak het vir jou om te geniet gaan om jou wees."*

*"So jy sien; Ek is nie die wrede slawe meester wat satan my uitmaak om te wees nie. Nee, ek is 'n waaksame Vader wat die gevare ken en die leuens wat in jou oor gefluister word. En soos 'n goeie Vader weerhou ek jou van hierdie gevare."*

Prys die Naam van Jesus!

# <u>Jesus teken die beste met gebreekte potlode</u>

Dankie Jesus dat u ons so bemoedig en aan almal wys wie ons werklik is voor U! Amen!

Ons almal voel een of ander tyd broos en dan dink ons dat ons nie goed genoeg is om gered te word nie. Of ons dink dat die HERE vir ons kwaad is of teleurgestel is in ons. Dan straf ons onsself omdat ons nie van beter geweet het of beter kon doen nie. LEUENS! Alles leuens van satan!

So ‘n paar boodskappe gelede het ek genoem dat die HERE met ‘n stuk papier in Sy hand staan, ‘n vuurhoutjie in die ander en dat Hy besig is om die vel papier aan die brand te steek. Op die stuk papier is al die dinge waaroor jy gedurig skuldig voel en jouself oor verwyt. Hy weet hoe jy daaroor voel en dat dit vals skuldgevoelens is wat jou teister omdat jy dink dat jy nie goed genoeg is nie. Hierdie gevoelens is alles leuens, versigtig aanmekaar gesit deur satan om jou skuldig te laat voel sodat jy jou van die HERE moet distansieer.

Julle sien, ek is self nie goed met hierdie ding nie. Ja, ek word ook so aangeval! Jy is dus nie uniek nie en dis nie net jy alleen wat hierdie gevoelens van skuld kry nie.

Maar daar is vandag hoop vir ons almal. Die HERE is besig om daardie lysies skuld gevoelens uit te brand, want daar is geen rede om oor enige iets skuldig te voel nie! Die HERE sê nie verniet in Sy woord: *“Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!”* (Jesaja 43:1)

Selfs al werp ons onsself neer, tel die HERE ons op. Die HERE het groot vertroue in dit wat ons vir Hom doen, want Sy Gees is lewendig binne in ons. Ons sien dit nie en verstaan dit nie altyd nie,

maar dit is daar! Hierdie is 'n geskenk van die HERE af aan ons. Ons is almal net houers; baie gebreekte houers, maar deur daardie krake en gebreke laat die HERE toe dat ons kan sien hoe Sy genade in ons werk! Jy is SYNE, liewe Kind van die HERE!

Baie van julle is miskien nie slim in mense terme nie of invloedryk of van koninklike afkoms nie. Baie mag dalk as dom beskou gewees het deur die wêreld, maar weet dat God se domheid, nog steeds wyser is as die wêreld se wysste! Die HERE kies die swakkes, kreupeles en die armes van gees om die wêreld se sterkstes te laat skaam kry! Die HERE kies doelbewus die swakkes, dit wat ander minag sodat niemand kan spog oor hoe goed hy of sy is nie.

*"Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, sodat geen vlees voor Hom sou roem nie. Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem."* (1Korintiers 1:26-31)

Self het ek al baie gewonder oor die goed wat ek skryf. Ek het al selfs vir die HERE gevra of Hy seker is dat dit wat ek skryf is wat Hy wil hê julle moet hoor; dan kom Sy antwoord: *"Hou aan skryf!"* Ek het al gewonder of ek gekwalifiseerd is om te doen wat ek doen, dan sê die HERE: *"Jy is gekwalifiseerd in My oë!"*

Baie mense dink mos dat as jy die Woord van die HERE bedien dat jy een of ander "Super Christen" is! Wat dink julle nou? Ek is 'n vaalbare mense met baie *"issues"* net soos julle! Ek kan op niks roem, behalwe die liefde van die HERE nie; alles anders is irrelevant.

Nou wag die HERE op jou, liewe leser. Gaan jy nou ophou om iets te probeer wees wat jy nie is nie en jou kleinheid oorgee aan die HERE sodat Hy kan doen wat Hy wil? Die HERE is versot op gebreekte potlode. Groot kunstenaars kan wondere verrig met potlode wat gebreek is en uitveërs wat so op is dat hulle moeilik is om vas te hou. Jy sal verbaas wees wat die HERE met jou kan doen as jy alles aan Hom oorgee!

Hou dus op om my of enige ander mense op 'n verhogie te sit. Sien ons eerder as mense wat vaal baar is net soos julle en gedurig deur die HERE se liefde gered moet word. Die doel van hierdie groep is nie om een persoon op te hemel as een of ander groot prediker nie. Hierdie groep gaan oor die krag, die genade en die liefde van die HERE en elkeen van ons wat uitverkies is om dit so te ervaar!

Wat kan die HERE doen met die wat bereid is om hervorm te word soos Hy ons gemaak het om te wees? Dit sal jou verstand te bowe gaan om te verstaan, maar weet dat daar ongelooflike dinge wag vir die wat bereid is!

Kom nou en laat die HERE jou 'n houer maak wat geëer kan word. Vervul jou roeping in die HERE.

Prys Sy Naam!

# Die Woord van God is die letterlike waarheid

HERE, ek wil vra dat U ons die wysheid sal gee om deur satan se leuens te kan sien en die insig om die waarskuwings te kan sien.

So ‘n kort rukkie gelede het ek ‘n stuk oor E-Tol gepos. Ek dink die HERE het doelbewus vir my daardie titel laat kies, want alhoewel die stuk die titel gehad het, was die boodskap heeltemal anders. Die doel van die boodskap was om vir julle te wys dat daar vir elke denkbare probleem op aarde ‘n oplossing in die Woord van die HERE is. Sommige mense het dit so gesien en ander het nie. Die kommentare op Facebook was natuurlik die interessantste om te lees!

Liewe lesers, die HERE vra nie vir jou of ‘n stelsel wat deur die regering ingestel is regverdig is, korrup is of enige iets van hierdie aard nie. Wat daar wel gevra word is dat jy gehoorsaam met wees aan die Woord van God en daardeur die Wil van die Vader te doen. Die enigste keer wat ons die wat oor ons aangestel is deur God mag teëgaan is wanneer daar wette afgevaardig word wat teen strydig is met die Woord van God. Slegs dan, liewe leser, want ons het geen mag om self te kan oordeel nie!

Dan was daar ook dié wat meen dat die Woord van God nie letterlik vertolk moet word nie... Dan skat ek dat Jesus se kruis dood ook nie letterlik was nie; dat sonde vergifnis ook nie letterlik is nie en dat die hel nie werklik bestaan nie! Ja, julle lees reg! Hierdie is die leuens wat aan mense verkondig word! God is ‘n God van liefde wat nooit ‘n mens in die hel sal werp vir ‘n ewigheid van pyniging nie! Kom ons kyk hoe daardie een vir jou uitwerk, want die Bybel wat ek lees vertel my ‘n ander waarheid!

Liewe leser, jy moet wakker word en begin oplet! Satan is besig om leuens in die ore van die mens te fluister; leuens wat klink soos die

waarheid, maar alles behalwe is! Die ergste is dat die Bybel ons waarsku dat hierdie dinge alles in die laaste van dae gaan gebeur! Jy is nou in die laaste van dae! Glo julle my nie? Kom ons kyk wat staan in 2 Timoteus 3: *"[1] Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. [2] Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, [3] sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, [4] verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; [5] mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af. [6] Want uit hulle is die wat in die huise insluip en arme vroue gevange neem wat met sondes belaai is en deur allerhande begeerlikhede gedryf word, [7] wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie. [8] En net soos Jannes en Jambres Moses teëgestaan het, so staan ook hierdie mense die waarheid teë, mense verdorwe in die verstand, onbetroubaar ten opsigte van die geloof."*

Ek is seker dat baie van julle hierdie gedeelte hierbo ken. Dis vandag natuurlik meer waar as ooit, want die einde is op ons! Die tyd van die wegraping is baie naby; maar die mense sien dit nie! Kyk wat gee die HERE vanoggend vir my in Lukas 12:54-56 *"[54] En Hy het ook aan die skare gesê: Wanneer julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: Daar kom reën! en dit gebeur ook. [55] En wanneer julle die suidewind sien waai, sê julle: Dit sal gloeiend warm wees! en dit gebeur. [56] Geveinsdes, die voorkoms van die aarde en die lug weet julle te beoordeel, maar hoe is dit dat julle hierdie tyd nie kan beoordeel nie?"*

Ons weet hoe om die aarde en die lug te oordeel, maar ons sien nie die waarskuwings tekens wat die HERE vir ons gee om ons lewens in order te kry voor Sy koms nie!

Die Bybel leer dat die wegraping in ‘n oogwink gaan gebeur. Dis drie tot vier tiendes van ‘n sekonde! Lewens gaan onherroeplik verander word as mense besef dat hulle al die tyd verkeerd was! Is jy bereid om jou ewigheid hierop te waag? Verstaan julle nou waarom die Bybel sê dat baie sal uitroep en sê, maar HERE het ons nie in U Naam duiwels uitgedryf en siekes gesond gemaak nie? *Gaan weg van My julle wat vir die ongeregtigheid werk, want Ek het julle nooit geken nie!*

Nou vra ek weer: is jy seker jy gaan saam? Is jy gered deur water en deur Gees? Doen jy die Wil van die Vader?

Ek wil laastens vir julle iets vra: waarom is jy hier? Is jy hier om in die gehoor gestreel te word; om te hoor wat se wonderlike mens jy is; om te hoor dat almal eendag hemel te gaan en dat God nooit iemand sal straf deur hom of haar hel toe te stuur nie. As dit jou verwagtinge is, dan is jy in die verkeerde geroep! Hierdie dinge gaan jy nooit hier hoor nie!

Wat jy wel hier gaan hoor is hoe sondig jy is en dat jy elke dag God se vergifnis nodig het; dat jy totaal van Hom afhanklik is en op geen manier op jou eie oor die weg kan kom nie. Jy gaan ook hoor hoe lief die HERE jou het en dat Hy selfs nie Sy eie Seun gespaar het om die prys vir jou te betaal nie. As dit is waarom jy hier is, dan is jy op die regte plek.

Ek is nie verbonde aan enige kerk genootskap nie. Hier gaan jy nie kerk dogma hoor of ‘n sekere kerk groep se idee van die waarheid nie! Hier gaan jy die waarheid hoor, die hele waarheid en niks anders behalwe die waarheid nie. Geen kop kennis nie, want mense kennis is dwaasheid in die oë van die HERE! Vir sommige gaan dit te veel wees en hulle gaan wegvlug. Ander gaan weer vashou omdat hulle gaan weet dat hier waarheid is. Watter een is jy?

# <u>Is die einde naby?</u>

Hierdie is ‘n vraag wat deur menigte Christene gevra word. Ek glo dat die HERE dit al ‘n geruime tyd vir ons wys net hoe min tyd ons oor het en nou verwys ek na die verskynsels in die hemelruim soos in die beweging van die planete, die maan en die son.

*“En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun.”* (Luk 21:25)

Kyk maar net na die rare verskynsels van planete wat na duisende jare skielik agter mekaar verby beweeg, die reeks bloed mane, die son verduistering in Amerika wat regoor die hele Amerika gegaan het van Wes na Oos...

Liewe lesers, hierdie is maar net ‘n paar van die voorvalle. Kyk ook na die storms, die droogtes, die hongersnode, die oorloë wat net al hoe erger en erger word. Dis soos ‘n vrou wat op kraam staan waar die pyne al hoe meer intens word en ja, die Bybel verwys ook so daarna! Kom ons wees eerlik, jy moet werklik baie dom wees as jy dit nog nie agtergekom het nie!

*“Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.”* (Mat 24:36)

Die HERE waarsku ons dat niemand; <u>**ek bedoel: NIEMAND**</u>; die dag en die uur van Sy koms sal weet nie. Die afgelope tyd kom dit al hoe meer en meer voor dat daar mense is wat beweer dat hulle weet wanneer die wegraping gaan plaasvind. As God die Vader dan nie eers aan Sy Seun, Jesus Christus, of aan die heilige engele, wil bekend maak wanneer die wegraping gaan plaasvind nie, om watter onverklaarbare rede sal Hy dit aan ‘n mens beken maak? Hierdie mense suig duim, maak nie saak hoe oortuigend hulle klink nie!

Hulle uitsluitlike doel is om jou te kry om geld te spandeer sodat hulle ryk kan word uit jou onkunde uit!

*"En Jesus antwoord hulle en begin te sê: Pas op dat niemand julle mislei nie."* (Mar 13:5)

Julle weet, van al die dinge wat die HERE ons teen kon gewaarsku het, het hy die bogenoemde woorde heel eerste gekies: moenie mislei word nie! 'n Slim professor het eenslag gesê as jy 'n padda vat en dit in 'n pot warm water gooi, sal dit dadelik uitspring. Gooi daardie selfde padda in 'n pot koue water, maak die water stadig warm en die padda sal dood gaan sonder dat hy uitspring. Hy sal glad nie besef dat hy in die moeilikheid is nie.

Dis soos ons vandag is! Satan weet maar net te goed dat as hy verandering wil inbring wat deur mense aanvaar gaan word, dan gaan hy dit stadig moet doen, op so 'n manier dat mense dit nie agterkom nie. Stadig maar seker word ons geslag al hoe meer wreed, gevoelloos, liefhebbers van hulleself, ongehoorsaam... Sien waarheen ek op pad is?

Daar is 'n baie sterk gees van misleiding wat op hierdie aarde rus en dis ongelooflik om te sien net hoe baie geredde Kinders van die HERE vas aan die slaap is en dit glad nie eers sien nie! Word wakker liewe Kind van die HERE! FOKUS! Let op en kyk!

*"En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom."* (Luk 21:11)

Ek hoef seker nie vir julle te sê dat die aantal aardbewings besig is om toe te neem nie... Die van julle wat ouer is sal nou weet. As jy in die 1990's van 'n aardbewing gehoor het, dan was dit wêreld nuus en het almal daaroor gepraat! Nou is dit 'n kwessie van dis-maar-net-nog-'n-aardbewing... Dit het so algemeen geword dat tot die Amerikaanse Geologiese Navorsing Raad wat rekord hou van hierdie

gebeure glad nie meer rekord hou van enige aardbewing onder drie op die Rigter Skaal nie! Lang termyn statistieke word net by gehou van aardbewings van ses en hoër op die Rigter Skaal! Praat van algemeen!

Die aarde se bevolking staan op die oomblik op 7.6 biljoen. Van daardie syfer sterf 2.4 miljoen mense elke jaar van honger; gemiddeld 9000 elke dag!

Oor pessiektes gaan ek my nie eers uitlaat nie... Om te hoor van een of ander vorm van voël griep, siekte of besmetting wat duisende dood maak is glad nie meer nuus nie! Dit het so algemeen geword...

Lesers, sien julle nie waarheen dinge op pad is nie! Die HERE sê in Lukas 12:56 dat ons baie goed weet hoe om die aarde en die voorkoms van die weer te beoordeel, maar ons sien glad nie raak wat rondom ons besig is om te gebeur nie! Hoe is dit dat ons dit nie raaksien nie? Sien waarom ek die vergelyking van die padda in die warm water gebruik het?

*"Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon."* (Luk 21:35)

Ek kan nie vir julle sê wanneer die HERE gaan kom nie; die wat beweer hulle kan is leuenaars! Ek kan vir julle dit sê en dit is dat daar meer bewyse is dat die koms van die HERE voor die deur is en baie gou gaan plaasvind as enige ander!

Die Bybel sê vir ons dat dit skielik gaan kom, soos 'n groot skrik! In 'n oogwink! 'n Oogwink vat tussen drie en vier tiendes van 'n sekonde... Dis hoe vinnig jy gaan weet of jy gereed was of nie! Is jy bereid om daardie kans te vat, liewe leser?

Om jou lewe gereed te kry is so maklik. Daar is letterlik net drie dinge wat jy moet doen: **Sonde-oortuiging** – Jy moet besef dat jy 'n Sondaar is en jouself nie kan red nie; **Sonde Berou** – Jy moet berou

hê oor jou sonde en alles wat jy gedoen het; **Ommekeer** – Jy moet afskeid neem van sonde en 'n poging aanwend om op te hou sonde te pleeg.

Almal van ons is in sonde gebore en ons verdien om te sterf! Maar die HERE het jou so lief gehad; **ja, vir jou**; dat Hy Sy eie Seun geoffer het vir jou! Jy hoef nie 'n ewigheid in die hel saam met satan deur te bring nie. Die HERE wens dit ook nie vir jou nie, want die hel is nie gemaak vir mense nie, maar vir satan en sy volgelinge. Satan weet dit, maar hy lieg vir jou en hy vertel vir jou dat jy saam met hom in die hel gaan regeer...

Liewe lesers, luister nou mooi... satan deel nooit sy mag nie! Nie eers met sy eie demone nie! Dis 'n syfer oorlog: elke siel wat hy kan wegrokkel van God af, is een minder vir die HERE! Satan voel vere vir jou en jou ideale. Jy is kanonvoer vir hom! 'n Speelding wat hy kan pynig vir 'n ewigheid vir sy genot; dis wat jy vir hom is! Word wakker; let op!

Die HERE het jou lief met 'n liefde wat nie geblus kan word nie. Hy wil jou by Hom hê, maar omdat Hy 'n Ware Heer is, gaan jy die eerste stap moet neem! Die HERE sal homself nooit op jou afforseer nie. Die keuse moet joune wees en jy moet dit uit eie vrye wil maak. Die prys is betaal; "PAID-IN-FULL" jy moet dit net gaan haal! Nou is die beste tyd ooit! Maak die regte besluit!

## Ons word beskerm deur ons onderdanigheid

Jesus, hoe onpeilbaar is u weë!

Vanoggend het die HERE vir my die eerste hoofstuk van Jona gegee om te lees; spesifiek verse drie tot vyftien. Ons almal ken die storie van Jona en die Vis. Ek bedoel, dis een van die sleutel verhale wat aan ons kinders in Sondag Skool vertel word. Hoe Jona per skip weggevlug het van die HERE, hoe die HERE 'n vreeslike storm gestuur het, hoe die lot op Jona gewerp was om te bepaal wie se skuld die storm was, hoe hy uiteindelik oorboord gegooi was en hoe die storm daarna onmiddellik tot bedaring gekom het.

Ons kan in der waarheid Newton se derde wet van swaartekrag toe pas as dit by sonde en reperkussies kom! Dit lui: *"Vir elke aksie is daar 'n gelykstaande en teenoorgestelde reaksie"*.

In ons geestelike lewens gaan dit net so: Ons is net so gehoorsaam aan die HERE as wat dit nie inbraak maak op ons vleeslike begeertes nie en dit hoort nie so te wees nie. So beland ons in allerhande moeilikheid en dan vra ons *"HERE, waarom?"* Ek gaan julle wys waarom!

Jesus sê self vir ons in Matteus 16:24 *"Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg."*

Daarby bedoel die HERE dat as jy eers gered is, moet jy 'n poging aanwend om, nie meer te sondig nie. Jy moet jou kruis opneem en die HERE volg! Ek draai geen doekies met julle om nie: dis nie 'n maklike proses nie! Ek sukkel al self vir veertig jaar met myne en jy sal hom aanhou dra tot jy die dag doodgaan of die HERE gaan kom om ons van hierdie aarde en ons kruise te verlos.

Om jou kruis te kan dra is geen grap nie, want hy is swaar en hy skaaf seer, maar dra sal jy moet, want kyk wat sê die HERE verder vir ons in Matteus 16:26 *"Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?"*

As jy eendag in die Hemel kom en jy besef dat jy tekort skiet, wat sal jy bereid wees om te betaal vir een kans om te kan teruggaan om reg te maak? Die ryk man in die gelykenis van Lasarus het met dieselfde probleem gesit. Toe die ryk man sy oë in die hel oopgemaak het, het hy ook gesmeek vir 'n tweede kans, maar dis hom nie gegun nie! Weereens ken ons almal die gelykenis.

Om jou kruis op te neem, beteken dat jy in 'n gedurende stryd met jou vlees gaan wees. Die Bybel wys vir ons in Galasiërs 5:17 *"want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie."*

Julle sien; sonde het gevolge. Jy kan nie aanhou sondig en dink jy gaan wegkom daarmee nie! Solank jy die Wil van die HERE volg, sal jy beskerm word teen baie gevare, maar as jy meer na die vlees begin draai as wat jy moet, dan beweeg jy op jou eie uit God se beskerming vir jou. Satan sal jou dan aanval en die HERE sal hom toelaat om te doen, omdat Hy jou terug wil hê onder sy beskerming waar Hy vir jou kan sorg!

Jy kan nie ander mense gaan oordeel omdat hulle na pornografie kyk as jy self sonde het wat jy net so diep in jou eie kas wegsteek nie! Was jy dan nie ook een op 'n tyd so sondig dat die HERE sy aangesig van jou af weggedraai het nie? Hoe kan jy dan ander oordeel? Ons almal het dieselfde foute, maar ten spyte daarvan het die HERE ons almal ewe lief! Ja, die HERE het die een wat na pornografie kyk ook net so lief!

Julle moet weet dat die HERE maar net te goed weet wat hier op die spel is. So ‘n paar weke gelede het ek geskryf oor God se Perfekte Wil en Sy Toelaatbare Wil vir ons. Miskien maak dit nou sin vir julle? God se perfekte wil vir ons, is dat ons totaal van sonde moet afskeid neem en ‘n rein lewe moet lei, maar God is nie dom nie! Hy weet maar net te goed dat jy ‘n perfekte siel is wat in ‘n sondige aardse liggaam vasgevang is en dat hierdie aardse liggaam geneig is tot sonde omdat dit aan die aarde vasgemaak is. Dis waarom daar ‘n toelaatbare wil is. Die HERE sal sekere oortredings toelaat maar met voorwaardes.

Ons het geen idee wat in iemand anders se lewens aangaan nie en wat die HERE in hulle lewens toelaat en wat nie. Moet in Vaders Naam dan nie oordeel wat jy nie kan sien of kan verstaan nie! Bid liewer vir daardie persoon en vra die HERE om hom of haar by te staan sodat hy of sy weer die regte pad kan vind! Verstaan julle?

*Here, prys U Wonderlike Naam vir hierdie ongelooflike boodskap en ek bid dat dit ingang sal vind in baie mense se harte en dat hulle sal kan besef net hoe groot U liefde vir ons is! -AMEN!*

# Skatte in die Hemel

HERE, ek wil bid dat U ons oë oop sal oopmaak en dat ons sal besef dat hierdie aarde en sy rykdomme vir ons niks goed inhou nie en dat U en net U alleen die antwoord tot al ons vra is! Amen!

Kom ons kyk wat sê Jesus in Mattheus 6: *"[19] MOENIE vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; [20] maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; [21] want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."*

Wie van ons het nie al gewens vir 'n mooi huis, duur motor of selfs geld om ons wildste drome te bevredig nie? Ek het al en ek is seker dat baie van julle ook so sal antwoord! Die beste is dat daar niks mee verkeerd is nie! Die Bybel is glad nie daarteen as u ryk of suksesvol is nie. In teendeel, die HERE is versot daarop om duur geskenke aan sy getroue Kinders te gee. Baie keer is dit geestelike geskenke, maar soms is dit materialistiese geskenke. Die HERE gee eerder die geestelike geskenke, omdat hy weet dat die geestelike geskenke nie tussen jou en Hom sal kom nie, maar as Hy sien dat jy dit kan hanteer en Hom nog steeds bo enige materialistiese geskink gaan kies, dan sal hy aan jou die materialistiese ook gee.

Voor ons nou verder gaan, kom ons kyk na een van die Bybel se bekendste figure: Salomo. Volgens 2 Kronieke 9:13 was Salomo se jaarlikse inkomste 666 talente (ongeveer 22,000 kg) goud. As mens dit terugwerk in 'n rand waarde vir vandag, dan was Salomo se jaarlikse inkomste R9.2 biljoen! Dis 'n inkomste van R768.17 miljoen per maand!

Nodeloos om te sê was Salomo so ryk dat hy alles kon doen wat mens maar kan begeer, maar kyk net wat sê Salomo in Prediker 1:

*"[13] En ek het my hart daarop gerig om met wysheid te ondersoek en na te speur alles wat onder die hemel gebeur. Dit is ’n moeilike taak wat God aan die mensekinders gegee het om hulle daarmee te kwel. [14] Ek het al die werke gesien wat onder die son gedoen word, en kyk, dit was alles tevergeefs en ’n gejaag na wind."*

Hoe dan nou? Hier is 'n man wat sy wildste drome kon bevredig; wat alles gedoen het wat onder die son gedoen kan word en hy sê dis alles *'n gejaag na wind*! Hoe kan dit dan wees?

Hoeveel vermoënde mense ken julle? Ek praat nou van mense wat geld het om die meeste van hulle drome te kan verwesenlik? As u aan iemand soos dit kan dink; wanneer laas het u daardie persoon werklik gelukkig gesien? Die persoon het geld om alles te kan koop, maar maak dit hom werklik gelukkig? Ek kan vir julle met alle eerlikheid sê dat die antwoord op daardie vraag *nee* is. Op die oppervlak lyk daardie persoon gelukkig, maar delf 'n bietjie dieper en u sal sien dat die duur huis, duur motor en die groot skerm TV net 'n manier is om die hartseer weg te steek! Geld kan baie dinge koop, maar dit kan nie gelukkig maak nie, maak nie saak hoeveel daarvan jy het nie. Die dag as dit tyd is om jou aarde woning af te breek, dan kan jy niks daarvan saamvat nie. Dan gaan ander uitgee wat jou 'n leeftyd gevat het om bymekaar te maak!

Moenie 'n fout maak nie; ek is glad nie teen rykdom nie, maar ek wil u net een vraag vra: Hoeveel skatte het u in die Hemel? Met ander woorde, hoe sterk is u Hemelse Bank Rekening? Baie gaan nou vra: *Hemelse wat?* Hemelse Bank Rekening, met ander woorde hoeveel skatte het u al in die Hemel bymekaar gemaak? Die volgende vraag is nou: Hoe maak mens skatte in die Hemel bymekaar?

Ons maak skatte in die hemel bymekaar deur die manier hoe ons op aarde leef en met ander oor die weg kom. Kyk wat sê Jesus in Mattheus 10 *"[40] Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. [41] Wie ’n profeet*

*ontvang omdat hy ’n profeet is, sal die loon van ’n profeet ontvang; en wie ’n regverdige ontvang omdat hy ’n regverdige is, sal die loon van ’n regverdige ontvang. [42] En elkeen wat een van hierdie kleintjies net ’n beker kou water laat drink, omdat hy ’n dissipel is, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie."*

Hoeveel mense het u al gehelp sonder om iets terug te verwag? Onthou dat alles wat u op aarde doen 'n effek op u Hemelse Bank Rekening het. Elke Christelike e-pos wat u aanstuur, elke Christelike boodskap wat u op *Facebook* pos. Hoeveel mense u gehelp het; nie net geldelik nie, maar ook fisies sonder om iets terug te verwag. Alles dit laat u Hemelse Bank Rekening groei! Ons sien baie keer nie die effek wat ons hande werk het nie, maar glo my, alles wat jy vir Jesus doen, gaan jy voor vergoed word voor!

Gaan u een van dié wees wat Jesus se woorde in Mattheus 25:21 gaan hoor? *"Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel."*

Werk dus sonder ophou en moenie bekommerd wees oor wat die mense gaan dink nie! Dis nie hulle opinies wat tel nie, maar God s'n! Werk dus op aarde om te leef, maar spaar in u Hemelse Bank Rekening! *Amen!*

# <u>Outoriteit in die Naam van Jesus</u>

Ek wil vandag so bietjie met julle gesels oor outoriteit. Wat beteken outoriteit? Letterlik beteken dit *met gesag en wettige mag*.

Hoeveel van ons word dag in en dag uit deur satan se volgelinge versoek? Hoeveel keer oorwin satan in jou lewe deur jou met vrees te intimideer? Waarom laat ons dit toe? Omdat satan vir ons lieg oor die outoriteit wat ons regtig het, want hy weet dat sy werk aansienlik moeiliker gaan wees as ons eendag moet besef hoeveel outoriteit ons regtig het!

Wie van julle sal vir Prins Harry 'n klap gaan gee dat hy sterretjies sien? Ek hoor al die verskonings: "Is jy kranksinnig?" "Wil jy hê ek moet in die tronk gaan sit?" Nou vra ek my vraag weer: Waarom laat ons dan toe dat satan met ons doen wat hy wil en daarmee wegkom? Is ons dat nie kinders van die Koning nie?

Kom ons kyk wat sê die Bybel:

Johannes 1:12 *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;"* As u vir Jesus aangeneem het as u persoonlike salig maker, dan is u 'n kind van God. God is die Koning van alles, dus is u 'n kind van 'n Koning! Het u geweet dat u deur daardie mag 'n prins/prinses is?

Mattheus 28:18 *"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde."*

Johannes 14:14 *"As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."* Jesus het al die mag op Hemel en Aarde. As kind van God het u toegang tot hierdie mag.

Ek het baie jare gelede 'n fliek gaan kyk waar iemand ‘n demoon wou gaan uit dryf. Die film was nou nie juis iets om oor huis toe te skryf nie, maar dit het ‘n baie belangrike les gehad wat ek aan julle wil oordra. Een van die karakters in die film het dapper vorentoe gestap met 'n metaal kruis in sy hande en die demoon beveel om te wyk. Die besete man het agter uit sy keel gelag, vorentoe getree, die metaal kruis tussen sy vingers gegryp en dit opgefrommel. Daarna het hy vir die man gesê: "Jy moet geloof hê vir dit om op my te werk!"

Toe ek dit hoor het ek skielik besef wat ons as Christene se grootste probleem is. Ons het nie die geloof nie! Ons wil vir satan allerhande bevele gee, maar sonder die geloof is dit hol en leë woorde! Satan lag vir ons en ons is te dom om dit agter te kom! As jy 'n bevel in die naam van Jesus uitreik en dit met hart, siel en verstand glo, gaan satan sidder tot in sy toonnaels in! Dit belowe ek vir julle! Jy sal duiwels kan uit dryf en hulle terug stuur waar hulle vandaan gekom het! Die Bybel leer vir ons dat die demone Jesus gesmeek het om hulle nie terug te stuur hel toe nie! Dis hoeveel mag tot ons beskikking is!

Dit laat my dink aan 'n getuienis wat ek baie lank gelede gehoor het van 'n leraar wat vir mense gebid het om gesond te word. Hulle bring toe vir hom 'n vrou in 'n rolstoel. Hy het nog nooit vir iemand in 'n rolstoel gebid nie, maar sy geloof het nie gewankel nie, al was die werk hoe groot! Hy het by die vrou in die rolstoel gaan kniel, maar voor hy kon begin, vra satan vir hom: "Wat gaan jy maak as die vrou nie uit die rolstoel opstaan nie?" Sonder om te twyfel, vra die leraar toe: "Wat gaan jy maak as sy wel opstaan en loop?" Satan het hom verlaat en daardie aand nooit weer versoek nie!

Hierdie is die tipe outoriteit wat ons as Kinders van God het! Dis tyd dat ons daardie outoriteit weer terugvat en dit gebruik! Jy hoef nie

vir satan bang te wees nie, want Jesus is groter en baie sterker! Onthou! Jy MOET glo om dit te laat werk. Dis die sleutel!

Prys die Naam van die HERE!

# Saam met Jesus op 'n Tandem Fiets

Jesus, wat ‘n wonderlike voorreg om U en U alleen te kan dien. Ons kan sing, huil en lag van blydskap oor al die ongelooflike dinge wat U in ons lewens vermag! AMEN!

Nadat ek die eerste keer vir Jesus Christus ontmoet het, het die lewe vir my gevoel soos 'n fiets rit op 'n tandem-fiets, en Jesus het op die agter-sitplek gesit en Hy het my gehelp trap. Ek weet nie mooi wanneer dit was dat ons plekke omgeruil het, maar sedert Hy die voor-sitplek ingeneem het was die lewe nooit weer dieselfde nie.

Toe ek in beheer was, het ek die pad geken; dit was redelik voorspelbaar - altyd die kortste pad op my manier tussen twee punte. Maar vandat Jesus Christus die stuurstang oorgeneem het, is die hele pad sommer interessant en opwindend, al hou ek soms asem in.

Hy neem ons oor asemrowende berg paaie, deur rotsagtige plekke, afdraandes teen nekbreek snelhede al wat ek kon doen was om vas te hou. Selfs wanneer dit gelyk het na skone malligheid, het Hy aangemoedig met 'n "hou aan met trap!" Ek het bang en paniekerig geraak en uitgeroep. "Waarheen neem U my?" Hy het geglimlag en nie geantwoord nie, en ek het geleer om Hom te vertrou. Ek het my voorspelbare leefstyl vergeet en het gewoond begin raak aan die avontuur van op die agterste sitplek ry, saam trap maar geen stuurstang in my eie hande.

Wanneer ek soms begin bang raak, dan het Hy terug geleun en my hand aangeraak. Hy het my geneem na mense met gawes wat ek nodig gehad het. Gawes van genesing, aanvaarding, vriendelikheid. Hy het my beveel: "Gee jou gawes weg, dis te veel bagasie, te veel gewig." So het ek weggegee aan mense wat ons ontmoet het op die

pad, en ek het ontdek dat deur weg te gee, ek al hoe meer ontvang het, maar my vrag het nie swaarder geraak nie, die las is lig.

Aanvanklik het ek Hom nie vertrou nie, en ek was self in beheer van my lewe. Toe ek begin agter ry het, het gedink, Hy gaan ons verongeluk! Stelselmatig het ek gesien dat Hy fietsry-geheime ken. Hy het geweet hoe om deur 'n skerp draai te beweeg, hoe om te klim oor rotse wat heeltemal te hoog gelyk het vir my, en waar om te jaag sodat ons vinniger deur die gevaarlike plekke kon gaan. Ek het geleer om my mond te hou en net saam te trap, dikwels op die mees ongewone plekke; ek het begin ontspan en selfs geleer om die natuurskoon rondom my te geniet en ook die koel wind in my gesig in die permanente kameraadskap van iemand wat my nooit begewe en verlaat nie; die Heilige Gees.

En elke keer wanneer ek seker was dat ek aan die einde was van my eie kragte; glad nie in staat om verder te gaan nie, dan het Hy geglimlag en aangemoedig: "Trap My Kind, Trap!"

# Bekommernisse oor ons tekortkominge

Baie keer gebeur dit dat ons meer bekommerd is oor wat die HERE van ons dink as was ons bekommerd is oor wat die HERE in ons raaksien!

Ons sien baie keer net hierdie sondige wese wat net kan sondig en dan herinner satan met graagte ons aan al die verkeerde dinge wat ons doen of gedoen het. Ons raak dan neerslagtig en dan wonder ons of die HERE ons werklik vergewe het...

Klink dit bekend? Dan gaan ek vir julle die volgende storie vertel.

Daar was 'n sekere man wat elke oggend en middag twee groot emmers water by 'n rivier gaan haal het vir sy huis. Hy het die emmers oor 'n juk gehang en die juk dan op sy skouers geplaas voor hy begin loop het. By die rivier het hy die emmers volgemaak, hulle weer aan die juk gehang en dan die juk weer op sy skouers geplaas. Die emmer aan die regter kant het 'n klein gaatjie ingehad en sovêr die man geloop het, het die emmer gelek. As die man by die huis gekom het, was die emmer aan die regterkant net half vol. Natuurlik was die emmer baie selfbewus oor sy tekortkoming en eendag het hy by die man gaan kla daaroor. Die man het die emmer na buite gevat en gesê dat hy moet kyk na die kant van die pad waar die heel emmer hang. "Wat sien jy?" vra die man "Niks, behalwe vir sand nie," antwoord die emmer. "Wat sien jy aan die kant waar jy hang?" 'n Ry blomme het begin groei aan die kant wat die stukkende emmer hang as gevolg van die water wat elke dag uit hom gelek het. Die emmer het begryp dat daar niks aan die heel emmer se kant gegroei het nie, omdat daar nooit water daaruit gelek het nie, maar as gevolg van sy tekortkoming het die man mooi blomme om elke dag na te kyk as hy met die pad afloop om water te gaan haal.

So gaan dit in ons lewens ook. Ons wil graag perfek wees vir Jesus, net soos Hy perfek was. Ons sukkel om hierdie perfeksie na te streef en op die ou end raak ons gefrustreerd deur ons tekortkominge. Net soos met die emmer, sien ons nie die groter prentjie nie. Dit gaan nie oor die gate in die emmer nie, liewe kind van die HERE, maar oor die heilige water binne in. Dit gaan dus nie oor hoe jy uiterlik lyk nie; dit gaan oor hoe jy die lewe benader. Is jy vriendelik met ander? Sien hulle die HERE se lig in jou lewe? Is jy goed vir die wat minder bevoorreg as jy is? Dis die dinge wat die blomme langs die pad laat groei en nie die gate in jou lewe nie! Julle moet onthou dat jou liggaam net 'n aardse kruik is. Hierdie liggaam is gebind aan die aarde. Hy wil sondig en hy wil hom oorgee aan vleeslike begeertes.

Mense vra gereeld vir my wat die Bybel sê oor sekere aspekte van hulle lewens. Ek kan baie verse uithaal wat vir julle gaan wys hoe verkeerd baie dinge is wat ons elke dag doen, maar wat gaan ons daardeur bereik? Ons gaan onsself bind in 'n klein bondeltjie en ons gaan so hard probeer om die gate in ons lewens toe te stop dat ons geheel en al gaan vergeet waarom hierdie gate daar is. Dis belangriker om die wil van die Here te doen as om bekommerd te wees oor die gate!

Ek gaan afsluit met 'n versie wat ek per e-pos ontvang het van ‘n gereelde leser:

"Here, my lewe is so vol gate, ek wil so graag weer heel wees."

Toe sê Hy vir my - "My kind, as daar nie gate in jou lewe was nie, waardeur sou My LIG dan kon skyn?"

Dankie Here dat U ons aanvaar ons net soos ons is, by U bly ons elkeen spesiaal. Amen!

Prys die wonderlike Naam van Jesus!

# <u>Ons ontvangs met die netwerk</u>

Weet julle dat die Here die hele tyd met ons praat, maar dat ons Hom nie altyd hoor nie?

Ek het die volgende verduideliking per epos ontvang en ek moet sê dat hierdie verduideliking selfs vir my omkant gevang het! Ek het nog altyd gewonder hoe ek ‘n begrip soos die aan iemand gaan verduidelik, maar ek het nooit verwag dat die HERE vir my so ‘n maklike verduideliking sal stuur nie! Dis dinge soos dit wat my net laat besef wat ‘n ongelooflike wonderlike God ons dien! Kom ons begin!

Die dag as jy 'n selfoon koop het jy twee dinge nodig om dit te laat werk: 'n sim-kaart wat binne in die selfoon moet pas en lugtyd by een van die diensverskaffers. Jesus is die sim-kaart. Hy is die begin. Sonder Jesus wat die sim-kaart verteenwoordig werk die selfoon nie. Die lugtyd is ons gebede. Ons moet baie bid, anders raak ons lugtyd op! Die netwerk is God die Vader. Jesus laat ons toe om direk met God die Vader te kan gesels, maar dan moet ons lugtyd en 'n goeie ontvangs hê. Dis waarom dit so belangrik is om baie te bid en met God te gesels; sodat jy genoeg lugtyd het om daardie belangrike oproep te kan maak as dit die dag saak maak!

Die probleem met alle selfone is dat hulle nie altyd ontvangs het nie. Weet ons dit nie almal nie? Jy moet op die regte plek wees, anders het jy nie ontvangs nie. As jy binne in 'n gebou instap, dan belemmer dit jou ontvangs. Dieselfde met sonde. Sonde in die lewe van Christene veroorsaak dat die ontvangs met die netwerk wat God die Vader is, belemmer word. Dan is jy nie meer op die regte plek nie. Kommunikasie met God die Vader raak dan al hoe moeiliker en baie Christene hou dan op om op hulle selfone te gesels. Dis dan wanneer ons probleme regtig begin.

In Jesaja 43:1 lees ons: *"Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!"* Ons is God se kinders; sy eiendom! Voordat die ontvangs heeltemal opraak, sal God alles in Sy vermoë doen om die ontvangs weer te herstel en jou op die regte plek te kry. Dis dan wanneer die slegte dinge gebeur, want God probeer jou aandag trek deur vir jou te wys dat jy op die verkeerde plek is.

In Handelinge Nege lees ons hoe God vir Saulus so met 'n weerligstraal getref het. God het vir hom letterlik gewys dat hy op die verkeerde plek was! Dieselfde gebeur in baie Christene se lewes en dan kan hulle nie verstaan waarom nie. Hulle blameer dan vir God, maar al wat God wou doen was om aan jou te wys dat daar 'n probleem was met jou ontvangs is! God weet dat een slegte insident in jou lewe jou weer sal laat bid en sal laat terugkeer na Hom toe. Dis waarom die Here toelaat dat dit gebeur.

Liewe leser, kyk wat is verkeerd in jou lewe. Herstel jou ontvangs met God en alles sal weer regkom! Jou ontvangs met God is die kern waarom alles draai. God kan nie dinge in jou lewe verander of regmaak as jou ontvangs met die netwerk nie reg is nie. Herstel dit asseblief heel eerste!

Mag die HERE hierdie boodskap seën!

# <u>Die dag van die HERE kom!</u>

My God en Koning, maak die wat hierdie lees se oë oop dat hulle sal kan sien hoe min tyd ons werklik oor het. AMEN!

Twee keer gedurende my oggend Bybel studie het my Bybel oopgeslaan by die gedeelte wat handel oor die verdrukking. (Mattheus 24, Markus 13 en Lukas 21) Ek het dit al baie gesê en dit is dat daar nie iets soos toeval is nie. Die HERE is in beheer van alles en alles gebeur met 'n doel, selfs al sien ons nie altyd daardie doel nie.

Die HERE waarsku ons al 'n geruime tyd om gereed te wees en dat Sy koms naby is; voor die deur. Die Bybel sê ook vir ons alles wat vooraf gaan gebeur:

- Baie vals profete sal opstaan en beweer dat hulle die Christus is. (Lukas 21:8) **√**
- Ons sal hoor van oorloë en opstande. (Lukas 21:9) **√**
- Daar sal groot aardbewings wees. (Lukas 21:11) **√**
- Daar sal hongersnode wees. (Lukas 21:11) **√**
- Daar sal pes siektes wees. (Lukas 21:11) **√**
- Daar sal tekens in die hemel wees. (Lukas 21:11) **√**

Alles hierdie dinge het waar geword! Die Bybel leer vir ons in Mattheus 24:32-33 *"En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur."*

As ons dan dit weet, hoe kan ons nog lewe asof daar nog baie dae gaan wees? Hoe kan dit wees dat mense nie oor hierdie dinge bekommerd is nie? Mis ek iets of weet iemand iets wat ek nie weet nie?

In Lukas 21:34-36 waarsku Jesus ons: *"Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie.* ***Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon.*** *Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan."*

Die sleutel is om te bid en jouself op te pas. Jou primêre doel behoort nie te wees om wêreldse plesier na te jaag nie! Maar te sorg dat jy gereed is as die koning gaan kom! En dit gaan gebeur; of jy gereed is of nie!

Julle moet weet dat die HERE gaan kom vir 'n **GEESVERVULDE** Bruid wat **AAN DIE BRAND** is vir Hom! As jy nie **GEESVERVULD** en **AAN DIE BRAND** is vir die HERE nie; voel ek jammer vir jou, maar jy gaan dit nie maak nie, want jy is nie gereed nie! Jy gaan agterbly om jouself gereed te kan kry en te bewys waar jou lojaliteit lê: by die wêreld met sy plesier of by God! Die Gelykenis van die Tien Maagde bewys dit! (Mattheus 25) Jy moet genoeg olie van die Heilige Gees in jou lewe hê sodat jou lampie kan **BRAND**! Jou lampie moet so brand dat ander mense die LIG in jou lewe kan sien en aangetrek word na die LIG toe! Prys die Naam van die HERE!

Liewe leser, luister nou en luister nou baie mooi! Ek wil nie hê dat een van my kudde moet agterbly nie. Die HERE het my immers die versekering gegee dat elkeen wat luister gered sal word. Dis ook nie die wil van die HERE dat iemand moet agterbly nie, maar jy moet weet dat jy self jou ewigheid in jou eie hande vashou. Jy maak die besluite en net jy kan besluit watter rigting jy wil inslaan. Ek weet maar net te goed dat baie van julle wat hierdie lees nie gereed is nie. Julle dink julle is, maar ek kan jou die versekering gee, dat jy nie is nie! Dis waarom jy in jou gees ontsteld voel as jy aan hierdie dinge dink. Die Gees van die HERE probeer jou dit aan jou wys.

Baie bloed gewaste Kinders van die HERE gaan daardie dag uithardloop en in die lug in op skree: HERE, waarom? Het ons dan nie gebid, Bybel gelees en U Woord verkondig nie? Liewe leser, gaan jy een van hulle wees?

Baie dink dat omdat hulle gered is, hulle outomaties in die wegraping sal saam gaan. Jy is verkeerd! Jy moet vervul wees met die Heilige Gees en jy moet aan die brand wees vir die HERE! Die Bekering is maar net stap een. Op daardie dag wat jy tot bekering kom, steek die HERE die Vuur van die Heilige Gees in jou aan die brand, maar dis 'n baie klien vlammetjie wat baie maklik dood gaan as jy nie versigtig is nie. Dit hang van jou af of daardie vlam gaan groei tot 'n oorverdowende geknetter!

Die van julle wat al ooit 'n nag in die wildtuin gespandeer het sal nou weet wat ek van praat. Solank as wat jou kamp vuur hoog brand, hoor jy die leeus en die hiënas ver in die veld. Maar soos daardie vuur krimp en al hoe kleiner word, so word die naggeluide van die diere al hoe harder. Met ons is dit presies dieselfde! Solank die vuur van die Gees hoog in jou lewe brand, loop satan en sy volgelinge 'n wye draai om jou, maar hoe kleiner daardie vuur brand, hoe meer direk en doelgerig word die aanvalle!

Koester daarom daardie piep klein vlammetjie. Raak ontslae eers van die klein sonnetjies in jou lewe. Dit sal die vlammetjie meer spasie gee en makliker laat asem haal. Dan pak jy die groter sondes. Hoe meer jy van sonde ontslae raak, hoe groter gaan jou vuur brand! Bid en leef die wil van die Vader uit! Laat jou lig skyn sodat die wat in die donker is aangetrek word na die lig toe. Wees vriendelik met almal! Doen goed aan die wat aan jou sleg doen. Moenie kwaad met kwaad vergelyk nie!

Verstaan julle wat ek probeer sê? Dis hoe jy jouself gereed gaan kry en waardig om dit wat gaan kom te ontsnap. Tyd vir uitstel is daar nie meer nie.

Ek gaan Lukas 21:36 weer herhaal omdat dit so belangrik is: *“Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.”*

Ek weet glad nie hoeveel tyd ons meer oor het nie, maar ek kan vir julle dit sê: Alles en ek herhaal **ALLES** wat Jesus ons oor gewaarsku het in die Bybel, is reeds vervul, liewe leser. Dis nou net ‘n kwessie van tyd! Die HERE gee tyd vir die laastes om gereed te maak. Wil jy nie een van hulle wees nie?

Prys die Naam van Jesus!

# Die laaste siele oes

HERE, Koning, maak tog mense se harte en hulle ore oop om te besef dat ons tyd min is! AMEN!

Ek het hierdie afgelope tyd baie oor die wegraping geskryf. Baie daarvan was hersiening van werk wat ek in die verlede geskryf het. Ek het eers nie verstaan waarom die Gees wil hê dat ek weer 'n keer "ou werk" met julle moet behandel nie, maar vandag toe ek deur *Face Book* gaan en kyk na al die goed wat my vriende gepos het en al die Christelike boodskappies lees; terloops, dis my gunsteling boodskappe; toe tref dit my. Hierdie is die laaste siele oes voor die koms van ons Koning! Die Gees is vir 'n laaste keer besig om mense te oortuig van sonde en van oordeel en van geregtigheid.

Vanoggend geen die HERE vir my Maleagi 4 om te lees en in die gedeelte oorbeklemtoon die HERE sy wederkoms! Ek verstaan nou waarom die Gees so pertinent aangedring het dat ek moes skryf oor die wegraping.

As jy nie seker is of jy die wegraping gaan meemaak nie, dan beter jy nou oplet en mooi luister! Baie Christene, veral die ouer Christene dink dat hulle op die laaste oomblik gou-gou alles sal kan regmaak. Jy speel met jou ewigheid as jy so dink! Die HERE sê: *"Wat help dit jy het alles in die lewe, maar jou siel lei skade? Wat sal jy gee as losprys vir jou siel?"* (Mattheus 16:26)

Ek kan nou vir jou vra dat as jy jouself na die wegraping nog op aarde vind, wat sal jy nie gee vir net een kans om reg te maak nie? Ek kan jou verseker dat daar geen waarskuwing gaan wees nie en dat jy ook geen tyd gaan hê om gou-gou alles reg te maak soos wat jy dink jy gaan hê nie. Jou kans om reg te maak is nou!

Die HERE sê in Handelinge 2:17-21 die volgende: *“[17] En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. [18] En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. [19] En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. [20] Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. [21] En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.”*

Kyk maar net hoeveel mense profeteer deesdae, hoeveel sien gesigte en hoeveel droom drome. Ek het self al twee keer drome gedroom waarin die HERE vir my dinge gewys het wat toe gebeur het! Kyk maar net hoeveel tekens daar in die afgelope jare was in die hemel; hoeveel keer die son verduister is en hoeveel keer ons bloed mane gesien het. Hoe kan jy nog twyfel?

Die HERE sê dat as jy nie seker is nie, toets dan hierdie boodskap soos wat die mense in Thessaloníka met Paulus se boodskap gedoen het. (Handelinge 17:11) Ek wil hê julle moet, want dan sal die wat twyfel sien dat hierdie boodskap waar is! Ek is nie hier omdat ek op ‘n self verheerlikings tog is nie. Ek is nie hier om deur mense gesien te word nie, maar om die wil van die HERE te doen. Prys Sy Wonderlike Naam!

Die gordyn wat daar tussen die Hemel en die Aarde was is weggetrek, liewe leser. Die tyd is min. Ek weet nie hoeveel tyd ons oor het nie, maar ek kan dit sê: tyd vir Godsdiens speel is daar nie meer nie. Jy gaan ‘n keuse moet maak en jy gaan dit gou moet maak. Jou ewigheid rus in jou hande. Jy alleen is verantwoordelik of jy die wegraping gaan meemaak en of jy gaan agterbly om reg te maak.

# Gees vervulde bruid van die HERE

HERE, gee tog dat die wat hierdie lees sal verstaan dat U ernstig is oor hierdie saak; dat U geen doekies omdraai nie. Wys tog in hulle harte dat hierdie woord die waarheid is. Amen!

Vandat ek geskryf het dat die HERE vir ‘n *“Gees Vervulde”* bruid gaan kom, was daar baie vrae. Julle sien, baie is geleer dat as jy gered is, dan gaan jy Hemel toe. Dis natuurlik waar, want jou siel is gered en die HERE sê in Sy Woord dat niks jou uit sy hand sal gryp nie, maar die feit dat jou siel gered is beteken nie dat jy die wegraping gaan meemaak nie...

Julle sien, baie dink dat as jy tot bekering gekom het dan is jy veilig en dit word ook so in ons kerke verkondig, maar as jy die Bybel begin bestudeer, dan kom jy agter dat meer nodig is. **Eerstens** moet jy ‘n heilig lewe leefstyl volg. (*“Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewens wandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.”* 1Petrus 1:15-16) **Tweedens** moet jy BID! Hoeveel van julle bid nog tot die HERE? Wie se bid altare is afgebreek en die klippe daarvan lê verstrooi? Jesus sê in Lukas 21:36 *“Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.”* Sien, jy moet BID en met die HERE gesels! **Derdens** moet jy vol van die olie van die Heilige Gees wees en aan die brand vir die HERE! Dit beteken die dat HERE jou begin en einde moet wees; jou alles. Jou lewe moet in Sy hande wees en jy moet elke dag op die leiding van die Gees staatmaak. Jy moet geen besluite op jou eie maak sonder om die HERE eers te raadpleeg nie, want alles behoort aan die HERE! Verstaan julle?

So ‘n tyd gelede het iemand vir my ‘n getuienis gestuur van ‘n vrou wat in ‘n droom drie mans en ‘n vrou in ‘n motor gesien ry het. Sy

het geweet dat al vier mense gered was en Kinders van God was, maar net die vrou alleen het verdwyn; die drie mans het agtergebly. Sy sê dat haar hart gebreek het vir al die verlore siele wat dink dat hulle gereed is omdat hulle die HERE as Salig Maker aangeneem het. Sy kon nie verstaan waarom net die vrou geneem is en nie die mans nie, want almal was tog geredde kinders van die HERE! Toe wys die HERE vir haar dat die wat agtergebly het nog in die wêreld lewe, na wêreldse musiek luister, na wêreldse films kyk, tydskrifte en gewone boeke lees wat glad nie die gees voed of stig nie, ure voor die TV sit en glad nie tyd maak om saam met Jesus en die Heilige Gees te spandeer nie. In Jakobus 4:4 staan: *"Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God"*. Verstaan julle nou waarom die Jesus in Mattheus 25:12 sê *"Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie."* As jy nie tyd maak vir die HERE in jou lewe nie, gaan die HERE nie weet wie jy is nie!

Bid jy nog, liewe Kind van die HERE? Gesels jy met die HERE? Baie mense sê dat hulle nie kan bid nie... Kan jy met mense gesels? Dan kan jy bid ook. Bid en vergifnis vra vir jou oortredinge is uiters belangrik! Jy moet jou bruilofskleed skoon hou en deur vergifnis te vra is die manier hoe jy dit doen. Ek weet nie presies hoe om die volgende in woorde om te sit nie, maar die HERE is vir jou so lief soos wat jy nooit sal kan besef nie. Hy wil jou nie veroordeel nie! Hy wil hê jy moet na Hom toe kom met alles, maar satan gaan jou oortuig dat die HERE woedend is vir jou en dat Hy jou wil straf. Dis absolute snert! Leuens! Die HERE wil jou in sy liefdevolle arms vat en jou wonde verbind. Hy wil jou genees van alles wat jou pla, maar dan moet jy na Hom toe kom. As jy siek is en jy gaan nie na 'n dokter toe vir hulp nie, wie se skuld is dit dan? Die dokter s'n? NEE! Jesus is ons Geestelike Dokter. Hy wag vir jou en Sy spreekkamer bly 24 uur per dag oop! Prys sy Naam!

As jy gereeld bid, dan sal die Vuur van die Heilige Gees in jou begin brand vir die HERE. Dis onvermydelik! Jy sal begin staan maak op die leiding van die Gees en al hoe minder dinge op jou eie wil doen.

Kom en vertel julle iets sodat julle kan verstaan. Ek moes my rekenaar opgradeer, want die een wat ek het is al elf jaar oud, maar ek het tot nou toe nog nie die geld daarvoor gehad nie. Rekenaars kos nie meer vyf tot tien duisend rand nie... Jy kyk nou na twintig tot dertig duisend rand! Ek het geen idee gehad hoe ek hierdie bedrag bymekaar sou kry nie, maar ek het op die HERE vertrou, want ek het geweet dat 'n oplossing sou kom. Ek het begin spaar. Die HERE was getrou en Hy het gesorg dat daar altyd ekstra geld elke maand was om te kan spaar. Soos die geld elke maand gegroei het, het ek gevra: *Nou HERE?* Dan kom die antwoord: *Nog 'n klein rukkie.* So het ek uitgehou sonder dat ek geweet het waarheen die HERE met my op pad was. Julle sien, dis soos daardie prentjie van die dogtertjie wat die klein teddiebeertjie vashou en weier om dit vir dien HERE te gee, maar intussen staan die HERE met die grootste teddiebeer denkbaar agter Sy rug en Hy wil dit vir jou gee, maar eers moet jy wys dat jy op Hom vertrou! Prys die HERE! Die laaste week van Maart het alles skielik net in plek geval. Op een of ander bo natuurlike manier het die HERE gewerk dat ek die parte wat ek nodig gehad het baie goedkoop kon kry! Nou sit ek met die grootste geskenk wat ek nog ooit van die HERE gekry het! Sien julle, dis wat gebeur as jy die HERE in begeer van jou lewe sit en op Sy leiding alleen vertrou.

Die HERE soek 'n verhouding met jou. Hy wil jou leer ken en hy wil alles van jou af weet. Ja, Hy weet alles klaar, maar Hy is versot daarop as jy Hom dit eerder self vertel. Is dit dan nie lekker as iemand vir jou 'n storie vertel as wat jy dit self lees nie? Die HERE het jou lief, liewe leser; meer as wat jy ooit sal kan besef. Hy wil jou toegooi met duur geskenke van geestelike gawes, maar ook fisiese geskenke as die nie in die pad tussen jou en Hom gaan staan nie. Al

wat Hy terug verlang is jou liefde vir Hom en dat jy alles in Sy Hande moet sit. Dis werklik maklik. Jy sal dan begin sien dat dit wat die wêreld vir jou kan bied nie naasteby is wat die HERE vir jou kan gee nie. Al wat hierdie wêreld vir jou kan gee is fisiese rykdom en daarmee saam ‘n hoop van probleme so groot soos ‘n berg. Het jy al ooit een ryk man gesien wat volkome gelukkig is? Dan rus ek.

Die HERE sê in Jesaja 55:7 *“Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik.”* Maak dinge reg sodat jy aan die brand word vir Jesus, want Hy soek ‘n bruid wat verlang na Hom in Gees en in Waarheid! Prys die HERE!

# Gelykenis van die lui dienskneg

Ek bid HERE vir geopende ore en geopende verstande, sodat dié wat hierdie lees sal lees en verstaan. Amen!

Die afgelope tyd het ek baie oor die wegraping geskryf, want die Gees wou dit so gehad het. Die HERE wil hê dat julle moet weet dat die wegraping gaan gebeur en dat dit onafwendbaar is. Maar die HERE wil ook hê dat julle moet weet dat dit nie nou die tyd is om op jou huis se dak te gaan sit en te wag daarvoor nie.

Julle sien, as ek vyf mense vat en hulle in 'n ry laat staan en ek vertel hulle dat die wegraping oor twee dae gaan plaasvind, sal vier van die vyf na hulle huise toe hardloop en gaan wegkruip. Net een sal sê hoe baie werk daar nou skielik is en dat siele gered moet word voor dit te laat is!

Vat nog vyf mense en laat hulle ook in 'n ry staan en sê vir hulle dat die wegraping uitgestel is en weer sal vier van die vyf huis toe gaan en aangaan met hulle lewens asof daar niks gaan gebeur nie. Net een sal besef dat meer tyd aan ons gegun is om reg te kan maak en om meer siele vir die HERE te werf!

Watter een van hierdie mense is jy, liewe leser?

Dis nou waar my teksvers vir vandag inkom soos in Mattheus 25:14-30 opgeteken: *"[14] Want dit is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou. [15] En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan. [16] En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin. [17] Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien. [18] Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan grawe en die geld van sy*

*heer weggesteek. [19] En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken. [20] En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien. [21] En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. [22] En die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: Meneer, twee talente het u aan my toevertrou; hier het ek twee ander talente daarby verdien. [23] Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. [24] En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie; [25] omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort. [26] Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie. [27] Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het. [28] Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het; [29] want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. [30] En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande."*

Liewe Kind van die HERE! Die HERE is op reis, maar hy gaan terugkom! My vraag is wat gaan jy doen? Tyd mors deur weg te kruip en te wag dat dit gebeur of gaan jy uit in die wêreld om meer talente vir die HERE te win?

Die wegraping is al op verskeie geleenthede uitgestel sodat nog meer siele vir die HERE gewin kan word. Wat gaan jy daaromtrent

doen? Agteroor sit en aangaan met jou lewe, of gaan jy uitspring en werk vir die HERE?

Ons elkeen van ons het een of meer talente van die HERE ontvang. Wat doen jy met joune? Gebruik jy joune om mense na die HERE toe aan te trek? Myne is om te skryf! Ek het dit al agtergekom toe ek nog op skool was, want ek kon myself beter in skrif uitdruk as met spraak. Ek het op daardie stadium net nie verstaan wat die HERE se doel met my was nie, maar nou weet ek!

Miskien het jy 'n gawe om vriendelik met mense te wees? Leef dit dan uit. Miskien het jy 'n talent wat net die goed in mense sien. Miskien het jy 'n talent om te skryf, te sing of musiek te maak. Gebruik jou talent! Moenie dit begrawe nie, maar bowenal, hou op om weg te kruip en tyd te mors! Gebruik jou talent om die Naam van die HERE groot te maak en ek kan jou waarborg jy sal mense na die HERE toe aantrek soos ek mense aantrek met hierdie boodskappe wat ek vir die HERE skryf! Prys Sy Naam!

Hoe week ek dan dat ek gekwalifiseer is om in die wegraping saam te kan gaan. Die antwoord is maklik: Wees lief vir die HERE met jou hele hart, jou hele siel en jou hele verstand. Tweedens; wees lief vir jou naaste soos jouself! As jy dit doen, dan sal jy die gelykenis van die HERE in jou hê en sal Hy jou erken as hy gaan kom. As jy dan verder dinge doen vir ander uit liefde uit en meer aan ander dink as aan jouself, dan hoef jy geensins bekommerd te wees oor die wegraping nie, want jy sal dan saam met die HERE gaan omdat jy soos Hy lyk en Hy jou dadelik sal erken as Hy kom!

Nou dat jy dit weet, liewe leser, waarom is jy dan nog bekommerd oor die wegraping; om gereed te maak of gereed te wees? Waarom mors jy nog tyd deur weg te kruip? Laat die lig wat die HERE jou gegee het skyn, deur jou talent te beoefen! Werk vir die HERE solank as wat jy tyd het en hou op bekommerd wees of jy sal gaan of nie! Jy SAL gaan!

Prys die Naam van Jesus!

# Is die hel 'n werklikheid?

Hierdie is 'n vraag wat miljoene mense oor wonder. Die geleerde mense sal vir jou sê dat die hel nie bestaan nie, maar dat dit 'n toestand van die gemoed is...

Die enigste beskrywing van die hel word vir ons gegee in Lukas 16:19-31. Dis die storie van die ryk jong man en Lazarus wat ons almal seker ken. Meer as dit sê die Bybel nie oor die hel nie. Persoonlik dink ek die HERE doen dit met opset omdat Hy nie wil hê dat ons te veel daaroor moet weet nie.

Ek was egter nuuskierig en het gaan navorsing doen hieroor. Ek het na verskeie getuienisse van mense geluister en gelees. Mense wat na-doodse ondervindinge gehad het in die hel. Die eienaardigste van al hierdie getuienisse is dat dit van mense regoor die wêreld was; Suid-Afrikaners ook! Hierdie mense ken mekaar glad nie, maar die getuienisse is almal die selfde!

Die beskrywing wat gegee word deur almal is 'n plek van swart gebrande klippe en 'n ongelooflike hitte. Die hitte is onuithoubaar... Daar is geen son nie. Die horison gloei rooi en die reuk van salpeter is heeltyd in die lug. Daar is 'n ewigdurende weeklaag in die lug soos mense mekaar die skuld gee omdat hulle hier is. Daar is poele met vuur en potte met kokende lawa waarin siele gepynig word. In al die getuienisse beskryf die getuies hoe dors hulle was, maar dat daar nie 'n enkele druppel water enige plek was nie. In Lukas 16:24 lees ons: *"Vader Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur."* Hierdie teksvers staaf die getuienis.

In een van die getuienisse beskryf die getuie dat hy homself in 'n tronksel bevind het saam met 'n drie en 'n halwe meter lange gedrog. Hy kon nooit behoorlik sien hoe die demoon lyk nie, maar

hy sê dat hy nog nooit in sy lewe 'n haat soos dit gevoel het nie. Laasgenoemde is verstaanbaar, want ons is gemaak na die ewebeeld van God. Ons stel alles voor wat nie een van satan se demone ooit kan wees nie. Dis waarom hulle ons so haat. Die demoon was aan hom toegeken en dit was sy plig om hom te pynig. Die demoon het hom opgetel en hom teen die muur geslinger asof hy 'n vuil stuk wasgoed was. Om een of ander rede het die demoon hom daar gelos en niks verder gedoen nie.

In die hel is daar geen liefde nie en geen genade nie. Hierdie is konsepte wat van God af kom en omdat God nie in die hel kan wees nie, ontbreek hierdie konsepte ook daar. In die hel kan jy ook nooit doodgaan nie, maak nie saak wat die demone met jou maak nie. Een van die getuies het beskryf hoe die demone iemand aangerand het. Hoe meer laasgenoemde gesmeek het om genade hoe harder het hulle gelag en hoe wreder het die aanvalle geword. Einde te laaste het een van die demone die man se kop met 'n swaard afgekap. Die ander een het uitbundig gelag, die kop gaan optel en dit op die liggaam teruggesit. Daarna het hulle voortgegaan terwyl die man smeek om genade.

Die een getuie het beskryf hoe hy van die vriende tussen al die mense gesien het. Sy vriende het almal geskreeu dat hy moet teruggaan en nooit na hierdie plek toe moet kom nie... In die hel is daar geen uitkom kans nie. As iemand eers daar is, dan is dit vir ewig. Geen omdraai of tweede kans is ooit moontlik nie. Die rede is omdat God ewig is en daarom moet die straf vir sonde ook ewig wees.

Die ergste is dat satan hierdie dinge weet! Hy ken God se Woord en hy glo dit, want hy weet dat dit waar gaan word. Satan gee nie vir jou en my as mens om nie. Ons is vir hom alles wat hy of sy demone nooit kan wees nie. Hy haat ons as mens met 'n haat wat nooit beskryf kan word nie. Satan weet wat sy uiteinde gaan wees. Sy

uitsluitlike doel is daarom om soveel mense in die hel te kry saam met hom as wat moontlik is. 'n Siel vir satan is 'n siel minder vir God! Dit gaan uit en uit oor getalle!

Satan sal nooit vir jou of vir enige iemand vertel dat jy 'n keuse het nie. Daarom stap duisende mense in hierdie wêreld van ons rond sonder dat hulle bewus is dat hulle 'n keuse het! Jy kan nou kies om nooit hel toe te gaan nie! Al wat jy moet doen is om jou knieë te gaan Jesus te aanvaar as jou Saligmaker.

Sonder jou in privaatheid af en gaan op jou knieë. Praat met Jesus soos u met enige ander persoon sal praat. Jy hoef nie eers jou oë toe te maak nie! Sê vir Hom dat u 'n sondaar is en vra Hom om u te vergewe. Sê vir Hom dat u graag een van Sy kinders wil word. Ek weet hierdie klink maklik om te doen en dit is. Onthou dat Jesus klaar al die harde werk gedoen het. Die prys is te volle betaal vir my en jou aan die kruis op Golgota. U moet dit net aanvaar en glo! Ek kan u waarborg dat as u hierdie gebed bid en dit bedoel, sal u die hel nooit in der ewigheid binnegaan nie!

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Veilig in die Hande van Jesus

Heer Jesus, ek wil bid dat U dié wat hierdie lees se oë sal oopmaak en dat hulle sal verstaan dat om alles in U hande te plaas, die beste is wat enige van ons kan doen. Amen!

Die van julle wat nou al ‘n ruk saam met my is, sal weet hoe baie ek al oor die pad wat die HERE met ons loop, geskryf het. Ek het op geleentheid ook geskryf oor die HERE se klaskamer en hoe die lesse wat ons leer baie keer moeilik is om te leer.

Julle sien, al hierdie lesse het een doel en dit is vir jou om te verstaan dat die HERE in beheer is van alles. Niks op hierdie aarde gebeur ooit sonder die HERE se goedkeuring nie! Dit mag miskien lyk asof die HERE baie ver van sommige gebeure is en mens mag dalk wonder waarom die HERE toelaat wat hy toelaat, maar ons moet onsself berus dat daar ‘n doel daarmee is, selfs al maak dit nie vir ons sin nie.

Die tweede doel van hierdie lesse is om jou te leer dat jy alles in die hande van die HERE moet los en moet ophou om jou te bekommer oor dinge wat jy nie kan verander nie. Die HERE het al op meer as een geleentheid vir my gevra waarom ek my bekommer, want as ek myself nie eers langer kan maak nie, wat blykbaar baie maklik is om te doen, waarom bekommer ek my dan oor dit wat ek nie kan verander nie! (Mattheus 6:25-34)

Ek kan vir julle getuienis op getuienis vertel, want my hele lewe is een groot getuienis tot die HERE. Vandag kan ek vir julle sê: Vra en vir jou sal gegee word! Los jou bekommernisse in die hande van die HERE en kyk hoe dit soos mis voor die son verdwyn.

Dit klik maklik né? Ek kan julle verseker dat dit my jare gevat het om te leer, want ons wil mos altyd in beheer van alles wees! Vandag

kan die mense om my my nie verstaan nie, want niks ontstel my nie. Ek is altyd vriendelik en ek loop en gesels met almal, selfs die wat ek glad nie ken nie! En as iemand my ‘n onreg aan doen, dan los ek dit in die hande van die HERE, want die vergelding kom my nie toe nie!

Ek het twee weke gelede twee en ‘n halwe duisend rand verloor deur ‘n kontrak wat ek twee maande gelede gekanselleer het, maar wat in werklikheid nooit gekanselleer was nie. Ek het dit uitgevind toe die geld uit my rekening uitgetrek was. Soos enige ander mens het ek eers daaroor baklei, want ‘n onreg is my aangedoen, maar die Gees van die HERE het ‘n manier om jou te oortuig wanneer om iets te los. My huis mense is nou nog vir my kwaad hieroor, maar as die HERE sê los, dan los jy. Jy redekawel nie daaroor of gaan aan op jou eie nie. Deur die HERE ongehoorsaam te wees, gaan jy net jou tyd mors op iets wat jy nie kan regkry nie. Die teks vers sê mos: *As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou.* (Psalm 127:1)

Vra en vir jou sal gegee word, maar dan moet jy glo. Ek bedoel waarlik glo met hart, siel en verstand! Wees dan dankbaar oor dit wat die HERE vir jou gaan gee, selfs al het jy dit nog nie ontvang nie. Jy gaan moet glo soos ‘n kind! Die HERE het my so ‘n paar jaar gelede tot op die rand van bankrotskap gevat voor ek die een verstaan het. Eers as jy verstaan dat daar vir jou geen uitweg oor is om te probeer nie en glo die enigste pad is, dan begin jy verstaan.

Vandag kan ek vir die HERE enige iets vra en as dit nie in die pad gaan staan tussen my en Hom nie en ek nie ‘n groot kop gaan kry daaroor nie, sal die HERE voorsiening maak daarvoor. Iets waarna ek wil hê julle moet na oplet, is hoogmoed. Die HERE haat hoogmoed en hy sal nooit iets aan jou gee as Hy sien dat dit jou hoogmoedig gaan maak nie. Dit kom neer op daardie goed wat tussen jou en Hom gaan kom staan. Dus, moenie vir ‘n miljoen rand vra nie, want jy gaan dit nie kry nie! Die HERE wil nommer een in jou lewe wees

en enige iets wat Hom gaan onttroon in jou lewe as nommer een, gaan Hy nie toelaat nie.

Jy moet ook verstaan dat dit nie ‘n geval van vra en dadelik kry nie. Meeste van die goed wat jy voor gaan vra gaan tyd vat, want die HERE moet baie veranderinge agter die gordyn maak sodat jy kan kry waarvoor jy gevra het. Wees daarom geduldig, want hoe meer kompleks die item, hoe langer gaan dit vat.

Daar het elk laasjaar begin soek na ‘n ander motor. Ek het eers gebid en vir die HERE gesê wat dit is wat ek soek. Ek het geen model of kleur genoem nie, want die HERE hou van verassings en Hy hou daarvan om vir jou iets te gee wat jy nie verwag nie. In sommige gevalle, iets baie duurder as wat jy verwag, maar net as dit nie tussen jou en die HERE gaan kom nie!

Die vorige keer het die HERE vir my ‘n baie goeie tweedehandse motor gegee, maar die keer was dit ‘n nuwe een. Ek het nog nooit in my lewe ‘n nuwe motor besit nie en ek het gesê: “HERE, hoe gaan ek dit kan bekostig?” Maar die HERE was my klaar een vooruit! Daar was ‘n demonstrasie model met 4000 km op wat klaar ingery was. Die voertuig se ruite was getint en dit was ge-*microdot* teen diefstal; alles goed wat opsioneel is en waarvoor die koper ekstra moet betaal. Die voertuig was klaar geregistreer, dus sou ek nie die registrasie gelde hoef te betaal nie, want die voertuig word net oorgedra van die handelaar na my omdat dit ‘n nuwe voertuig is. Sien julle waaraan die HERE alles gedink het? Ek het die voertuig al amper ‘n jaar en nog nie een maand het ek ‘n tekort gehad om daarvoor te betaal nie. My bekommernis om dit te kan bekostig was dus so ongegrond! Julle moet ook weet dat ek vir myself werk en daarom nie ‘n vaste inkomste het nie! Dit sal dinge vir julle in perspektief plaas waarom ek gewonder het!

Ek het gevra vir ‘n opgradering van my rekenaar en die HERE het daarvoor gesorg! Ek moes spaar, maar die HERE het gereeld gesorg

dat daar ekstra geld daarvoor was om te spaar. My huis se dak moet reggemaak word. Dis ‘n uitgawe van etlike duisende, maar ek weet dat die HERE op die regte tyd sal voorsien. Hy doen altyd, want ek vra daarvoor!

*Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.* (Filippense 4:6)

Verstaan julle? Ons dien ‘n Lewende God, liewe leser en Hy sorg vir die wat Syne is! Hierdie is een van die geestelike geskenke wat die HERE vir jou gee as jy jou lewe in Sy hande sit en Hom in beheer van alles sit.

Ek daag julle uit om dit te probeer. Sit vandag vir Jesus agter die stuur van jou tandem fiets dan klim jy agterop waar jy geen beheer het, behalwe om net te kan trap nie en kyk dan wat gaan gebeur. Ja, ek weet dis ‘n snaakse gevoel. Dit was maar vir my ook in die begin, maar vandag is ek glad nie spyt oor my keuse nie! Ek kan julle sê; dis ‘n rit vol opwinding!

Prys die Wonderlike Naam van Jesus!

# Wat is die geheim van 'n huwelik wat hou?

Ons almal ken paartjies wat al vir jare getroud is. Ons bewonder hierdie mense en dan wonder ons wat hulle geheim is? Hoe kry hulle dit reg om soveel jare getrou te bly terwyl huwelike vandag skaars drie jaar hou!

Die Apostel Paulus vertel ons dat die vrou *“gebind”* is aan haar man vir solank as wat hy lewe (Romeine 7:2 *"Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man."*). Die beginsel is dat, of die man of die vrou, dood moet gaan alvorens die huwelik ontbind. Hierdie is ook God se opdrag, maar in die hedendaagse moderne wêreld eindig meer as twee derdes van alle huwelike in die skeihof. Dit beteken dan twee derdes van alle paartjies wat belowe het *“solank as wat ons lewe”* hierdie belofte verbreek.

Wat kan ‘n getroude paartjie doen om hulle huwelik te bewaar? Die eerste en mees belangrikste aspek is om onderdanig te wees aan God en Sy Woord (Bybel). Dit is ‘n beginsel wat voor die troue al in plek moet wees. God sê, *“Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het?”* (Amos 3:3). Vir die wedergebore Christen beteken dit om nie ‘n noue verhouding aan te knoop met iemand wat nie ‘n gelowige is nie. *“Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?”* (2 Korintiërs 6:14). Indien hierdie beginsel gevolg word sal dit sekerlik baie hartseer en lyding op 'n later stadium verhoed.

Nog ‘n beginsel wat die huwelik sal beskerm is dat die man God onderdanig en gehoorsaam moet wees, hy moet ook sy vrou lief te hê, haar respekteer en beskerm soos sy eie liggaam (Efesiërs 5:25-31 *"[25] Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die*

*gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het [26] om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, [27] sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. [28] So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; [29] want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. [30] Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. [31] Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word."*). Netso moet die vrou ook God gehoorsaam en haar self onderwerp aan haar man *"Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here."* (Efesiërs 5:22).

Toe God vir Adam en Eva in die eerste huwelik gebring het was sy gemaak van Adam se *"vlees en been"* (Genesis 2:21-22 *"[21] Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. [22] En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens."*) en het hulle een vlees geword (Genesis 2:23-24 *"[23] Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. [24] Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees."*).

Om een vlees te wees beteken baie meer as net 'n fisiese verbintenis. Dit beteken die verbintenis van gedagtes en siel om 'n eenheid te vorm. Die verhouding gaan baie verder as sensuele en emosionele gevoelens en vorder tot 'n geestelike "eenheid" wat alleenlik gevind kan word wanneer beide partye hulle aan God en aan mekaar onderwerp het.

Onthou dat 'n huwelik 'n **VRYWILLIGE KONTRAK** is om by iemand anders te gaan bly! Die klem is op die VRYWILLIG en dit beteken dat daar nie so iets soos 'n baas in 'n huwelik is nie. Dit gaan nie oor ek en my nie, maar oor ons en jou. Wanneer die ek en die my uit 'n huwelik verwyder word, dan begin ons nader beweeg aan die eenheid wat God wil hê 'n huwelik moet wees.

Lewensruimte is die tweede aspek van 'n suksesvolle huwelik. U huweliksmaat is 'n mens in sy eie reg. As mens het ons 'n natuurlike behoefte om te groei en onsself te verbeter. As daardie behoefte onderdruk word deur die behoeftes van die een (ek en my sindroom) dan gaan die ander kwyn en sterf! Die hele huwelik is dan gedoem! Los u man of u vrou; laat daardie persoon toe om sy stokperdjie te beoefen en daardeur die persoon te wees wat God hom of haar gemaak het om te wees.

Om 'n huwelik te laat voort bestaan tot die dood is iets wat paartjies moet nastreef en sien as ‘n prioriteit. 'n Sterk verhouding met God verseker ‘n blywende verhouding met ons eggenoot en bring eer aan God.

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Moenie hierdie geskenk los nie

Een van julle het vir my hierdie gestuur en ek het dit so treffend gevind, dat ek dit vertaal het en dit vandag met julle wil deel.

Daar was hierdie Professor wat Christenskap as vak in een van die kleiner universiteite in Amerika  aangebied het. Elke eerste jaar student was verplig om die vak te neem ongeag in watter rigting die student gestudeer het. Ten spyte van die feit dat die Professor sy uiterste bes gedoen het om die beginsels van Christenskap by sy studente tuis te bring, het die meeste van die studente die vak gesien as iets wat gedoen moes word. Nog minder van die studente het Christenskap ernstig opgeneem.

Die beste student in die klas was Stefan. Hy het gestudeer om 'n dominee te word, maar hy was ook meer as dit. Hy was gebou soos 'n atleet en was ook een van die universiteit se beste voetbal spelers. Hy was natuurlik baie gewild onder die studente.

Die professor het hom genader en gevra hoeveel opstote hy kan doen. Hy het geantwoord dat hy elke aand 200 doen. Die professor vra hom toe of hy bereid sal wees om 300 te doen. Eers was Stefan nie seker of hy die 300 sal kan doen nie, maar toe die professor vir hom sê dat hy dit in stelle van tien gaan doen; het Stefan ingestem. Die professor het aan hom verduidelik wat hy ingedagte het en hom gevra die komende Vrydag vroeër op klas te wees.

Vrydag was Stefan op sy pos en het hy heel voor in die klas gesit. Toe die klas begin, trek die professor 'n groot kartonboks vol oliebolle uit. Dit was nie die gewone oliebolle wat mens oral kry nie, maar die ekstra groottes met ekstra versiersuiker op! Almal was baie opgewonde, want nie alleen was dit Vrydag nie, dit was ook die laaste klas van die dag voor almal sou begin om die naweek te

geniet. Wat kan dan nou beter wees om die naweek met gratis eet dingetjie te begin!

Die professor het na Sonja, die eerste student in die eerste ry gestap en gevra of sy 'n oliebol wil hê. Natuurlik was die antwoord ja! Die professor het na Stefan gedraai en gevra: *"Stefan, sal jy tien opstote doen sodat Sonja haar oliebol kan kry?"* Stefan het vinnig opgestaan, tien opstote gedoen en daarna weer kom sit. Die professor het die oliebol voor Sonja neergesit en aan beweeg met die ry. *"Johan, wil jy 'n oliebol hê,"* vra die professor. Ook hy het bevestigend geantwoord en weer het Stefan opgestaan en die nodige tien opstote gedoen sodat Johan sy oliebol kon kry! So het dit aangegaan totdat die hele eerste ry in die klas almal oliebolle gekry het.

Die professor het met die tweede ry begin en voor Pieter gaan staan. *"Wil jy ook 'n oliebol hê, Pieter,"* vra die professor. Pieter was ook 'n lid van die voetbalspan en net so gewild soos Stefan. Pieter het aangebied om sy eie opstote te doen, maar die professor het geantwoord dat Stefan dit moet doen. Pieter het gesê dat hy in daardie geval nie 'n oliebol wil hê nie. Die professor het na Stefan gedraai en gesê: *"Stefan, sal jy tien opstote doen sodat Pieter 'n oliebol kan kry wat hy nie wil hê nie?"* Sonder om enige iets te sê het Stefan die tien opstote gedoen en die professor het die oliebol voor Pieter neergesit. Pieter het sy stem verhef en gesê: *"Ek het gesê ek wil nie een hê nie!"* Die professor het in 'n harder toon geantwoord: *"Dis my klas, my tafels en my oliebolle. As jy dit nie wil hê nie, los dit dan op die tafel!"*

Die professor het aan beweeg en die hele tweede ry klaargemaak. Elke slag het Stefan die nodige tien opstote gedoen, of die student die oliebol wou hê of nie. Aan die einde van die  tweede ry, was Stefan uitgeput! Hy het sommer op die vloer gewag om die tien opstote te doen, want dit was te veel moeite om elke slag op te

staan, tot voor in die klas te loop, die tien opstote te doen en dan weer terug te loop.

Die professor het met die derde ry begin. *"Amanda, wil jy 'n oliebol hê?"* vra die professor. *"Nee, dankie,"* het Amanda geantwoord. *"Stefan, sal jy asseblief tien opstote doen sodat Amanda die oliebol kan kry wat sy nie wil hê nie?"* Stefan het die tien opstote gedoen en Amanda het haar oliebol gekry.

Teen die tyd het meer en meer studente gesê dat hulle nie die oliebol wil hê nie en daar was al 'n hele aantal oliebolle op die tafels gestaan wat nie geëet was nie. Stefan was teen die tyd al moeg en dit het meer inspanning gekos om die tien opstote vir elke oliebol te doen. 'n Poel sweet het onder hom gevorm waar hy die opstote gedoen het. Die professor het vir Robert, een van die mees uitgesproke studente teen Christenskap gevra om seker te maak dat Stefan al tien opstote doen! Robert het op sy beurt by Stefan gaan sit en hom met valk oë dopgehou! Toe die professor met die vierde ry begin, was hy baie bekommerd dat Stefan dit nie gaan maak nie, want hy het al hoe langer gevat om die tien opstote klaar te maak.

Studente van ander klasse wat vroeg klaargemaak het, het kom inloer om te kyk wat aangaan. Daar was nou 34 studente in die klas. 'n Nuweling by die naam van Marius het die deur van die klas oopgemaak om in te kom. Soos een man het al die studente in die klas geskreeu: *"Nee! Bly buite! Moenie inkom nie!"* Stefan het sy kop opgetel en gesê: *"Laat hom inkom en gee vir hom 'n oliebol!"* Die professor het gevra: *"Jy besef dat jy vir hom ook tien opstote gaan moet doen?"* *"Dis goed; gee vir hom een,"* het Stefan geantwoord. Die professor draai na Marius toe en vra: *"Wil jy ook 'n oliebol hê?"* Marius wat nie 'n idee gehad het wat aangaan nie, sê toe ja! *"Stefan, sal jy tien opstote doen sodat Marius sy oliebol kan kry?"* Nadat Stefan die tien opstote met groot moeite gedoen het,

kry Marius sy oliebol. Baie uit die veld geslaan, gaan sit Marius met die oliebol in sy hand.

Die professor het nou begin met die studente wat laat ingekom het. Stefan se arms kon dit nie meer hou nie en hy het gesukkel om die opstote te doen. Sweet het teen sy gesig afgestroom en die enigste geluid in die klas was sy diep vinnige asemhaling. Almal in die klas het gesukkel om hulle trane in te hou.

Die laaste twee studente in die klas was nuwelinge wat laat ingekom het. Beide was meisies. Die professor het na die eerste meisie geloop en gevra: *"Linda, wil jy 'n oliebol hê?"* Met trane in haar oë het sy geantwoord: *"Nee dankie." "Stefan, sal jy asseblief tien opstote doen sodat Linda die oliebol kan kry wat sy nie wil hê nie?"* Met groot moeite het Stefan die nodige tien opstote gedoen sodat Linda haar oliebol kan kry.

Die professor het na die laaste meisie gedraai en gevra: *"Susan, wil jy 'n oliebol hê?"* Met trane wat van haar wange afloop het Susan gevra: *"Professor, kan ek hom nie help nie?"* Sukkelende om sy eie trane te bedwing antwoord die professor: *"Nee, Stefan moet dit alleen doen. Ek het hom hierdie takie opgelê en dis sy verantwoordelikheid om toe te sien dat almal die geleedheid het om 'n oliebol te kry of hulle dit nou wil hê of nie."*

Die professor stap tot voor in die klas: *"Ek het die afgelope week na die klas se punte gekyk en gesien dat niemand van julle hierdie vak gaan slaag nie. Die enigste van julle wat deurentyd 'n slaagpunt behaal het was Stefan. Die res van julle het gereeld toetse gedruip, weggebly of vir my afskeep werk ingehandig! Stefan het vir my gesê dat as 'n voetbalspeler droogmaak tydens oefening, dan moes hy opstote doen om te vergoed vir sy foute. Ek het vir Stefan gesê dat nie een van julle waardig is om te slaag tensy hy bereid is om die prys vir julle te betaal nie. Hy het met my 'n ooreenkoms aangegaan*

*om vir elkeen van julle tien opstote te doen sodat julle vandag hier kan wees. Hy het hierdie ooreenkoms om julle ontwil aangegaan."*

Die professor het na Stefan gedraai: *"Stefan, sal jy asseblief nog tien opstote doen sodat Susan haar oliebol kan kry?"* Met groot moeite het Stefan die opstote klaar gemaak. Hy het in totaal 350 opstote daardie dag gedoen. Met die verstandhouding dat hy alles gedoen het wat van hom verwag was, het sy arms met die laaste opstoot onder hom ingevou en het hy op die grond neergeval.

Die professor het na die klas gedraai: *"Net so het ons Verlosser, Jesus by die Vader gepleit terwyl hy aan die kruis was, 'Vader, in u hande gee Ek my gees oor!* (Luk 23:46)*. Met die verstandhouding dat Hy alles gedoen het wat van hom verwag was, het Hy sy lewe gegee sodat ons die ewige lewe kan kry. Ongelukkig, net soos vandag in die klas, laat baie van ons daardie geskenk op die tafel staan sonder om dit te vat."* Twee studente het gekom en vir Stefan van die vloer af opgehelp na sy tafel toe. Hy was fisies uitgemergel, maar hy het die hele pad geglimlag. *"Mooi so, goeie en getroue dienskneg* (Mat 25:21)*,"* sê die professor terwyl hy na Stefan kyk.

Die professor draai weer na sy klas. *"My wens is dat julle die genade van Jesus se opoffering sal verstaan. Hy het nie eers sy eie Seun gespaar nie, maar Hom vir ons almal geoffer, sodat ons nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Of ons nou hierdie geskenk wil aanvaar of nie, die prys is reeds betaal. Sal dit nie dom van ons wees om dit net so op die tafel te los nie?"*

Prys die Naam van Jesus!

# Optrede van 'n Kind van die Here

Ek weet nie presies hoe om hierdie te bewoord nie, maar die HERE wys vir my dat van Sy Kinders besig is om die bal mis te slaan en dat ‘n regstelling nodig is.

Ons almal weet dat die wegraping naby is en dat die HERE sy Bruid gaan kom haal voor satan hierdie wêreld gaan oorvat en die HERE die mens gaan gee presies wat hy nog altyd wou gehad het: ‘n wêreld sonder God.

Daar is baie van julle wat wonder of julle waardig is om dit wat kom gaan vryspring om voor die Troon van die HERE te gaan staan. (Lukas 21:36) Nou kom ek vertel julle waarna die HERE gaan kyk as Hy gaan kom.

Dit waarna die HERE gaan kyk as Hy gaan kom is vir die wat soos Hy lyk in doen en in late. Die wat soos Hy optree en die wat die Wil van die Vader doen. Dis hulle wat sal gaan in die wegraping. Die feit dat jy die HERE as jou verlosser aangeneem het en jy miskien gedoop is, gaan nie ‘n faktor wees nie. Moenie verkeerd verstaan nie. As jy gered is en jy gaan dood, sal jy Hemel toe gaan, want die HERE sê so in Sy Woord, maar dit beteken nie dat jy die wegraping gaan meemaak nie.

Waarom nie? Om dat baie geredde Kinders van die HERE geheel en al teruggeval het in die wêreld, dis waarom. Hulle les nie meer hulle Bybels nie en hulle bid glad nie meer nie. Hulle spandeer glad nie tyd saam met die HERE nie! Hoe gaan die HERE hulle dus erken as Syne? Hulle lyk dan net soos wêreldlinge? Hulle geniet die wêreld se plesier ten volle, luister na wêreldse musiek, spandeer ure voor die TV... As jy soos Jesus wil wees, moet jy die wêreld afskryf, want Jesus sê dat jy nie twee meesters kan dien nie. (Lukas 16:13) Jy kan

nie wêreldse plesier geniet en die HERE gelyk aanbid nie. Jy gaan MOET kies.

Is daar ‘n aanduiding in die Bybel van hoe ‘n Kind van die HERE behoort op te tree. Baie beslis! Paulus sê vir ons in 1 Korintiërs 13:4-7 presies dit: *“[4] Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, [5] handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, [6] is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. [7] Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.”*

Hierdie is soos die HERE wil hê jy moet optree, liewe leser! Kyk, ek gaan nie doekies omdraai nie, dis geen maklike taak nie, want as iemand jou ‘n onreg aangedoen het, dan wil jy daardie persoon in eie munt gaan terug betaal! Dis menslik om so te redeneer, maar dis nie soos die HERE sal optree nie! Hierdie beginsels gaan moeilik wees vir sommige om hulle eie te maak, maar as jy ‘n poging aanwend, sal die HERE jou help. Al wat die HERE wil hê, liewe leser is dat jy moet probeer. Of jy slaag of nie, dis is nie so belangrik as dat jy probeer nie!

Jy moet ook jou lewe en alles wat jy het in die Hande van die HERE los. Jou finansies, jou huis, jou motor, tot die lewens van die wat jy lief is voor, want alles behoort aan die HERE. Daardie geld wat jy elke maand verdien is die HERE s’n wat Hy vir jou gee omdat Hy vir jou lief is. Dis deur die HERE se liefde en genade dat jy lewend gebly het en dis die HERE se asem wat jy ingeasem het om te kon werk. Begin julle nou verstaan? Ons is net die bestuurders van dit wat die HERE ons gee en eendag gaan ons tot verantwoording geroep word oor ons manier van bestuur!

Soos jy gaan begin om die ewebeeld van Jesus in optrede te wees, gaan jy agterkom dat die Gees van die HERE sterker word in jou. Jy gaan dit sien in die vrugte van die Gees wat jy gaan begin dra.

Paulus sê vir ons in Galasiërs 5:22 wat hierdie vrugte is: *"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."* As jy agterkom dat jy besig is om hierdie vrugte te dra, dan is jy op die regte pad! Daardie vrees wat jy het dat jy dalk kan agterbly, sal dan stelselmatig al hoe minder raak tot jy glad nie meer bang gaan wees dat die HERE jou dalk gaan oorslaan nie.

Liewe lesers, ek vra vir julle vandag baie mooi. Ek weet nie hoeveel tyd ons oor het nie, maar ek wil vra dat julle asseblief 'n poging gaan aanwend om die stukkende goed in jou lewe reg te maak. Begin vandag en moenie meer uitstel nie. Maak jouself gereed. Wees vriendelik met die om jou. Wys vir hulle die Goddelike Lig wat binne in jou skyn! Jy sal verbaas wees wat se effek dit op mense het. Ek het al gesien hoe mense ophelder en skyn as jy vriendelik met hulle is. Jy gaan daardie persoon se dag vir hom of haar maak! Dit belowe ek jou!

Mag die HERE hierdie boodskap seën!

# Vrugte van die Gees

Ek het met my vorige boodskap vlugtig aan die Vrugte van die Gees geraak toe ek met julle gesels het oor die Optrede van 'n Kind van die Here.

Dis belangrik om te onthou dat ons die **Vrugte van die Gees** kry en dan ook die **Gawes van die Gees**. Hierdie is twee verskillende konsepte wat nie verwar moet word nie. Die ***Vrugte van die Gees*** word genoem in Galasiërs 5:22 en die ***Gawes van die Gees*** word genoem in 1 Korintiërs 12:8-10. Ek gaan albei met julle behandel, maar nou eers die **Vrugte van die Gees**.

Wanneer iemand tot bekering kom en dit werklik bedoel, dan nooi daardie persoon die Heilige Gees uit om in hom of haar te kom woon. Ek het die woorde *“werklik bedoel”* doelbewus gebruik, want so moeilik as dit is om te glo, kry jy mense wat tot bekering kom net vir die skyn. Dis vir my moeilik om te verstaan waarom, maar dit gebeur wel.

Die eerste ding wat die Heilige Gees gaan begin doen is om jou stelselmatig te oortuig om dit wat verkeerd is reg te maak. Dit begin gewoonlik by die wat jy te na gekom het. Daarna begin die skoonmaak proses. Die Gees van die HERE kan tog nie in ‘n vuil tempel gaan woon nie!

Soos jy aangaan, begin die teenwoordigheid van die Gees homself manifesteer deur die vrugte wat jy begin dra. Wat is hierdie vrugte dan? Paulus sê in Galasiërs 5:22 vir ons wat dit is: *"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."*

Soos jy in die HERE bly, sal die Gees in jou lewe groei. Jy sal later agterkom dat jy meer vriendelik is; dat jy skielik meer geduld het; dat jy skielik meer liefdevol is. Hierdie is die **Vrugte van die Gees** wat jy vir die HERE dra. Hierdie vrugte dien as bewys dat u aan die HERE behoort! Ander mense gaan dit raaksien en op die manier gaan jy begin om mense na jou en die HERE toe aan te trek!

Om al hierdie dinge te kan vermag, liewe leser, gaan jy in die HERE moet bly en Hy in jou. Jesus sê in Johannes 15:4-5 *"[4] Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. [5] Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."*

Soos jy in die HERE bly, sal Hy in jou bly en so sal jy later al hoe meer begin optree soos wat Jesus opgetree het. Paulus sê in 1 Korintiërs 13:4-7 wat se veranderinge u kan verwag: *"[4] Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, [5] handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, [6] is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. [7] Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles."*

Wanneer Jesus gaan kom om sy Bruid te kom haal, gaan hy deur almal se vrugtebome soek vir die Vrugte van Sy Gees. Hy gaan kyk wie die meeste na Hom lyk en Hom die meeste verteenwoordig. Dis hulle wat die HERE gaan neem. Daarom, liewe leser, let op na die Vrugte wat jy vir die HERE dra, want 'n goeie boom kan nie vrugte en dorings gelyk dra nie.

Jesus sê in Mattheus 7:16-20 vir ons: *"[16] Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! [17] So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. [18] 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie,*

*en ‘n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.* [19] *Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.* [20] *So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken."*

Op daardie dag wat die HERE gaan kom om ons te haal, gaan elke boom aan sy vrugte geken word!

Nou is dit in U hande. Wat se vrugte dra jy vir Jesus? Dra jy soet vrugte wat sappig is en lekker om te eet, of dra jy dorings wat seer steek en brand? Net jy gaan daardie vraag kan beantwoord, liewe leser, en net jy gaan dit kan regmaak as dit nie reg is nie.

Wil jy saam met die HERE gaan as Hy gaan kom om ons te haal? Dan gaan jy ‘n daadwerklike poging moet aanwend om die dorings in jou lewe uit te roei. As jy dit nie self kan doen nie; gaan soek dan hulp by die HERE. Onthou; gebed verander sake! Dis nog nie te laat nie, maar moet asseblief nie hiermee wag nie.

Prys die Naam van Jesus!

# Gawes van die Gees

Dis belangrik om te onthou dat die Gawes van die Gees en die Vrugte van die Gees twee verskillende aspekte is. Die ***Vrugte van die Gees*** word genoem in Galasiërs 5:22 en die ***Gawes van die Gees*** word genoem in 1 Korintiërs 12:8-10. Vandag gaan ek met julle die **Gawes van die Gees** behandel.

Volgens 1 Korintiërs 12:8-10 is die Gawes van die Gees as volg: *" [8] Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; [9] aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; [10] aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale."*

Die gawes van die Heilige Gees is God se geestelike gereedskap wat sy kinders hier op aarde kan gebruik, soos wat die Heilige Gees besluit. Die HERE sal u toerus met een of meer gawes soos wat die Gees wil, volgens die roeping wat u van die HERE af ontvang het.

Anders as die Vrugte van die Gees, is die Gawes van die Gees nie 'n moet in elke Kind van die HERE se lewe nie. U hoef dus geensins bekommerd te wees as u nie enige van die Gawes het nie. Die Gawes gaan in elke geval tot net as u Hemel toe gaan, want die Gawes is nie nodig in die Hemel nie. Niemand in die Hemel het tog genesing nodig nie; nog minder profesie of die onderskeiding van geeste! Verstaan julle?

Dis waar die Vrugte van die Gees beter is, want dit vat u met u saam as u hemel toe gaan!

**Hoe ontvang mens hierdie Gawes?** Kom ons kyk wat sê die Bybel! Markus 11:24 *"Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry."* Johannes 15:7 *"As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."* Johannes 14:12 *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan."* Die antwoord is dat ons moet vra en moet glo en dat ons nie ons geloof moet beperk nie!

**Kan ons kies watter Gawes ons wil hê?** In 'n mate kan ons kies en ons kan ook vra vir 'n spesifieke gawe. Die Bybel verduidelik in 1 Korintiërs 12:7 "*"[7] Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is."* en dan in 1 Korintiërs 12:11 *" [11] Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil."* Let op na die sinsnedes "*met die oog op wat nuttig is*" en "*afsonderlik uitdeel soos Hy wil* ". Hierdeur sê die Bybel vir ons dat die Gees uitdeel soos Hy wil en nie soos ons wil nie. Alles hang af van u Geestelike groei as Kind van God.

**Kan ek bepaal watter Gawes ek het?** Weereens is die antwoord 'n baie besliste JA! As u die vermoë het om 'n gawe te beoefen, dan dien dit as bewys dat u dit inderdaad het! Krag of die salwing om in tale te spreek, om tale uit te lê, om te profeteer, om geeste te onderskei of watter geestelike vermoë ook al is bewys van sulke gawes. Genesing sal bewys dat ons die gawe van genesing het. Die gawe op sig self sal bewys dat ons die gawe ontvang het. Die belangrikste is dat ons lewe moet reg wees met God en ons moet geloof hê om die gawes te laat opereer.

As Gees vervulde Kinders van die Here moet dit ons doel wees om die Geestelike Gawes na te streef en te ontvang. Paulus sê 1 Korintiërs 14:12 *"So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike*

*gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente."* Die gawes van die Heilige Gees is beskikbaar aan elke gees vervulde gelowige wat ‘n begeerte het dat die Heilige Gees deur en in hul lewe moet werk.

Mag die Here hierdie woorde in u hart seën!

# Munt uit tot stigting van die gemeente

Nou dat ons in die vorige boodskappe die Vrugte en die Gawes van die Gees behandel het, weet ek dat daar baie gaan wees was gaan probeer om so veel as moontlik van veral die Gawes na te streef.

Om dit te wil doen, is natuurlik ‘n baie goeie ding om te doen, maar moenie soos baie dink dat die een Gawe belangriker as die ander is nie of dat diegene wat sekere Gawes nie het nie, nie werklike Christene is nie!

Ek was op geleentheid in 'n kerk waar daar geglo was dat diegene wat nie in Tale kan praat nie, nie werklik met die Heilige Gees gedoop was nie! Dis natuurlik glad nie waar nie, want die Gees deel uit soos wat Hy wil! Die Gawes van die Gees is geen rangorde nie. Iemand wat in tale kan praat is nie beter as iemand wat gesond kan maak nie.

In 1 Korintiërs 12:14-20 lees ons: *"[14] Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie. [15] As die voet sou sê: Omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie—behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? [16] En as die oor sou sê: Omdat ek nie die oog is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie—behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? [17] As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees? [18] Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het. [19] As almal een lid was, waar sou die liggaam wees? [20] Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam."*

Die HERE het ons almal anders gemaak. Die HERE het groot balies gemaak, emmers, ketels en teekoppies. Die teekoppie kan nie so baie water hou soos ketel nie en die emmer kan nie so baie water

hou soos die balie nie, maar elkeen het sy doel. ‘n Mens vat nie ‘n balie met water in jou huis in nie. Die balie staan buite waar dit groot hoeveelhede water versamel, maar die emmer word binne in die huis ingevat. As ek tee maak, dan maak ek nie tee in die emmer nie. Dis waarvoor die ketel daar is. Jy kook die water in die ketel en jy maak die tee in die teekoppie.

Dit maak dus nie saak hoe groot u in die Gees is of hoeveel Gawes van die Gees u het nie. Dis die teekoppie waaruit die HERE sy tee drink! Moet dus nie neerkyk op die wat geen gawes of min gawes het nie. Dis meestal die wat in die agtergrond werk, want die belangrikste is soos die wat bid. Weet julle dat ek nooit hierdie werk wat ek nou doen sou kon gedoen het as daar nie iemand was wat vir my gebid het nie! Dis mense se gebede wat my aan die gang hou! Moet dus nooit jou deel wat jy vir die HERE doen onderskat nie! Dit wat jy doen kan dalk net meer belangriker wees as wat jy dink.

Ek weet, ons almal wil graag balies vir die HERE wees: groot en vol van die Heilige Gees se gawes wat baie vir die HERE kan doen, maar as ons almal balies was, hoe sou die HERE dan Sy tee kon drink? Verstaan julle? Moenie jou deel wat jy doen onderskat nie!

Onthou dat die Gees uitdeel soos Hy wil en nie soos ons as mens wil nie! As u 'n betrokke gawe nie het nie, dan beteken dit nie dat u minder werd is as iemand wat dit wel het nie. Self kan ek nie in tale praat, tale uitlê of selfs mense gesond maak nie. Ek verheug my egter in mense wat dit kan doen, maar hulle is nie beter as ek nie en ek is ook nie beter as hulle nie! Ons is EEN LIGAAM in Christus en ons is almal belangrik, ongeag van die Gawes wat ons het!

As Gees vervulde Kinders van die Here moet dit ons doel wees om die Geestelike Gawes te ontvang. In 1 Korintiërs 14:12 sê Paulus *"So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente."* Die gawes van die Heilige Gees is beskikbaar aan elke gees vervulde gelowige wat ‘n begeerte

het dat die Heilige Gees deur en in hul lewe moet werk, maar beywer jou op dit wat nuttig is vir die omstandighede waarin jy is.

Mag die Here hierdie woorde in u hart seën!

# God se Mandaat

Ek is maar net te bewus daarvan dat dit wat julle op my webruimte lees baie keer verskil van wat julle in julle kerke hoor. Dis jammer dat dit so is...

Die rede waarom dit so is, is omdat kerke verbid word aan 'n mandaat en daardie mandaat bepaal die kerk se siening oor die Bybel en hoe die kerk dit interpreteer. Daardie mandaat bevat ook 'n stel reëls vir die leraars wat hulle lei waaroor gepreek moet word en waaroor nie en ook wat toelaatbaar is en wat nie.

Ek was al in kerke waar die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees blatant uitgefaseer was in die plek van die doop in die Naam van Jesus soos deur Paulus geleer was. Hierdie kerk se siening was dat die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees "verkeerd" was en dat mense wat sodanig gedoop was, verkeerd gedoop was en nie werklik gedoop was nie. Jy moes dus oorgedoop word om gered te kan word.

Daar is kerke vandag waar penetrasie preke glad nie toegelaat word nie omdat hulle bang is hulle verloor lede. Mense word vertel hoe wonderlik Jesus is en hoe lief Hy ons het, maar van sonde en van oordeel word hulle niks geleer nie. Ook nie hoe om gered te word nie...

Ek maak nie ons kerke sleg nie; glad nie! Ek gebruik die bogenoemde om aan julle te wys hoe kerke van mekaar verskil deur die mandaat wat elkeen van hulle volg.

Net soos die kerk 'n mandaat het om te volg, het die HERE ook Sy Mandaat wat Hy volg. Die Bybel sê vir ons dat teen die tyd wat die HERE sy Bruid gaan kom haal, gaan daar nie een persoon op hierdie

aarde wees wat nie van Jesus gehoor het nie. Dis die HERE se mandaat en dit moet volbring word!

Dis waarom die HERE mense soos ek roep om die Woord van God te verkondig. Ons kan die Woord van God verkondig soos dit staan sonder enige bekommernis. Ons het geen opleiding nie, maar toe die HERE gevra het *"Wie sal ek stuur?"* het ons opgestaan en gesê *"Stuur ons!"* Nou word ons deur die Heilige Gees bekragtig om te kan doen wat ons doen, want die HERE bekragtig die wat Hy stuur! Prys Sy Naam!

Uit die aard van die saak hou die kerke glad nie van dit wat ons doen nie en word die *"waarheid volgens..."* bordjie gereeld om ons nekke gehang; so asof daar twee waarhede in die Bybel is. Dit maak seer, maar nie so seer soos wat die Fariseërs aan Jesus gedoen het nie.

Hier by Suiderkruis behoort ons aan geen kerkgroep nie en het ons geen mandaat om te volg nie. Ons is dus vry om die Logos Woord asook die Rhema Woord aan u te bring. Dit is waar dat u dinge hier gaan lees wat vir u vreemd gaan wees omdat dit nie in u kerk op hierdie manier behandel word nie.

As u egter nie seker is nie of as u twyfel, gaan op u knieë en vra die HERE om dit wat u lees aan u duidelik te maak. Vra of dit die waarheid is. U hoef nie skaam te wees nie. Ek wil my verstout deur u uit te daag om dit te doen! Ek het dit al gedoen met iemand wat ek op Internet volg en die HERE het dit aan my duidelik gemaak dat dit wat ek lees wel Sy Wil was! Die HERE sal dit u ook doen, liewe leser! Daaraan twyfel ek nie vir een sekonde nie!

Ons uitsluitlike doel is om so veel as moontlik siele na die HERE te lei en hulle te help op die pad wat hulle saam met die HERE stap. Ons doel is om die Wil van God aan u oor te dra sodat u 'n produktiewe Christen in die Koningryk van die HERE kan word wat weer ander na die HERE sal lei. Ons doen dit sonder om enige vergoeding te

verwag. U sal daarom geen donasie vorms op ons webruimte sien nie en daar is ook niks waarvoor u hoef te betaal nie. Jesus sê tog immers in Mattheus 10:8 *"Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee."* Die kopiereg van al ons werk behoort aan die Heilige Gees!

Alles wat ons doen is tot eer van die HERE; daarom, kom gerus en lees wat die HERE vir u wil sê! Miskien gaan u bly om meer uit te vind!

Prys die Naam van Jesus!

## Wat satan nie wil hê jy moet weet nie.

Ons almal sukkel om van sonde ontslae te raak. Net sodra jy dink dat jy nou iets reggekry het of dat jy nou 'n verskil gemaak het, dan val jy weer terug! Dis 'n ewigdurende stryd! Ons probeer perfek wees, maar die waarheid is dat niemand is nie!

Iemand wat baie slimmer is as ek het eenslag gesê ons is Hemelse wesens wat besig is met ‘n aardse ondervinding! As mens bestaan ons uit 'n vlekkelose siel wat vasgevang is in 'n sondige vleeslike liggaam. Dis 'n wen kombinasie vir teenstrydighede as ek al ooit een gesien het! Aan die eenkant is die wil om skoon en rein te lewe vir Jesus, maar aan die ander kant is daar die liggaam met sy aardse begeertes. Om te dink dat jy nooit sal val of nooit sonde sal doen nie, is wensdenkery op sy beste!

In Genesis 3:17 na die sondeval het God die aarde vervloek om die mens se ontwil. Alles wat uit die aarde kom, is dus vervloek, ook ons liggame wat uit die stof van die aarde gemaak is. Omdat alles vervloek is, moet die vleeslike liggaam op aarde sterf. Dis waarom daar dood in die wêreld is. Dis die enigste manier om verlos te word van die vervloeking wat oor alles uitgespreek is.

Satan stel allermins nie belang is jou vervloekte liggaam nie. Hy gebruik jou liggaam as 'n doel tot 'n middel om by jou onsterflike siel uit te kom. Dis waarin hy werklik belangstel. Satan ken die Woord van God en anders as die mens, glo hy dit, want hy weet dat dit waar gaan word! Dis waarom die duiwels in Mattheus 8:29 vir Jesus gevra het of hy voor die tyd gekom het om hulle te pynig! Die werklike oorlog gaan oor die siel van die mens. Elke siel wat satan wen, is 'n siel minder vir God. Dis al waaroor dit vir hom gaan! Satan is glad nie van plan om alleen in die hel saam met sy trawante gepynig te word nie!

As jou siel gered is, dan het satan natuurlik geen houvas daarop nie. Dit beteken egter nie dat jy gespaar gaan bly nie, want hy is die *ultimate* klikbek! Satan spandeer die meeste van sy tyd nie in die hel soos baie van ons dink nie, maar voor die troon van God waar hy die wat gered is aankla! Gelukkig het ons die beste advokaat naamlik Jesus om vir ons in te staan!

Waarom probeer satan dan die wat gered is aanval as hy geen sê oor hulle siele het nie? Omdat hy wil verhoed dat jy 'n persoonlike verhouding met Jesus opbou. Deur te sorg dat jy die heeltyd negatief bly en die heel tyd te hamer op die sonde wat jy doen of gedoen het, lei hy jou aandag af van wat werklik belangrik is! Satan weet dat as jy 'n persoonlike verhouding met Jesus het, dan gaan Jesus vir jou help en jou wys wat werklik belangrik in die lewe is. As dit gebeur, dan gaan hy wat satan is sy mag oor jou verloor!

Dis waarom die so belangrik is om te bid en vir Jesus te leer ken! As daardie verhouding eers in plek is, dan kom jy agter dat jou Pa is die Koning van die Heelal is en dat jy eintlik 'n Prins of 'n Prinses is! Niks met jou sal gebeur sonder God se wil nie. Die sonde wat nog in jou lewe is, is skielik nie meer belangrik nie! Dan besef jy dat die Bybel reg is deur te sê Jesus kan en Hy sal! Dit, liewe leser, is wat satan nie wil hê jy moet weet nie!

Mag die Here hierdie boodskap seën.

# Ek is tot alles in staat.

Die HERE kan mense se lewens verander; baie keer voor hulle oë as hulle net bereid is om te luister na die Gees van die HERE.

Die HERE praat gedurig met ons, maar die geraas van hierdie wêreld in die vorm van bekommernisse en dringende wêreldse dinge wat gedoen moet word, maak dat ons die stem van die HERE nie hoor nie.

Ek en my vrou het op geleentheid gaan koffie drink by 'n koffie winkel. Dis 'n plekkie wat ons gereeld besoek en ons ken die eienares van al die kere wat ons al daar was. Skaars was ons hierdie keer daar, of sy het begin om ons te vertel hoe die Here met haar gepraat het om iets vir die mense van die ouetehuis te doen. Eers het sy die gevoel afgeskud as niksseggend, maar die gevoel het knaend daar gebly. Sy het die bestuur van die ouetehuis gaan sien om uit te vind of haar besigheid nie iets vir die oumense kan doen nie. Uit die aard van die saak het hulle die geleentheid aangegryp. Eers het sy gedink dat sy sommer uit haar eie sak iets sal maak, maar toe sy begin navraag doen oor skenkings, het die skenkings eenvoudig ingestroom! Die dag van die ete het die tafels gekreun onder die gewig van die kos; so baie was daar! So baie het oorgebly dat hulle later vir die oumense saam weggegee het! Nodeloos om te sê, die dag was 'n skreeuende sukses!

Hierdie laat my so dink aan die gelykenis van die seuntjie met die twee vissies en die vyf brode in Markus 6: *"[32] En hulle het met die skuit vertrek na 'n verlate plek in die eensaamheid. [33] En die skare het hulle sien weggaan, en baie het Hom herken en te voet van al die stede af daar saamgestroom en voor hulle uit gegaan en by Hom vergader. [34] En toe Jesus uitklim, sien Hy 'n groot menigte, en Hy het vir hulle innig jammer gevoel, omdat hulle soos skape sonder*

*herder was; en Hy het hulle baie dinge begin leer. [35] En toe dit reeds laat geword het, kom sy dissipels na Hom en sê: Die plek is verlate en dit is reeds laat. [36] Stuur hulle weg, sodat hulle na die buitewyke en dorpe rondom kan gaan om brood vir hulleself te koop, want hulle het niks om te eet nie. [37] Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Gee julle aan hulle iets om te eet. En hulle sê vir Hom: Moet ons gaan en vir tweehonderd pennings brood koop en aan hulle gee om te eet? [38] En Hy sê vir hulle: Hoeveel brode het julle? Gaan kyk. En toe hulle dit te wete gekom het, sê hulle: Vyf, en twee visse. [39] En Hy het hulle beveel om almal klompies-klompies op die groen gras te laat sit. [40] En hulle het gaan sit in groepe van honderd en van vyftig. [41] Hy neem toe die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en dank; en Hy breek die brode en gee dit aan sy dissipels om dit aan hulle voor te sit. Ook die twee visse het Hy onder almal verdeel. [42] En almal het geëet en versadig geword; [43] en hulle het van die brokstukke twaalf mandjies vol opgetel, en van die visse. [44] En die wat van die brood geëet het, was omtrent vyfduisend manne."*

Julle weet, as die Here vir jou iets op die hart lê om te doen, **doen dit**, maak nie saak hoe dom dit klink nie. Dit wat die vrou vir die oumense gedoen het, het haar niks gekos nie. Sy was bereid om geld uit haar sak te spandeer, maar God wou dit nie hê nie. Hy wou in die vrou se lewe en oral waar hierdie getuienis gelewer word, bewys dat Hy nog steeds God is en dat niks vir Hom onmoontlik is om te doen nie.

Ek weet dat baie van julle wonder wat my dan so spesiaal maak dat God sulke groot goed deur my wil doen. Die antwoord is om net bereid te wees, maar ons raak bang as ons sien hoe groot die golwe is. Ons begin dan wonder of ons die regte ding doen; wat gaan my vriende sê; hoe gaan die mense reageer; wat as hulle my uitlag? Dan los ons wat ons wou doen net daar en satan wen!

Onthou Filippense 4:23 die week: *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."* Vertrou op Jesus! Hy sal jou nooit in die steek laat nie!

Prys die Naam van Jesus!

# Die Bekerings Doop

Ek het die laaste ruk taamlik baie vrae oor die doop na die bekering gekry en daarom gaan ek ‘n paar dinge aan u verduidelik. Hierdie gedeelte gaan ongelukkig langer wees as normaalweg, maar dis nodig om die hele konsep aan u te verduidelik.

**Wat is die Bekerings Doop?**

Die woord doop is afgelei van die Engelse woord "baptism", wat weer afgelei is van die Griekse woord "baptizo". Letterlik beteken dit "onder die water ingedruk". Die Afrikaanse woord "doop" kan makliker na die Engelse woord "dip" herlei word, wat op sy beurt "insteek, indruk of laat sak" beteken. Dit is dus baie duidelik as daar van "doop" gepraat word, dit ’n "indruk in" of "laat sak in" water beteken.

Die doop kom na die bekering en dit is die uiterlike getuienis van wat binne ‘n gelowige se lewe plaasgevind het. Die doop illustreer ‘n gelowige se identifikasie met Christus se dood, Sy begrafnis en Sy opstanding.

In Romeine 6:3-4 lees ons, *“[3] Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? [4] Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ’n nuwe lewe kan wandel.”*

In Kolossense 2:12 lees ons, *“omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.”*

Die doop is dus ‘n simbool van gehoorsaamheid tot God deur saam met Jesus te wil sterf, begrawe te word en dan saam met Hom as nuwe wese op te staan uit die dood uit. Die doop is ook 'n teken dat

iemand Jesus as verlosser aangeneem het. Dit veronderstel dat jy jou ganse lewe aan God oorgegee het en dat jy begeer om volgens Sy wil te leef.

**Wat is die vereistes om gedoop te kan word?**

Daar twee vereistes wat nagekom behoort te word voor enige iemand gedoop kan word.

1. die persoon wat gedoop word moet op Jesus Christus as sy Verlosser vertrou, en
2. die persoon moet verstaan wat presies die doop inhou.

Indien iemand Jesus Christus as sy Verlosser erken, behoort daardie persoon te verstaan dat die Christelike doop ‘n stap van gehoorsaamheid is deurdat hy sy geloof in Christus openlik verklaar en daarna hunker om ook gedoop te word. Dan is daar geen rede waarom die gelowige verhinder moet word om ook gedoop te word nie.

In Mattheus 28:19 sê Jesus aan sy dissipels: *“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”* Die doop is dus niks anders as ‘n stap van gehoorsaamheid aan Jesus se opdrag nie. Dis ook ‘n openbare verklaring van jou geloof en jou identifisering met Christus se dood, sy begrafnis en sy opstanding.

**Is die klein doop van ‘n baba verkeerd?**

Die klein doop het sy oorsprong in die middel eeue toe die sterfte syfer onder kinders ongelooflik hoog was. Die kerk van daardie tyd het gevoel dat niemand die ewigheid behoort in te gaan sonder om ten minste gedoop te wees nie en dis waar die gebruik om babas te doop vandaan kom.

Of die klein doop reg of verkeerd is, gaan ek my nie oor uitlaat nie, maar as ons kyk na die vereistes wat nodig is om gedoop te kan word, dan voldoen geen baba aan daardie vereistes nie. U kan u eie gevolgtrekkings maak oor hierdie onderwerp.

**Kan ek myself meer as een keer laat doop?**

Soos reeds genoem is die doop 'n stap van gehoorsaamheid aan Jesus se opdrag in Mattheus 28:19. Vir baie mense sal dit die tweede keer wees wat hulle gedoop word: as baba en dan weer as volwasse Christen. Die verskil is dat u as volwassene die implikasies van die doop begryp en verstaan wat dit beteken. Dis dus nie verkeerd om uself weer te laat doop as volwassene nie.

As u reeds voorheen as volwassene gedoop is, dan is daar werklik geen punt om dit weer te laat doen nie. As u agter gelei voel om weer die stap van gehoorsaamheid te neem en u geloof in Christus weer openlik te verklaar; laat niemand u dan anders oortuig nie. Dis sal glad nie verkeerd wees as u oortuig voel om dit weer te doen nie.

**Is daar 'n verskil in die doop van die Vader, Seun en Heilige Gees en die doop in die Naam van Jesus?**

Jesus se opdrag aan Sy dissipels in Mattheus 28:19 was om te gaan en mense te doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

In Handelinge 2:38 lees ons hoe Petrus opdrag gegee het dat die mense hulle moet bekeer en hulle laat doop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes sodat hulle die gawe van die Heilige Gees kan ontvang.

Later in Handelinge 19:1-5 lees ons hoe Paulus deur Korinte gereis het en dieselfde opdrag gegee het dat die mense om hulle in die *Naam van Jesus* te laat doop.

Ons sit nou met twee weergawes van die doop: in die NAAM van die Vader, Seun en Heilige Gees en in die NAAM van Jesus. U sal oplet dat in beide gevalle daar een woord is wat uitstaan: IN DIE NAAM VAN. Let op dat die enkel fout van die NAAM gebruik word wat EEN voorstel.

In Johannes 5:19 lees ons die volgende: *"Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so."*

Vader, Seun en Heilige Gees is EEN en net so is die twee weergawes van die doop ook EEN doop! Daar is dus geen verskil nie, want ons word in beide gevalle gedoop in Jesus se dood en staan ons saam met Hom uit die water uit op. In beide gevalle word die Wil van die Vader volbring. U hoef uself dus nie te laat oordoop om *"meer reg"* te kan wees nie.

**Wat gebeur as iemand tot bekering gekom het, maar homself nooit laat doop het nie?**

Ek kan vir julle net weer gee wat in die Woord van God staan.

In Johannes 3:5 sê Jesus aan Nikodémus, *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."* Die Bekering, die doop en die ontvang van die Heilige Gees werk dus as 'n eenheid saam wat gevolg moet word.

Petrus sê in Handelinge 2:38 die volgende: *"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."* Bekering en die doop is dus belangrik om die Gawe van die Heilige Gees te kan ontvang.

**Nou wat gebeur met iemand wat tot bekering gekom het en dan sterf voor hy of sy homself of haarself kon laat doop?**

Ek gaan met julle eerlik wees deur te sê dat ek glad nie weet nie. Ek wil geen aannames maak nie, want dis van aannames maak wat baie op die dag van die HERE gaan uithardloop, in die lug op kyk en vra “Waarom is ek nog hier?” Ek wil nie hê dat dit met enige een van die wat die HERE aan my toevertrou het moet gebeur nie. Ek wil julle almal op die Heilige Berg van die Seun van die Mens sien! Daarom moet ek die Woord van die HERE verkondig soos dit staan.

Jesus het aan Sy dissipels gesê dat hulle moet uitgaan, dissipels moet maak en hulle moet doop. In Handelinge en ook in die daaropvolgende boeke van die Bybel word daar baie klem gelê op die feit dat mense tot bekering moet kom en hulle moet laat doop sodat hulle die Gawe van die Heilige Gees kan ontvang. Hierdie feit word oor en oor genoem!

Ek kan daarom nie help om te voel dat die Bekerings doop noodsaaklik is nie en ek wil by u aandring om daardie stap van gehoorsaamheid te volg as u kan. Ek het al gesien hoe mense in baddens en selfs in halwe olie dromme gedoop word. ‘n Wasbak kan ook werk as dit groot genoeg is. As daar ‘n wil is, dan is daar ‘n weg!

Dit is waar dat daar in Johannes 3:16 staan, *“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”*

As ons dus net na hierdie vers kyk, dan lyk dit of die enigste vereiste is dat jy net tot bekering moet kom om Hemel toe te kan gaan, maar ons praat nie net daarvan nie. Ons moet ook gereed wees vir die wegraping en daarvoor moet jy met die Heilige Gees vervul wees. Die Gawe van die Heilige Gees kan slegs kom na die doop. Dis

waarom dit so belangrik is om gedoop te word en daardie laaste stap van gehoorsaamheid te volg! Prys die Naam van Jesus!

# Die pad na Heiligmaking

Ek weet dat baie van julle vra hoe ‘n mens heilig kan lewe. Ek wens daar was ‘n maklike antwoord of ‘n resep wat ek vir julle kan gee en sê *“doen dit en jy sal heilig wees”*, maar dit is nie hoe dit werk nie.

Heiligmaking is ‘n pad wat jy saam met die HERE loop; ‘n leefstyl wat jy gaan moet aanleer soortgelyk aan ‘n dieet en dit vat tyd om te leer. Jy gaan baie val en jy gaan dit heel waarskynlik nooit ten volle reg kry nie, want jy is ‘n mens. ‘n Mens wat bestaan uit ‘n perfekte siel en ‘n sondige liggaam! Die HERE weet dit maar net te goed en dis waarom die HERE groot klem daarop lê dat ons moet probeer. Selfs al vaal jy, tel die feit dat jy probeer ontsaglik baie!

Die pad na Heiligmaking begin die dag wat jy tot bekering kom en jou laat doop. Dan skryf jy outomaties in by die HERE se skool en word jy in een van die HERE se klaskamers gesit en begin jy by Graad Een. Baie gou word jy bevorder na Graad Twee en daarna na Graad Drie. Soos jy aangaan, word die lesse moeiliker en moeiliker en so raak die kans dat jy kan vaal ook al hoe groter. Jy gaan ook agterkom dat die dinge waarmee jy in Graad Een gestruikel het, jy nou nie meer mee struikel nie. Dis jou maatstaf tot vordering in die klaskamer van die HERE.

Deel van Heiligmaking behels dat jy van sonde in jou lewe ontslae raak en ‘n eerlike leefstyl volg. Soos ek gesê het is dit geen maklike taak nie. Jou vordering gaan van jouself afhang. Ek is al jare hiermee besig en selfs ek vaal nog steeds van tyd tot tyd, maar soos ek gesê het. Die poging tel baie meer as wat ons dink, want net jou poging is klaar ‘n stap tot heiligmaking!

Deel van die Heiligmaking proses is om die Heilige Gees te laat werk in jou lewe. Paulus sê in 1 Korintiërs 1:30 *"Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en*

*geregtigheid en heiligmaking en verlossing."* Op jou eie gaan jy nooit in der ewigheid heilig kan wees nie. Jy gaan jou lewe moet oorgee in die Hande van die HERE sodat Hy dit kan bestuur volgens Sy volmaakte wil. Jesus sê in Johannes 15:4-5 *"[4] Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. [5] Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."* Die enigste pad tot heiligmaking is saam met Jesus!

Om jou kruis op te neem en die HERE te volg sonder om te kla is die volgende stap van Heiligmaking. Julle moet verstaan dat jy gaan val, maar jy val nie altyd deur jou eie swakheid nie. Jy val partykeer omdat die HERE dit toelaat. Jy val omdat jy vir iemand anders help dra aan sy kruis. Jy dra dan as te ware twee kruise. Ek kan nie begin om vir julle te sê hoe baie keer dit al met my gebeur het nie. In die begin het ek dit glad nie verstaan nie en het ek briesend kwaad geword omdat ek so swak was en aanhou val het. Maar die HERE het my daardeur geleer hoe om geduldig te wees en te weet dat Hy ‘n plan het, selfs al sien ek dit nie altyd so nie. Ek het geleer om die HERE te vertrou met alles in my lewe!

Wat ek nie besef het nie, was dat die HERE baie keer iemand anders se las verlig sodat daardie persoon weer krag kan kry om aan te kan gaan. Op stadium soos daardie, word daardie persoon se kruis vir iemand anders gegee om te help dra, maar dis net tydelik. As dit met jou gebeur gaan jy sien dat dinge somer baie skeef begin loop vir jou. Wees bly as dit met jou gebeur en prys die HERE daarvoor wat dit leer jou om jou naaste lief te hê, wat my by die volgende stap bring.

Wees lief vir jou naaste, ongeag wie hulle is en wat hulle doen. Ek stem saam, dis ‘n moeilike een om te leer... Ek het baie lank hiermee gesukkel, maar vandag maak dit seer as ek hoor hoe mense

mekaar afkraak net omdat hulle van velkleur verskil. Is ons dan nie almal maaksels van dieselfde HERE nie? Bloei ons nie almal rooi nie? Asem ons nie almal suurstof in nie? Ek praat nie die verkeerde dinge wat mense doen reg nie. Ek praat daarvan om mense te oordeel voor ons hulle ken en dit haat die HERE. Die reg om te oordeel kom ons nie toe nie.

Soos julle kan sien, is die pad na Heiligmaking 'n moeilike pad om te loop. OP jou eie en sonder Jesus gaan jy dit nooit kan regkry nie. Salomo het gesê dat om die HERE te vrees is die begin van wysheid is! As jy dus 'n heilige leefstyl wil volg, vra die HERE om jou te help. Die HERE sal op Sy beurt alles in Sy vermoë doen om jou by te staan om jou op daardie "gelukkige plek" te kry. Ek noem dit doelbewus 'n "gelukkige plek", want dis 'n plek waar jy kan rus met 'n suiwer gewete. 'n Plek waar jy besef dat die HERE vir jou lief bly selfs al struikel jy. 'n Plek waar jy weet dat vergifnis altyd beskikbaar is.

Ongelukkig is dit so dat die meeste halfpad ophou omdat die pad so moeilik is om te loop. As jy dus hierdie pad wil loop, wees bereid om die hele pad te loop. Niks is so mooi as iemand wat bereid is om sy kruis op te neem sonder om te kla en heilig te lewe nie. Die eindresultaat is 'n skoon gewete wat nie ontstel word deur sonde nie.

Ek gaan afsluit met 'n gedig wat iemand eenslag vir my gestuur het. Dit was in Engels, maar ek het dit so treffend gevind, dat ek dit vertaal het na Afrikaans vir julle.

*Ons is Christene. Ons struikel en ons val en ons bly alewig op die verkeerde pad. Maar God werk in ons. My lewe was miskien in my oë een groot gemors wees, maar ek is God se gemors en Hy is besig om hierdie gemors uit te sorteer! Die dag gaan kom wat ek aan die Here se sy sal staan; Sy werk in my volbring! Tot daardie dag kom, sal ek Sy hand in myne vat en Hom toe laat om te doen wat gedoen*

*moet word, maak nie saak hoe pynlik dit vir my mag wees nie, want ek weet dat as Hy klaar is, dit alles die moeite werd sal wees!*

Prys die Naam van Jesus!

## Hoe om temptasie te oorkom

Jesus, maak ons oë oop sodat ons die pad wat ons op is duidelik sal sien. Bewaar en seën ons en lei ons tot die ewige lewe. Amen!

Hoe baie keer gebeur dit dat ons iets het, maar dan wil die HERE nie toelaat dat ons die beter item kry nie? Kom ons sê jy het hierdie blou trui, maar blou is nie regtig jou kleur nie. Die blou trui werk en dit hou jou warm, maar jy sou eerder ‘n rooi trui verkies het. So gaan jy op Internet en begin jy soek.

Terwyl jy soek, kom jy op ‘n webruimte af met ‘n storie oor ‘n ma beer wie se kleintjies amper verdrink het toe hulle oorgeswem het na ‘n eiland in die middel van die dam. Dis egter een van hierdie webruimtes waar jy vier reëls lees en dan gebombardeer word met advertensies oor alles waarna jy al op Internet gesoek het. Die gevolg is dat jy deur 20 bladsye moet werk net om uit te vind of die klein beertjies dit gemaak het al die pad na die eiland. Die storie op elke bladsy van die webruimte is net genoeg om jou nuuskierig te hou sodat jy na die tien talle advertensies sal kyk.

Soos verwag kan word, sien jy die perfekte rooi trui wat jy so graag sal wil hê op elke bladsy soos jy lees. Die ergste is dat dit presies die regte tipe rooi is waarna jy al so lank soek! Jy staar in ongeloof, want jy het jou voete al deur geloop in winkels opsoek na daardie spesifieke rooi, maar jy kon dit nêrens kry nie en hier sit dit reg voor jou!

Jy kliek op die advertensies wetend dat dit ‘n uitnodiging is vir moeilikheid. Ek gaan tog maar net kyk; redeneer jy... Jy is mos sterk genoeg om die vinnig vloeiende water van temptasie te kan weerstaan as jy net kyk...

Die impuls om te koop is skielik daar en voor jy weet wat aangaan het jy die transaksie beklink. Jou gewete protesteer, maar jy probeer dit sus met die feit dat jy nou iets het wat jy graag wil hê en wat boonop beter gaan lyk as die blou trui wat nou al vol vuil kolle, honde en kat hare is. Dis waar dinge vir jou begin skeef loop, want jy het die deur vir satan oopgemaak. Daar is skielik uitgawes wat jy nie voor beplan het nie en dan besef jy dat jy in 'n strik getrap het!

Liewe lesers, moet niks doen as jy in jou gees voel dat dit nie reg is nie. Die HERE het tien teen een iets beter vir jou ingedagte en nou wil satan jou gedagtes aflei deur vir jou iets te laat koop wat miskien mooi lyk, maar geheel en al minderwaardig is of hopeloos te duur is.

Satan se demone staan in rye en wag vir so 'n geleentheid; vir jou om die deur van selfsugtigheid oop te maak. Maar dis nie die demone se skuld nie. Dis jou vlees en jou selfsugtigheid wat ingegee het en al wat satan gedoen het, was om jou die res van die pad te ry soos 'n resiesperd!

Dis kere soos dit wat 'n mens sien net hoeveel geld en tyd ons mors op nietighede. Dis dan dat jy die HERE hoor sê: "Sal dit nie wonderlik wees om vry te wees van hierdie gevoel om alles te wil hê net soos jy dit wil hê nie?"

Jy dink dan: "Wat 'n plesier sal dit nie wees nie!"

Jy besef dan dat jy twee keuses het: jy kan stoei met die kleinlike en dinge kry net soos jy dit wel hê of jy kan die klein dingetjies ignoreer en konsentreer op die ware betekenis van geluk en vrede in jou lewe.

Hoe meer jy jou sin kry, hoe meer word jy vasgevang in 'n web van doellose passie. Intussen is die lewe besig om voor jou oë verby te gaan hoe verder jy met die rivier van temptasie af vloei. Uiteindelik beland jy in 'n diep donker vallei waar jy oorstroom word deur die modder van die lewe terwyl jou drome hoog bo in die berge is.

Liewe lesers, satan het die perfekte slagysters vir elke geleentheid denkbaar! Hierdie slagysters word deur demone bestuur wat jou gedurig aanjaag om te kyk of jy nie in die slaggat wil trap en jou sover kry om tyd te mors op nuttelose dinge nie. Al wat jy werklik hoef te gedoen het, was om die HERE te dank dat jy ‘n blou trui het om aan te trek en dat Hy jou vry gemaak het van die wil om die rooi een te wil besit.

Voor jy dus uitvaar om jou eie sin te bevredig, vind eers uit wat die Heilige Gees daaroor te sê het. Onthou daardie ou spreekwoord: Die vere maak nie die voël nie; die voël maak nie die vere! Dit wat werklik saak maak in die lewe is aan die binnekant; nie die buitekant nie. Satan se plan is baie eenvoudig; om jou ewigheid te steel!

Daarom, bid en vind uit of dit wat jy wil doen in lyn is met die Wil van die HERE voor jy enige iets doen.

Prys die Naam van Jesus!

# Veertig dae in die woestyn

HERE, ek wil bid en vra dat U ons oë sal oopmaak sodat ons sal sien dat U ons nooit alleen laat om op ons eie aan te beweeg nie, selfs al vertel satan dit vir ons. Help ons om te besef dat U altyd teenwoordig is en dat ons niks op ons eie hoef te deurstaan nie. Amen!

In Mattheus 3 lees ons hoe Jesus homself laat doop het deur Johannes die Doper. In Mattheus 4:1-2 lees ons die volgende: *"[1] Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. [2] En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword."*

Julle sien; om tot bekering te kom is stap een. Dan kom stap twee wat die doop behels en daarna kom jou veertig dae van beproewing. Ons moet geensins hierdie veertig dae van beproewing sien as 'n straf nie, want dit is nie. Die hele idee van hierdie veertig dae is om jou gedagte gang te verander. Kom ek verduidelik. Van kleins af word ons gedagte gang geskaaf om soos 'n wêreldling op te tree. Jy word geleer dat die enkel individue 'n verskil kan maak. Daardie *eie-ek* moet van ontslae van geraak word en dis waarom die veertig dae daar is.

Toe ek op skool was, was dit die beste presteerders wat doktors en professore geword het. Dit was die beste presteerders wat die studie beurse gekry het en die hoogste posisies op skool behaal het. As jy die dag in 'n beroep instap, dan vind jy dat dit presies dieselfde is. Alles in ons lewe gaan oor die *eie-ek* en om op jou eie stoom oor die weg te kom.

In die Hemel werk dit egter nie so nie, want in die Hemel gaan dit daaroor dat die werk afgehandel moet word. Die individu en so ook die prestasie van die individu beteken in die Hemel niks. As 'n werk

afgehandel word, dan is almal saam daaroor bly, maak nie saak wat se rol jy daarin gespeel het nie. Selfs die een wat die minste gedoen het word saam met die wat die meeste gedoen het vereer, want die taak wat hulle opgelê is, is met sukses afgehandel.

Nou kom ons by die doel van die veertig dae van beproewing. Die doel is nie om jou te straf nie. *"Jy wil mos 'n Christen word; kry vir jou. Daar is nog baie waar hierdie vandaan kom!"* LEUENS! Moenie daarna luister nie! Nee, die doel is om jou denkrigting te verander; weg van die individu af wat op sy eie wil presteer; weg van die individu wat net aan homself dink na iemand wat meer van ander dink as van homself. Dit is die doel van die veertig dae.

Die tweede doel van die veertig dae is om te leer om die HERE eerste te stel in alles! Julle sien, voorheen het ons gedoen wat ons wil wanneer ons wil, maar nou wil die HERE hê jy moet leer om eers te vra. Satan gaan jou weerhou om hierdie een te verstaan so lank as wat hy kan. Jy gaan dinge hoor soos: *"Die HERE laat jou so 'n bietjie alleen om te kyk of jy self kan regkom..."* LEUENS, LEUENS, LEUENS! Die HERE laat nie een van ons OOIT alleen nie. Nooit in der ewigheid nie! Wyk satan!

Julle sien, die HERE wil hê dat jy afhanklik moet wees van Hom soos 'n kind afhanklik is van sy vader. Jy hoef niks ooit op jou eie te doen nie. Sjoe, dit het my lank gevat om die een te leer! Enige tyd as jy voel die kruis raak te swaar vir jou, vra dan vir hulp! Die HERE gaan nie dink jy is 'n swakkeling as jy om hulp vra nie. Probeer dit: *"HERE, ek is te swak en te klein om self oor die weg te kom. Ek het U hulp nodig!"* Ek waarborg jou liewe leser, as jy hierdie vra en die uit jou hart uit bedoel, sal jy onmiddellik 'n peloton engele tot jou beskikking hê om jou te help baklei. Jy hoef niks op jou eie te doen nie! Nooit nie! Die HERE is altyd met jou. Partykeer voor jou, partykeer langs jou en partykeer agter jou, maar jy is NOOIT alleen nie!

Die geheim is om van die illusie van beheer ontslae te raak, want nie een van ons is ooit in beheer van enige iets nie. Dis soos om op ‘n tandem fiets te ry. Ons almal wat graag in die voorste sitplek sit waar ons die stuurstang ons ons hande het en kan stuur waar ons wil wees, maar Jesus wil nie hê dat jy voor moet sit nie. Hy soek jou in die tweede sitplek waar jy geen beheer het nie en glad nie die fiets kan stuur nie. Ek weet, net om daaraan te dink maak jou bang tot in jou siel, né! Ek weet, want ek was daar!

Maar as jy eers hierdie illusie van beheer laat vaar, dan kom jy agter dat die rit agter op die fiets eintlik baie lekker is! Ek kan jou waarborg dat jy uit ‘n ander oog na die wêreld kyk daarna. Jy het skielik geen bekommernisse meer nie! Die dag van môre is dan net nog ‘n dag! Klink idillies, né? Dis presies soos dit is! Die oomblik wat jy jou klein handjie in die groot hand van die HERE sit en vir Hom sê: *“HERE, ek kan nie meer nie, want ek is te swak en te klein. Wees U in beheer van nou af.”* Dan begin dinge vir jou verander. Om op jou eie dinge te kan vermag maak dan nie meer saak nie!

Dit, liewe lesers, is die doel van die veertig dae van beproewing. Om alles in die Hande van die HERE te sit sonder om iets terug te hou en Hom alleen in beheer te hou!

Prys die Naam van Jesus!

# Wil jy Jesus duidelik hoor?

Dankie Jesus dat U ons oë en ons harte oopmaak vir die dinge wat ons weerhou daarvan om naby aan U te kan wees. Gee ons die krag en die genade om net vir U te wil lewe en om selfs ons eie wil daarvoor opsy te skuif vir U. Amen!

Liewe lesers, as jy die teenwoordigheid van die HERE in u lewe nie kan aanvoel nie of selfs as jy ver van Hom af voel, dan sal ek ten sterkste aanraai dat jy ernstig kyk na hoe gehoorsaam jy aan die wil van die HERE is.

Daardie klein stemmetjie wat vir jou sê: moenie daardie koop nie, help daardie persoon, bid vir hulle, moenie kortpad vat nie ens. Ek verwys nou na daardie dinge wat jy weet jy moet doen, maar nie werklik lus het voor nie. As jy ernstig is om die HERE te dien, dan is daar 'n prys om te betaal en daardie prys is dat jy geen voorkeure teenoor mense gaan hê nie.

Die HERE het al vir my gevra om iets nie te doen nie, maar dan luister ek nie, want ek kan nie verstaan waarom die HERE dit van my sal wil weerhou nie. Die uiteinde is dat ek die teenwoordigheid van die HERE daarna glad nie kan voel nie. Dis snaaks, maar dit voel of 'n deel van jou dood is. Jy weet dan dat die HERE nie gelukkig is met jou nie en dat Hy Homself van jou gedistansieer het.

Ek kan julle verseker dat dit nie 'n aangename gevoel is nie. As jy eers gewoond geword het aan die teenwoordigheid van die HERE in jou lewe, dan kan jy jou nie meer 'n ander manier van lewe voorstel nie. Dis 'n gevoel van absolute geluk en saligheid. 'n Gevoel dat alles aan die HERE behoort en dat Hy oor alles beskik; lewe en dood! Dis ook die wete dat niks met jou sal gebeur sonder die Wil van die HERE nie en as daardie gevoel weg is, dan gaan soek jy baie hard na wat jy verkeerd gedoen net om dit weer terug te kry!

Jesus sê in Johannes 14:21 *"Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar."*

Prys die HERE! Wat 'n mooi belofte!

As jy so 'n leegte voel waar die HERE veronderstel is om te wees en nou nie meer is nie, dan hoef jy nie ver te gaan soek na wat verkeerd is nie! Die eindpunt is hoe gehoorsaam jy was teenoor dit wat die HERE van hou en nie van hou nie. Het jou eie wil geseëvier?

In sommige gevalle kan jy maar bid, maar as jy nie teruggaan en doen wat die HERE vir jou gevra het om te doen nie, dan gaan niks verander nie. In baie gevalle gaan jy die moeilik goed waarvoor jy nie werklik lus het nie, moet doen. Dis wat die HERE vir jou verwag om te doen. Om Sy Wil en dit waarvan Hy hou eerste te doen.

Dan word daardie rowe pad wat vol rotse is skielik glad geteer en dan begin alles weer vloei, want jy het die HERE se vrede en Sy wil vir jou lewe weer gevind.

Liewe lesers, die HERE is versot daarop om in ons harte te woon. Vir die van julle wat dit nog nie verstaan wat dit is nie, dit is gebed en aanbidding en die genot om in Jesus se teenwoordigheid te kan wees.

En hoe kom jy daar uit? Deur die wêreld en jou opinie oor jouself te laat gaan en plek in jou hart te hê net vir Jesus alleen. Gehoorsaamheid is die enigste manier om daar te kom.

Die HERE wil homself baie graag aan almal van julle openbaar, maar sommige van julle is nog nie gereed daarvoor nie. Jy hang nog steeds die plesier van die wêreld aan en jy bied nog steeds weerstand teen die dinge wat die HERE jou gevra het om te doen. Jesus sal jou hart net kan verander as jy die besluit neem dat niks in jou lewe meer belangrik is as Hy nie.

Bid en vra dat die HERE jou hart verander sodat Jesus die enigste is wat belangrik is.

Onthou dat 'n verandering soos dit nie oornag kom nie. Dis 'n geval van diepe integriteit om dit wat jy as Christen waardevol beskou te intrigeer sodat daar nie donker hoekies is waar satan kan wag om jou aan te val nie.

Dis wanneer jy toestemming gee vir die klein goedjies dat satan 'n houvas op jou hart kry. Sonder daardie toestemming is alles wat hy probeer doelloos. So begin hy om met jou te speel en so gee hy jou toestemming om te doen wat die HERE nie wil hê jy moet doen nie. Hy het presies dieselfde gedoen met Eva in die Tuin van Eden. Hy het vir haar gejok en kyk wat het dit hulle gekos.

Jy sien nie die monster wat in jou hart probeer inkom nie. Vir jou lyk dit soos 'n muis omdat dit wat vir jou voorgehou word so klein lyk. Sodra jy toestemming gee, dan word hierdie muis in 'n japtrap skielik 'n baie groot probleem. Net soos 'n klein vuurhoutjie die potensiaal het om duisende akkers woud te kan vernietig, net so kan iets klein wat jy toegee, verander in iets wat baie gou buite jou beheer is.

Dis waarom die HERE jou weerhou om seker dinge te doen wat jy van hou om te doen. Die HERE sien die gevaar raak, maar ons doen nie. Ons dink dat die HERE is 'n *"spoil sport"*, maar dis alles behalwe die geval. Vertrou op die HERE! Vertrou dat Hy weet wat Hy doen, selfs al sien ons dit nie raak nie. Sit jou lewe in Sy Hande en aanvaar Sy leiding in jou lewe.

Dis nie nodig dat jy perfek moet wees nie; jy hoef net die wens te hê om perfek vir die HERE te wil wees. Dis daardie wens om perfek te wil wees wat die HERE se hart beweeg! Selfsugtigheid dryf die HERE weg en dan moet Hy jou deur 'n reeks van lesse vat sodat jy kan leer hoe belangrik dit is om nie selfsugtig te wees nie. In baie gevalle

moet jy die bodem tref voor jy besef hoe kwesbaar jy is en voor jy uit jou eie wil die leiding van die HERE in jou lewe aanvaar en Hom eerste stel oor alles in jou lewe.

Hou vas aan die HERE, geliefdes. Waak teen temptasie en hardloop so vinnig as wat jy kan weg van elke oomblik van sonde. Bid en vra die HERE om van daardie hardnekkige eie wil in jou lewe ontslae te raak. En as jy val, hardloop dan so vinnig as wat jy kan terug na die HERE. Dis waar jou vergifnis is.

Prys die Naam van Jesus!

# Die wil van die Vader

*Jesus, help ons om U wil in ons lewens te sien en help ons om te verstaan dat alles wat U doen, U dit uit liefde vir ons doen en nie om ons te straf nie. Amen!*

Dis verbasend hoe baie mense aan Godsdiens dink as ‘n stel reëls wat gevolg moet word... ‘n Soort van doen dit of jy sal dit vir ewig berou. Dis eers as jy die HERE op ‘n persoonlike vlak leer ken dat jy besef dat daar baie meer in steek as wat dit op die oog af lyk!

Dis nie die HERE se wil dat enige een van ons verlore moet gaan nie. Dit maak nie saak hoe ver van die HERE af jy op hierdie oomblik is of hoe skaam jy voel oor dit wat jy gedoen het nie. Die HERE staan gereed om jou te vergewe! Al wat jy moet doen is vra; dis so maklik!

God het ons as mens gemaak, ongeag van jou nasionaliteit, die kleur van jou vel of jou geloof oortuiging. Dit breek God se hart as een van Sy kinders 'n pad sonder Hom kies, want Hy wil vir almal van ons net die beste hê. God sal uit sy pad gaan en omstandighede in jou lewe gebruik om jou aandag te trek en om jou terug by Hom te kry! Dis waarom dit so belangrik is om te weet dat die Here baie verder af in die lewenspad af sien as ons en dis waarom baie van God se besluite nie onmiddellik vir ons sin maak nie, maar later dan verstaan ons waarom sekere dinge met ons gebeur het. Dan besef os dat alles wat die HERE doen of in ons lewens toelaat om te gebeur, Hy uit liefde doen!

God is ook 'n God van orde en dis waarom daar reëls is. As God 'n reël gemaak het, dan is Hy ook gebind aan daardie reël net soos ons. Anders as die reëls van die mens, is hierdie reëls nie oop vir interpretasie nie en kan die reëls ook nie gebuig word nie. Volg jy nie die reëls nie, dan moet jy die gevolg dra!

Die wegraping gaan wees soos die gelykenis van die tien maagde in Mattheus 25. Ons almal ken die storie. Net die helfte van die maagde was voorbereid en gereed vir die Bruidegom se koms. Die Bruidegom het egter nie gewag nie en het die wat gereed was saam met Hom geneem. Later het die wat nie reg was nie ook opgedaag en wat was die Bruidegom se antwoord? *"Ek ken julle nie!"*

As hierdie antwoord vir julle vreemd klink, gaan ek vir julle nou vat na Matteus 7:21 *"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is."* Nou weet ons waarom die Here vir die maagde wat nie gereed was nie, gesê het *"Ek ken julle nie!"*

Wat is die wil van die Vader dan? Die antwoord kry ons in Psalm 1:1-3 *"[1] WELGELUKSALIG is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; [2] maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. [3] En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit."*

Baie gaan nou sê: Maar ek lei 'n normale lewe. Ek roof, steel en moor nie en ek onderhou die tien gebooie. Dis baie mooi so, maar ***ken*** Jesus jou? Om die nou pad te loop is mooi, maar dan moet Jesus jou ook ken op 'n persoonlike vlak.

Hier is waar die onderskeid getref word. Om werklik deel van Jesus se bruid te wees moet jy vir Jesus op 'n persoonlike vlak ken en moet jy die Heilige Gees in jou hê! Jy gaan tog nie na iemand se bruilof toe en dan ken jy nie die bruid of die bruidegom nie!

Hoe leer mens iemand ken? Maklik, jy gesels met hom! Ek weet: julle kan nie bid nie, né! Dis die maklike deel. Begin om met Jesus te gesels asof Hy langs jou is. Vertel vir Hom waarvan jy hou en wat jou

pla. Gesels met Hom soos jy met enige nuwe vriend sal gesels. Hy mag miskien nie antwoord nie, maar Hy is 'n <u>uitstekende</u> luisteraar! Mettertyd sal Jesus begin terug praat deur Sy Woord. Die Bybel sal op plekke oopslaan met antwoorde op vrae wat jy gevra het. Jy sal ook sieklik aan iets dink en dan wonder waarom jy nie voorheen daaraan gedink het nie. Dis wanneer Jesus begin terugpraat! Dis ook belangrik om te weet dat die HERE baie keer deur ander mense met jou praat. Dit gebeur deur die teksverse wat jou vriende met jou deel. Dit het al ‘n paar keer met my gebeur dat ek die pad byster raak en dat die HERE deur my vriende op Facebook weer vir my die regte pad wys.

Ek weet sommige van julle is nou verbaas... Jy bring dan die Woord van God vir ons? Hoe kan *jy* dan die pad byster raak? Onthou, satan is slings en hy spaar niemand nie! Veral nie ons wat die HERE se skape moet lei nie, want slaan jy die herder eerste, dan spat die trop uitmekaar! Verstaan julle? Ek is ‘n mens met foute net soos julle!

As die HERE met jou praat, wees dan geduldig met die antwoorde. Partykeer moet Jesus eers dink oor wat jy vra en later vir jou 'n antwoord gee. Partykeer is die antwoord *nee* op dit wat jy vra, maar in gevalle soos dit is daar altyd ‘n baie goeie rede waarom die antwoord *nee* was!

Miskien sal jy nie nou verstaan waarom net die wat die wil van die Vader doen en vir Jesus ken die wegraping sal mee maak. Daar is baie Christene wat gered is, maar hulle bid nie meer nie of hulle doen nie meer die wil van die Vader nie. Die diegene wat die gevaar loop om agter te bly. As u een van hierdie mense is, onthou dat dit nog nie te laat is nie. U kan nog steeds omdraai. Maak skoon wat vuil is en maar reg wat stukkend is. Moet asseblief nie uitstel nie, want ons weet nie hoeveel tyd ons oor het nie.

In Markus 13:35-36 sê Jesus: *"Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag*

*of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie."*

Prys die Naam van Jesus!

# Daardie gevoel van totale moedeloosheid

Dankie Jesus dat U ons red van alle euwel. Amen!

Het jy al ooit wakker geword in die oggend en gevoel soos ‘n totale mislukking? Jy voel dat alles wat jy aanpak of al aangepak het in die verlede ‘n vernederende terugslag is. Jy voel soos iemand wat niks werd is nie en dat jy net nie kan by hou met alles nie, selfs al probeer jy wat. Klink hierdie bekend, liewe lesers?

Ek hoef seker nie vir julle te sê dat ‘n gevoel soos hierdie nie van die HERE af kom nie, né? Aanvalle soos die is ontwerp om jou onder te kry sodat jy moed opgee. Satan weet jy maak vooruitgang ten spyte van die klippe wat in jou pad gerol word en nou gooi hy hierdie gevoel van skuld op jou net om te kyk of dit nie die laaste strooi gaan wees wat die kameel se rug gaan breek nie.

Hou moed, liewe lesers! Die HERE het jou nie verlaat of veroordeel nie. Alles behalwe! Die HERE is besig om jou uit hierdie put van wanhoop te trek terug in die lig in! Die HERE is nie van plan om die goeie wat Hy in jou begin het prys te gee nie. Nie vandag nie, nie môre nie, nooit ooit nie! Prys Sy Naam!

Die vyand het demone wat spesiaal opgelei is om hierdie werk te doen, naamlik om jou te beroof van jou blydskap, jou geluk en jou eindbestemming. Wanneer jy so neerslagtig voel, dis wanneer jy besig is om in sirkels te loop en dis dan wanneer die HERE die naaste aan jou is.

Alhoewel satan hierdie aanslag gebruik om jou in te doen, gaan hierdie geen finale end vir jou wees nie! Die glorie van die Koningryk wag vir jou asook ‘n ewigheid saam met ons Verlosser! Prys die HERE! Jy is geen mislukking nie. Moet dit nie eers vir een sekonde

dink nie. Satan droom drome en sien gesigte as hy dink dat ‘n aanval soos dit kan werk teen ‘n Kind van die Koning!

Die HERE weet jy het baie op jou skouers, maar doen jy die belangrikste eerste. Die res kan wag, maak nie saak hoe belangrik dit mag lyk nie. Selfs die bietjie wat jy nou doen gaan die groot hoop kleiner maak.

Daar is belonings in die Hemel wat vir jou wag wat jy nie kan begryp nie, selfs al probeer die HERE dit nou aan jou verduidelik. Hou aan! Jy het oorwin; jy is ‘n oorwinnaar en jy sal bly aan die oorwin! Prys die HERE!

Daar is nie so iets soos ‘n mislukking in jou lewe nou dat jy voluit in gehoorsaamheid lewe en die plesier van die lewe agter gelaat het nie. Jy het geen idee hoe sterk die opposisie is wat jy elke dag oorwin nie. Dis waarom satan jou eie foute teen jou gebruik en jou probeer oortuig dat jy een stap weg is van totale verdoemenis. Satan en sy trawante is nie dom nie! Hulle grawe diep om by jou swak plekke uit te kom! Moenie na hulle luister nie!

Jy mag miskien nou groot opposisie beleef, maar die HERE is groter en Hy sal jou deur dra!

Satan hoop dat hy jou sover kan kry om terug te val in die wêreld in, maar dit gaan nie gebeur nie, want jy is ‘n Kind van die Koning, ‘n Prins of Prinses van die Heelal en jy lewe jou lewe uit die hart van die HERE. Dis waar jou krag vandaan kom! Opgee is nie eers ‘n opsie nie!

Waarheen anders sal jy gaan? Jy sal tog nooit gelukkig wees in die wêreld nou dat jy die geluk en vrede van die Hemel ervaar het nie?

Moenie opgee nie! Hou uit! Daar is geen manier wat jy kan verloor solank jy aanhou probeer nie. Staan op en sê: *“Ek gee nie om wat se*

*mislukking ek dink ek is nie, ek sal aanhou, want die HERE is getrou. Hy is met my en Hy sal sorg dat ek my bestemming bereik!"*

Glo nou wat jy gesê het en glo dit met jou hele hart.

Gaan nou voort. Die HERE is met jou en Hy sal jou voed en beskerm. Prys Sy Naam!

# Sonder liefde sal jy nie geneem word in die wegraping nie

*Jesus, ek wil bid dat U ons sal toerus met eerlikheid sodat ons na onsself kan kyk soos U na ons kyk. Help ons om daardie deel van ons harte te ontbloot wat ons vir almal behalwe vir U, HERE, wegsteek. Mag U vrede en U liefde almal wat hierdie boodskap lees bedek. AMEN!*

Vandag het die HERE 'n uiters belangrike boodskap vir almal van julle. Dis vir my uiters moeilik om dit te bring, want ek weet dat daar mense gaan wees wat gaan rebelleer, maar ek wil vra dat julle wat hierdie lees met 'n oop gemoed sal lees en sal verstaan dat dit kom van 'n HERE wat vir ons oneindig baie lief het. Prys Sy wonderlike Naam! Ek gaan die HERE nou direk aan die woord stel.

*"Baie van julle is so seker dat julle voor My sal staan as Ek gaan kom om julle te haal, maar julle kyk nie binne in julle self soos Ek in julle kyk nie. Dit bekommer My dat julle dink julle is gereed, maar julle hap en byt nog steeds na mekaar. Julle skinder; vertel leuens en julle beskuldig ander en dink dat julle alleen reg is en die ander een so verkeerd is. Maar Ek sê vir jou; jy is nie gereed om voor My te staan nie!"*

*"Jy word verblind deur jou eie self geregtigheid. Jy is op 'n kruistog om die 'foute' van die wêreld te herstel, maar jy is nie geskik om die bruilofskleed te dra nie. Ek kan nie 'n skoon wit bruilofskleed om die skouers hang van iemand wat so jaloers en afbrekend met sy tong is nie. Ek kan nie daardie bruilofskleed om enige iemand hang wat nie sy naaste liefhet soos wat hy vir My het nie."*

Jesus, nie eers ek voldoen aan daardie standaard nie... Hoeveel ander van ons sak kan?

*“Met jou soos met baie ander, kyk en na die bereidwilligheid om volmaak te wil wees. As jy sonder voorbehou jou haat , jou jaloersheid, jou self geregtigheid en jou aanstoot laat staan, dan sal Ek jou help. Dis gaan alles oor jou wil om perfek te wil wees. Maar as jy opsetlik deelneem aan skinder praatjies, haat gesprekke, jaloersheid, self geregtigheid en openlik aanstoot wys vir mense wat nie soos jy is nie, dan is jy in baie groot moeilikheid.”*

*“Al wat Ek van jou vra, sodat jy in jou bruilofskleed sal kan pas, is dat jy met eerlikheid na jouself kyk. As jy uit jou eie vrye wil met minagting na enige iemand kyk; sal jy nie voor My staan op daardie dag nie. Dis is verseker!”*

Op daardie oomblik het die volgende teksvers by my opgekom: Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan. (Lukas 21:36)

*“As jy nie toegewyd is om ander lief te hê soos wat ek vir jou het nie, dan is jy nie geskik om dit wat oor die aarde gaan kom te ontvlug nie. Liefde sal die finale toets van getrouheid wees; nie die leer nie, want die leer sal verbygaan. Ook nie profesie nie, want dit sal ook verbygaan. Jy mag miskien ‘n profeet wees, vol van My Woord, maar as jy nie die liefde het nie, gaan jy nie bly staan nie.”*

Maar my HEER, hierdie boodskap is so hard... Dis moeilik vir my om te bring...

*“Ek het nie gesê dat jy perfek moet wees in gedagte, woord en optrede nie, want nie een is nie, maar jy moet die bedoeling hê om perfek te wil wees. Om perfek lief te hê, om vriendelik te wees met almal ongeag hulle posisies in die lewe, genadig te wees en absoluut geen boosheid te wil kweek teen enige iemand nie. As jy hierdie voorneme geneem het en daarby hou, dan sal jy bly staan. Maar as*

*jy staan in self geregtigheid terwyl jy die vinger wys, stry en oordeel, dan is jy verdoem om agter te bly in die verdrukking."*

*"Ek wil niemand agterlaat nie, maar sommige van julle het julle harte verhard en julle het die onskuldiges en die wat blinde is vertrap. Baie van julle het op internet skote op mekaar geskiet. Jy het gewond, vermink en jy het hulle gelos om dood te bloei... alleen, verlate en sonder die vrug van hulle arbeid. Tensy jy jou bekeer en weerhou van hierdie gebruik, kan jy maar solank voorbereiding maak om hier te bly, want jy sal nie geneem word nie."*

*"Liefde is My standaard; geduld, goedheid, genade en sagmoedigheid. Hierdie is die beskrywing van My Bruid. As jy hierdie dinge in jou lewe onderdruk, dan het jy nie My Hart nie en voldoen jy nie aan die beskrywing van My Bruid nie. Sommige van julle sal sê dat hierdie boodskap te hard is, maar Ek sê vir jou dat jy nog nie van hierdie sonde in jou lewe ontslae geraak het nie. Moet Ek trou met 'n Bruid wat vol haat is en wraak in haar hart koester? As jy jou werklik van hierdie sonde bekeer, dan sal jy geneem word."*

Ek weet dis hard vir julle om na hierdie boodskap te luister. Dis net so hard vir my om dit te bring, want ons het almal vir Jesus leer ken as 'n liefdevolle HERE vol genade. Dis snaaks om die HERE te hoor as Hy so beslissend is.

*"My liewe Kind, weet dat dit Ek is wat met jou praat. Wil jy hê dat ek eerder moet wag tot na die wegraping? Wil jy eers dan uitvind dat jy nie waardig was om voor my te staan nie? Besef jy nie die erns van die saak nie? Hoe kan ek 'n siel bekroon met 'n verheerlikte liggaam en vir hom of haar 'n plek in die Hemel gee as hy of sy nie sy naaste nie lief het nie? Ek het op Golgota voor gesterf vir daardie persoon wat jy so haat."*

*"Ek gee nie om wie wat aan jou gedoen het nie. As my Bruid het ek jou die vermoë gegee om te vergewe en daardie persoon lief te hê*

*vir wie hy of sy ook al mag wees. Ek het hierdie vermoë aan almal gegee. As jy dit nie beoefen nie, wat moet Ek dan dink? Sy is my vrou, maar sy haat daardie siel vir wie ek gesterf het? Is dit regverdig? Jy sien, ek kan jou tekortkominge miskyk, maar ek kan nie jou opsetlikheid miskyk nie."*

*"Daar is van julle wat 'n gebrek het om hierdie boodskap te verstaan en ook die van julle wat nie die volwassenheid het om te kan verstaan nie. Vir julle is daar genade. Maar vir julle wat julleself my dissipels, herders en profete noem; julle moet in my weë wandel. Staan daar nie geskrywe dat nie elkeen wat my HERE HERE noem sal ingaan in die Koningryk van die Hemele nie, maar net hy wat die Wil van My Vader doen nie? Baie sal op daardie dag sê maar HERE, het ons nie in U Naam geprofeteer demone uitgedryf en siekes genees nie? Dan sal ek hulle antwoord Ek het julle nooit geken nie."*

Nog 'n teksvers het by my opgekom: En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. (1Korintiers 13:2)

*"Kom nou, al is jou sonde so rooi soos bloed; Ek sal dit so wit maak soos sneeu. Ek staan gereed en Ek wag vir jou om jou te bekeer van jou verkeerde weë. Ek het nie gekom om jou met die sweep te slaan en dan te los sodat jy op jou eie kan bloei nie. Ek het gekom om jou wonde te verbind en aan jou meer genade te gee sodat My Koningryk gebou kan word."*

*"Soek My in die stil oggend uur sodat Ek aan jou kan wys wat dit is wat My pla en waarvan Ek nie hou nie. Ek is vol genade en jammerte vir jou en ek sal jou genees sodat jy saam met My kan gaan op daardie dag wat gou gaan kom. Ek het jou lief en Ek kasty die wat Ek lief het. Niks kan erger wees as die dag na die wegraping wanneer Ek die blinddoek gaan afhaal en jy dan sal sien hoe verkeerd jy was nie. Asseblief, vat hierdie boodskap ernstig en kyk met nuutgevonde*

*oë na jou lewe. Kyk veral na daardie weggesteekte donker hoekies van jou hart en laat my toe om my helende krag daar uit te stort sodat jy voor my gebring kan word sonder rimpel en enige iets dergeliks."*

*"My Bruid; Ek het jou lief. Moenie jou van My onttrek nie."*

# Vertrou op die Here, Altyd!

Een van die lekker dinge van hierdie Internet Blog bestuur is om te hoor van die veranderinge wat God deur Suiderkruis in mense se lewens maak. Ek sit partykeer hier en huil van blydskap oor nog 'n siel wat uit satan se afskuwelike kloue ontsnap het! Dan prys ek die Here vir die kennis wat Hy my gegee het om met hierdie projek te kan begin.

Aan die begin kon ek nie verstaan waarom die HERE sekere dinge in my lewe laat gebeur het nie. Nie alles was goed nie, maar vandag weet ek waarom. Die doel agter alles was sodat ek uiteindelik met hierdie blog sou begin en mense na die HERE toe lei! Prys Sy wonderlike Naam! Dankie Jesus!

Julle sien; die dag as jy besluit om die Here te dien, dan is dit soos daardie getuienis wat ek so 'n tyd gelede gepos het *"Saam met Jesus op 'n Tandem Fiets"*. Aanvanklik klim jy voor op die fiets, want jy hou daarvan om in beheer te wees, maar dis net daar waar ons almal die fout van ons lewens maak! Solank as wat ons as mens in beheer van 'n probleem is, kan die Here nie aan die probleem werk nie en dit ook nie oplos nie. Hy kan jou help trap aan die fiets, maar jy sal nooit al die slaggate in jou lewenspad op jou eie kan mis nie. Solank as wat jy voor op die fiets sit, gaan daar altyd 'n toutrekkery tussen God en satan oor jou wees.

Een van my lesers sê dat hy eendag so moeg geraak het vir hierdie toutrekkery dat hy vir Jesus gevra het wanneer Hy en satan nou gaan ophou toutrek oor hom, want hy kies vir Jesus en sal altyd vir Jesus kies. Onmiddellik kom die antwoord: *"Hou dan op om die tou te wees!"* Met ander woorde: hou op om dinge op jou eie manier te wil doen en jouself altyd eerste te wil stel! Gee jou lewe oor aan die

Here. Vertrou op Hom ALTYD! Klim agter op daardie fiets en kyk wat gebeur!

Psalm 62:9 sê dit die beste! *"Vertrou op Hom altyd, o volk! Stort julle hart uit voor sy aangesig! God is 'n toevlug vir ons."*

As ons bid dan is ons so gewoond om te sê “Dankie vir dit” en “Dankie vir daai” en “Vergewe asseblief dit”, maar ons gesels nie werklik met God nie. Gaan in jou kamer in as jy alleen is, gaan kniel voor die Here en stort jou hart voor hom uit. Vertel Hom alles! Hy weet reeds alles, daarom is daar geen rede om skaam te wees of iets te wil wegsteek nie. Hy wil maar net van jou self af hoor! Neem jou toevlug tot die Here. Dis die een plek waar satan jou nie kan versoek nie en jy kan dit maar op die proef stel!

Een van my ander lesers het 'n probleem met haar huwelik gehad. Een aand, uit absolute moedeloosheid het sy op Internet gaan soek vir hulp. Google Search het Suiderkruis se stukkie Wat sê die Bybel oor egskeiding en her-trouery heel eerste gelys! Sy het besef dat sy nie hulp met haar huwelik nodig het nie, maar dat sy vir Jesus nodig het! Prys die Here daarvoor!

Ons as mens is ons eie grootste rede vir ons eie hartseer en pyn! Dis omdat ons alewig self die fiets wil bestuur in plaas daarvan dat ons hierdie takie vir die meester fietsryer gee! Ons weet niks van fietsry af nie en in ons onkunde beland ons in allerhande slaggate en raak ons die pad sommer goed byster! Satan kom en lieg dan vir jou en vertel jou dat jy alleen is en dat daar niemand is wat jou kan help, behalwe jouself nie. Raai wat? Ons luister en eet die leun vir soetkoek op!

Ek gaan afsluit met die volgende Bybel vers: Hebreërs 13:5-6 *"[5] Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. [6] Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here*

*is vir my ’n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal ’n mens aan my doen?"*

Mag die here hierdie boodskap seën!

# Krone vir Getroue Diens

Vandag gaan ek met julle die Krone vir Getroue diens behandel. In kort gaan dit oor die krone wat ons geredde kinders van die HERE gaan ontvang kort na die wegraping vir ons diens op aarde.

Om hierdie krone te kan ontvang, moet ons onsself beywer om dié weke te doen wat vir die Here behaaglik is en waarvoor Hy ook krone sal toeken. Dan weet ons dat ons lewe op aarde nie tevergeefs was nie, maar deur die krag van die Heilige Gees werke opgelewer het wat ewigheidswaarde het. Ons sal dan ook die stem van die Here hoor wat sê: *"Mooi so, goeie en getroue dienskneg. Oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Heer."*

Die volgende vyf krone word in die Bybel aan die oorwinnaars beloof:

**1. Die onverwelklike kroon vir 'n heilige en diensbare lewe**

Daar is bepaalde reëls wat ons in die wedloop van die lewe moet eerbiedig indien ons oorwinnaars wil wees wat iets konkreets vir die saak van die Here bereik. Na aanleiding van atlete se toewyding het Paulus in 1 Korintiërs 9 die volgende gesê: *"[24] Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. [25] En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles — húlle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike. [26] Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie. [27] Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie."*

Die atlete sorg dat hulle gesond bly, hulle rook of drink nie en eet reg. In die wedloop van die lewe moet jy jouself ook van alle skadelike [sondige] gewoontes weerhou wat jou vordering kan vertraag: *"…laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê"* (Hebreërs 12:1).

Toewyding van hierdie aard gaan met hart reiniging en die vervulling met die Heilige Gees gepaard: *"Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring"* (2 Korintiërs 7:1). Dit vereis selfdissipline en uithou vermoë om ons liggame diensbaar vir Christus te maak. Hiervoor sal ons 'n onverwelkbare kroon ontvang en glorie wat vir ewig sal bly. Nie soos atlete wat 'n verwerkbare lourierkrans en 'n kort oomblik van glorie ontvang het nie.

Daar is baie terreine in die koninkryk van die Here waarop 'n Christen homself kan diensbaar maak. Behalwe diegene wat die woord fisies verkondig, is daar omvangryke ondersteuningsdienste nodig soos administrasie, finansiering, voorbidding, die voorsiening van hulpmiddels soos Bybels, Christelike leesstof, voertuie, kommunikasie-apparaat, ens. Elke persoon moet egter daarna streef om self ook die evangelie te verkondig, al is dit net deur persoonlike gesprekke of die verspreiding van boeke, Bybels en traktaatjies.

**2. Die kroon van roem vir siele wenners**

Die groot taak wat Christus aan sy dissipels opgedra het, is dié van wêreld evangelisasie. Toe Hy ná sy opstanding in die bo-vertrek aan die dissipels verskyn het, het Jesus in Johannes 20:21 gesê: *"Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook"*. Later het Hy die opdrag aan hulle herhaal in Markus 16:15: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" .

Maklik sou dit beslis nie wees om die boodskap van die Here Jesus se reddende genade in ‘n vyandige wêreld te verkondig nie, daarom het die Here die krag van die Heilige Gees aan sy kerk belowe in Handelinge 1:8: *“Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde”*.

Vir diegene wat ander mense na Christus toe lei, word die kroon van roem beloof. Paulus sê in sy brief aan die gemeente van Thessaloníka in 1 Tessalonisense 2:19: *“Wie anders as julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms?”*. So sal alle ander mense wat verlore siele na Jesus toe lei, ook die kroon van roem voor die regterstoel ontvang.

**3. Die kroon van heerlikheid vir getroue herders**

Die geestelike versorging en opbouing van die gemeente is ‘n baie belangrike aspek van Christelike dienswerk wat deur die Here self bepaal is. In Openbaring verwys Hy op ‘n buitengewone wyse na die sewe gemeentes en hulle predikante in Openbaring 1:20: *“Die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die sewe engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes”*.

‘n Predikant moet soos ‘n helder skynende ster in die Here se regterhand wees. ‘n Ster (bedoelende ‘n planeet) het geen lig in homself nie, maar dit weerkaats sonlig. So ook moet ‘n prediker ‘n afskynsel van die lig van die son van geregtigheid in ‘n donker wêreld wees. Hy is nie self die lig nie, maar hy getuig van die lig.

Verder word die predikant met ‘n engel vergelyk in Hebreërs 1:7: *“En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme”*. Die predikant is dus ‘n

boodskapper wat met ‘n boodskap van God na die gemeente gestuur word; ook is hy ‘n dienaar van die gemeente én van God. Hy moet die gemeente bedien met die brood van die lewe, asook met die veelvuldige genadegawes van die Here.

Petrus sê dat die prediker ook ‘n herder is wat die kudde moet lei. Hy moet dit nie met murmurering doen nie, en ook nie met die oog op selfverryking nie. Hy moet nie ‘n harde en ongenaakbare meester wees nie, maar ‘n navolgenswaardige voorbeeld stel en waak oor hulle belange. As hy dit nougeset doen, sal die Here aan hom die kroon van heerlikheid gee soos in 1 Petrus 5 bevestig: *“[2] Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; [3] ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde. [4] En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.”*

Dit is duidelik dat predikers ‘n swaarder oordeel as ander mense sal ontvang as hulle nie hul werk doen soos wat die Here dit van sy geroepenes en gesante verwag nie. Dit behels onder meer dat hulle die volle raad van God moet verkondig, insluitende die boodskap van die wederkoms. Die Here sal ook ongeredde mense se bloed van hulle hande eis. Aan die ander kant sal hulle ryklik beloon word as hulle getroue herders was.

Weens die groot verval van die laaste dae het getroue en bekwame herders wat die woord van die waarheid reg sny, baie skaars geword. Die meerderheid sal ter wille van populariteit, en ook onder die beïnvloeding van hulle kollegas wat valse profete is, die weg van kompromie volg en ‘n maklike maar valse evangelie verkondig. Paulus het duidelik teen hulle gewaarsku in 2 Timoteus 4: *“[2] ...verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; [3] want daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar,*

*omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, [4] en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."*

Maak seker dat u in u gemeente met die onvervalste melk van die Woord bedien word, en saam met u leraar met vrymoedigheid voor die regterstoel van Christus sal kan verskyn. As dit nie die geval is nie, moet u so gou as moontlik onder die vorm godsdienstiges uitgaan soos in 2 Timoteus 3:5 beskryf: *"...mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.")*.

**4. Die kroon van die lewe vir Christen-martelare**

Aan elkeen wat sy lewe ter wille van sy geloof aflê, word die kroon van die lewe beloof. Die Here sê vir die martelare in Openbaring 2:10: *"Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee"*.

Deur die eeue heen was daar getroue diensknegte van die Here Jesus wat bereid was om ten koste van hulle veiligheid, hulle werk, hulle gesinne, en selfs hulle eie lewe, die vlam van geloof in 'n vyandige wêreld omhoog te hou. Hulle het die volle implikasies van Christus se woorde besef toe Hy in Lukas 10:3 gesê het: *"Kyk, Ek stuur julle soos lammers onder die wolwe"*. Ook het Hy in Johannes 16:33 gesê: *"In die wêreld sal julle verdrukking hê"*.

Hoe ís Christene die afgelope byna 2000 jaar nie op verskillende maniere vervolg, verdryf, bespot, geïntimideer en in straf kampe gesit nie, terwyl miljoene die hoogste prys vir hulle geloof betaal het. Die Here sal hulle spesiaal beloon.

By die kategorie van martelare is ook ingesluit diegene wat 'n swaar kruis van beproewing in hulle lewe moes dra. Volgens Jakobus 1:12 sal hulle ook beloon word as hulle getrou bly. Daar is baie mense wat gestrem is, of gestremde kinders het, wat siek of verlam is, wat

onderdruk, misken of verwerp word, of wat dalk werkloos, arm, honger of sonder huisvesting is. Hulle word almal bemoedig om die geloof te behou en op hulle moeilike weg te volhard. Sommige van hulle kry uitkoms in hierdie lewe en ander nie. Die hoofsaak is dat hulle tot die einde toe getrou moet bly en wag op die volmaaktheid wat ons eendag in die hiernamaals lewe sal hê (2 Korintiërs 4:16-18; Hebreërs 11:35).

**5. Die kroon van geregtigheid vir dié wat sy koms liefhet**

Om die Here se koms lief te hê, vereis 'n ingesteldheid op dinge met ewigheidswaarde. Jy moet skatte in die hemel bymekaarmaak waar mot of roes nie verniel en waar diewe nie inbreek en steel nie. As jy sê dat jy die Here Jesus se koms liefhet, dan sê jy dat Hy jou Koning is, dat jy by die vestiging en uitbreiding van sy koninkryk betrokke is, en dat jy uitsien na die dag wanneer Hy as Koning openbaar sal word.

Intussen is jy 'n vreemdeling en 'n bywoner op aarde omdat jou ewige tuiste nie hier is nie. Paulus het die goeie stryd van die geloof gestry terwyl hy die koninkryk van Christus in 'n heiden wêreld gevestig het. Kort voordat hy weens sy geloof tereggestel is, het hy opnuut sy sterk verwagting vir die koms van Jesus en sy koninkryk van geregtigheid uitgespreek in 2 Timoteus 4: *"[7] Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. [8] Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het."*

Wanneer die dag van die Here begin (*"in dié dag…"*) gaan Hy krone as genadeloos aan sy getroue diensknegte toeken. Terselfdertyd sal Hy sy toorn oor 'n goddelose wêreld uitstort sodat die sondaars ook kan maai wat hulle gesaai het.

Aan dié wat aan die Here behoort, openbaar Hy homself in heerlikheid en maak ons deelgenote van sy heerlikheid. Dan sal ons almal verheerlikte liggame kry en as burgers van die hemelse koninkryk saam met Christus regeer soos in Filippense 3 beskryf: *“[20] Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, [21] wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.”*

Met dank aan Johan Malan, Universiteit van die Noorde.

# Wat is fout met ons kerke?

Ons leef in 'n wêreld wat rebelleer teen sy Skepper! Die ontheiliging van die Sondag, die toename van pornografie, geweld en misdaad en die morele verval herinner ons daagliks dat ons in ‘n sondige wêreld leef wat vergeet het van God...

Dit laat ons wonder wat dan fout is met die kerk dat dit deesdae so oneffektief is. Hoe kan dit wees dat so baie Christene in so baie kerke so min invloed het op dit wat buite die kerk gebeur? Jesus sê in Mattheus 5:13-14 dat ons die sout van die aarde en die lig wat die wêreld is. Ons wat gered is moet die wêreld 'n beter plek maak. Waar het dinge dan verkeerd gegaan? Baie kerkgangers voel en dink soos Christene, maar dink en voel inderwaarheid soos humaniste. Hulle lees veel eerder die daaglikse koerante as die Bybel en televisie-kyk is baie aangenamer as om Christus te aanbid.

Die Kerk behoort soos ‘n reddingsboot te wees. ‘n Reddingsboot behoort in die see, besig om die drenkelinge te red – maar die see moenie in die boot wees nie, dan sal dit verseker ondergaan. Die kerk is die boot en die see die wêreld. Die kerk moet mense uit die wêreld red, maar die wêreld moet nie in die kerk wees nie, want dan sal dit ondergaan! Die groot tragedie van moderne kerke is dat hulle so gretig is om onbekeerdes toe te laat, dat hulle hul standaarde noodwendig verlaag en daardeur word die kerk deur die wêreld oorstroom.

Die boodskap aan die kerk van Laodicea in Openbaring 3:15,16 en 19 is van toepassing: *"[15] Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! [16] Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. [19] Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou."* Hierdie brief is geskryf aan ‘n kerk om hulle te waarsku

teen hulle wêreldse gesindheid en kompromieë ten opsigte van hulle geloof.

Die kerk groei statistieke is indrukwekkend, maar dit kom voor asof kerke net in getalle groei. Baie kerke het daarom soos dorsmasjiene geword: groot en indrukwekkend met 'n oorverdowende gebrul en baie aktiwiteite, maar die lemme wat die oes moet sny is stomp! As die Evangelie die sny lem van die kerk is; waarom is dit dan so stomp?

Die boodskap wat van so baie preekstoele, TV en die radio verkondig word is mens-gesentreerd, emosie-gebaseerd, vlak en flou. Die *glo*-net en die *bid-net-hierdie-gebed* boodskap is maklik en goedkoop. Die gevolg is vlak bekeerlinge soos witbrood: so verfyn dat al die natuurlike waarde daarmee heen is. Die aard van God word selde van kansels af aan mense verduidelik. Soortgelyk word sonde-oortuiging, sonde berou en ommekeer asook die toorn van God, die ewige oordeel en die werklikheid van die Hel nog minder behandel. Ons kerke het nie meer ontsag vir God nie – daardie heilige vrees vir en absolute aanbidding van God het verlore gegaan.

Jesus se vir ons in Lukas 12:5 *"maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!"* en ook in Johannes 3:36 *"Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom."*

In plaas van die Bybelse boodskap oor die Heiligheid van God, die sondigheid van die mens, sonde belydenis en Jesus se dood aan die kruis vir ons, word 'n hele reeks on-Bybelse versinsels verkondig soos: *"God het jou lief en het 'n wonderlike plan met jou lewe."* Geen ware prediker of evangelis sal ooit so iets kwyt raak nie! Terselfdertyd het flou frases soos *"glo net"* en *"bid net hierdie gebed"* hulle intrek in ons kerke gemaak. Ons moet beslis glo – maar

dit is die ganse Bybel wat ons moet bestudeer, glo, gehoorsaam en toepas. Ons moet bid, maar ons moet ook veel meer doen as *"net bid"*. Die Groot Opdrag wat Jesus in Mattheus 28:19 beveel het is: *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."*

Kom ons kyk vlugtig na die storie van die ryk jong man in Markus 10:17-24. Wat het Jesus geantwoord toe die ryk jong man hom vra wat hy moet doen om gered te word? Het Hy vir hom gesê *“God het jou lief en het ‘n wonderlike plan met jou lewe” of "glo net"* of *"bid net hierdie gebed"*? Natuurlik nie! Hy het vir die man presies gesê wat hy moet doen om gered te word! Ongelukkig kon die ryk jongman ten spyte van die hoë morele standaarde, Jesus se woorde nie aanvaar nie omdat hy ryk was. Sommige mag dalk dink dat die Here baie van hom verwag het, maar inderwaarheid was dit net een enkele ding: berou. Ons moet ons oortredinge besef, bely en dan glo. As sonde belydenis sonder geloof geskied, is dit nie ware belydenis nie. Dis andersom ook waar!

God is Heilige en Sy regverdige standaarde word deur sy Wet weerspieël. Die mens is sondig en moet sy sonde bely en in Christus glo. Hierdie belydenis en geloof moet sigbaar wees deur gehoorsaamheid aan Christus, ‘n gewilligheid om op te offer en vervolging te deurstaan. Aan diegene wat dit doen, beloof Hy groot seën, beloning en die ewige lewe.

Die afgewaterde *“God het jou lief en het ‘n wonderlike plan met jou lewe” of "glo net"* of *"bid net hierdie gebed"* boodskappe is so effektief soos om 'n hegpleister op 'n kanker te plak en te verwag dat dit genesing sal bring! Indien die Evangelie van Jesus Christus getrou verkondig word, sál dit ‘n gesuiwerde, gelouterde, biddende en kragtige Kerk tot gevolg hê – ‘n Kerk wat bereid is om God te eer en Hom in álles gehoorsaam te wees.

Maak u oë en hart oop vir wat die HERE aan u probeer sê, liewe leser! Indien u in 'n kerk is waar die Evangelie van Jesus Christus getrou verkondig word; is ek saam met u bly! Indien u egter in 'n kerk is waar dit nie gedoen word nie, dan gaan ek u baie ernstig maan om te loop en die stof van u voete af te skud as u by die deur uitgaan! Dis beter dat u sonder 'n aardse kerk die wegraping meemaak as wat u saam met 'n kerk agterbly waar daar geen vrees vir die Here is nie en waar die Evangelie nie verkondig word soos ons beveel was nie.

Prys die Naam van die HERE vir hierdie boodskap!

# Waaroor bekommer jy jou?

Partykeer laat die HERE my so 'n bietjie terug sit en dan kyk ons so saam na die wêreld. Ek kan julle dit sê: enige iemand wat nie 'n Kind van die HERE is nie, mis die mees ongelooflikste ervaring van sy of haar lewe, maar dan moet jou lewe totaal in die hande van die Meester Bouer wees.

As jy nog terug hou, kan die HERE net met jou werk soos 'n pottebakker met klei werk nie. Dit beteken natuurlik geduld om dinge in die hande van die HERE te los sodat Hy dit op Sy tyd kan aanspreek; NIE ons tyd nie.

Die HERE stuur gereeld vir my mense wat ek moet bearbei vir Hom. Die mees algemeenste klagte wat ek kry is die een waar daar gebid word vir iets, maar niks gebeur nie. "Ek bid teen 'n muur vas" is die frase wat die meeste gebruik word. Liewe leser; het jy al ooit die saak by die HERE gelos of gryp jy dit elke slag en hardloop daarmee op jou rug rond sodat die HERE nie daaraan kan werk nie? Dis jou probleem: jy gryp die probleem en hardloop daarmee weg voor die HERE daaraan kan werk.

Bid oor jou probleem en los dit dan by die HERE. Om oor en oor vir dieselfde goed te bid gaan die probleem nie vinniger oplos nie. So ook nie as jy aanmekaar daaroor kla nie. Los jou probleem by die HERE en vergeet daarvan. Wees geduldig. Die HERE sal vir jou die uitweg gee, maar dan gaan jy geduld moet leer!

Ek weet maar net te goed hoe moeilik dit is om te leer... Ek was self daar en net soos julle het ek ook oor en oor vir dieselfde goed gebid en later by die HERE gesmeek, maar niks het vir my gebeur nie. Dit was eers toe ek geleer het hoe om stil voor die HERE te raak en te erken dat Hy God is en alles kan doen, dan dinge vir my begin verander het.

Vandag vra ek vir die HERE en Hy voorsien. Ek hoef nie eers te wonder daaroor nie, maar dit was nodig dat ek deur al hierdie dinge gaan sodat ek kon leer. Het ek nie op 'n geleentheid gesê dat ons in God se klaskamer is nie? Jy is hier om te leer, so moenie so hard op jouself wees as jy sukkel nie. Staan daar dan nie in die Woord van die HERE geskryf *julle is meer werd as baie mossies* nie? (Mattheus 10:31)

Liewe leser, jy is die kroon van God se skepping! Jy is in beheer geplaas van alles wat vlieg, swem, loop en kruip. As die HERE dan vir jou al daardie mag gegee het, om watter onverklaarbare rede bekommer jy jou? Jesus sê dit so goed: as jy dan nie eers die geringste van dinge kan doen om jouself een el langer te maak nie, waarom bekommer jy jou oor dit wat jy nie kan verander nie?

Ek gaan afsluit met die gebed van Reinhold Niebuhr, die Amerikaanse Teoloog: *"Here, gee my die vrede om te aanvaar wat ek nie kan verander nie, die moed om te verander wat ek kan, en die wysheid om die verskil te ken. Amen!"*

Prys die Naam van Jesus!

# Getuienis - Saam met Jesus in die Hemel

Ek het toevallig op die volgende getuienis afgekom wat vir my so treffend was, ek moes dit net met julle deel.

Die getuienis gaan oor ‘n 65 jarige man wat onder verdowing op die operasie tafel gesterf het, vir Jesus ontmoet het en daarna teruggekeer het om dit wat hy ondervind het met die wêreld te deel. Die man verskaf nooit sy naam nie en ek kan dit verstaan, want daar is so baie wat mense met sulke ondervindings afmaak as leuenaars dat jy geen keuse het as om jou getuienis te lewer sonder ‘n naam nie.

Hy begin deur te vertel hoe hy, ‘n vriend van hom en hulle vroue vir die naweek op pad was om te gaan ontspan in die platteland. Op pad het hy baie snaaks begin voel. Hy het ‘n steekpyn onder sy regter kakebeen gekry en hierdie steekpyn het al met sy nek af beweeg het tot by sy hart. Hy sê dat hy kan onthou dat hy gesê het dat iets nie reg was nie.

Sy vriend wou weet wat verkeerd was en hy het hom vertel van die eienaardige pyn wat hy voel. Sy vriend wou weet watter ander simptome hy het en hy het gesê dat sy handpalms sweterig voel. Sy vriend het aanbeveel dat hy dadelik moet ry na die naaste hospitaal, maar hy het geantwoord dat hy klaar beter voel en sommer op die bed sal gaan lê as hulle eers by hulle bestemming opdaag. Sy vriend en die vroue het agter aangedring dat hy onmiddellik mediese hulp moet soek.

Hulle kry toe hierdie hospitaal wat glad nie ‘n ongevalle eenheid gehad het. Sy vriend het hom op ‘n bed laat lê terwyl hy een van die dokters gaan soek het. Sy bloeddruk was uitsonderlik hoog en hulle het hom dadelik op ‘n drup gesit om sy bloeddruk af te bring. Die ondersoek wat hulle gedoen het, het gewys dat die are wat na sy

hart toe loop vernou was en dat ‘n noodoperasie gedoen sal moet word om sy lewe te red.

Hulle het hom dadelik begin reggekry vir die operasie. Die narkotiseur het opgedaag en aan hom die gewone vrae gestel om te bepaal hoe hy op die narkose sal reageer. Hy het gevra om die dokter te sien en ‘n rukkie later het die dokter opgedaag. Hy wou weet wat hulle met hom gaan doen en die dokter het geantwoord dat mense in sy posisie gewoonlik nie hierdie antwoorde wil weet nie. Die prosedure sal wees om eerstens sy liggaam temperatuur af te bring tot dit baie laag was. Dan sal hulle die operasie doen, sy hart verwyder en die are begin oopmaak. Die dokter het gesê dat hy ‘n 50% kans het om te oorleef. Die man het geantwoord dat die 50% kans beter is as ‘n 100% kans is om te sterf.

Hulle het hom in die teater ingerol en die narkotiseur het hom onder gesit. Hulle het hom gevra om tot tien te tel, maar hy het skaars by drie gekom, toe is hy weg! Skaars was hy onder, of hy het weer wakker geword. Hy wou so graag vir hulle sê hy is wakker, maar hy kon glad nie sy mond oopmaak om te praat nie, maak nie saak hoe hard hy probeer het nie.

Hy het gehoor hoe die dokter die prosedure wat hy sou volg met die narkotiseur en die twee verpleegsters bespreek. Die dokter het gevra vir die skalpel en daarna het hy begin om die snit te maak om by sy hart uit te kan kom. Hy sê dat alhoewel hy alles kon sien wat gebeur, het hy geen pyn gevoel nie. Die dokter het gevra vir die beensaag sodat hy sy borsbeen kon oopsny om sy hart te kon uithaal. Dis op daardie stadium wat alles om hom swart geword het.

Hy sê dat hy iewers gestaan het, maar hy weet nie waar nie. Dit was ‘n baie donker plek; so donker dat hy sy hand nie voor sy oë kon sien nie. Skielik was daar ‘n baie helder lig agter hom. Hy het omgedraai om te kyk waar die lig vandaan kom toe ‘n stem vir hom

sê: *“Moenie omdraai nie. As jy omdraai en My gesig sien, gaan jy hier moet bly.”*

Hy sê dat hy nog altyd geweet het dat daar ‘n God is, maar dat hy nog nooit moeite gedoen het om die HERE te leer ken nie, maar hy het instinktief geweet dat hy met Jesus praat. Hy was op daardie stadium halfpad na die lig toe gedraai en het dadelik gestop. Soos hy gestaan het, kon hy die troon van die HERE sien en wat hom die meeste opgeval het, was hoe eenvoudig dit gelyk het. Dit was net ‘n wit stoel sonder enige goue afwerking of enige edelgesteentes in.

Hy het geantwoord: “Ek weet wie Jy is, HERE.”

Jesus het geantwoord: *“As jy dan weet, waarom dan wil jy My nie ongehoorsaam wees nie.”*

“Nee, HERE,” het hy geantwoord.

*“Jy gaan oorleef en Ek gaan jou terugstuur, want Ek het ‘n werkie wat Ek wil hê jy moet vir My gaan doen. Jy moet vir almal gaan vertel wat met jou gebeur het,”* het Jesus gesê.

Terwyl dit wat Jesus vir hom gesê het insink, het Jesus na hom gestap en hom omhels. Hy sê dat hy tot vandag toe daardie omhelsing en die gevoel van onvoorwaardelike liefde kan voel. Dit laat hom in trane uitbars om net daaraan te dink...

*“Is daar enige iets wat jy My wil vra?”* het Jesus gevra.

Hy sê dat maak nie saak hoe hard hy gedink het nie, Hy kon aan net mooi niks dink om vir Jesus te vra nie. Hy dink toe maar aan daardie ou cliché van ‘n vraag... Wat is die betekenis van die lewe?

Jesus het net gelag en geantwoord: *“As jy weer hierheen kom, dan sal ons sit en daaroor gesels.”*

Die volgende oomblik het hy wakker geword op die operasie tafel. Een van die verpleegsters het gesê: “Hy is by dokter.” Die operasie wat verby en hy het sy oë weer toegemaak.

Nadat hy herstel het, het hy sy getuienis uitgedra soos die HERE gevra het hy moet doen. Hy het die storie vir sy vriende vertel en een van sy vriende het gesê dat die antwoord op sy vraag aan Jesus so eenvoudig is! “Wat is die doel van die lewe?” “Om jou naaste lief te hê!”

Hy sê dat hy vandag weet dat jy nie gedoop hoef te wees om Hemel toe te kan gaan nie, maar hy het homself nogtans laat doop omdat hy Jesus se voorbeeld wou volg en ook omdat Hy die HERE so lief het.

Daar is ‘n HERE en Hy het almal van ons oneindig baie lief. Meer as wat enige een van ons nou sal kan besef. Moet dit nooit vergeet nie.

Prys die Naam van Jesus!

# Getuienis - Die Besem Bestuurder

So nou en dan kry ‘n mens ‘n regte juweeltjie per e-pos. Iemand het hierdie getuienis vir my gestuur en ek voel dat ek dit hierdie week met julle moet deel. Julle sien, ons kla so graag oor alles; baie keer sonder rede en nadat ek hierdie stukkie gelees het, het ek die Here gedank vir wat ek het! Volgens die skrywer het speel hierdie getuienis in Betlehem in die Vrystaat af.

Ek kom vanoggend so kwart oor sewe by die werk, sluit my werkswinkel oop en dank my Hemelse Vader vir die werkswinkel, gesondheid en omdat ek SY vrede en vreugde ervaar.

Die eerste kliënt kom vinnig nader en klim uit sy motor met 'n Wimpy koffie in sy hand en kla dis nie meer die koffie van ouds nie. 'n Ander persoon wat ek ken kom van die slaghuis af opgestap met 'n pakkie vleis en al kouende aan sy biltong grom-groet hy so asof dit 'n stryd is om te lewe. Ek besluit vandag wil ek luister en ek het goed geluister.

Dit is nou ses uur in die aand en ek wil jou vertel wat ek vandag gesien en ervaar het.

Ouens met baie geld kla oor pryse wat te hoog is. Die biltong man sê daar is amper geen vleis op die rakke nie. Die ander ou kla oor ou brood en 'n ander oor 'n koue hamburger wat hy wil vat en in die *Steers manager* se dinges wil opdruk. My suster kla oor haar CD speler wat skoongemaak moet word en dit kos R80 wat sy nie kan betaal nie, want sy het nie geld nie.

Ek vertel jou kortliks wat ek vanoggend gesien en ervaar het. Die mense kla en kla en ek wens hierdie klakouse met wie ek net vandag te doen gehad het kon sien en ervaar wat ek vroegoggend gesien het. Ek wonder waaroor hulle dan sou kla. Terwyl die ou oor sy koue

hamburger kla, vang my oog 'n ou swart man  wat in die slaghuis se vullis sakke krap. Die ou krap tussen die sakke en ek hou hom dop. Hy krap iets uit, ruik daaraan, hap en sluk sonder om te kou. Ek stap nader na hom.

Môre, groet ek. Wat is jou naam? My naam is Abraham my Lanie, antwoord hy.

Nou wat doen jy so vroeg hier tussen die ou vrot goed ou Abraham? Ek is honger my Lanie.

Maar ou Abraham, die goed is vrot. Ek weet my Lanie, maar die *Jere* het nog nie vandag vir my 'n ietsie afgegooi nie, *maskien* Hy is kwaad vir my.

Ou Abraham, hoekom vra jy nie vir geld as jy iets wil koop om te eet nie? Ek het my Lanie, maar daardie man, (en hy wys na die biltong eter) hy het my amper netnou *gaslaan*, hy sê ek moet voetsek!

Hoe oud is jy Abraham? Agt en Sewentig my Lanie.

Waar bly jy Abraham? Daar bo teen die berg. (Dis 8 km).

En jou mense, ou Abraham? Net my vrou bly by my, maar sy bene kan nie meer werk nie nou kan sy nie uit die huis kom nie.

Kry jy oumens pension, Abraham? Nee my Lanie, nog nie, maar Mandela sal nog plan maak, so ek wag maar!

Abraham se broek is nie meer 'n broek nie. Sy skoene het nie sole nie en daar is iets aan sy lyf wat dalk lank terug 'n hemp kon gewees het. Ek vra in my binneste "Here, wat nou?" maar ek kry geen antwoord nie, ek hoor niks.

Ou Abraham, ek dink regtig nie die Here het van jou vergeet nie. Ja my Lanie.

Die ou oë is glasig en dof, sy kop hang al vooroor soos hy jare lank al probeer om naby hom te sien. Die vullis wa trek in om die vullis te verwyder, en die manne verskreeu ou Abraham.

Waarnatoe gaan jy nou, ou Abraham? Ek gaan brood soek om huis toe te vat my Lanie - ek het klaar 'n kannetjie vir die water.

Ou Abraham het 'n glimlag om sy geplooide mond. As my Lanie wil kan ek 'n besem bestuur en die plek mooi skoon vee vir 'n stukkie brood.

Ek dink by myself: "Is dit nou U HERE wat deur Abraham praat?"

Ou Abraham, is jy seker jy het 'n liksens om die besem te bestuur? Ja my Lanie, my vrou het dit vir my *gagee* toe sy bene siek geword het.

Dis goed so Abraham, die mense jaag jou oral maar vandag het die HERE jou 'n groot werk gegee - jy is van vandag af die "General Manager" van die besems; jy is die Baas van die besems; hierdie besems gaan vir jou koffie gee in die plek vir water. 'n Manager moet ook mooi skoon aantrek en 'n geldjie hê vir die ou vrou by die huis. Ek sien jy is 'n man wat vir ons nog baie in die toekoms gaan leer oor die lewe, ou Abraham

Kan ek elke dag inkom my Lanie? Ja Abraham, want Vrydae kry die Besem Managers 'n lekker Wimpy ontbyt en Besem Managers werk net van 8 tot 11, want Besem Managers het tyd nodig vir hulle siek vrouens.

Is reg so my Lanie, ek sien nou die *Jere* het 'n ander plan *gahad vadag* en *ampor* dink ek Hy het my en die ou vrou *gavageet*. Jammer *Jere* omdat ou Abraham nie reg *vastaan* het nie.

Ek is die Here my God vandag so dankbaar vir iemand wat nie oor biltong kla nie, iemand wat nie oor leë rakke in die vleismark kla nie,

iemand wat nie oor koue hamburgers en koffie kla nie. Ek is my Vader so dankbaar dat Hy ou Abraham nie vergeet het nie. Doen my, jouself en ander 'n guns - en probeer net een dag oor niks kla nie, want ou Abraham was vandag vir my so 'n groot inspirasie. 'n Agt-en-Sewentig jarige half blinde man met toiings aan sy lyf wat nog steeds glimlag!

En ek sê met trots - vandag het ek 'n waardige, my beste ooit, besem bestuurder gekry!

Die Here is vir ons so goed en as ek voel dit druk, kyk ek na my besem bestuurder en ek weet - ek het mos niks om oor te kla nie.

------------------------------------------------------------

In Johannes 1:12 staan: *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;"* God is die Koning van die Heelal en as sy kinders is ons Prinse en Prinsesse van die Heelal! Konings Kinders het NOOIT 'n tekort nie! Tel jou seëninge en jy sal verbaas wees hoeveel jy regtig het!

Prys die Naam van Jesus!

# Ken Jesus jou?

Die Here lê dit vreeslik op my hart om hierdie verduideliking vir julle te skryf, so laat ons begin!

Elke slag as daar van die wegraping gepraat word, dan word daar gesê dat ons gereed moet wees, want ons weet nie wanneer die Meester van die Huis gaan terugkom nie. Daar het ook al verskeie waarskuwings uitgegaan dat nie alle Christene deel gaan hê aan die wegraping nie. Jesus sê hierdie self in twee verskillende gedeeltes in Mattheus.

Die eerste waarskuwing is in Mattheus 7:22-23 *“[22] Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? [23] En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!”*

Die tweede waarskuwing is in Mattheus 25:12 *“Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.”*

Baie mense dink nou dat Jesus onregverdig is of hulle kan dit nie verstaan waarom die Here so iets sal toelaat nie. Die antwoord is eintlik baie eenvoudig. Jesus kom slegs dié haal wat Hy ken dié wat rein is en wie dié wie gereed is om te gaan! Die wat die Wil van die Vader uitleef en sy naaste liefhet soos homself.

Jesus is die Bruidegom en ons Christene Sy kerk, Sy gemeente, Sy Bruid. Die van julle wat getroud is, sal verstaan dat die dag wat jy met jou vrou of jou man getrou het, jy tog vooraf seker gemaak het dat jy haar ken en dat daar niks twyfelagtig in haar verlede was nie. Dieselfde vir Jesus!

Verder, gedurende enige huwelik waar twee mense saambly, vryf hulle op mekaar af. Dis onvermydelik. As man het ek later dinge

begin doen soos my vrou daarvan hou en sy het van haar kant af dinge begin doen om dinge vir my makliker te maak. As jy in ‘n verhouding met Jesus is, dan gaan Hy ook later op jou af vryf en gaan jy dinge doen soos wat die HERE daarvan hou. Soos jy op Jesus afvryf, sal jy al hoe meer en meer soos Hy begin lyk en dis hoe die HERE jou gaan ken as Hy gaan kom om die wat Syne is te haal! Prys die HERE!

Dis om hierdie rede dat dit so uiters belangrik is vir ons om die wêreldse dinge te laat staan en dat ons enige gebreke in ons lewens moet regmaak. As ons voor ons Heer en Meester wil staan moet ons rein en sonder gebrek wees.

Om in vandag se lewe rein te lewe is geen maklik nie. Sonde sal daar altyd wees, want jou gees woon in 'n sondige liggaam wat vol wêreldse begeertes is. Boonop is ons teenstander, satan, slinks en het hy eeue meer ondervinding as ons! Maar ons kan 'n poging aanwend, maak nie saak hoe moeilik dit is nie. Net die feit dat jy probeer, tel al klaar baie in die oë van die HERE. As die HERE sien jy probeer, dan sal Hy jou help en so sal jy leer om na Hom te kom as jy val en so op te staan en weer te probeer!

U nuwe leefwyse gaan maak dat u vriende verloor, maar u gaan ook weer net so baie ander vriende by kry! Onthou: wie vriende en familie bo Christus verkies is Hom nie waardig nie!

Daar is baie Christene daar buite wat tot bekering gekom het, maar hulle leef ver van God af. Hierdie is die mense na wie ons moet uitreik. Ons moet hulle waarsku, want dit wat gaan kom gaan geen grap wees nie!

As u dus vriende het wat Christene is, maar wat die pad byster geraak het, stuur dan hierdie boodskap aan hulle. Moenie bang wees oor wat hulle gaan dink of doen nie. Wat mense dink is nie

belangrik nie. Wys jy net die pad. Of hulle dit gaan loop, gaan geheel en al van hulle afhang, maar dan het jy jou deel vir Jesus gedoen!

Prys Sy Wonderlike Naam!

# Laat die wat vuil is vuiler word en die wat skoon is skoner

So ‘n ruk gelede het die HERE vir my ‘n droom gegee. Van julle wat al sulke ondervindinge gehad het sal weet hoe ontstellend dit is...

Ek het ‘n baie groot saal gesien met baie mense in. Die een helfte aand die linker kant van die saal was ‘n restaurant van soort. Die mense daar het die lekkerste etes geëet wat ek nog ooit gesien het. Dit het my glad honger gemaak om te sien hoe hulle smul. Die ander regter helfte van die saal was ‘n openbare toilet. Ek het in my lewe al baie vuil plekke gesien, veral openbare toilette, maar die een was die vuilste plek ooit. Ek het my verkyk aan hoe mense ‘n fasiliteit kan gebruik wat so vuil is en maak asof hulle die nie eers sien nie. Mense het ingekom en hulle ding gedoen terwyl mense aan die ander kant lekker geëet het. Alhoewel daar geen skeidings muur tussen die twee helftes van die saal was nie, was die twee groepe onbewus van mekaar. Dit het my verbaas dat mense so lekker kon eet terwyl daar 'n vuil toilet in dieselfde plek is! Ek het gevra: *“Here, wat probeer U vir my wys?”* Die antwoord: *“Laat die wat vuil is vuiler word en die wat skoon is skoner.”*

Ek kan nie drome uitlê nie en het daarom geen idee wat dit kon beteken nie. Ek het die droom met iemand wat ek vertrou opgeneem en so uitgevind dat die uitleg was dat hierdie droom is in Openbaring 22:11 opgeteken: *"Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word."* Dit het vir my die deur oopgemaak vir die verduideliking wat gevolg het!

Die groot saal wat ek gesien het is die mense van die wêreld. Die mense in die skoon restaurant gedeelte is die Christene wat die

uitnodiging na die bruilofsmaal van die Lam aanvaar het en wie gereed is om te gaan. Hulle lei 'n skoon heilige lewe.

Die mense in die vuil toilet is die mense van die wêreld wat hulle besig hou met die plesier van die wêreld. As jy vuil is, dan kom jy dit nie agter nie en pla dit jou dit ook nie; dis waarom die mense in die toilet nie eers agter gekom het hoe vuil dit is nie! Spreuke 16:25 sê *"Daar is ’n weg wat vir ’n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood."* Vir die in die vuil toilet lyk die weg wat hulle is reg, maar dit is nie.

Verskeie waarskuwings het al uitgegaan vir mense om gereed te wees, maar baie ignoreer hierdie waarskuwings. Hulle besef nie hoe naby ons aan die einde is nie... Die Bybel sê dit gaan kom soos 'n groot skrik en dit is presies soos dit vir baie gaan wees. Baie gaan dan besef dat alles wat verkondig is die waarheid was...

Jesus sê in Johannes 14 *"[2] In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. [3] En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."* Ek voel dat hierdie vers volbring is. Die plek is voorberei en die maaltyd is gereed. Nou hang dit van die wil van God die Vader af wanneer die tyd reg gaan wees vir Jesus om sy bruid te kom haal.

Hoe kan ek so seker wees? Kyk bietjie wat rondom jou in die wêreld aangaan. Jesus sê in Mattheus 24 dat nasie teen nasie sal opstaan. Daar is deesdae so baie oorloë op verskillende plekke in die wêreld dat daar nie eers meer daaroor gerapporteer word in die media nie. Dit het ‘n alledaagse verskynsel geword! Almal praat van hoe mal die wêreld skielik geword het en hoe duur alles geword het. Dat daar geen wet en orde meer is nie. Dat mense nie meer respek vir mekaar het nie. **MENSE WORD WAKKER!** Hoeveel waarskuwings

moet daar nog wees voor mense gehoor sal gee? Maak jou paaie reguit. Binnekort gaan dit te laat wees!

Die wat reeds gereed is; laat die Gees toe om jou te wys waar jy kan verbeter om sodoende nog beter te kan word. Streef heiligmaking na sodat jy sonder vlek, rimpel of iets dergeliks voor God kan staan. Wees 'n waardige verteenwoordiger van Jesus en laat jou lig soos 'n baken in hierdie verdraaide krom wêreld skyn! Laat jou ja jou ja wees en jou nee jou nee.

In Openbaring 22:12 sê Jesus: *"En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees."*

Prys die Naam van die HERE!

# Maak jou weë reguit voor die Heer

Vandag se boodskap is bedoel vir die sondaars; die wat nog nie gereed is om Hemel toe te kan gaan nie.

Dis heel moontlik nie die boodskap wat julle in julle kerke sal hoor nie, omdat baie kerke hulle weerhou daarvan om te preek oor sonde, vergifnis en heiligmaking. Hulle is bang hulle verloor lidmate. Daar gaan ook diegene wees wat gaan sê dat ek *"scare tactics"* gebruik en hulle gaan heeltemal reg wees! My vraag is dit: sou u verkies om nou tot in u siel toe banggemaak te word terwyl u nog iets aan die probleem kan doen of sou u verkies om later, na die tyd te besef dat dit nou te laat is en dan wens dat u tog maak geluister het?

Ongeag wat u voorheen van enige iemand gehoor het: Daar IS 'n Hemel en daar IS 'n Hel. Hierdie vleeslike liggaam wat u so koester SAL eendag dood gaan en daar is niks wat u daaraan kan doen om dit te verhoed nie. U gees wat in u vleeslike liggaam leef, gaan egter vir altyd leef. Het u al 'n dooie persoon gesien? Die eerste ding wat my opgeval het, is dat dit 'n dop is... Alle kleur en dit wat die persoon gemaak het wat hy of sy was, is weg. Dit lyk nie eers soos iemand wat net slaap nie! Dis omdat die gees nie meer teenwoordig is nie. Die gees en alles wat daardie persoon was gaan vir ewig lewe in een van twee plekke: die Hemel of die Hel.

Die mens is 'n sondige wese: gebore in 'n sondige liggaam in 'n sondige wêreld. Omdat ons almal afstam van Adam en Eva en hulle ongehoorsaamheid aan God, deel ons in hulle sonde. Daar is nie een mens wat regverdig is nie. Nie eers een nie! Sonde staan in die pad tussen ons en God omdat God heilig is. Omdat ons so sondig is, verdien ons om in die hel gewerp te word. Dit sal die tweede dood wees; 'n ewigheid sonder God in die hel.

God het die hel geskep vir satan en sy engele omdat hulle in opstand teen Hom gekom het. Dit is nie God se wil dat enige van ons hulle lot moet deel nie, maar God is ook 'n regverdige God en Hy sal nie die reëls buig of die standaarde verlaag soos baie van ons kerke maak nie. Die hel is 'n werklikheid. In die hel is daar geen liefde nie en daar is geen genade nie. Genade is iets wat van God af kom en omdat God nie in die hel is nie, is daar geen genade vir enige siel nie. Dis 'n plek van uiterste pyniging waar niemand ooit dood kan gaan om die pyniging te ontsnap nie.

U liewe leser is geskape na God se ewebeeld. U lyk net soos Hy. In die hel tel daardie gelykenis teen u, want u herinner die demone aan iets wat hulle nooit meer kan wees nie. Hulle gaan u haat met 'n haat wat niemand kan beskryf nie, net daaroor. Stel u 'n plek voor waar daar daagliks mense se arms en bene afgeskeur word, mense onthoof word en in vlammende lawa gegooi word; dit terwyl hulle smeek om genade. Onthou dat niemand in die hel ooit doodgaan nie ongeag wat die demone doen. Ontsnap is dus onmoontlik en hierdie proses van marteling sal hom daagliks herhaal... Die term hel op aarde kom nie naby op dit wat vir sondaars wag nie... As gevolg van ons sondige natuur, verdien ons almal om hel toe te gaan. Niemand van ons verdien om op God se heilige berg te kom staan nie.

Die goeie nuus is dat u hierdie afgryslike toekoms kan vryspring. U hoef nie hel toe te gaan nie! Twee Duisend jaar gelde het Jesus op die kruis gesterf vir ons en daardeur 'n deur in die muur van sonde tussen ons en God gemaak. Dis waarom die voorhangsel van die tempel middel deur geskeur het en ook waarom Jesus se laaste woorde was dat alles volbring was. Die pad was gebou! Ons moet dit net loop! Jesus het sy lewe gegee sodat u geheilig kan word om voor God die Vader te kan staan. Al wat u moet doen is om op u knieë te gaan en u sonde te bely. Alles daarvan! God ken u sonde en daar is geen rede om skaam te wees of om enige iets terug te hou

nie. Nadat u u sondes bely het moet u die Here in u lewe in nooi en Hom vra om u een van sy kinders te maak. As u dit doen, SAL u gered wees en nie hel toe hoef te gaan nie!

Dis hier waar die meeste kerke hulle boodskap eindig, maar daar is nog meer. Nadat u tot bekering gekom het, kan u nie net voortgaan met u ou lewe asof niks verander het nie. Baie beslis nie! U is nou 'n Kind van God, 'n erfgenaam van die Koning en daardeur 'n prins of 'n prinses van die Heelal! As 'n prins or prinses moet u optree soos een! U sal die wêreldse dinge moet los. Kinders van die Here spandeer nie hulle lewens in 'n fliek op 'n dansbaan of voor 'n TV om nie. Hulle bestudeer God se woord en gesels met hulle Skepper. Hulle laat die Gees van God toe om hulle te lei in alle aspekte van hulle lewens. U gaan van u vriende en vriendinne verloor as gevolg van u nuwe lewens wyse. Ek het ook van my vriende verloor, maar die Here het vir my ander vriende gegee! Vriende wat jou kan dra deur die moeilike tye in jou lewe en nie net altyd iets van jou terugverwag nie. Mettertyd sal u veranderinge in u lewe bespeur. U sal 'n ryker en dieper persoon word. Iemand na wie ander sal begin opkyk. Soos u groei in die Gees sal u die vrugte van die Gees begin dra: liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:22). Hierdie sal 'n aanduiding wees dat u op die regte pad is.

Die volgende stap is om u toe te rus vir die werk van God op aarde. Daarvoor sal die Gees u toerus met een of meer gawes. Die gawes van die gees is: wysheid, kennis, geloof, gesondmaking, werkinge van kragte, profesie, onderskeiding van die geeste, spreek in tale en die uitleg van tale. Nee, u hoef nie in tale te kan praat om die Gawes van die Gees te kan ontvang nie. Die praat in tale is maar net een van die Gawes. Dit omvat nie al die Gawes nie! Die Here deel uit soos wat Hy wil en volgens wat u in nodig mag hê. God sal u nie met 'n tang toerus as Hy wil hê u moet 'n spyker gaan inslaan nie!

As u as bekeerling tot hier gelees het en u kom agter dat u hierdie dinge nie in u lewe het nie, dan moet u baie ernstig begin wonder oor u bekering! Alles wat ek tot dusvêr genoem het, is 'n MOET in elke ware Christen se lewe! Dalk het u afgedwaal, minder begin Bybel lees of minder begin bid. Die Gees van God is 'n ware heer en Hy sal net in u lewe bly as u Hom daar wil hê! Om weer op die regte pad te kom gaan beteken dat u weer van voor af moet begin met sonde belydenis en u gaan weer u lewe moet skoon maak. Moet egter nie dink dat 'n Christen nooit kan terugval of kan sondig nie... Ons almal val terug en sondig van tyd tot tyd. Die geheim is om as u gesondig het of teruggeval het, dadelik met die Here reg te maak! Vra om verskoning en BID vir genade. God sal u vergewe, want sy vergifnis is groot en sonder voorbehou!

As ware kind van God sal u sal die hel nooit sien nie. U het ook geen deel aan God se oordeel oor hierdie wêreld nie. Regdeur die Bybel word daar vir ons gewys dat God sy kinders eers uit die ramp gebied verwyder voor Hy sy plae oor daardie gebied uitstort. Lot en sy gesin is verwyder voor God Sodom en Gomorra verwoes het. Noag en sy familie is verwyder voor die vloed. Net soos gaan u as ware kind van God met die Heilige Gees in u lewe verwyder word tydens die wegraping voor God sy plae oor die wêreld gaan uitstort. U sal oplet dat ek die woorde *"ware kind van God met die Heilige Gees in u lewe"* gebruik, want dit is die vereiste. As u 'n bekeerling in naam alleen is, dan gaan u agterbly...

Gedurende die verdrukking gaan die wat agterbly geforseer word om aan te sluit by die Een Wêreld Geloof. U gaan geforseer word om u lojaliteit aan die Wêreld Leier te bewys deur sy merk te aanvaar. Doen u dit gaan u vir ewig verlore wees. Doen u dit nie, gaan u gevange geneem word, gemartel word en in die publiek tereggestel word. U gaan sterf vir u geloof! Plek om weg te kruip gaan daar nie wees nie...

Liewe leser: U kan al hierdie verskriklike dinge nou mis deur tot inkeer te kom; Jesus as u persoonlike salig maker te aanvaar en u lewe volgens Sy wil te leef. Dis nie onmoontlik nie en God vra ook nie baie nie. Die beloning is die ewige lewe en 'n koningskap saam met Jesus oor die wêreld wat kom. God gee baie meer terug as wat Hy van u vereis.

As u reeds voorheen tot bekering gekom het en nie meer op die plek is waar u moet wees nie, maak dan nou reg terwyl u nog kan. As ons kyk hoe die wêreld teen God en sy leefwyse vir die mens rebelleer dan is die einde **BAIE** naby! Ek wil by u **SMEEK** om asseblief u lewe in orde te kry. Moenie langer uitstel nie. Tyd vir grappies maak en kerk speel is daar nie meer nie.

Markus 13 *"[28] En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. [29] So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur. [33] PAS op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie. [35] Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; [36] dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie."*

Die Meester van die huis is op pad en Hy bring sy beloning saam met hom! Moenie onverhoeds betrap word terwyl u nou iets aan die saak kan doen nie. Die verdrukking wat kom gaan geen grap wees nie!

Mag die Here hierdie boodskap seën.

# God se reëls vir ons lewens

Ons almal het tog seker een of ander tyd in ons lewe 'n speletjie of twee gespeel. Hetsy wegkruipertjie as kind of een of ander vorm van bord of elektroniese speletjie.

Alle speletjies het spel reëls wat gehoorsaam moet word. In sommige gevalle word die reëls op die speler afgedwing. Het u al gedink wat sal gebeur as 'n speletjie nie reëls het nie? Totale chaos gaan in dies spel heers, want dan kan enige speler doen net wat hy/sy wil. Spel gaan frustrerend raak en uiter moeilik om te verstaan omdat daar geen neergelegde reëls is nie. Die spel reëls is daar sodat almal kan verstaan wat die doel van die spel is; wat dit is wat vermag moet word en hoe om uiteindelik die spel te wen. Ek weet dat baie van u nou wonder waarheen ek op pad is met hierdie ooglopende verduidelikings.

Ons samelewing het ook reëls in die vorm van wette. Hierdie wette is deur God geskep en as Kind van God verwag die Here van ons om die wette van die land asook Sy wette vir ons lewens na te kom. In die Ou Testament word na die reëls verwys as die Tien Gebooie, maar in die Nuwe Testament is die vervang met die Wet van Christus. Die wêreldlinge sê dat God hulle pret wil bederf, maar dit is nie waaroor dit gaan nie. Reëls gee orde en dit maak dat ons as Kinders van God nie blootgestel word aan dinge waarvoor ons nie gereed is nie.

Ek het hierdie afgelope week met verskeie mense gedeel waarby huwelike, egskeidings en seks voor die huwelik ter sprake gekom het. Ek was verbaas gewees om te hoor hoe geredde Kinders van die Here vir hulle mede-Christene aanpor om vir hulle kinders kondome te koop sodat hulle kan doen wat nodig is... Dit terwyl die Bybel ons op verskeie plekke waarsku teen onsedelikheid!

- Handelinge 15:20 *"…dat hulle onsedelikheid moet vermy…"*

- 1 Korintiërs 5:1 *"'n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle, en dan nogal onsedelikheid van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie voorkom nie"*

- Galasiërs 5:19 *"Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid…"*

- Efesiërs 5:3 *"Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie."*

- Kolossense 3:5 *"Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is."*

- 1 Tessalonisense 4:3 *"Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid."*

As mens fokus ons te veel op die *"vermaaklikheid"* aspek van seks sonder om die *"skeppings"* aspek raak te sien. Ja, seks is genotvol. God het dit so ontwerp en Hy verkies dit dat mans en vroue die seksuele aktiwiteit moet geniet, maar binne die beperkinge van die huwelik!

Speel ons die speletjie nie volgens die reëls nie, dan is die gevolge seksueel oordraagbare siektes, ongehude moeders, ongewenste swangerskappe, aborsies en nog baie ander dinge waarvoor jong mense fisies en geestelik nie gereed is nie.

Mense besef nie watse verantwoordelikheid 'n baba is nie. Hulle besef nie wat dit gaan behels nie. Eers as alles verby is en jy tot jou sinne kom, dan besef jy wat dit is wat jy gedoen het, maar dan is dit te laat.

Huwelike is presies dieselfde. Baie mense trou omdat hulle hul welluste op 'n wettige manier wil bevredig, maar as die vermaaklikheid aspek verby is, dan slaan die werklikheid hulle soos 'n hamer teen die kop! Dis dan wanneer die huwelik in die skeihof eindig...

Ek het trou, skei en seks buite die huwelik as 'n voorbeeld gevat hierbo, maar die reëls is baie meer as net dit. Die reëls bevat ook opdragte hoe ons ons medemens moet behandel, hoe ons moet optree en wat toelaatbaar is en wat nie. Die Tien Gebooie is in die Nuwe Testament vervang met die Wet van Christus en ons lees in Mattheus 22:37 – 40 daarvan: *“[37] En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38] Dit is die eerste en groot gebod. [39] En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. [40] Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.”* As u bo genoemde nakom, dan sal u outomaties ook die Tien Gebooie nakom, want Jesus se self so!

My vraag aan u is dit: Is u lief vir Jesus? As u lief is vir Jesus dan sal u Sy gebooie bewaar omdat u Hom lief het. U sal God se reëls vir u lewe nakom en *nee*, Sy reëls is nie moeilik nie. Die doel van die reëls is om orde te verseker en te sorg dat u uit die moeilikheid bly. In 1 Johannes 5:3 lees ons: *“Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.”*

Prys die HERE vir hierdie boodskap!

# Hoe weet ek of ek in die regte kerk is?

Ek is seker hierdie is ‘n vraag wat al by u opgekom het. Nou kom ek antwoord hierdie vraag vir u!

Met so baie gelowe wat deesdae beskikbaar is: Apostel Geloof, Apostoliese Geloof, Pinkster Geloof, Mormoonse Geloof, Moslem geloof, Jehova Getuies en nog baie meer; wonder mens watter nou eintlik die regte geloof is om te volg.

Die vereistes wat 'n geloof aan moet voldoen is as volg:

**Daar moet glo aan die Bybel as die woord van God en daar moet verkondig wat daarin staan.**

Dit beteken dat die HELE Bybel moet verkondig moet word en nie net gedeeltes daarvan nie. Party gelowe gaan sovêr om hulle eie verklarende weergawes van die Bybel te skryf. Ander sê vir hulle lede dat die Bybel nie korrek is nie omdat dat al so baie vertaal / verander was. Party gelowe verkondig weer net dit wat op hulle van toepassing is. Die res word nooit aan geraak nie. Ander weer sal beweer dat die woord van die priester, leraar, leier van die gemeente belangriker is as dit wat in die Bybel staan of dat hy/sy die werklike betekenis ken.

**Daar moet geglo word dat Jesus Christus die Verlosser is wat ons sonde gesterf het.**

Jesus sê in Johannes 14:6: *“Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.”* Hierdie woorde beteken presies wat daar staan. As jy nie glo in Jesus Christus nie, kan jy nie hemel toe gaan nie. Hierdie is die een kardinale waarheid ongeag wat 'n priester, leraar, leier van die gemeente vir u sê of wil hê u moet glo. Geen mate van self regverdiging of deur ‘n goeie lewe te lei gaan u help om Hemel toe

te gaan nie, want ons het ALMAL gesondig. (Romeine 3:23 *"want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,"*) Sonde verwyder ons van God en die Hemel. Die enigste pad Hemel toe is die een wat lei deur die verlossing wat deur Jesus daar gestel is. Daar is geen ander weg nie.

As u geloof nie hierdie twee waarhede verkondig nie, dan is u in die verkeerde kerk en u siel in gevaar... Spreuke 16:25 sê *"Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood."* Geen mens op aarde kan vir u die saligheid belowe nie en niemand kan u nadat u gesterf het in die hemel laat opneem nie. As die priester, leraar, leier van u gemeente beweer dat hy/sy dit kan doen, dan moet u hardloop sonder omkyk!

U het die keuse in u hande en dis nog nie te laat nie! Romeine 3:22 en 24 sê: *"[22] …deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; [24] en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is."* Deur jou hart vir die Here te gee en Hom as Saligmaker aan te neem, kan enige iemand gered word, ongeag wie jy is of wat jy gedoen het. Die prys vir ons sonde is reeds op Golgota betaal. U moet net glo!

Prys die HERE vir hierdie boodskap!

# Verlossing van Sonde en 'n Rein Lewe

Vir ons as mens om op ons eie 'n skoon en rein lewe te lei is haas onmoontlik as gevolg van ons swakheid en sondige natuur. Volgens Jesaja 64:6 is al ons *"geregtighede"* met ander woorde ons beste pogings, soos 'n besoedelde kleed!

Hoe gaan ons dan skoon kom? Efesiërs 5:25-27 leer vir ons: *"[25] ... soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het [26] om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, [27] sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees."* In Openbaring 7:14 lees ons van Christene wat tot bekering gekom het: *"...hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam."* Die antwoord oor hoe ons onsself gaan reinig van sonde is dus deur die bloed van Jesus soos Johannes ook in 1 Johannes 1:7 van skryf: *"...en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."*

Nou dat ons gereinig is, berus die verpligting op ons om rein te bly! Ons moet sorg dat ons deurentyd onder die bloed bly en nie moedswillig sonde doen nie, maar ons **moet** dit met die hulp van die Here doen. Sonder Jesus se hulp, gaan dit onmoontlik wees om rein te bly.

Die grootste blokkasie in ons as Christene se lewens en die hoof rede waarom ons so struikel en sukkel om ons kleed wit te hou is as gevolg van on gekruisigde vlees. Die vlees word net in beginsel gekruisig wanneer ‘n mens gered word, maar as ons nie gaan afstand doen van die swakhede in ons lewens nie, gaan ons bly val oor dieselfde klippe! In Galasiërs 5:16 lees ons: *"MAAR ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;"*

Ek gaan julle iets uit my persoonlike ondervinding vertel. Soos baie Christene het ek gesmeek en gepleit dat die Here my moet verlos van dinge wat Hom nie behaag nie. Vir 'n rukkie het dit goed gegaan, maar dan kom satan en voor ek mooi weet wat aangaan is ek weer terug in die modder! Dan is dit maar weer smeek om genade. Dit het later vir my gevoel soos 'n tou trek kompetisie! Uit die modder, in die modder, uit die modder, in die modder, sonder ophou! Een dag het satan my weer versoek. Ek het eers op my eie stoom weerstand probeer bied, maar dit het niks gehelp nie. Ek het by Jesus gaan smeek om verlossing. Ek het gevoel hoe ek al hoe nader aan die modder kom en dit is waar ek nie wou wees nie! Dis toe dat die beeld van Jesus teen die kruis by my opkom. Ek het eers nie verstaan nie, maar toe verstaan ek wat die Here vir my wou sê! Ek het vir satan geroep: "Haai, skurwe voete! Kyk hier!" In my geestesoog het ek dit waarmee hy my so versoek gevat, dit teen Jesus se kruis vasgedruk en met 'n spyker vas gekap! *"kap-kap-kap-kap"* Dit was die laaste keer wat ek so versoek was! Sekelstert probeer so nou en dan weer om my te versoek, maar dan wys ek hom die vasgespykerde vlees en dan los hy my uit!

Ek kan die Here nie genoeg prys vir daardie openbaring nie! Dit, liewe leser is wat Jesus wil hê ons moet doen! Die oorwinning is daar, maar ons moet van die hulpmiddels wat Jesus ons gegee het gebruik maak om ons die doel te bereik!

Daarom, was jou klere elke dag in Jesus bloed deur elke dag te bid vir vergifnis van sonde. Niemand weet wanneer Jesus ons gaan kom haal nie, maar te oordeel aan dit wat in die wêreld besig is om te gebeur, kan dit nie meer lank wees nie. Sorg dus sat u klere ten alle tye skoon is!

Salomo leer in Prediker 9:8 vir ons: *"Laat jou klere altyd wit wees, en laat olie op jou hoof nie ontbreek nie."* Die olie waarvan gepraat word is die Heilige Gees. Bly heeltyd onder die bewaring van die

Heilige Gees. Moenie dat u soos die vyf diensmeisies gevang word met te min olie nie!

Prys die Naam van Jesus!

# Waak teen sonde

*HERE, Koning, wees ons arme sondaars genadig! Ek wil bid en vra dat almal wat hierdie boodskap lees se ore sal oopgaan en hulle sal verstaan. Die tyd is min, so baie min! Amen!*

Julle moet my maar verskoon as ek myself die laaste ruk baie herhaal. Hierdie boodskap word vreeslik op my hart gelê, want glo dit of nie, daar is nog steeds mense wat dink dat hulle gereed is as die HERE gaan kom om ons te haal...

Op hierdie oomblik word ons as Kinders van die HERE getoets om ons waardigheid te bepaal. Om afskeid te neem van sonde behoort enige een van ons se nommer een prioriteit te wees. Paulus sê dat om dit reg te kry geen maklike taak is nie, want die gees begeer geestelike dinge en die vlees begeer vleeslike dinge. (Galasiërs 5:16-17) Jy gaan dus 'n oorlog teen jouself gewikkel gaan wees soos jy gaan keer dat die vlees nie die oorhand moet kry nie.

Of jy slaag of nie slaag nie, dis nie belangrik nie. Wat wel belangrik is, is dat jy 'n poging aanwend! Soos ek reeds aan julle gesê het, die poging wat jy aanwend is meer werd as enige iets anders, want jy probeer! Jy lê nie in die stof en laat Gods water oor Gods akker loop nie! Hou dus aan met probeer en as jy vaal, gaan na die HERE en vra vergifnis; dan probeer ons weer!

Onthou: Jesus het gesê dat baie geroep is, maar dat min uitverkies is! (Mattheus 22:14) Onthou dat naasteliefde die sleutel tot sukses is! As jy jou naaste nie lief het nie, kan jy die wegraping nie meemaak nie! Dis so maklik! Jy sal nog steeds Hemel toe gaan as jy sterf, maar om die wegraping mee te maak, moet jy jou naaste lief hê! Dis soos Paulus gesê het: sonder liefde is jy 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal! (1 Korintiërs 13:1) Ek kan dit nie meer beklemtoon nie!

Wat beteken dit? Doen goed aan jou naaste; wees lief vir die wat jou haat; vergewe ander hulle skulde net soos die HERE ons tekortkominge ook vergewe! Verstaan julle! Hierdie is dinge wat jou waardig gaan maak om die bruilofsfees van die Lam by te woon!

Soos ek gesê het, word ons waardigheid getoets. Satan is slinks! Pasop vir hom! Hy gaan probeer om jou te laat val, maar soos al sy beloftes, is dit leeg en sonder enige betekenis! Gaan kyk maar net na die wêreld vandag en julle sal baie voorbeelde sien!

"Lady Gaga" het haar siel aan satan verkoop. Sy het fenomenale sukses gehad vir 'n kort rukkie; die wêreld was aan haar voete... Waar is sy nou? 'n Vergete sterretjie; dof en uitgebrand.

Kyk maar na die wat mag en erkenning soek. Hulle kry dit, maar wat is die prys om daar bo te wees? Eensaamheid op 'n vlak wat jy vir niemand kan beskryf nie. Dis waarom so baie bekendes hulle vergryp aan dank en dwelms! Hulle sal enige iets doen om daardie eensaamheid te breek, selfs beteken dit dat mense nie gaan hou van wat hulle sien nie.

Dis wat satan doen! Hy belowe jou die wêreld en jy kry dit, maar kyk net teen watter prys! Wat satan nie vir jou vertel nie is dat hy nooit sy mag deel nie. Alles wat hy jou belowe is net tydelik; dan vat hy meer as wat hom toekom! Dan kom jy agter dat die ooreenkoms wat jy gemaak het nie die papier werd is waarop dit geskryf is nie! Liewe Kinders van die HERE, PAS TOG OP!

In teendeel is die beloftes wat die HERE maak blywend en as dit HERE vir jou iets gee, dan is dit permanent! Hy vat nie dit wat Hy vir jou gee 'n rukkie later terug nie! Is dit dan nie beter om eerder die regte pad te loop nie? Die beloning is tog soveel beter!

Kom ons kyk wat sê Petrus in 1 Petrus 2:11-12 vir ons: *"[11] Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die*

*siel; [12] en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking."*

Beter kan ek dit nie self stel nie! Prys die Naam van Jesus!

# Wanneer gaan Jesus kom?

Wie van ons wonder nie wanneer Jesus ons gaan om haal nie? Ek verlang na daardie dag wanneer ek voor my Skepper sal kan staan! Prys Sy Naam!

Die afgelope jare het ons baie mense gesien wat opgestaan het en gesê het dat hulle weet wanneer Jesus gaan kom. Waar is hulle nou?

In Mattheus 24:4 waarsku Jesus self vir ons teen hierdie mense: *"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie."* Van al die dinge waaroor Jesus sy dissipels kon gewaarsku het, kom hierdie antwoord heel eerste op: *Pasop dat iemand julle mislei nie.* Hierdie frase was so belangrik dat Jesus dit heel eerste gestel het, selfs voor Hy sy dissipels gewaarsku het oor al die ander dinge wat gaan kom.

Ek sien dit al hoe meer dat mense 'n datum wil koppel aan die wegraping. Weereens waarsku Jesus vir ons hieroor in Matteus 24:36 *"Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit."* Daar is dus geen manier hoe enige mens op aarde gaan weet wanneer Jesus gaan kom nie. Daar gaan ook geen manier wees om daardie datum wiskundig te bereken nie, maar daar word wel gesê dat ons sal weet wanneer die tyd naby is!

Ek kan vir julle met alle eerlikheid sê dat daardie dag naby is. Ek weet dit is, maar ek kan nie vir julle verklaar hoe ek dit weet nie. Ek weet dit net! Van julle sal dit ook so weet; daaroor het ek geen twyfel nie!

Ek het op geleentheid vir julle gesê dat ons getoets word. Baie gaan hierdie gewag nie langer kan uithou nie en dan gaan hulle terugval

in die wêreld in. Hulle gaan nie volslae sondaars word en dit wat hulle glo opsê nie. Dis ‘n kwessie van die HERE vat te lank om te kom en dat daar genoeg tyd gaan wees om dinge betyds reg te maak... Ek wil dit vir jou sê as jy so dink... Jy is verkeerd en jy gaan dit te laat agterkom!

Petrus sê in 2 Petrus 3:9 *"Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."* God hou dus die wegraping terug om so veel as moontlik mense die kans te gee om tot bekering te kom. Dit is waarom dit so moeilik is om die wegraping te voorspel en ook waarom net God die Vader volgens Mattheus 24:36 kan weet wanneer die tyd daar gaan wees. God se genade oor die mens gaan egter uitloop en dan gaan Jesus kom om Sy Bruid te kom haal.

Die Bybel sê dat daardie dag soos ‘n groot skrik oor die wêreld sal kom. (Lukas 21:35) In ‘n oogknip, dit wil sê, een honderdste van ‘n sekonde, gaan alles verander! Daar gaan geen vooraf waarskuwing wees nie en geen tyd om eers reg te maak nie... Jy gaan of reg moet wees of jy gaan agterbly! Wil jy werklik daardie kans vat om nog eers so ‘n bietjie van die wêreld se genot te proe?

Moet daarom nie dat enige iemand julle mislei met wiskundige berekeninge en slim praatjies oor wanneer die wegraping gaan plaasvind nie. Niemand en ek herhaal NIEMAND op aarde weet wanneer dit gaan kom nie. Ek ook nie! Moenie tyd mors op nonsens nie. As u 'n boodskap kry waar iemand 'n datum aan die wegraping koppel, ignoreer dit, want dis 'n leun van satan. Satan se doel is om vir u te wys hoe baie tyd daar nog is sodat u nie gereed gaan wees as Jesus kom nie.

Jesus waarsku ons in Mattheus 24:11 *"En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei."* In 2 Korintiërs 11:13-15 word hierdie laasgenoemde skrif verduidelik: *"[13] Want sulke mense is valse*

*apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. [14] En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. [15] Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie."*

Vertrou eerder op die lering van die Heilige Gees as u wil weet hoe naby die end tyd is. Ek het die afgelope tyd met verskeie christene gesels en almal bevestig dat ons tyd min is; baie min! Is u gereed?

Mag die Here hierdie boodskap seën.

# Die moed van Daniël

Ons almal ken die verhaal van Daniël in die leeukuil soos aangeteken in Daniël 6:1-29. Dis een van die kern verhale van enige Sondagskool! Hierdie les is egter nie net vir kinders bedoel nie, maar ook vir ons as volwassenes!

Deur 'n slim set van satan is Koning Darius omgepraat om 'n wet af te vaardig dat enige versoeke net deur hom mag gaan. Niemand mag enige versoek aan enige ander mens of god bring nie. Daniël het egter aangehou om drie keer per dag tot God te bid en op grond daarvan is hy in die leeukuil gegooi. Die koning het alles in sy vermoë probeer om vir Daniël daaruit te kry, maar sy eie wet deur sy eie hand geskryf was onherroeplik en hy kon niks doen nie. Die Here het egter bewys dat wat vir mens onmoontlik is, is vir God moontlik en Hy het die bekke van die leeus gesluit sodat hulle vir Daniël geen leed sou aandoen nie. Die volgende oggend is Daniël uit die leeukuil opgetrek sonder 'n enkele letsel aan sy lyf! Nodeloos om te sê dieselfde het nie gebeur met die wat vir Daniël voor die koning aangekla het nie!

Hierdie, liewe leser, is MOED! Om jou lewe so in die Hande van die Here te laat, wetende dat NIKS sleg met jou sal gebeur, sonder die Wil van God nie! Om jou lewe op so 'n manier oor te gee is die een ware toets vir elke Christen. Die wat dit doen, ervaar 'n vryheid soos geen ander nie! 'n Lewe sonder bekommernisse!

Dit klink na 'n idilliese bestaan, dit liewe leser is presies wat die Here wil hê ons moet doen. Hy sê dit immers vir ons in Mattheus 6:25-26 *"[25] Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? [26] Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle*

*maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?"*

Die slim mense het uitgewerk dat 99% van die dinge waaroor ons bekommerd is, nooit gebeur nie! Jesus sê dit self ook in 27 vir ons: *"Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?"* Daarom, liewe leser, moet u nie bekommer oor wat die dag van môre gaan oplewer nie!

Jesus sê vir ons in vers 32 dat ons Hemelse Vader weet wat ons nodig het en Hy sal sorg dat dit wat ons nodig het daar is op die regte tyd! Vers 33 sê vir ons dat ons eers die Koningryk van God en al sy geregtigheid moet soek! Ek leef hierdie verse uit en ek kan julle tonne getuienisse vertel! Geld vir uitspattig lewe is daar nie, maar die geld is altyd daar as ons dit nodig het en ek het nog nooit honger gaan slaap nie! God het gesê Hy KAN en Hy SAL! Vat beheer oor jou lewe in die Naam van Jesus!

Ek het eenslag hierdie Engelse gesegde gehoor: *The past is history, the future a mystery, but today is a gift, that is why they call it the present!* Leef elke dag voluit, want ons weet nooit wanneer dit ons laaste gaan wees nie! Plaas jou lewe, jou besittings en alles wat vir jou kosbaar is in die Hande van Jesus. Luister na sy stem en gehoorsaam die leiding van Sy Gees en kyk of God nie jou paaie vir jou gelyk gaan maak nie! AMEN!

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# Lucifer – ons groot teenstander

Hoeveel van ons het nie al gewonder wie Lucifer nou eintlik is. Lucifer het verskeie name, maar die Bybel noem hom satan en duiwel. Vandag gaan ek vir julle wys wat die Bybel sê oor ons groot teenstander en ons gaan ook kyk waar hy vandaan gekom het.

Satan se God gegewe naam is Lucifer. Lucifer is deur God geskape soos in Esegiël 28:15 genoem word: *"Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is."* Net soos Adam, was Lucifer geskape as volwassene en het hy geen kinderjare beleef nie.

Lucifer was volgens Esegiël 28:12 een van die mooiste engele in die Koninkryk van God: *"... Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid."* Lucifer se kleed was volgens Esegiël 28:13 oortrek met edelgesteentes: *"...allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei."* Lucifer se opdrag volgens Esegiël 28:14 was om God se glorie te beskerm: *"Jy was ’n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op ’n heilige berg; ’n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes."* Volgens Openbaring 12:4 het 'n derde van God se engele was onder bevel van Lucifer gedien: *"... en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi."*

Lucifer was dus 'n engel wat alles gehad het, maar volgens Jesaja 14:13-14 was bedrog in sy hart gevind en wou hy hom gelykstel aan God: *"[13] En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. [14] Ek wil klim bo die hoogtes van die*

*wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!"* As gevolg van Lucifer se poging om hom aan God gelyk te stel, is hy volgens Esegiël 28:16 uit die hemel uitgewerp: *"Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut!"* Volgens Jesaja 14:12 het God hom tot op die aarde neergewerp: *"Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!"*

Esegiël 28:17 sê vir ons dat Lucifer se hoogmoed oor sy skoonheid gelei het tot sy val en dat dit die oorsaak was dat sy wysheid verdorwe geword het: *"Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien."*

In die plek van Lucifer het God besluit om mense te skape. Die mens is geskape volgens die ewebeeld van God. Alles wat Lucifer eens op 'n tyd was, is aan die mens gegee. Dit het hom bitter jaloers gemaak en dis waarom Lucifer alles in sy mag sal doen om God se plan vir die mens te laat skipbreuk lei. 1 Petrus 5:8 waarsku vir ons: *"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind."*

Lucifer se gunsteling aanval metode volgens 1 Korintiërs 3:3 is om ons in die vlees aan te val: *"...omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?"*

In die laaste van dae sal Lucifer sy aanval volgens 2 Timoteus 2:1-8 uitbrei: *"[1] MAAR weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. [2] Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, [3] sonder natuurlike liefde,*

*onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, [4] verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; [5] mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af. [6] Want uit hulle is die wat in die huise insluip en arme vroue gevange neem wat met sondes belaai is en deur allerhande begeerlikhede gedryf word, [7] wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie. [8] En net soos Jannes en Jambres Moses teëgestaan het, so staan ook hierdie mense die waarheid teë, mense verdorwe in die verstand, onbetroubaar ten opsigte van die geloof."*

Lucifer weet hy kan die oorlog teen God nie wen nie, daarom probeer hy so veel mense as wat hy kan saam met hom vat na sy ewige tronk toe. In Esegiël 28:19 lees ons: *"maar jý is gewerp, ver van jou graf, soos 'n afskuwelike uitspruitsel, oordek met die wat verslaan is, wat deurboor is met die swaard, wat neerdaal na die klippe van die grafkuil soos vertrapte aas."* Judas 1:6-7 beklemtoon hierdie feit verder deur te sê dat die engele wat vir Lucifer ondersteun het in sy lot sal deel: *"[6] En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; [7] soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan."* In Openbaring 20:10 lees ons wat Lucifer se finale oordeel sal wees: *"En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid."*

Net soos God ken Lucifer die mens se hart. Hy ken ons beter as wat ons onsself ken en daarom weet hy presies hoe om ons aan te val. Lucifer is ook nie haastig nie. Hy sal net die saadjie plant en dit dan

los dat jy self die plantjie laat groei. Alles wat Lucifer jou vertel is leuens, maar dit is so gekonstrueer dat dit baie naby aan die waarheid lyk. Net deur in die Gees te leef met die Heilige Gees aan jou kant sal jy die vermoë hê om deur die leun te sien.

Mag die Here hierdie boodskap seën.

# Hoe om te bid

Hoe bid mens? Dit mag miskien na 'n dom vraag klink, maar tog sukkel 'n baie groot persentasie van Christene met hierdie probleem.

Mense is bang om te bid, want hulle dink hulle gebede is nie goed genoeg vir die Koning van die Heelal nie! Jy dink later allerhande verskonings uit net om nie te bid nie! Natuurlik juig satan hieroor, want hy weet dat bid die een vorm van kommunikasie met God is waarteen hy geen verdediging het nie! Satan is magteloos teen gebed! Deur vir jou te vertel dat jou gebede nie goed genoeg is nie, verhoed hy jou om te bid en daardeur wen hy! Dis so maklik.

Weet julle wat? Ek was een van hierdie wat ek hierbo beskryf! Ek was letterlik te bang en te skaam om te bid, want ek het gedink dat my gebede nie goed genoeg was nie! Ek het in 'n Pinkster kerk groot geword. In die kerk was daar mense wat kon bid dat jy letterlik die krag van die Here kon voel. Ek kon dit nie doen nie en daarom het ek vas geglo dat die Here nie eers na my luister nie! Ek was jonk in die Gees en het op daardie stadium niks geweet van die Gawe van Gebed nie! Een oggend op pad werk toe het dit egter alles verander.

Hier naby my woning is 'n baie gevaarlike T-aansluiting met 'n robot in die een baan. Motors wat by die hoofpad wil aansluit, moet wag vir die robot om oor te slaan, dan ry jy oor die een baan terwyl jy regs draai in die aansluit baan in. Die idee is om die aansluit baan te gebruik om genoeg spoed op te tel sodat jy by die vinnige baan kan aansluit sonder om die verkeer op te hou. Dit klink maklik op papier, maar met spits verkeer is dit 'n nagmerrie om 'n gaping tussen die motors te kry sodat jy veilig kan aansluit. Ek het die oggend saam met iemand ingery stad toe. Ek het voor in die passasier sitplek gesit. Ons het in die aansluit baan ingedraai en was besig om te

versnel. Langs ons in die vinnige baan was twee swaar vragmotors. Omdat ons 'n kleiner en vinniger voertuig gery het sou dit geen probleem wees om spoed op te tel en veilig voor die vragmotors in te sny nie. Wat ons egter nie gesien het nie, was die oorvol minibus taxi wat besig was om die vrag motors in die stadige baan verby te gaan... Voor ons mooi weet, toe sny die minibus voor ons in die vinnige baan in om 'n motor in die stadige baan te mis. Die linker voorste gedeelte van ons motor het die minibus regs skuins agter getref. Dit word die *"Pit Maneuver"* genoem. Die Amerikaanse Polisie manne oefen maande om hierdie beweging te vervolmaak. Die doel is om 'n motor van balans te stamp sodat die skelm wat probeer wegjaag gevang kan word. Ons het daardie oggend sonder enige oefening van enige aard, 'n perfekte *"Pit Maneuver"* uitgevoer! Die minibus was van balans afgestamp. Die bestuurder het wild probeer om beheer oor die minibus terug te kry, maar die uiteinde was dat die minibus op sy sy omgeval het en etlike meters verder oor die pad geskuur het. Ek het hardop gebid: "Here help asseblief!" Ek het nie verwag dat enige iets sou gebeur nie, maar daardie oggend het die Here my gewys dat Hy **ALLE** gebede verhoor! Almal van ons, die passasiers en die bestuurders van beide voertuie het van die ongeluk af weggeloop! Behalwe vir 'n paar skraapmerke en verstuite ledemate het niemand hospitalisasie nodig gehad nie! As die Here dit kan doen met 'n eenvoudige drie woord gebed, dink net wat kan Hy doen met 'n sin of twee!

Moet nooit dink dat die Here jou nie verhoor nie. Hy doen! Jy kan lank bid of jy kan kort bid. Dit maak nie saak nie. Gesels met Jesus soos jy met enige ander persoon sal gesels. Aanvanklik sal dit voel of jy met jouself praat, maar soos jy ingestel word op die leiding van die Gees, sal jy agterkom dat die Here op die snaaksste van maniere met jou terugpraat! Omdat so baie van ons nie ingestel is op die leiding van die Gees nie, sien of hoor ons dit nie en dan dink ons God verhoor nie ons gebede nie!

God antwoord gelede deur gedagtes wat by jou opkom of deur 'n Bybel vers of deur omstandighede in 'n mens se lewe. Partykeer is daar geen antwoord nie. Dis nie omdat die Here *"nee"* gesê het nie. Dit beteken dat ons geduldig moet wees 'n bietjie moet wag.

Omdat so baie mense sukkel met bid, wend hulle hulself na gebed boekies toe. Wees versigtig na wie u luister. Nie alle skrywers van Godsdienstige boeke se bedoeling is nie altyd suiwer nie. Die meeste skryf oor Godsdiens, want dis die vinnigste manier om geld en naam te maak! Hulle skryf snert en verlei duisende! In 2 Timoteus 2:5 word ons gewaarsku teen hierdie mense: "*...mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.*"

As u voel dat u graag leiding wil hê hoe om te bid, gaan kyk dan in Mattheus 6:9-13: *"[9] Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; [10] laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; [11] gee ons vandag ons daaglikse brood; [12] en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; [13] en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."* Geen boekie is nodig nie. Alles wat u wil weet is in die Bybel!

Mag die Here hierdie boodskap seën.

# Wat beteken dit om te wandel deur die Gees?

Wat beteken dit om te wandel in die Gees? Eerstens beteken dit om jou lewe reg te kry en jou lewe te leef in ooreenstemming met die Wil van die Vader, maar dis meer as dit. Kom ons kyk!

In Galasiërs 5:16-17 gee die Bybel vir ons die eerste antwoord *"[16] MAAR ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; [17] want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie."*

Wat beteken dit om te *"Wandel deur die Gees"* en wat is die *"begeerlikhede van die vlees?"* Soos baie Christene daarbuite het ek gedink dat die begeertes van die vlees pornografie, hoereerder en so meer behels, maar dis egter baie meer as dit!

Galasiërs 5:19-21 sê vir ons presies wat die werke van die vlees is: *"[19] En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; [20] afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; [21] afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê..."* Hierdie is die dinge wat elke Christen uit sy lewe behoort te haal.

Baie van u sal nou sê dat u al reeds hierdie dinge doen. My vraag is: doen u almal van hulle of is daar iets wat u vir die mense wegsteek? Sommige van die bogenoemde sondes kan baie maklik vir mense weggesteek word, maar onthou dat God alles sien! Hoe baie van ons het al die woorde gehoor *"Don't get mad, get even"*? Hierdie is AFGUNS! Dit behoort nie in 'n Kind van die Here se lewe nie!

Om die regte ding te doen is nooit maklik nie. Dis waarom so baie van ons op beide die breë en die smal weg wil wandel. Ons wil die

dinge van die vlees doen, maar ons wil ook God dien. Kyk wat sê Jesus in Lukas 16:3 *"Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie."*

Liewe leser, u gaan 'n keuse moet maak. As u die Here in lig en in waarheid wil dien, gaan u 'n poging moet aanwend om u lewe in orde te kry. As U Jesus wil volg, dan gaan u u kruis moet opneem en Hom moet volg! In Lukas 14:27 sê Jesus: *"En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie."* Verstaan u die impak van hierdie woorde? U kan Jesus se dissipel nie wees as u Hom nie volg of sy Woorde onderhou nie.

Buiten dat u u lewe in order moet kry, beteken wandel in die Gees ook dat u u lewe in die hande van God die Vader sit om mee te maak soos wat Hy goeddunk. Ek gaan nie met julle doekies omdraai nie. Om dit reg te kry is seker een van die moeilikste goed om te doen, want ons is almal *"control freaks"* op ons eie manier. Ons hou daarvan om in beheer van ons lewens te wees. Ons beplan alles tot in die fynste besonderhede, maar in die proses vergeet ons van die ewigheid!

As jy jou lewe in die hande van die HERE sit, sal jy nooit weer 'n bekommernis van 'n dag oud hê nie. Dit klink idillies, né? Jesus gee vir ons 'n hele uiteensetting van die nutteloosheid van bekommernisse in Mattheus 6:25-34. Julle kan dit self gaan lees. Hierdie beheer wat ons dink ons het, is alles net 'n illusie, want die HERE is in beheer van alles en niks gebeur sonder die wil van die Vader nie!

Ek kan nie vir julle sê hoeveel tyd ons oor het nie, maar ek kan vir julle sê dat die tyd min is. Baie minder as wat ons dit is! Daarom wil ek 'n baie ernstige beroep op almal wat hierdie lees doen om ten minste 'n poging aan te wend om jou lewe reg te kry. Of jy slaag of nie, is nie belangrik nie, maar dat jy 'n poging aangewend het!

Die Gelykenis van die Tien Maagde in Mattheus 25:1-13 gaan oor die komende wegraping van Jesus se Bruid. Daar gaan geredde Christene wees wat nie gereed gaan wees nie. Christene wat twee here wou dien. Christene wat op beide die breë en die smal pad wou loop. Christene wat nie bereid was om die vleeslike dinge af te sê nie. Hulle gaan agterbly want in Mattheus 25:11-12 sê Jesus: *"[11] Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop! [12] Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie."* Gaan Jesus vir u op daardie dag sê *"Ek ken jou nie"* of gaan Hy sê *"Kom in geseënde van my Vader!"*

In Lukas 21:36 sê Jesus: *"Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan."* Is u waardig om die wegraping mee te maak? As u gered is en die dinge van die vlees aflê sal u wees!

Mag die Here hierdie boodskap seën!

# As slegte dinge gebeur

Die Here stap sowaar 'n wonderlike pad met elkeen van ons! Ons sien dit weinig raak, want ons is so opgesweep in die nou en ons laat so toe dat ons emosies in die pad kom, dat ons nie die wonderlike gawes raak sien wat God ons gee nie.

Die teksvers vandag is Handelinge 27. Dit gaan oor Paulus se gevangenskap en sy reis na Italië om voor die Keiser te gaan staan. Gewoonlik hou ek my teksverse kort, maar hierdie keer is dit belangrik dat u alles moet lees.

Handelinge 27:6-44 *"[6] En daar het die hoofman oor honderd 'n skip van Alexandríë gevind wat na Italië vaar, en ons daarop laat oorklim. [7] En verskeie dae het ons langsaam gevaar en met moeite teenoor Cnidus gekom; en omdat die wind ons nie toegelaat het nie, onderkant Kreta langs gevaar, teenoor Salmóne. [8] En toe ons met moeite dit verbygeseil het, kom ons by 'n plek wat genoem word Mooi Hawens, in die nabyheid waarvan die stad Laséa is. [9] En omdat 'n geruime tyd verloop en die skeepvaart al gevaarlik geword het en die vastyd ook al verby was, het Paulus hulle gewaarsku [10] en gesê: Manne, ek sien dat die reis met ramp en groot skade verbonde sal wees, nie alleen vir die vrag en die skip nie, maar ook vir ons lewe. [11] Maar die hoofman oor honderd het meer aan die stuurman en die eienaar van die skip geglo as aan die woorde van Paulus; [12] en omdat die hawe nie geskik was om daar te oorwinter nie, het die meerderheid aangeraai om ook daarvandaan af te vaar en indien moontlik Fenix te bereik om te oorwinter, 'n hawe in Kreta wat ooplê na die suidweste en na die noordweste. [13] En toe die suidewind saggies waai, het hulle gedink dat hulle hul voorneme kon uitvoer en die ankers gelig en langs Kreta verbygeseil. [14] Maar nie lank daarna nie het 'n stormwind wat Euroklídon genoem word, daarvandaan neergeslaan. [15] En toe die skip meegesleep is en nie*

*teen die wind op kon seil nie, het ons dit opgegee en weggedrywe. [16] En toe ons onderkant 'n eilandjie kom wat Clauda genoem word, kon ons met moeite die sleepbootjie onder beheer hou. [17] En nadat hulle dit opgetrek het, het hulle gebruik gemaak van hulpmiddels deur die skip onderom te gord; en omdat hulle bang was om op die Sirtis te lande te kom, het hulle die seile neergehaal; en so het hulle dan weggedrywe. [18] En terwyl ons geweldig deur die storm geteister is, het hulle op die volgende dag van die vrag uitgegooi; [19] en op die derde dag het ons met ons eie hande die skeep gereedskap uitgegooi. [20] En omdat die son en ook die sterre baie dae lank nie geskyn het nie, en 'n hewige storm ons gedruk het, is eindelik alle hoop om gered te word, ons ontneem. [21] En nadat hulle lank sonder ete was, het Paulus in hul midde opgestaan en gesê: Manne, julle moes na my geluister en nie van Kreta afgevaar het nie en julle so hierdie ramp en skade bespaar het. [22] Maar nou vermaan ek julle om moed te hou, want daar sal hoegenaamd geen verlies van lewe onder julle wees nie, maar alleen van die skip. [23] Want daar het in hierdie nag by my gestaan 'n engel van die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien. [24] En hy het gesê: Moenie vrees nie, Paulus; jy moet voor die keiser staan, en kyk, God het aan jou geskenk almal wat saam met jou vaar. [25] Daarom, hou moed, manne; want ek glo God dat dit so sal wees soos aan my gesê is. [27] Maar ons moet op 'n sekere eiland strand. [27] En toe die veertiende nag kom, terwyl ons nog in die Adriatiese See ronddrywe, het die matrose omtrent middernag vermoed dat hulle naby land kom. [28] Daarop gooi hulle die dieplood uit en kry twintig vaam; en nadat hulle 'n bietjie verder gegaan het, gooi hulle die dieplood uit en kry vyftien vaam. [29] En omdat hulle bang was dat hulle miskien op rotsagtige plekke kon strand, het hulle van die agterskip vier ankers uitgegooi en gewens dat dit dag word. [30] Maar die matrose het probeer om uit die skip te vlug en die sleepbootjie in die see laat sak onder die voorwendsel dat hulle ankers van die voorskip af wou uitgooi. [31] Toe sê Paulus vir die hoofman oor honderd en die*

*soldate: As hierdie manne nie in die skip bly nie, kan julle nie gered word nie. [32] Daarop het die soldate die toue van die sleepbootjie afgekap en hom laat afval. [33] En teen die tyd dat dit dag sou word, het Paulus almal aangemoedig om voedsel te gebruik en gesê: Dit is vandag die veertiende dag dat julle in afwagting bly vas sonder om iets te gebruik. [34] Daarom raai ek julle aan om voedsel te neem, want dit dien tot julle behoud; want van niemand onder julle sal 'n haar van sy hoof val nie. [35] Toe hy dit gesê het, neem hy brood, dank God in die teenwoordigheid van almal, breek dit en begin eet. [36] En hulle het almal moed geskep en self ook voedsel geneem. [37] En ons was in die skip altesaam twee honderd ses en sewentig siele. [38] En nadat hulle met voedsel versadig was, het hulle die skip ligter gemaak deur die koring in die see te gooi. [39] En toe dit dag word, het hulle die land nie herken nie; maar hulle het 'n inham met 'n strand bemerk, waarop hulle van plan was om die skip te laat loop as hulle kon. [40] En hulle het die ankers afgekap en in die see laat lê en tegelykertyd die roertoue losgemaak. En hulle het die voorseil teen die wind opgetrek en op die strand aangestuur. [41] En hulle het op 'n plek verval met die see aan weerskante en die skip laat strand; en die voorskip het vasgeraak en onbeweeglik bly sit, maar die agterskip is deur die geweld van die branders uitmekaar geslaan. [42] Nou was dit die plan van die soldate om die gevangenes dood te maak, sodat niemand kon uitswem en ontsnap nie. [43] Maar die hoofman oor honderd wou Paulus red en het hulle verhinder in hulle voorneme en bevel gegee dat die wat kon swem, eerste in die see moes spring om aan land te kom, [44] en die ander, sommige op planke en sommige op stukke van die skip. En so het almal behoue aan land gekom."*

Slegte dinge gebeur met almal van ons. God veroorsaak nie die slegte goed nie, maar Hy laat toe dat dit gebeur. Dis God se manier om jou aandag te trek en te wys op die nutteloosheid van die keuses wat jy maak. God gebruik ook die slegte dinge om jou op jou

knieë te dwing sodat jy kan bid. Ongelukkig is ons so emosioneel as slegste dinge gebeur dat ons glad nie die rol wat 'n liefdevolle God daarin speel raaksien nie. In plaas daarvan word ons kwaad en wil ons God blameer vir dit wat verkeerd gegaan het!

Sodra die branders hoër word en die skip rond gesleur word, dan wil ons uitklim en in 'n reddings bootjie vlug, maar kyk na vers 32 *"As hierdie manne nie in die skip bly nie, kan julle nie gered word nie."* Baie Christene worstel met sondes in ons lewens. Baie keer raak die stryd so groot dat ons moed wil opgee, maar as ons nie in Jesus die skip bly nie, kan ons nie gered word nie! Liewe leser, daardie reddings bootjie of daardie tou wat jy saam met jou sleep vir "net ingeval", kap hom af en laat  hom wegdryf! Jy kan nie te volle op God se reddende krag staan maak solank as wat jy nie ten volle vertrou nie!

Die Here staan reg om die sluise van die Hemel vir ons oop te maak en ons te seën op maniere wat ons sal verbaas, maar ons moet eers glo. Ons moet eers alles oorgee in Sy Hande. Eers as jy oor gee en alles in die hande van die HERE los, dan kan die HERE begin om Sy deel te doen! Ek kan uit persoonlike ondervinding praat, want die HERE het my van een uiterste na die ander uiterste gevat net om vir my eerstens te wys dat om op mense te vertrou nutteloos was en tweedens dat om op jou eie krag staat te maak ewe nutteloos was! Al wat ek vandag kan sê is: *"What a ride!"* Prys die Naam van Jesus!!

Stel jou 'n lewe voor sonder 'n enkele bekommernis! Jy weet dat daar klaar voorsorg getref is vir alles wat kan gebeur en dat niks sal gebeur sonder God se wil nie. Jy doen jou deel en God doen die res! Om so op die Here te kan vertrou is iets wat ek vir niemand kan beskryf nie! Hierdie tipe lewe is binne u bereik, liewe leser! U kan dit ook doen as u net u lewe in die Hande van God wil plaas! Gee vir Hom beheer en jy sal verbaas wees wat Hy kan doen!

Skoon bladsy